

**DIE UITBEELDING VAN APARTHEID IN ENGELSE SUID-AFRIKAANSE
JEUGLITERATUUR**

deur

ISA JAKOBA GREYLING

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER INFORMATIOLOGIAE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MNR. T.B. VAN DER WALT

NOVEMBER 1999


(i)

Studentenommer: 3064-256-6

Ek verklaar hiermee dat **Die uitbeelding van apartheid in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.


HANDTEKENING

(Mev. I.J. Greyling)


DATUM

UNISA	
6	LIBRARY
2000-10-16	
Acco.	823.91409358 GREY
Adress	



0001761174

(ii)

BEDANKINGS

Hiermee wil ek opreg my dank betuig teenoor die volgende persone en instansies:

1. My studieleier, mnr. T.B. van der Walt, vir sy goeie raad, leiding en bystand in die navorsing en skryf van die verhandeling.
2. My man, Johan, vir sy morele ondersteuning, tegniese bystand en geduld ten tye van die navorsing en skryf van die verhandeling.
3. My kollegas, veral me. L. Grobler, wat baie ondersteunend was.
4. Die Unisa Biblioteek (veral die vakreferente), die Instituut vir Kinder- en Jeuglektuur aan die Universiteit van Stellenbosch (ISKEMUS) en die Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG) in Bloemfontein vir literatuursoektogte.
5. Mev. T. Kruger vir die aanvanklike taalversorging van die verhandeling.
6. Mev. L. Coertze vir die finale taalversorging van die verhandeling, met die hulp van me. M. van Tonder.
7. My ouers, dr. en mev. J.C.N. Mentz, wat met die proeflees van die eindproduk gehelp het.

OPSOMMING

Apartheid het die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners se lewens onherroepelik beïnvloed. Dit is daarom te verstaan dat dit in die Suid-Afrikaanse literatuur, insluitende die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur, neerslag gevind het.

Ten einde die studie in konteks te plaas, word in die eerste drie hoofstukke 'n historiese oorsig van die apartheidsera, Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur, en Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur, gegee. Die hoofgedeelte van die studie word vervolgens bespreek, en is in die volgende drie hoofstukke verdeel:

- Die uitbeelding van sosio-ekonomiese toestande gedurende die apartheidsera, soos byvoorbeeld van afsonderlike woongebiede en aparte openbare geriewe.
- Die uitbeelding van die onderwystoestande, veral van die Bantoe-onderwysbeleid.
- Die uitbeelding van die veiligheidsmagte (polisie en weermag), insluitende die beeld van hierdie magte in die breë gemeenskap.

Ten slotte word verskillende ooreenkomste wat na vore gekom het in die bestudeerde Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans waarin apartheid uitgebeeld word, bespreek. Daar word ook gekyk na die waarde van hierdie jeugromans.

SUMMARY

Apartheid had an irrevocable influence on the lives of the majority of people in South Africa. Therefore it is understandable that it would be portrayed in South African literature, including the English South African youth literature.

To put the subject in context, the first three chapters of the thesis deal with a historical overview of the apartheid era; South African English adult literature; and South African English children's literature. The main part of the thesis has been divided as follows:

- The portrayal of socio-economic conditions, e.g. separate residential areas and public amenities.
- The portrayal of the education situation, especially the Black Education policy.
- The portrayal of the security forces (police and army), including the images of these forces in the broader community.

To conclude the thesis, similarities in the youth novels portraying apartheid are discussed. The value of these youth novels is also looked into.

Key terms:

South African literature; South African youth literature; Youth novels - South Africa; Fiction - South Africa; English language - Literature; Characterisation - South African youth literature; Protest literature; Apartheid; Socio-economic conditions - South Africa; Education - South Africa; Bantu education; Security forces - South Africa.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK	BLADSY
1. INLEIDING	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling	3
1.3 Doel van die verhandeling	4
1.4 Stand van navorsing	5
1.5 Afbakening van die terrein	6
1.6 Navorsingsmetodes	9
1.6.1 Literatuurstudie	9
1.6.2 Inhoudsontleding	10
1.7 Omskrywing van terme	10
1.7.1 Literatuur	10
1.7.2 Jeug	12
1.7.3 Jeugliteratuur	13
1.7.4 Apartheid	14
1.7.5 Ander terme wat in die verhandeling gebruik word	15

1.7.5.1	Jeugroman	15
1.7.5.2	Nie-blanke	15
1.8	Raamwerk vir die verhandeling	16
2.	HISTORIESE OORSIG VAN DIE TYDPERK VAN APARTHEID EN DIE TOEPASSING VAN DIE APARTHEIDSBELEID	19
2.1	Inleiding	19
2.2	Gebeure wat die daarstelling van die apartheidsbeleid voorafgegaan het	19
2.3	Die tydperk van 1948-1960	20
2.3.1	Konsolidasie van die apartheidsideologie	20
2.3.2	Die groei van swart nasionalisme en die verzet teen die apartheidsbeleid	23
2.4	Die tydperk 1960-1966	27
2.4.1	Republiekwording	27
2.4.2	Post-Sharpeville weerstand	27
2.5	Die tydperk 1966-1978	29
2.5.1	Koersveranderinge in die apartheidsbeleid	29
2.5.2	Die Swart Bewussynsbeweging	30
2.5.3	Die Soweto-opstande van 1976	31

2.6 Die tydperk 1978-1990	33
2.6.1 Die beleid van die sogenaamde “totale aanslag” en strategieë om dit die hoof te bied	33
2.6.2 Die aanvaarding van die 1983-grondwet	34
2.6.3 Toenemende terreur en geweld	35
2.6.4 Internasionale sanksies teen Suid-Afrika	38
2.7 Die einde van die apartheids-era	40
2.7.1 Die inisiatiewe van President F.W. de Klerk	40
2.7.2 Die tydperk van onderhandelings (1990-1994)	41
2.8 Samevatting	42
3. HISTORIESE OORSIG VAN DIE ENGELSE SUID-AFRIKAANSE VOLWASSE LITERATUUR, VERAL GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA	44
3.1 Inleiding	44
3.2 Die ontstaan van die moderne Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur	45
3.3 Die veertiger- en vyftigerjare	47
3.3.1 Sosio-politieke vertolking van verstedeliking	47
3.3.2 Die bydrae van Nadine Gordimer	48

3.3.3	Joernalistieke protes	49
3.3.4	Die bydrae van nie-blanke skrywers	50
3.4	Die sestigerjare	51
3.4.1	Ballingskap en vervreemding van skrywers	51
3.4.2	“Sharpeville”-verhale en gevangenisbeskrywinge	53
3.5	Die sewentigerjare	54
3.5.1	Die invloed van die Swart Bewussynsbeweging	55
3.5.2	“Soweto”-verhale	57
3.5.3	Die nuwe “swart stem”	57
3.5.4	Die radikale “blanke stem”	59
3.6	Die tagtiger- en negentigerjare	60
3.6.1	Van die “oue” na die “nuwe” - ’n situasie van veranderlikheid	60
3.6.2	“Noodtoestand”-verhale	61
3.7	Samevatting	62
4.	’n HISTORIESE OORSIG VAN ENGELSE SUID-AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGLITERATUUR	64
4.1	Inleiding	64
4.2	Die ontstaan van Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke in Engels	65

4.3	1900-1959	66
4.4	Die tydperk van 1960 tot vandag	68
4.5	Samevatting	79
5.	DIE UITBEELDING VAN SOSIO-EKONOMIESE TOESTANDE	80
5.1	Inleiding	80
5.2	Woongebiede	81
5.2.1	Gedwonge verskuiwings.....	81
5.2.2	Plakkery	87
5.2.3	Die beskrywing van afsonderlike woongebiede	90
5.3	Instromingsbeheermaatreëls	95
5.4	Openbare geriewe	98
5.5	Maatskaplike probleme	104
5.5.1	Die verbrokkeling van gesinne en herklassifikasie	104
5.5.2	Armoede	111
5.5.3	Straatkinders	119
5.5.4	Drank- en dwelmmisbruik	122
5.5.5	Mishandeling van vroue en kinders	127
5.6	Samevatting	128

6.	DIE UITBEELDING VAN ONDERWYSTOESTANDE	130
6.1	Inleiding	130
6.2	Perspektiewe op die onderwysstelsel in die bestudeerde jeugromans	131
6.3	Toestande in skole	141
6.4	Weerstand teen Bantoe-onderwys	147
6.4.1	Die Soweto-opstande van 1976	147
6.4.2	Latere weerstand teen die onderwysbeleid	160
6.5	Samevatting	163
7.	DIE UITBEELDING VAN DIE VEILIGHEIDSMAGTE	165
7.1	Inleiding	165
7.2	Die beeld van die veiligheidsmagte in die breë gemeenskap	166
7.3	Die uitbeelding van botsings tussen die veiligheidsmagte en die publiek	176
7.3.1	Die Soweto-opstande (1976)	176
7.3.2	Latere botsings tussen die polisie en die publiek	181
7.4	Aanhouding en ondervraging deur die polisie	192

7.5	Samevatting	200
8.	SAMEVATTING	202
8.1	Inleiding	202
8.2	Opsomming van bevindings	202
8.3	Die waarde van Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur met apartheid as tema	210
8.4	Ten slotte	215
	BIBLIOGRAFIE	216

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Inleiding

Literatuur, in sy breedste betekenis, vorm 'n belangrike deel van die kultuur van 'n bepaalde samelewing. Norton (1983:5) verwoord dit as volg:

Literature plays a strong role in understanding and valuing our cultural heritage [as well as that of others] in addition to understanding and enjoying our literary heritage.

In Suid-Afrika, met sy verskeidenheid van kulture, kan literatuur, insluitende kinder- en jeugliteratuur, ook 'n positiewe bydrae tot die waardering van die eie kultuur, sowel as dié van ander kulture, lewer.

Verder het literatuur ten doel om sosiale kommentaar op 'n bepaalde samelewing op 'n bepaalde tydperk te lewer. Deur die eeue heen het skrywers kommentaar gelewer op 'n bepaalde tydperk in die geskiedenis, deur onder meer skerp kritiek op die politieke, sosiale en ekonomiese toestande in 'n bepaalde land te lewer. Literatuur is dus ook as instrument gebruik om protes teen die werklike of vermeende sosiale ongeregtigheid in 'n bepaalde samelewing aan te teken. Om hierdie rede sê Gibson (1981:4):

... black [also white] writers have produced literature that reflects their situations as social beings existing within a particular historical framework and subject to the pressures of a special nature resulting therefrom.

Literatuur het algemene sowel as meer spesifieke funksies. Die algemene en mees voor die handliggende funksie is dat dit "multikommunikatief" is, dit wil sê dit probeer om 'n bepaalde saak op verskillende maniere oor te dra (Cloete 1992:258).

Wellek & Warren (1982) is van die skrywers wat in diepte op die spesifieke funksies van literatuur ingaan. Ten eerste behoort literatuur “genot” te verskaf, oftewel dit behoort aangenaam (“sweet”) te wees. Die “genot” wat uit literatuur geput word, is dus iets wat aangenaam is en nie noodwendig ’n saak van erns, in die sin dat dit ’n swaar las op die leser plaas, nie. Tweedens is literatuur ook iets wat nuttig (“useful”) is, met ander woorde literatuur het ’n spesifieke waarde vir die “gebruikers” daarvan (Wellek & Warren 1982:30,31). Dié genoemde twee funksies van literatuur staan nie los van mekaar nie, maar is ineengestremel:

The utility ... of literature is a pleasurable seriousness, i.e. not the seriousness of a duty which must be done or of a lesson to be learned but an aesthetic seriousness, a seriousness of perception (Wellek & Warren 1982:31).

Wellek & Warren (1982:94) lig ’n derde spesifieke funksie van literatuur uit, naamlik die sosiale funksie van literatuur. Volgens hierdie skrywers is literatuur ’n sosiale instelling - deel van die kultuurerfenis van ’n bepaalde samelewing. ’n Skrywer is deel van hierdie samelewing en gebruik sy/haar karakters om dit wat in die samelewing gebeur, te verwoord of daarop kommentaar te lewer. Die sosiale funksie is derhalwe om ’n bepaalde samelewing bewus te maak van bepaalde situasies of toestande wat in dié samelewing heers. Gibson (1981:10) verskil egter van Wellek & Warren:

It [literature] sustains currently existing values and standards of the society; it keeps the social fabric intact. ... to sustain and legitimate [sic] the institutions of the society; to render harmonious the relation between the majority of people and the social structure.

Dat literatuur die waardes en norme van die samelewing handhaaf (“sustain”), soos Gibson beweer, stem dus nie heeltemal ooreen met Wellek & Warren se standpunt nie. ’n Goeie voorbeeld wat hierdie standpunt illustreer, blyk uit die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse literatuur. Die apartheidsideologie wat vir meer as vyftig jaar ’n integrale deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgemaak het, het die Suid-Afrikaanse samelewing diep geraak (Mehta & Narang 1990:4). Die

Suid-Afrikaanse literatuur het hierdie ideologie nie “gehandhaaf” nie. Inteendeel, dit het krities kommentaar gelewer deur protes aan te teken teen werklike of vermeende ongeregtighede in die samelewing.¹ Dit was veral vanaf 1948, met die bewindsoorname van die Nasionale Party en die implementering van die apartheidsbeleid, dat dit mettertyd een van dié belangrikste temas in Suid-Afrikaanse volwasse literatuur geword het.

Dié gegewe word ook deur Mehta en Narang (1990:30) bevestig:

In South Africa ..., the long history of foreign occupation/settlement and urbanization resulted in de-tribalization of the Africans. This led to a literature protesting inequality and discrimination under apartheid rather than a literature about African values.

Die vraag ontstaan dus of dit ook die geval met jeugliteratuur is, en vir die doel van die verhandeling, spesifiek vir Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur. Dit blyk egter dat die apartheidsideologie eers heelwat later, sedert 1976, al meer neerslag in die jeugliteratuur gevind het:

The children’s uprising of 1976 marked the liberation of South African English children’s books from a taboo on matters of race and politics (Jenkins 1993:130).

Dit het tot gevolg gehad dat sedert 1976 al meer Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans waarin die apartheidsideologie uitgebeeld word, verskyn het. Hierdie jeugromans het ’n sosiale funksie in dié sin dat lesers, spesifiek Suid-Afrikaanse kinders, bewus gemaak word van ’n sekere tydperk, naamlik die apartheidsera, in die geskiedenis van Suid-Afrika.

1.2 Probleemstelling

Apartheid het ’n onuitwisbare invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad. Dit is dus vanselfsprekend dat dit ook ’n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse literatuur van die tyd sou speel, aangesien literatuur in die algemeen ook dikwels die geskiedenis van ’n bepaalde samelewing, in die

geval die Suid-Afrikaanse samelewing, weerspieël. Indien dit wel die geval met die Suid-Afrikaanse volwasse literatuur was, kan 'n mens verwag dat die toepassing van die apartheidsbeleid ook in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur gereflekteer sou word.

Die vraag kan dus gevra word oor hóé die apartheidsideologie in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur uitgebeeld is. Aangesien apartheid alle aspekte van mense se lewens geraak het, kan daar verder gevra word watter aspekte spesifiek aandag geniet het in jeugliteratuur waarin apartheid ter sprake gekom het en hoe hierdie aspekte uitgebeeld is. Die vraag kan ook gevra word of die gekose aspekte waarheidsgetrou, akkuraat en so objektief moontlik uitgebeeld is.

1.3 Doel van die verhandeling

Suid-Afrikaanse skrywers van jeugromans hanteer dikwels die apartheidsideologie as tema in hul werke. Aan die hand van 'n inhoudsontleding van bepaalde jeugromans word daar in hierdie verhandeling aandag gegee aan die uitbeelding van bepaalde aspekte van die apartheidsbeleid, naamlik sosio-ekonomiese toestande, die onderwysbeleid en die veiligheidsmagte.

Jenkins (1994:136) maak in 'n artikel, getiteld *What the academic study of South African children's and youth literature has to offer*, die volgende stelling:

South African children's literature has intrinsic interest as a subject of literary critical study and it also has a contribution to make to wider literary and cultural studies.

Aansluitend by die algemene doelstelling, het die verhandeling dit dus ook ten doel om 'n bydrae tot die vakgebied van die *Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur* te lewer, en om sodoende 'n moontlike leemte in die vakgebied te help vul. Verder kan hierdie verhandeling daartoe bydra om die belangrikheid van die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur gedurende die apartheidsera onder 'n wyer publiek se aandag te bring, en sodoende hierdie literatuur se posisie in die Suid-Afrikaanse literatuur as geheel te bevorder.

1.4 Stand van navorsing

Volgens 'n oorsig wat vir hierdie verhandeling onderneem is, is daar, in teenstelling met die Suid-Afrikaanse volwasse literatuur, weinig uitvoerige navorsing ten opsigte van die uitbeelding van politieke aspekte in Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gedoen.

Een van die belangrikste studies wat wel onderneem is, is dié deur Töttemeyer in haar doktorsale studie *The racial element in Afrikaans children's and youth literature* (1984). Dit was waarskynlik die eerste studie in sy soort en kan dus as 'n mylpaal in die Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur beskou word. Talle koerante het gevolglik artikels oor Töttemeyer se studie geplaas, en ook onderhoude met haar gevoer, soos byvoorbeeld:

- Albrecht, Sybille. 1984. Rasse-element verdwyn nou uit kinderboeke. *Die Vaderland*, 18 Desember:11.
- Kentering by dié soort skrywers. 1984. *Die Transvaler*, 22 Desember:4.
- Rassisme in lektuur is 'refleksie op Afrikaner'. 1984. *Die Burger*, 19 Desember:5.
- Vervloë lektuur. 1984. *Die Vaderland*, 19 Desember 1984.

'n Meer resente werk wat 'n verdere belangrike bydrae tot die terrein van die *Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur* gelewer het, is Elwyn Jenkins se *Children of the sun: selected writers and themes in South African children's literature* (1993). Soos die subtitel aandui, het Jenkins sy navorsing op spesifieke temas en skrywers toegespits, waarvan veral die hoofstuk "Race and social issues" van belang vir hierdie verhandeling is.

Dié twee studies is van die weinige voorbeelde van uitvoerige navorsing oor Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Soos blyk uit die bibliografie, is daar tog verskeie tydskriftartikels oor aspekte van hierdie literatuur gepubliseer wat op die verhandeling van toepassing is.

1.5 Afbakening van die terrein

Dit is van belang om daarop te let dat hierdie verhandeling 'n tematologiese studie is ('n studie wat 'n bepaalde tema bespreek), en nie 'n literêre-estetiese een ('n studie wat die literêre waarde van die betrokke literatuur uitwys) nie. Die tema wat onder bespreking kom, is die uitbeelding van apartheid in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur, en die tydperk wat gedek is, is 1976-1994. Gedurende hierdie tydperk het die destydse regering die meeste teenkating teen hulle beleid van segregasie ondervind (vergelyk hoofstuk twee in hierdie verband). Maar dit is ook binne die geskiedenis en ontwikkeling van die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur belangrik, want, soos reeds daarop gewys is, het die uitbeelding van die apartheidsbeleid sedert 1976 al meer as tema in Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans na vore gekom. [Vergelyk die aanhaling van Jenkins (1993:130) in afdeling 1.1 in hierdie verband.]

Alhoewel die apartheidsbeleid reeds sedert 1948 die amptelike regeringsbeleid was, is 1976 as beginpunt van die verhandeling gekies na aanleiding van belangrike gebeure van daardie jaar wat as 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse politieke en literêre geskiedenis beskou word. Vanuit 'n politiek-historiese oogpunt gesien, is 1976 belangrik as gevolg van die Soweto-opstande gedurende daardie jaar. Op 16 Junie 1976 het swart kinders openlik hul weerstand teen die destydse Bantoe-onderwysbeleid getoon. Hierdie gebeurtenis het 'n tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat deur groeiende weerstand teen die apartheidsbeleid gekenmerk is, ingelei. Dié weerstand, in die vorm van onrus, boikotte, stakings en aanverwante insidente, het 'n hoogtepunt in die tagtigerjare bereik.

Daar is egter ook 'n literêre-historiese rede waarom 1976 as beginpunt gekies is, en wat uit die aard van die verhandeling van meer belang as die politiek-historiese rede is. Soos reeds genoem, het al meer jeugromans wat gedurende die apartheidsera afspeel en die sosio-politieke toestande in Suid-Afrika uitgebeeld het, sedert daardie datum verskyn. Volgens Jenkins (1993:130) gaan die politieke veranderinge hand aan hand met die klemverskuiwing in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur:

The involvement of children in political activism that began in 1976 provided material for realistic plots on this new theme, and prompted writers to make race and contemporary social issues the focus of children's books instead of the unmarked background ...

As the pace of political reform has increased and South African society has become freer, more and more children's and youth novels on these themes have been published, exploiting the greater tolerance of what may be published and children may read. Their plots, too, explore the potential that a more open society offers for young people to meet and learn about their fellows who have been distanced from them until now by apartheid.

In April 1994 het die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika plaasgevind. Daardeur is die apartheidsera finaal beëindig, en word hierdie datum dus as die afsnypunt van die verhandeling beskou. Maar daar is ook 'n literêre rede vir hierdie afsnypunt. Reeds voor 1994 het skrywers begin om weg te beweeg van die tema van apartheid in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur, en eerder te konsentreer op die uitbeelding van wedersydse verhoudinge in die "nuwe" Suid-Afrika, sowel as vraagstukke wat die stabiliteit van die moderne samelewing bedreig (soos abortsie en VIGS). Aangesien daar tog nog belangrike jeugromans met apartheid as tema aan die begin van die negentigerjare verskyn het, soos byvoorbeeld Dianne Case se *92 Queens Road* (1991), Elana Bregin se *The boy from the other side* (1992) en Dawn Garisch se *Not another love story* (1994), is 1994 as afsnypunt gekies.

Daar is 'n opname van Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans in die KwaZulu-Natal Provinsiale Biblioteekdiens gedoen ten einde dié wat oor die apartheidsera handel en spesifiek tussen 1976 en 1994 gepubliseer is, op te spoor. Verder is 'n volledige bibliografie van titels in die *Maskew Miller Longman Young Africa Series* van die betrokke uitgewer verkry en deurgewerk. Hierdie reeks is belangrik, omdat die jeugromans wat daarin opgeneem is, 'n eg Suid-Afrikaanse karakter het en verskillende fasette van die hedendaagse Suid-Afrikaanse samelewing uitbeeld. Ander jeugromans wat nie deur Maskew Miller Longman uitgegee is nie, is bestudeer op grond daarvan dat hulle ook

verskillende aspekte van die apartheidsbeleid uitbeeld, soos byvoorbeeld Lawrence Bransby se *Down Street* (1989), en Ann Harries se *Sound of the gora* (1984). Die Instituut vir Kinder- en Jeuglektuur aan die Universiteit van Stellenbosch was ook behulpsaam met die opspoor van relevante jeugromans. Slegs dié jeugromans wat sonder twyfel gedurende die apartheidsera afspeel en in die tydperk 1976-1994 verskyn het, is bestudeer. Na die keuse van jeugromans gemaak is, is die drie breë aspekte wat in die verhandeling onder bespreking gaan kom (soos in afdeling 1.3 uiteengesit), vasgestel. 'n Betrokke jeugroman moes een of meer van dié aspekte pertinent aanspreek ten einde 'n bespreking daarvan in die verhandeling te regverdig.

Die volgende kriteria is gebruik in die keuse van jeugromans vir die verhandeling:

- Dit moes oorspronklik in Engels geskryf wees.
- Skrywers moes van Suid-Afrikaanse herkoms wees. Om hierdie rede word Beverley Naidoo en Toeckey Jones, twee uitgeweke skrywers, se werke in hierdie verhandeling ingesluit.
- Dit moes in Suid-Afrika afspeel.
- Dit moes in die tydperk 1976-1994 afspeel.
- Dit moes die apartheidsbeleid en die toepassing daarvan as deurlopende tema hê.
- Dit moes jeugromans wees wat 'n teikengehoor van 11 tot 16 jaar het.

Die gekose jeugromans wat onder bespreking kom is:

- Beake, Lesley. 1987. *The strollers*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Beake, Lesley. 1990. *Serena's story*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Bransby, Lawrence. 1989. *Down Street*. Cape Town: Tafelberg.
- Bregin, Elana. 1990. *The magical bicycle*. London: Heinemann.
- Bregin, Elana. 1992. *The boy from the other side*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Case, Dianne. 1986. *Love, David*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Case, Dianne. 1991. *92 Queens Road*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

- D'Arcy, M. Cassiem. 1989. *Tolly: hero of Hanover Park*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Garisch, Dawn. 1994. *Not another love story*. Isando: Heinemann.
- Geraghty, Paul. 1988. *Pig*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Gordon, Sheila. 1989. *Waiting for the rain: a novel of South Africa*. Berwick on Tweed: Collins Educational.
- Gordon, Sheila. 1990. *The middle of somewhere: a story of South Africa*. London: Orchard Books.
- Harries, Ann. 1984. *The sound of the gora*. London: Heinemann.
- Jones, Toeckey. 1979. *Go well, stay well*. London: The Bodley Head.
- Ludman, Barbara. 1989. *The day of the kugel*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Naidoo, Beverley. 1985. *Journey to Jo'burg*. London: Longman.
- Naidoo, Beverley. 1995a (educational ed.). *Chain of fire*. Essex: Longman.
- Rosenthal, Jane. 1990. *Wake up singing*. Cape Town: Maskew Miller Longman.
- Seed, Jenny. 1993. *A time to scatter stones*. Manzini: Macmillan Boleswa.
- Wende, Hamilton & Williams, Windell. 1992. *Msimangu's words*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

1.6 Navorsingsmetodes

1.6.1 Literatuurstudie

'n Breedvoerige literatuursoektog is onderneem om bronne wat oor apartheid en literatuur in die algemeen handel, asook oor die hantering van apartheid in Suid-Afrikaanse literatuur (spesifiek jeugliteratuur), op te spoor. Dié bronne moes 'n objektiewe weergawe van die geskiedenis van die apartheidsera bevat, of in die geval van bronne wat oor literatuur in die algemeen handel, moes dit help om die verhandeling in 'n breër konteks te plaas. Die bronne wat inligting oor apartheid in Suid-Afrikaanse volwasse en jeugliteratuur bevat het, moes ondersteunend tot die verhandeling wees. Vir hierdie doel is daar van uitgebreide rekenaarsoeke gebruik gemaak, waarmee die

vakreferente van die UNISA Biblioteek baie behulpsaam was. Bibliografieë van boeke en tydskrifartikels het verder gehelp om bronne wat spesifiek oor apartheid en/of literatuur handel, op te spoor. Die Instituut vir Kinder- en Jeuglektuur aan die Universiteit van Stellenbosch (ISKEMUS) is ook genader om inligting oor apartheid in literatuur, spesifiek kinder- en jeugliteratuur, op te spoor, terwyl die Instituut van Eietydse Geskiedenis (INEG) in Bloemfontein 'n uitgebreide soektog onderneem het om resente artikels, veral resensies van die bestudeerde jeugromans, op te spoor.

1.6.2 Inhoudsontleding

Jeugromans is ontleed aan die hand van genoemde kriteria (vergelyk afdeling 1.5). Eerstens is daar gekyk na **watter** aspekte van die apartheidsbeleid uitgebeeld word. Daarna is 'n ontleding gemaak van die **wyse** waarop skrywers apartheid uitbeeld. Die wyse waarop die skrywers die hoofemas (soos uiteengesit in afdeling 1.3) en verskillende subtemas (soos byvoorbeeld die uitbeelding van aparte woongebiede) benader het, die betrokke skrywer se ingesteldheid teenoor apartheid, hetsy objektief of subjektief, asook die betrokke skrywer se positiewe of negatiewe uitbeelding van apartheid in sy/haar jeugroman, is ondersoek.

Karakterisering was ook van groot belang. Die wyse waarop skrywers van bepaalde karakters gebruik maak om kommentaar op die toepassing van verskillende aspekte van die apartheidsbeleid te lewer, is gevolglik ontleed.

1.7 Omskrywing van terme

1.7.1 Literatuur

Die term **literatuur** verwys na alles wat in druk verskyn het (Wellek & Warren 1982:20; Van Zyl 1988:5). Tog is hierdie omskrywing nie heeltemal bevredigend nie. Die *Concise Oxford dictionary of current English* (1995, s.v. 'literature') se beskrywing is meer omvattend en van toepassing op die verhandeling:

1 written works, esp. those whose value lies in the beauty of language or in emotional effect...

3 the writings of a country or period.

4 literary production...

6 the material in print on a particular subject.

Die omskrywing van 3 en 6 is veral van belang vir hierdie verhandeling. Soos reeds genoem, word spesifiek Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur in die tydperk 1976 tot 1994, sowel as 'n bepaalde onderwerp, naamlik die apartheidstelsel, in oënskou geneem.

Die *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (Labuschagne & Eksteen 1993, s.v. 'literatuur') onderstreep die omskrywing van die *Concise Oxford Dictionary of current English* (betekenis 6): "2 Alles wat oor 'n bepaalde onderwerp geskrywe is".

Die terme **literatuur** en **letterkunde** se betekenis is volgens die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal (HAT)* nou verwant, en word in een van die betekenis selfs gelyk aan mekaar gestel (vergelyk betekenis 1 in beide gevalle):

Literatuur: 1 Letterkunde.

2 Wat oor 'n bepaalde onderwerp geskryf is (*HAT* 1994, s.v. 'literatuur').

Letterkunde: 1 (koll.) Geskrewe werke, veral die waarvan die waarde lê in die skoonheid van taalgebruik en/of in die gevoel wat dit opwek by die leser; literatuur; (skone) lettere.

2 Studie van die letterkunde (*HAT* 1994, s.v. 'letterkunde').

Hierteenoor staan die term **lektuur**: “Handeling van te lees; geskryfte, boeke; leesstof” (*HAT* 1994, s.v. ‘lektuur’).

Daar is besluit op die term **literatuur**, aangesien lektuur uit bogenoemde omskrywing ’n té allesomvattende term blyk te wees. Uit die *HAT* se definisie blyk dit dat lektuur alle vorme van literatuur insluit, naamlik fiksie en vakliteratuur.

Die term **literatuur** kan dus in die lig van die aard van die verhandeling as volg omskryf word:

Alle geskrewe werke van ’n bepaalde land/tydperk in ’n bepaalde taal, en wat oor ’n spesifieke onderwerp handel.

1.7.2 Jeug

Die term **jeug** kan omskryf word as die “tydperk van jonk te wees, veral vanaf puberteit tot volwassenheid” (*HAT* 1994, s.v. ‘jeug’).

Die *Concise Oxford Dictionary of current English* (1995, s.v. ‘juvenile’) gee ’n omvattender beskrywing van die term **jeug** (Engels: “juvenile”). Die verskillende betekenis wat relevant is vir hierdie verhandeling, is:

adj. **1 a** young, youthful.

b of or for young persons.

2 suited to or characteristic of youth...

n. **1** a young person.

2 *commerce* a book intended for young people...

1.7.3 Jeugliteratuur

Jeugliteratuur is “’n selfstandige, eiesoortige deel van die literatuur”. Dit kan dus beskryf word as ’n soort literatuur in eie reg juis omdat dit nie ’n onderafdeling van kinderliteratuur vorm nie (Steenberg 1992:192-193). Van Zyl (1988:9) ondersteun hierdie standpunt, maar gaan verder deur ’n spesifieke ouderdomsgroep waarvoor jeugliteratuur bedoel is, voor te stel, naamlik vir 11- tot 16-jariges. Jeugliteratuur kan dus as ’n soort “oorgangsliteratuur” beskou word, want dit volg op kinderliteratuur en gaan volwasse literatuur vooraf (Steenberg 1992:193).

Donelson & Nilsen (1989:13) verkies om die term “young adult literature” in plaas van “juvenile literature” te gebruik, want volgens hulle het laasgenoemde term ’n negatiewe konnotasie:

By *young adult literature*, we mean anything that readers between the approximate ages of twelve and twenty choose to read.

Dit is opmerklik dat hierdie skrywers jeugdiges in ’n breër ouderdomsgroep as Van Zyl plaas. Verder is dit interessant dat hulle “jeugliteratuur” omskryf as enige leesstof wat jeugdiges in hierdie groep verkies om te lees, en nie wat volgens volwassenes geskik is nie.

Die vraag ontstaan dus hoe ’n mens jeugliteratuur dan moet definieer. Die *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (1993:305) bevat slegs ’n omskrywing vir **jeuglektuur**: “lektuur geskik of bedoel vir die jeug”. Soos reeds genoem, is die term “lektuur” ’n te allesomvattende term, en word die term “literatuur” gebruik. Uit die omskrywing van **literatuur** en die laaste betekenis van **jeug**, asook uit Van Zyl, Steenberg en Donelson & Nielsen se argumente, kan **jeugliteratuur** as volg gedefinieer word:

Dit is literatuur wat vir jeugdiges/jong volwassenes/tieners, oftewel 11- tot 16-jariges, bedoel is, of wat hulle verkies om te lees.

1.7.4 Apartheid

Apartheid kan as volg omskryf word:

2. *transf.* Any system, policy, or action which segregates people, whether based on caste, religion, gender, class, or any other social category (*A dictionary of South African English on historical principles* 1996, s.v. 'apartheid').

Die *HAT* (1994, s.v. 'apartheid') omskryf dit weer as volg:

1 Toestand van afgeskeie, afgesonder te wees.

2 Politieke beleid in S.A. van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende kleur- en etniese groepe.

Die *HAT* se definisie is egter nie bevredigend nie, aangesien dit apartheid nie in historiese konteks plaas nie. Daarteenoor kwalifiseer *A dictionary of South African English on historical principles* (1996, s.v. 'apartheid') watter party hierdie beleid ingestel en gehandhaaf het:

1. *hist. a.* The National Party government's policy of racial segregation at all levels.

Anders gestel, dit is 'n "staatkundige rigting in Suid-Afrika waar blanke en gekleurde rasse in hul eie gebiede na eie aard en behoeftes kan ontwikkel; afsonderlike veelvolkige ontwikkeling; diskriminasie wat op velkleur alleen gegrond is en tot uiting kom in regulasies om die rasse uitmekaar te hou" (Labuschagne & Eksteen 1993, s.v. 'apartheid').

Wiechers (1988) gee 'n interessante omskrywing van apartheid. Volgens hom kan apartheid uit twee hoeke beskou word, naamlik as 'n vorm van menslike gedrag, óf as 'n vorm van regering en staatsbestuur. In eersgenoemde geval dui dit op rasse- en kleurdiskriminasie, wat diskriminasie deur

'n betrokke bevolkingsgroep teenoor lede van ander bevolkingsgroepe impliseer. Apartheid as 'n vorm van regering dui op segregasie wat op byna alle terreine van die samelewing deur die staat afgedwing is

Die *Concise Oxford dictionary of current English* (1995, s.v. 'apartheid') vat hierdie omskrywing van Wiechers goed saam:

1 *hist* (esp. in S. Africa) a policy or system of segregation or discrimination on grounds of race.

Apartheid kan dus beskou word as 'n stelsel waarvolgens alle politieke en sosio-ekonomiese fasette van die Suid-Afrikaanse samelewing gereuleer is. Daarom kan Labuschagne & Eksteen se omskrywing as die mees korrekte beskou word.

1.7.5 Ander terme wat in die verhandeling gebruik word

1.7.5.1 Jeugroman

Hierdie term is literêr meer korrek as **jeugboek** en is ook meer spesifiek.

1.7.5.2 Nie-blanke

A dictionary of South African English on historical principles (1996, s.v. 'nie-blanke') omskryf die term **nie-blanke** as volg:

NON-WHITE ... Usu. reflecting official terminology (esp. on signs in public places) during the apartheid era.

Tog is hierdie definisie niksseggend. Daarteenoor weerspieël dieselfde woordeboek in die definisie van “**non-white**” presies die bedoeling vir die gebruik van die term in hierdie verhandeling:

Obsolescent. offensive ... [Also used elsewhere. The term was used extensively in the past as a blanket term referring to those groups disadvantaged under apartheid.]

A. n. One whose racial ancestry is not predominantly European; one who is dark-skinned; NIE-BLANKE; NON-EUROPEAN (A dictionary of South African English on historical principles 1996, s.v. ‘non-white’).

Uit die aard van die verhandeling is dit dus meer korrek om die term **nie-blanke** as **anderskleurige** te gebruik.

1.8 Raamwerk vir die verhandeling

In **hoofstuk een** word die probleemstelling, doel van die verhandeling en die terrein van navorsing uiteengesit. Dit bevat ook die navorsingsmetodes wat gevolg is, sowel as die omskrywing van begrippe.

Hoofstuk twee gee ’n historiese oorsig van die apartheidsbeleid weer. Die doel van hierdie hoofstuk is om die belangrikste aspekte van die apartheidsbeleid, sowel as die belangrikste gebeure van hierdie tydperk, uit te lig. Daar is nie gepoog om ’n volledige relaas van die apartheidsera te gee nie, maar eerder om te help om hierdie verhandeling in konteks te plaas. Hierdie hoofstuk dien dus slegs as agtergrond, om sodoende duidelikheid te verkry waarom juis die apartheidsbeleid ’n oorheersende onderwerp in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur is.

’n Historiese oorsig van Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur word in **hoofstuk drie** gegee. Die doel van dié hoofstuk is om die invloed van apartheid op volwasse literatuur uit te wys, sowel as om aan te dui dat dit veel vroeër as die jeugliteratuur ontwikkel het. Verder het hierdie hoofstuk ten

doel om, waar van toepassing, die verband tussen volwasse en jeugliteratuur ten opsigte van die tema van apartheid uit te wys.

In **hoofstuk vier** word 'n historiese oorsig van Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gegee. Dit is gedoen om die jeugromans wat apartheid as tema het, in konteks met die breë ontwikkeling van dié literatuur te plaas. Daar is veral gekonsentreer op tendense en klemverskuiwings wat in die verskillende tydperke voorgekom het.

Hoofstuk vyf laat die soeklig op die uitbeelding van die sosio-ekonomiese toestande tydens die apartheidsera val. In hierdie hoofstuk is veral gekonsentreer op die uitbeelding van aparte woongebiede, waaronder gedwonge verskuiwings, plakkery en die beskrywing van afsonderlike woongebiede ter sprake kom. Verder is daar ook na swartes se houding teenoor instromingsbeheermaatreëls, oftewel die passtelsel, gekyk en hoe aparte openbare geriewe uitgebeeld word. Laastens word die uitbeelding van gepaardgaande maatskaplike probleme, soos die verbrokkeling van gesinne, herklassifikasie en armoede, bespreek.

In **hoofstuk ses** word die uitbeelding van die onderwystoestande onder die soeklig geplaas. Die klem val hier op Bantoe-onderwys: die instelling daarvan; indrukke van die onderwysstelsel; toestande in skole; en die weerstand daarteen.

Die uitbeelding van die veiligheidsmagte (polisie en weermag) word in **hoofstuk sewe** bespreek. Daar word eerstens gekyk na die beeld van hierdie magte in die breë gemeenskap. Verder word die uitbeelding van botsings tussen die veiligheidsmagte en publiek krities beskou, asook ondervraging en aanhouding sonder verhoor.

Hoofstuk agt is 'n samevatting van hierdie verhandeling. In hierdie hoofstuk word daar gekyk of daar aan die doel van die verhandeling (soos gestel in afdeling 1.3) voldoen is. Die ooreenkomste wat in die verhandeling na vore gekom het, sowel as die waarde daarvan vir die leser, word ook bespreek.

Endnota

1. Vergelyk in hierdie verband die tesis van T.J. Selepe *Contemporary black protest literature in South Africa: a materialist analysis* (1993).

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG VAN DIE TYDPERK VAN APARTHEID EN DIE TOEPASSING VAN DIE APARTHEIDSBELEID

2.1 Inleiding

Die tydperk waarin apartheid die amptelike regeringsbeleid in Suid-Afrika was (1948-1990), was seker een van die ingrypendste tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, want dit het elke vlak van die samelewing geraak. Verskillende wetgewende maatreëls, waarin feitlik elke faset van die Suid-Afrikaanse samelewing gereël is, is in die jare na 1948 deur die Suid-Afrikaanse regering uitgevaardig. Hierdie apartheidswetgewing het 'n blywende invloed op miljoene mense se lewens gehad.

'n Verhandeling waarin die uitbeelding van apartheid in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur bestudeer gaan word, moet dus teen bogenoemde agtergrond gesien word. In hierdie hoofstuk word 'n historiese oorsig van die apartheidsera en die toepassing van die apartheidsbeleid gegee en dien om die verhandeling in 'n bepaalde historiese konteks te plaas. Slegs die belangrikste historiese gebeure van die apartheidsera wat by die tema van die verhandeling aansluit, word uitgelig.

2.2 Gebeure wat die daarstelling van die apartheidsbeleid voorafgegaan het

Reeds vóór 1948, die jaar waarin die Nasionale Party aan bewind gekom het, is daar 'n beleid van rassesseiding (of segregasie) in Suid-Afrika gevolg. Die blanke minderheidsgroep se oorheersing is algaande verstewig, aangesien 'n beleid van segregasie nie-blankes van betekenisvolle deelname in landsake uitgesluit het. Hierdie beleid was wel meer buigsaam as die latere apartheidsbeleid, maar tog het dit in sekere opsigte daarop gedui dat 'n meer volledige en strenger diskriminerende beleid in die toekoms geïmplementeer sou word (*South Africa in the 20th century* 1993:297).

In die vier dekades na Uniewording in 1910 is die politieke regte van swartes geleidelik ingekort. Klem is geplaas op die ontwikkeling van die sogenaamde naturelleservate ten einde die “oorstroming” van stedelike gebiede deur swartes te voorkom. Hierdie aspekte is na 1948 in die apartheidswetgewing ingebou om sodoende die ideologie van rasseskeiding tot sy “logiese” konsekwensie, naamlik **totale** skeiding tussen blank en nie-blank, deur te voer.

’n Belangrike gebeurtenis wat tot die uiteindelijke implementering van die apartheidsbeleid gelei het, was die toenemende migrasie deur blanke en nie-blankes, maar deur veral die swart bevolking, vanaf plattelandse na stedelike gebiede. Hierdie toestroming na die stedelike gebiede is deur die opbloei van nywerhede gedurende die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak. Dié grootskaalse verstedeliking het die mees omstrede strydpunt in die na-oorlogse blanke politiek geword, aangesien blanke werkers mededinging om werksgeleenthede en woonplek in die stede gevrees het (Stadler 1991:264-5).

2.3 Die tydperk van 1948-1960

2.3.1 Konsolidasie van die apartheidsideologie

Gedurende 1948-1960 is verskeie wette wat die grondslag van die apartheidsideologie gevorm het, deurgevoer. Dié wette het die sosiale en politieke raamwerk van hierdie ideologie gevorm, want dit het byvoorbeeld beheer oor die beweging van swartes uitgeoefen en afsonderlike woongebiede en ’n aparte onderwysstelsel vir swartes daargestel. Vir die doel van die bespreking word die apartheidswetgewing in drie kategorieë gegroepeer, naamlik dié wetgewing wat gerig was op die sosiale regulering van die samelewing, dié wat die arbeidsterrein geraak het en dié wat die onderwys geraak het.

Die eerste kategorie is apartheidswetgewing wat op die sosiale regulering van die samelewing gerig was. Die regerende party, die Nasionale Party (dié party wat apartheid as amptelike landsbeleid aanvaar het), het geglo dat sulke wetgewing belangrik was vir die behoud en die beskerming van die

identiteit van die blanke bevolking. Ten einde hierdie ideaal te verwesenlik, is die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike* (1949) deurgevoer, in gevolge waarvan huwelike tussen blankes en nie-blankes verbied is (*South Africa in the 20th century* 1993:322). Die dilemma van 'n gemengde huwelik kom byvoorbeeld in een van die jeugromans, *Not another love story* deur Dawn Garisch (1994), wat in hierdie verhandeling bespreek gaan word, ter sprake.

In 1950 is die *Bevolkingsregistrasiewet*, wat ten doel gehad het om die administrasie van die sosiale apartheidswetgewing te vergemaklik, goedgekeur. Dit het voorsiening gemaak vir die klassifikasie van die bevolking in verskillende rasse- of kleurgroepe, naamlik blankes, kleurlinge, swartes en Indiërs. Die *Groepsgebiedewet* van 1950 het kort hierna gevolg. Hierdie wet kan as een van die onmenslikste wette wat in die Suid-Afrikaanse Parlement deurgevoer is, beskou word, aangesien dit tot grootskaalse uitsettings van duisende swartes, kleurlinge en Indiërs gelei het (*South Africa in the 20th century* 1993:322-323). Gevestigde gemeenskappe is of verskuif of vernietig - die mees tiperende voorbeeld hiervan was waarskynlik die "opruiming" van Distrik Ses in Kaapstad en Sophiatown in Johannesburg. Aansluitend by die *Groepsgebiedewet* (1950), was die *Verbod op Plakkery* (1951) wat plakkery op enige private of openbare grond verbied het, en die gevolglike ontworteling van duisende nie-blankes (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:378). Weerstand teen gebiedskeiding, en die gedwonge verskuiwing van mense, het van vroeg af neerslag in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur gevind en is daarom as een van die hoofpunte van die verhandeling gekies [vergelyk byvoorbeeld *Tolly: hero of Hanover Park* deur M. Cassiem D'Arcy (1989) en *92 Queens Road* deur Dianne Case (1991)]. In hoofstuk vyf word hierdie aspek in meer besonderhede bespreek.

Hand aan hand met die skeiding in woongebiede het 'n stelsel van beheer oor die beweging van swartes, wat algemeen bekend gestaan het as die passtelsel, beslag gekry. Hierdie stelsel het tot groot ontevredenheid onder die swartes gelei, en was die oorsaak van talle opstande, soos die Sharpeville-insident (1961). Die passtelsel word ook in hoofstuk vyf bespreek, aangesien dit in talle van die bestudeerde jeugromans na vore gekom het, soos byvoorbeeld in *Go well, stay well* deur Toeckey Jones (1979) en *Journey to Jo'burg* deur Beverley Naidoo (1985).

Die tweede kategorie apartheidswetgewing was dié wat arbeidsverhoudinge gereguleer het. Die vernaamste rede hiervoor was die regering se beskerming en ondersteuning van blanke arbeid in die verskillende ekonomiese sektore (*South Africa in the 20th century* 1993:324). Hierdie wetgewing word nie in hierdie afdeling verder bespreek nie, omdat dit nie in die bestudeerde jeugromans as 'n belangrike tema na vore gekom het nie.

Die derde kategorie apartheidswetgewing het die onderwys geraak. Dit word as een van die "hoekstene" van apartheid beskou. Voor die Nasionale Party aan bewind gekom het, was die meeste swart skole, sowel as die opleiding van swart onderwysers, onder beheer van sendingorganisasies van verskillende kerkgenootskappe (*South Africa in the 20th century* 1993:324). Die regering was bekommerd oor die invloed van hierdie organisasies op die swart gemeenskap, en ook oor hulle toenemende teenkanting teen die apartheidbeleid. Gevolglik is die Eiselenkommissie in 1949 aangestel om swart onderwystoestande te ondersoek.

Die Eiselenkommissie se verslag wat in 1951 gepubliseer is, het die grondslag van die *Wet op Bantoe-onderwys*, 1953, gevorm (Davenport 1991b:338). Daar kan aanvaar word dat die regering, met dr. H.F. Verwoerd (Minister van Naturellesake) aan die spits, die Eiselenkommissie se aanbevelings **selektief** gebruik het met die ontwerp van hierdie wet (Hartshorne 1992:36). Dit is gedoen om dit in pas met die breër beleid en houding van die regering te bring (Jefferson 1973:117).

Die Departement van Naturellesake het deur die *Wet op Bantoe-onderwys* (1953) beheer oor alle swart skole verkry. Dit het finansiële druk op die sendingstasies geplaas om hul skole aan die regering oor te dra. Verder het dit ook die onmiddellike bestuur van swart skole in die hande van Bantoeskoolrade geplaas, moedertaalonderrig in junior skole afgedwing, Engels en Afrikaans verpligte vakke in hoër primêre skole gemaak, en 'n eiesoortige sillabus vir alle swart skole opgestel. Hierdie sillabus is opgestel volgens wat die regering van mening was swart onderwys behoort te wees (Davenport 1991b:338). Die gevolg van hierdie beleid was dat daar 'n dramatiese agteruitgang in die kwaliteit van swart onderwys was (*South Africa in the 20th century* 1993:326).

Hierdie nuwe onderwysbeleid het kritiek van alle kante uitgelok. Net soos die passtelsel, het dit tot talle opstande, wat in die Soweto-opstande van 1976 'n klimaks bereik het, gelei. Bantoe-onderwys, en die invloed daarvan op die swart gemeenskap, is een van die vernaamste temas in 'n groot aantal van die bestudeerde jeugromans, soos onder meer in *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984). Vanweë die belangrike rol wat onderwys in die apartheidsbeleid gespeel het, word dit in 'n afsonderlike hoofstuk (hoofstuk ses) bespreek.

2.3.2 Die groei van swart nasionalisme en die verzet teen die apartheidsbeleid

Die diskriminerende wetgewing wat deur die Nasionale Party-regering ingestel is, het veral sterk teenkanting van opgeleide en professionele swartes uitgelok (Coetzer 1991:281). Mettertyd het 'n gevoel ontstaan dat verandering nie slegs deur 'n proses van onderhandeling alleen sou kom nie, maar dat teenkanting teen sulke wetgewing op 'n meer direkte wyse moes geskied (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:382).

Dit was veral die *African National Congress* (ANC) wat die inisiatief in die swart politieke stryd geneem het. Tydens die ANC se jaarlikse konferensie in 1949 is 'n *Programme of Action* aanvaar, en sedertdien het hierdie organisasie 'n leidende rol in betogings, boikotte, stakings en openbare ongehoorsaamheid gespeel (Coetzer 1991:281).

Dit is belangrik om daarop te let dat die weerstand teen diskriminerende maatreëls nie net tot die stedelike gebiede beperk was nie. Dit het ook na die landelike gebiede uitgekring, waar swartes in opstand gekom het teen beheermaatreëls oor die gebruik van hul grond, sowel as teen die opruiming van sogenaamde "swart kolle" wat die gedwonge verskuiwing van groot getalle nie-blankes, en die vernietiging van lang bestaande gemeenskappe, tot gevolg gehad het (*South Africa in the 20th century* 1993:346). Gedwonge verskuiwings het daarom 'n belangrike invloed op die lewens van mense gehad. Dit is dus te verstane dat dit ook as tema in Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans neerslag gevind het. So byvoorbeeld is die tema van Beverley Naidoo se *Chain of fire* (1995), wat in

die tagtigerjare afspeel, die verset teen die gedwonge verskuiwing van die inwoners van 'n plattelandse dorp. Dit is tekenend van die feit dat gedwonge verskuiwings nie net aan die begin van die apartheidsera plaasgevind het nie, maar deel van 'n voortdurende "plan van aksie" van die regering was om die apartheidsbeleid ten alle koste deur te voer.

Die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) is in 1950 ingevolge die *Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme* van daardie jaar tot 'n verbode organisasie verklaar. Hierdie wet was ook van toepassing op ander organisasies wat die doelstellings van Kommunisme gepropageer het. Dit het daartoe gelei dat talle leiers gedwing is om "ondergronds" te opereer óf om die land te verlaat (Coetzer 1991:282).

Vroeg in 1952 is 'n ultimatum, onderteken deur dr. J.S. Moroka en Walter Sisulu, aan die Eerste Minister, dr. D.F. Malan, gestuur. In hierdie ultimatum het hulle gevra vir die afskaffing van die *Paswette*, die *Groepsgebiedewet*, die *Wet op Bantoe-owerhede*, die *Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers*, die *Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme* en die sogenaamde rehabilitasieskema en beeste-uitdunningsbeleid. Malan het die ultimatum verwerp en gewaarsku dat die regering streng sou optree teenoor diegene wat die land se wette oortree, asook dié wat ander aanmoedig om dit te doen (*South Africa in the 20th century* 1993:378).

'n Besluit is geneem dat indien hierdie ultimatum nie sou slaag nie, daar later in dieselfde jaar met 'n versetveldtog ("defiance campaign") begin sou word (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:383). Dié veldtog is amptelik op 26 Junie 1952 deur die ANC geloods en was veral teen die paswette en apartheidswetgewing gemik. Verskeie botsings het tussen die polisie en opstandelinge plaasgevind, waartydens talle van die opstandelinge gedood is (Coetzer 1991:282).

Die gevolg van hierdie veldtog was dat bekende leiers óf verban óf ingeperk is. Twee nuwe wette is ook in 1953 aanvaar, nl. die *Wet op Openbare Veiligheid*, wat vir die proklamering van 'n noodtoestand voorsiening gemaak het, en die *Strafregwysigingswet*, wat spesifiek teen openbare onrus gemik was (Coetzer 1991:282).

Seker die belangrikste gevolg van hierdie versetveldtog was dat dit die internasionale aandag op Suid-Afrika gevestig het, en 'n groeiende afkeer teen die apartheidsbeleid tot gevolg gehad het. In veral die vergaderings van die Verenigde Volke Organisasie (VVO) is Suid-Afrika se apartheidsbeleid herhaaldelik skerp aangeval (Coetzer 1991:282-283).

'n Belangrike gebeurtenis gedurende die vyftigerjare was die byeenroeping van die *Congress of the People* in 1955, waarvan die ANC die vernaamste deelnemende politieke organisasie was. Die hoofdoel van die kongres was om aan te dui watter veranderinge in Suid-Afrika nagestreef moes word (Coetzer 1991:283).

Tydens dié kongres is die *Freedom Charter* opgestel. Daarin is onder meer op gelyke regte vir alle volksgroepe aangedring, en aanspraak is daarop gemaak dat Suid-Afrika aan almal behoort (Coetzer 1991:283). Dit het dus die veelvolkige karakter van Suid-Afrika herbevestig en die verwesenliking van 'n demokratiese staat as doelwit gestel (Coetzer 1991:283; *South Africa in the 20th century* 1993:382). Verder het dié Handves ook 'n nie-rassige, demokratiese regeringstelsel en gelyke beskerming van almal voor die wet geëis, sowel as om op die nasionalisering van banke, myne en nywerhede, en die herverdeling van grond, aan te dring. Laastens het dit ook na gelyke werks- en onderwysgeleenthede gestreef, sowel as die opheffing van die passtelsel waarvolgens swartes se vryheid van beweging ingeperk is en wat tot die verbrokkeling van duisende gesinne gelei het (Davenport 1991b:350). (Vergelyk hoofstuk vyf, afdeling 5.3 en 5.5.1, in hierdie verband.) Die *Freedom Charter* was seker dié belangrikste dokument wat deur die opposisiegroepe gedurende die apartheidsera opgestel is. In latere jare is daar dikwels in die stryd teen apartheid na hierdie dokument verwys.

Die regering het hierdie Handves as staatsondermynend beskou. Landwyse polisieklompjagte is uitgevoer, waarna baie van die kongresleiers ingeperk is (Coetzer 1991:283). Dit het aanleiding gegee tot die bekende Hoogverraadsaak in 1957, waarin Nelson Mandela een van die vernaamste

beskuldigdes was. Hierdie saak het tot 1961 geduur. Die uiteinde daarvan was dat al die beskuldigdes onskuldig verklaar is (*South Africa in the 20th century* 1993:386).

In 1959 is die *Pan Africanist Congress* (PAC) onder leiding van Robert Sobukwe gestig. Die PAC het ideologies van die ANC verskil en dus afgesplinter (Coetzer 1991:283). Hierdie organisasie se oogmerk was dat daar 'n regering van swartes vir swartes ("government by the Africans for the Africans") tot stand gebring moes word (*South Africa in the 20th century* 1993:388).

Die optrede van die Suid-Afrikaanse regering het daartoe aanleiding gegee dat swart politieke groepe se metodes teen 1960 'n sterk rewolusionêre inslag begin kry het. So het swartes byvoorbeeld hul passe verbrand, geen verdediging by hofsake aangebied nie, borgtog van die hand gewys en geweier om boetes te betaal (Coetzer 1991:284).

In 1960 het die PAC landwye betogings teen die paswette geïnisieer. Dit het tot botsings tussen betogers en die polisie in Sharpeville en Langa op 21 Maart 1960 gelei (Coetzer 1991:287; *Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:401). Die optrede van die polisie teenoor die betogers het wêreldwye reaksie uitgelok en die "harde gesig" - die onmenslike kant - van apartheid sterk op die voorgrond gebring (Coetzer 1991:287).

Hierdie insidente het verreikende gevolge gehad. Die Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, was genoop om die paswette tydelik te verslap, sowel as om 'n noodtoestand af te kondig en openbare byeenkomste te verbied. Verskeie swartmense het na aangrensende Afrikastate en die buiteland uitgewyk. Op hierdie wyse is die binnelandse verset teen die apartheidsbeleid na die internasionale arena uitgebrei, omdat talle van hierdie uitgewekenes drukgroepe gevorm het wat veral in die VVO 'n belangrike rol gespeel het. 'n Verdere gevolg was dat die *Wet op Onwettige Organisasies* in 1960 deurgevoer is. Daardeur is die ANC en die PAC tot verbode organisasies verklaar, en gevolglik het hierdie twee organisasies "ondergronds" gegaan, asook om in 'n toenemende mate gewelddadige optrede voor te staan (Coetzer 1991:284). 'n Ander belangrike gevolg van hierdie insidente was dat

buitelandse beleggers al meer vertrouwe in Suid-Afrika begin verloor het, en beleggings is teen 'n onrusbarende tempo uit die land onttrek (*South Africa in the 20th century* 1993:397).

Die verset teen die apartheidsbeleid het dus teen die begin van die sestigerjare al duideliker na vore gekom. Tog het die opposisie toe alreeds gewys dat hul alles in die stryd sou werp om apartheid te beëindig, al sou dit 'n lang uitgereikte stryd wees.

2.4 Die tydperk 1960-1966

2.4.1 Republiekwording

Benewens die apartheidsbeleid het die Nasionale Party ook 'n republikeinse ideaal nagestreef (Coetzer 1991:285). Dr. Verwoerd, in die hoedanigheid van Eerste Minister, het geglo dat 'n republiek Suid-Afrika se onafhanklikheid sou bewerkstellig, blanke eenheid sou bevorder en 'n raamwerk vir 'n bevredigende oplossing vir die rassevraagstuk sou bied: "... a republic was a means of solving the racial conundrum" (*South Africa in the 20th century* 1993:364-5). Suid-Afrika het uiteindelik op 31 Mei 1961 'n onafhanklike Republiek geword (Coetzer 1991:288).

Die gebeure rondom republiekwording sluit nie werklik by die tema van die verhandeling aan nie. Gevolglik word daar nie op hierdie gebeure uitgebrei nie, en word daar met bogenoemde volstaan.

2.4.2 Post-Sharpeville weerstand

Na die Sharpeville- en Langa-insidente het die nie-blankes se weerstand teen die regering se onderdrukkende beleid skerp toegeneem (*South Africa in the 20th century* 1993:403). Swart organisasies het geweld as die enigste oplossing gesien om 'n nie-rassige samelewing, gebaseer op internasionaal erkende demokratiese beginsels, daar te stel (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:409).

In Junie 1961, kort na republiekwording, is *Umkhonto we Sizwe* ("Spear of the Nation") (kortweg *Umkhonto*), onder leiding van Nelson Mandela, gestig. Hierdie militante tak van die ANC se siening was dat "vreedsame" metodes om verandering en regverdigheid te bewerkstellig, onsuksesvol was. Hulle het derhalwe besluit om deur die sabotasie van sekere regeringsinstellings hul doel, naamlik om apartheid te beëindig, te bereik (*South Africa in the 20th century* 1993:396-7).

In 1962 is die *Wysigingswet: Algemene Wette* (die sogenaamde "Sabotasie" Wet) aanvaar (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:412). Dié wet het die omskrywing van sabotasie verbreed: sabotasie is as 'n oortreding, wat met die dood strafbaar was, beskou. Magte is ook aan die Minister van Justisie verleen om enige persoon onder huisarres te plaas (*South Africa in the 20th century* 1993:405). Hierdie veiligheidswetgewing het ingrypende gevolge vir die politieke weerstand teen die apartheidsbeleid tot gevolg gehad.

In 1963 is die leiers van die *National High Command* van die *National Liberation Movement* en *Umkhonto*, onder andere Nelson Mandela en Walter Sisulu, gevange geneem (*South Africa in the 20th century* 1993:407). Die aanklag was dat hulle deur middel van 'n guerrilla-oorlog die staat wou omverwerp. Na die sogenaamde Rivonia-verhoor, is hulle in 1964 skuldig bevind en tot lewenslange tronkstraf gevonniss (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:413-414).

Aan die einde van daardie jaar was die veldtog van geweld om die Suid-Afrikaanse regering omver te werp, finaal gebreek. Die meeste van die rewolusionêre leiers wat nie opgesluit of verban is nie, het die land verlaat. Alhoewel dit wou voorkom dat daar weinig aktiewe rewolusionêres in die land oorgebly het, het die geskiedenis egter die teendeel bewys (*South Africa in the 20th century* 1993:408).

2.5 Die tydperk 1966-1978

2.5.1 Koersveranderinge in die apartheidsbeleid

Gedurende hierdie tydperk is belangrike koersveranderinge in die apartheidsbeleid aangebring.

In 1966 het min. B.J. Vorster vir Dr. Verwoerd as Eerste Minister opgevolg. Aan die een kant het hy dit duidelik gemaak dat hy die apartheidsbeleid, soos sy voorganger, sou voortsit (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:422), maar aan die ander kant was hy tog besorgd oor die groeiende isolering van Suid-Afrika deur die buiteland (*South Africa in the 20th century* 1993:421). Hy het gevolglik gepoog om die buitewêreld minder antagonisties teenoor Suid-Afrika te maak.

Vorster se bewindstydperk word deur veranderinge in die regeringsbeleid op veral drie terreine gekenmerk, naamlik veranderinge van die buitelandse, sport- en tuislandbeleid. Eersgenoemde twee beleidsveranderinge is nie vir hierdie verhandeling ter sake nie, maar die veranderde tuislandlandbeleid wel, want in van die bestudeerde jeugromans word daar melding gemaak van die “reservate”, beter bekend as “tuislande” of “homelands”, soos byvoorbeeld in *Go well, stay well* deur Toecky Jones (1979). (Vergelyk hoofstuk vyf, afdeling 5.5.1, vir ’n uitvoerige bespreking hiervan.) ’n Tuisland was ’n sekere gebied wat aan ’n bepaalde etniese groep, byvoorbeeld Zoeloe, Xhosa of Tswana, toegeken is (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:533).

Die verandering in die tuislandbeleid sedert Vorster se bewindsaanvaarding was dat tuislande om gedeeltelike selfregering kon aansoek doen, met die moontlikheid van volle onafhanklikheid in die toekoms. Gedurende 1963 en 1974 is gedeeltelike selfregering aan sewe tuislande toegestaan (*South Africa in the 20th century* 1993:433-435).¹ Aan die begin van die tagtigerjare was vier tuislande onafhanklik, terwyl ses selfregerende state was (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:426).²

2.5.2 Die Swart Bewussynsbeweging

Die verbanning van die ANC en PAC in 1960 en die aanhouding van leiers soos Robert Sobukwe (sedert 1960) en Nelson Mandela (sedert 1962), het die swart gemeenskap erg ontwig. Swartes is ongeorganiseerd en leierloos gelaat, en vir bykans 'n dekade lank het daar geen protes uit hulle geledere teen blanke oorheersing gekom nie. Hierdie stilte is egter aan die begin van die sewentigerjare verbreek toe Steve Biko idees begin versprei het wat tot die ontstaan van die Swart Bewussynsbeweging ("Black Consciousness Movement") gelei het. Hy was aanvanklik president van die *South African Students' Organisation* (SASO) en later redakteur van die *SASO Newsletter* (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:446; *South Africa in the 20th century* 1993:457).

Die kerngedagtes van hierdie beweging kan as volg opgesom word. Eerstens wou hulle selfvertroue by swartmense aankweek en hulle van hul minderwaardigheidsgevoel laat ontslae raak. Verder wou hulle alle bande met blankes afsny, selfs met die meer liberales wat simpatie met die swartes se stryd gehad het, asook om alle onderdrukte, menende nie-blankes, saam te groepeer onder die term "swart" (*South Africa in the 20th century* 1993:458). Die *Reader's Digest Illustrated History of South Africa* (1995:445) som dit as volg op: "Black consciousness engendered a new sense of pride in millions of Africans: blackness became something to be proud of, to be defiant about and worth fighting for".

Die regering het aanvanklik nie die bedreiging wat die Swart Bewussynsbeweging vir die blanke minderheidsregering ingehou het, ingesien nie. Toe hierdie beweging egter by wyse van stakings en boikotte hardnekkig weerstand teen die owerhede gebied het, het die regering begin om ongenaakbaar teenoor hulle op te tree. Organisasies wat die swart bewussynsideologie aangehang het, asook publikasies wat hierdie ideologie voorgestaan het, is verban. Bekende leiers is of ingeperk of aangehou sonder verhoor. Biko self is in 1977 in aanhouding dood (*South Africa in the 20th century* 1993:461).

Teen die einde van 1977 was al die Swart Bewussynsbeweging se organisasies verban, en sy leiers òf verban òf dood. Tog het die ideologie behoue gebly en in 1978 is 'n nuwe swart bewussynsorganisasie, die *Azanian People's Organization (AZAPO)*, gestig. AZAPO het egter nie daarin geslaag om dieselfde geesdriftigheid as SASO, die *Black People's Convention*, die *South African Students Movement* en ander Swart Bewussynsorganisasies van die sewentigerjare by swartes aan te wakker nie. Inteendeel, vanaf 1978 was daar 'n duidelike swaai weg van die swart bewussynsideologie na die ideologie wat deur die ANC voorgestaan is (soos in die *Freedom Charter* saamgevat), met die klem op 'n nie-rassige samelewing. Mettertyd het die ANC ook al meer internasionale steun verkry (*South Africa in the 20th century* 1993:461).

Dit is interessant dat hoewel die swart bewussynsideologie 'n diepgaande invloed op Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gehad het, dit nie eintlik neerslag in die jeugliteratuur gevind het nie, en word dit gevolglik nie verder bespreek nie. In die bestudeerde jeugromans waarin swart bewussyn wel na vore gekom het, was dit meer 'n terloopse opmerking as 'n besprekingspunt, soos byvoorbeeld in *Go well, stay well* deur Toeckey Jones (1979). In hierdie verhaal maak een van die karakters die volgende opmerking wat verwys na die kern van die swart bewussynsideologie:

... black people have got to realize their own worth. We've got to stop letting ourselves be made to feel inferior... Black is beautiful... (Jones 1979:164).

2.5.3 Die Soweto-opstande van 1976

'n Belangrike gebeurtenis gedurende hierdie tydperk was die Soweto-opstande, wat in Junie 1976 uitbreek het. Tot op daardie stadium was dit van die ergste opstande in Suid-Afrika, veral wanneer die geweldige verlies van lewens in aanmerking geneem word (*South Africa in the 20th century* 1993:461).

Daar kan drie hoofredes aangevoer word vir hierdie opstande. Die belangrikste rede was waarskynlik dat swartes ontevrede was met die regering se besluit dat sekere skoolvakke in hoërskole in

Afrikaans onderrig sou word. Ten tweede het die regering nie ag geslaan op waarskuwings dat 'n plofbare situasie aan die ontwikkel was nie. Verder was swartes ook ontevrede oor hulle politieke magteloosheid, ekonomiese agteruitgang en sosiale onsekerheid (*South Africa in the 20th century* 1993:462).

Op 13 Junie 1976 is 'n Soweto Studenteverteenwoordigersraad verkies. Al die sekondêre skole in Soweto het verteenwoordigers op hierdie raad gehad. Hulle het besluit om 'n protesoptog deur die strate van Soweto te reël. Die optog was goed beplan. Die nuus van die beplande optog is in al die skole in die daaropvolgende dae versprei. Skoolkinders sou by verskillende punte vergader, waarna hulle na die Orlandostadium sou beweeg vir 'n massa-byeenkoms (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:446).

Op 16 Junie 1976 het ongeveer 10 000 skoolkinders in Soweto aan die beplande protesoptog deelgeneem. Nadat die polisie traangas gebruik het in 'n poging om die skare op te breek, het die kinders begin om klippe na hulle te gooi. Die klipgooiery is deur geweervuur van die polisie beantwoord. Ten minste een leerling is gedood, die dertienjarige Hector Petersen. Dit het die plofbare situasie vererger, en tot chaos gelei. In die week wat daarop gevolg het, het bendes jeugdige Soweto geplunder en brande gestig. Die polisie het fel teenoor die onrusstokers opgetree. Na 'n week was die ergste onrus oor, maar sporadiese voorvalle van geweld het nog in die daaropvolgende maande voorgekom (*South Africa in the 20th century* 1993:462-463).

Die geweld was egter nie net tot Soweto beperk nie. Dit het ook na ander dele van die land versprei. Teen die einde van 1976 was die landwye onrus min of meer oor. Sporadiese voorvalle van klipgooiery en brandstigting het nog in Soweto en ander swart dorpe voorgekom. Dit was egter eers aan die einde van 1977 wat toestande genormaliseer het. Die totale aantal mense wat in die onrus dood is, was meer as 600 (*South Africa in the 20th century* 1993:463).

Een van die gevolge van die Soweto-opstande was dat die versoek van swartes dat Afrikaans nie die medium van onderrig moes wees nie, toegestaan is. In Julie 1976 het die Minister van

Bantoe-onderwys, M.C. Botha, aangekondig dat die hoofde van swart skole voortaan sou kon besluit watter medium van onderrig gebruik sou word (*South Africa in the 20th century* 1993:464).

Die Soweto-opstande het 'n belangrike plek in veral die Engelse Suid-Afrikaanse literatuur (vergelyk hoofstuk drie, afdeling 3.5.2), insluitende jeugliteratuur, ingeneem. Aangesien skoolkinders by hierdie opstand betrokke was, het dit skrywers aangespoor om jeugromans daarvoor te skryf, want die leser kan met die karakters identifiseer. 'n Belangrike jeugroman waarin die Soweto-opstande die sentrale tema is en bespreek word, is *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984).

Die ontevredenheid met die Bantoe-onderwysbeleid en gepaardgaande swak onderwystoestande het hoofsaaklik tot die Soweto-opstande gelei, en dit het verreikende gevolge gehad. In hoofstuk ses word die uitbeelding van onderwystoestande gedurende die apartheidsera bespreek, en die wyse waarop dié opstande in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur uitgebeeld word, vorm een van die onderafdelings van hierdie hoofstuk (afdeling 6.4.1). In hoofstuk sewe weer word die uitbeelding van die optrede van die veiligheidsmagte gedurende die Soweto-opstande bespreek (afdeling 7.3.1).

2.6 Die tydperk 1978-1990

2.6.1 Die beleid van die sogenaamde “totale aanslag” en strategieë om dit die hoof te bied

Gedurende 1978 het Minister B.J. Vorster, onder andere om gesondheidsredes, as Eerste Minister bedank. Minister P.W. Botha is as sy opvolger aangewys (*South Africa in the 20th century* 1993:464).

Sedert 1979 het Suid-Afrika 'n kwaai ekonomiese agteruitgang, toenemende internasionale isolasie, onttrekking van buitelandse beleggings, groeiende swart opposisie en nywerheidsnorus ervaar (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:457). Botha het derhalwe gevoel dat dit in die belang van die land was om die ou apartheidstelsel te herstruktureer. Hy wou 'n beleid van

hervorming volg, maar ook net tot op 'n punt, aangesien hy nie bereid was om die heersende politieke mag uit die hande van blankes te laat gaan nie. (*South Africa in the 20th century* 1993:468).

Die klem het veral op die afskaffing van die sogenaamde “klein-apartheidsmaatreëls” begin val. Soos die beleid begin vorm aanneem het, het die meer blatante aspekte van klein-apartheid begin verbrokkel. Diskriminerende kennisgewingborde het uit openbare plekke verdwyn. Uiteindelik het dit gelei tot noemenswaardige toegewings soos die afskaffing van die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike* en die *Ontugwet* in 1985, en in 1986 die *Paswette* (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:460).

Die regering het gehoop dat sy hervormings die Suid-Afrikaanse rassebeleid meer aanvaarbaar sou maak, binnelands sowel as buitelands. Hulle het egter besef dat dit nie almal sou bevredig nie en dat die ANC, die VVO en die buitewêreld steeds druk op die regering sou uitoefen om hul apartheidsbeleid te laat vaar.

Die regering het 'n driepunt-strategie gevolg ten einde hierdie “totale aanslag” af te weer. Ten eerste is almal wat teen die stelsel van 'n blanke minderheidsregering gekant was (soos die ANC en die PAC) as kommuniste bestempel, en dié weerstand moes ten alle koste onderdruk word. Verder sou die regering alle middele tot hul beskikking, soos die veiligheidsmagte, gebruik om rewolusionêre bedrywighede in die land te beëindig. Laastens het die regering toestemming aan die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) verleen om ANC-basisse in Maputo, Maseru, Gaborone, Harare en Lusaka aan te val (*South Africa in the 20th century* 1993:468-469).

2.6.2 Die aanvaarding van die 1983-grondwet

Reeds in 1976, tydens Vorster se bewind, het die regering besluit om die grondwet te hersien. 'n Kabinetskomitee is aangewys om 'n nuwe regeringstelsel, waarin kleurlinge en Indiërs 'n groter mate van outonomie sou verkry, te ondersoek. Hierdie komitee het radikale konstitusionele veranderinge voorgestel, onder andere dat blankes, kleurlinge en Indiërs elk hul eie parlement en kabinet moes hê.

Alhoewel hierdie voorstel vir 'n nuwe konstitusionele bedeling reeds in 1977 deur die NP-koukus, sowel as die vier provinsiale kongresse goedgekeur is, is die nuwe grondwet eers in 1983 aanvaar (*South Africa in the 20th century* 1993:472-3,477).

Die nuwe en ou grondwet het in hoofsaak in vier opsigte verskil. Die mag van die Staatspresident is aansienlik uitgebrei deurdat die poste van Eerste Minister en Staatspresident saamgevoeg is. Die nuwe grondwet het ook vir 'n kabinet en drie ministersrade voorsiening gemaak, aangesien daar nou tussen eie en algemene sake onderskei is. Verder het die nuwe grondwet ook vir 'n driekamerparlement voorsiening gemaak: die *Volksraad* vir die blankes, 'n *Huis van Verteenwoordigers* vir die kleurlinge en 'n *Huis van Afgevaardigdes* vir die Indiërs. Laastens sou die Presidentsraad, wat alreeds in 1981 die Senaat vervang het, behou word (*South Africa in the 20th century* 1993:478).

Ten spyte van die goeie bedoelings van die nuwe grondwet, het dit ernstige tekortkominge gehad. Dit was onregverdig en onbillik, want swartes wat 70% van die bevolking uitgemaak het, is daarvan uitgesluit (*South Africa in the 20th century* 1993:479). Van swartes is verwag dat hulle sou deelneem aan die politieke strukture in die tuislande (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:472). Verder is die apartheidsbeleid ondersteun deurdat die blankes, kleurlinge en Indiërs apart verkies moes word, aparte sittings sou hê en apart moes stem. Maar tog was die nuwe grondwet 'n poging om die kleurlinge en Indiërs seggenskap in die regering te gee. Dit het dus 'n sekere mate van verdeling van politieke mag aangehelp (*South Africa in the 20th century* 1993:479).

2.6.3 Toenemende terreur en geweld

Gedurende die tagtigerjare het terreur en geweld in Suid-Afrika toegeneem.

Die ANC het vanaf die tagtigerjare al hoe meer van gewelddadige metodes, wat die vorm van terreuraanslae aangeneem het, gebruik gemaak. Voorbeelde van terreurdade wat deur die ANC gepleeg is, was die sabotasie van die Sasol-aanleg in 1980, 'n aanval op die Koeberg-kernkragstasie

in 1982 en die Kerkstraatbom (Pretoria) in 1983 (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:461,479).

Gedurende September 1984 het grootskaalse onrus in die swart dorpe van die Vaaldriehoek uitgebreek. Baie gou het dit ook na ander dele van die land versprei. Hierdie onrus het langer geduur as enige vorige swart onrus in Suid-Afrika. Verder was daar ook meer lewensverlies en groter skade as voorheen aangerig. Alhoewel dit teen die end van 1986 onder beheer was, het die aantal onrusverwante voorvalle gedurende die daaropvolgende jare (1987-1989) hoog gebly (*South Africa in the 20th century* 1993:499). In *Waiting for the rain* deur Sheila Gordon (1989) is die geweld van die tagtigerjare met die verhaal geïntegreer.

Die redes vir hierdie onrus was die ekonomiese resessie van die middel tagtigerjare, die ongewildheid van die swart dorpsrade, die ANC se doelwit om die land onregeerbaar te maak en die ontevredenheid met die 1983-grondwet (*South Africa in the 20th century* 1993:499).

Die polisie was nie in staat om alleen die situasie te beheer nie. Daarom is die weermag gebruik om die polisie in die onderdrukking van geweld by te staan. Die teenwoordigheid van die polisie en die weermag in swart woongebiede het gevolglik 'n algemene gesig geword. Tog het dit nie die meerderheid swartes se goedkeuring weggedra nie, en het dit aanleiding gegee tot verdere burgerlike ongehoorsaamheid (*South Africa in the 20th century* 1993:501).

In Julie 1985 het Botha 'n noodtoestand in gebiede in die Oos-Kaap en Vaaldriehoek afgekondig (*South Africa in the 20th century* 1993:503). Dit was die eerste keer sedert die 1960-onluste wat dit nodig was om 'n noodtoestand af te kondig (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:482).

Verskeie noodregulasies is ingestel. Daarvolgens kon die polisie enige iemand aanhou vir 'n tydperk van 14 dae en selfs langer, mits die toestemming van die betrokke minister verkry is. Verder het die Kommissaris van Polisie die mag gehad om toegang tot 'n sekere residensiële gebied te beheer, die

aantal mense by 'n begrafnis te beheer en om verslaggewers van tonele van onrus weg te hou. Die gevolg van die toepassing van hierdie noodregulasies was dat duisende mense gearresteer en aangehou is, gewoonlik sonder verhoor. Die onrus het egter nie afgeneem nie. Inteendeel, dit het verder versprei na gebiede waar die noodtoestand nie gegeld het nie (*South Africa in the 20th century* 1993:503).

Die wyse waarop die veiligheidsmagte opgetree het, het skerp kritiek van alle kante uitgelok. Suid-Afrikaners, veral swartes, het in die algemeen 'n negatiewe beeld van hierdie magte gehad, en hul ook nie vertrou nie. Duisende mense se lewens is hierdeur erg ontwrig. Die uitbeelding van die veiligheidsmagte, veral Suid-Afrikaners se perspektief van hierdie magte en polisie-optrede tydens onrusverwante voorvalle, is een van die belangrikste temas wat in die bestudeerde jeugromans na vore gekom het. (Vergelyk hoofstuk sewe in hierdie verband.)

Ten spyte van die feit dat die voorvalle van geweld aan die begin van 1986 nog steeds uitsonderlik hoog was, het Botha die noodtoestand in Maart van dieselfde jaar opgehef (*South Africa in the 20th century* 1993:503). Die opheffing van die noodtoestand was meer 'n reaksie op internasionale druk as 'n afname in geweld (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:487). Daar was egter 'n duidelike toename in voorvalle van onrus en geweld ná die opheffing van die noodtoestand. Al meer mense het gewelddadig gesterf. Hierdie mense was nie net die slagoffers van polisie-optrede nie, maar ook van swart-teen-swart geweld. In Junie 1986 is President Botha, as gevolg van die toenemende onrus, genoop om weer 'n noodtoestand, hierdie keer landwyd, af te kondig (*South Africa in the 20th century* 1993:503-504).

Die afkondiging van 'n landwye noodtoestand het die regering in staat gestel om 'n omvattende teen-rewolutionêre strategie bekend te maak. Eerstens is persvryheid ingekort. Verder is voorsiening vir aanhouding sonder verhoor gemaak: polisiebeamptes en soldate kon, sonder 'n lasbrief, enigiemand arresteer wat volgens hulle 'n bedreiging vir openbare veiligheid was en só 'n persoon vir 14 dae aanhou, wat met die goedkeuring van die Minister van Wet en Orde verleng kon word. Politieke organisasies wat die regering van die dag geopponeer het, is ook ingeperk, insluitende die

United Democratic Front (UDF), Azanian People's Organisation (AZAPO), die National Education Crisis Committee (NECC) en Congress of South African Trade Unions (COSATU). Laastens kon politieke en ander byeenkomste, wat selfs begrafnisse ingesluit het, onwettig verklaar word (*South Africa in the 20th century* 1993:504-5).

Hierdie teen-rewolusionêre strategie van die regering het daartoe gelei dat aan die einde van 1986 die opstande grootliks onderdruk was. Aangesien onrusverwante voorvalle nog steeds voorgekom het, is die noodtoestand in Junie elke jaar verleng. Eers na vyf jaar, in Junie 1990, is die noodtoestand deur President F.W. de Klerk opgehef. Hierdie noodtoestand is langer gehandhaaf as enige ander een tot op datum in die Suid-Afrikaanse geskiedenis (*South Africa in the 20th century* 1993:505).

Dié opstande, veral in die vorm van boikotte teen die hele sosiale, ekonomiese en politieke bestel, asook ander aspekte daarvan, soos aanhouding sonder verhoor, vorm in sommige van die bestudeerde jeugromans die agtergrond tot die verhaal, soos byvoorbeeld in Michael Williams se *Crocodile burning* (1994).

2.6.4 Internasionale sanksies teen Suid-Afrika

Die politieke geweld van die middel tagtigerjare het buitelandse druk op Suid-Afrika verhoog. Daar was groeiende eise van die buiteland dat Suid-Afrika van sy apartheidsbeleid moes afsien, en swartes 'n aandeel in die regering laat verkry. Die beëindiging van buitelandse lenings, die onttrekking van buitelandse kapitaal en die toepassing van fel sanksies het skielik 'n harde werklikheid geword (*South Africa in the 20th century* 1993:509).

President P.W. Botha het ten tyde van die Natalse Kongres van die NP in Augustus 1985 opnuut beklemtoon dat hy die idee van "een man, een stem" verwerp, dat hy nie besorgd was oor buitelandse eise nie, en dat hy nie bereid was om blanke Suid-Afrika langs die weg van oorgawe en

“selfmoord” te lei nie. Hierdie toespraak, later bekend as die “Rubicon”-toespraak, het skokgolwe binne- en buitelandse uitgestuur (*South Africa in the 20th century* 1993:509-510).

Botha se Rubicon-toespraak het ernstige gevolge gehad. Talle buitelandse banke het onmiddellike terugbetalings van lenings geëis. Dit het die regering in 'n finansiële krisis gedompel, aangesien dit onmoontlik was om op kort kennisgewing buitelandse skuld terug te betaal. Pogings om nuwe lenings aan te gaan, was ook onsuksesvol (*South Africa in the 20th century* 1993:510).

Hierdie toespraak van Botha het soveel vyandigheid oorsee aangewakker dat President Ronald Reagan van Amerika en die Britse Eerste Minister, Margaret Thatcher, ook sanksies teen Suid-Afrika ingestel het. Die Suid-Afrikaanse regering is gewaarsku dat verdere sanksies sou volg, indien hulle nie hul apartheidsbeleid sou laat vaar nie (*South Africa in the 20th century* 1993:511).

Verder het organisasies soos die ANC, UDF, COSATU en Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, asook individue, soos dr. Alan Boesak en Biskop Desmond Tutu, se pleidooie vir sanksies oorsee groot indruk gemaak. Hulle wou daardeur die Suid-Afrikaanse regering dwing om van hul apartheidsbeleid af te sien (*South Africa in the 20th century* 1993:512).

Gevolgtik het sanksies daartoe aanleiding gegee dat verskeie groot oorsese maatskappye tussen 1984 en 1989 hul besigheid uit Suid-Afrika onttrek het. Verder was daar 'n afname in die Suid-Afrikaanse uitvoerhandel (*South Africa in the 20th century* 1993:513), terwyl Suid-Afrika se buitelandse skuld toegeneem het (Davenport 1991b:465). Werkloosheid het ook skerp toegeneem en 'n groeiende probleem geword (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:488). Daar bestaan dus geen twyfel dat sanksies een van die belangrikste faktore was wat die regering bewus gemaak het dat die prys wat hulle moes betaal vir hul apartheidsbeleid, te hoog was (*South Africa in the 20th century* 1993:513).

2.7 Die einde van die apartheids-era

2.7.1 Die inisiatiewe van President F.W. de Klerk

In Augustus 1989 het P.W. Botha, vanweë swak gesondheid, as Staatspresident uitgetree. F. W. de Klerk is as waarnemende Staatspresident aangewys. Kort na die algemene verkiesing in die daaropvolgende maand, waarin die NP baie swak gevaar en sy aanhang duidelik gekrimp het, is De Klerk as nuwe Staatspresident aangewys. Hy het onderneem om met sy voorganger se politieke hervormings voort te gaan (*South Africa in the 20th century* 1993:523). President De Klerk het verskeie inisiatiewe om die apartheidswette af te skaf, aan die dag gelê. Hiermee het 'n nuwe tydperk in die Suid-Afrikaanse politiek aangebreek.

Met die opening van die Parlement op 2 Februarie 1990 het De Klerk aangekondig dat die verbanning van die ANC, PAC en SAKP opgehef sou word, dat alle politieke gevangenes (insluitende Mandela) vrygelaat sou word en dat ander verbanne organisasies, soos die UDF, NECC en COSATU, hul aktiwiteite weer kon hervat. Hierdie toespraak van De Klerk word as 'n belangrike keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou (*South Africa in the 20th century* 1993:525).

Die noodtoestand is aanvanklik behou, alhoewel daar 'n duidelike verskuiwing in houding van onderdrukking na verdraagsaamheid was (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:493). In die loop van 1990 is die landwye noodtoestand opgehef (*South Africa in the 20th century* 1993:528).

Slegs een van die bestudeerde jeugromans, naamlik *Crocodile burning* deur Michael Williams (1994), betrek laasgenoemde gebeure in die verhaal. Mandela se vrylating op 11 Februarie 1990 is 'n belangrike gebeurtenis wat met die verhaal geïnkorporeer word.

Die inisiatiewe wat De Klerk aan die dag gelê het, het die pad na 'n nuwe, demokratiese Suid-Afrika gebaan. Hierdie inisiatiewe is deur 'n tydperk van onderhandelings gevolg.

2.7.2 Die tydperk van onderhandelings (1990-1994)

Die regering en die ANC het amptelik met onderhandelings op 2 Mei 1990 begin. Na drie dae van gesprekvoering, is die *Groote Schuur Memorandum* onderteken (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:497). In hierdie memorandum het beide partye hulle verbind tot vreedsame onderhandelinge (*South Africa in the 20th century* 1993:527).

'n Groot probleem gedurende hierdie tyd was die voortslepende geweld. De Klerk het daarom die ANC en ander belanghebbende partye byeengebring om te bespreek hoe daar 'n einde aan die geweld gemaak kon word. Dit het gelei tot die ondertekening van die *Nasionale Vredesooreenkoms* in September 1991. Hierdie dokument het onder andere gedragskodes vir die polisie en politieke partye neergelê. Dit het egter gou duidelik geword dat die *Nasionale Vredesooreenkoms* nie 'n einde aan die geweld sou bring nie (*South Africa in the 20th century* 1993:531).

Kort hierna het die regering begin reëlings tref vir die veelpartykonferensie wat riglyne vir 'n nuwe demokratiese bestel moes optrek. So het die *Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika* (Kodesa) in Desember 1991 plaasgevind (*South Africa in the 20th century* 1993:531). Dit het gelei tot die ondertekening van die *Deklarasie van Voorneme* deur die regering en agtien ander partye. Die Konserwatiewe Party was een van die partye wat dit nie onderteken het nie, maar eerder op 'n algemene verkiesing aangedring het (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:503).

De Klerk het egter besluit om sy hervormingsinisiatiewe in 'n referendum (1992) te toets. Die uitkoms was dat die oorgrote meerderheid kiesers dit wel gesteun het (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:503). Onderhandelinge het egter voortgesleep, en eers aan die einde van 1993 is die interim-grondwet, wat die fundamentele dokument vir 'n demokratiese Suid-Afrika was, aanvaar (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:523).

Die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika het op 26 en 27 April 1994 plaasgevind, waartydens die ANC die oorgrote meerderheid van die setels gewen het (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:528). Op 9 Mei 1994 het die ANC sy meerderheid setels in die Parlement ingeneem. Hierdie gebeurtenis het die einde van blanke oorheersing in Suid-Afrika beteken (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:442), en so is die tydperk van apartheid in Suid-Afrika wat oor bykans vyftig jaar gestrek het, beëindig.

2.8 Samevatting

Ten einde die verhandeling in konteks te plaas, en omdat talle van die insidente wat in die jeugromans onder bespreking uitgebeeld word, op die werklikheid gebaseer is, is 'n historiese oorsig van die apartheidsera in hierdie hoofstuk gegee.

Sedert 1976 wou swartes, volwassenes en kinders, in 'n toenemende mate verandering in Suid-Afrika sien. Hulle het besluit dat die tyd van aanvaarding van hul minderwaardige posisie in die samelewing verby is en dat iets daadwerkliks daaraan gedoen moes word. Tog was dit swart kinders wat meer op die voorgrond getree het. Die minderwaardige onderwysstelsel wat kinders direk geraak het, het daartoe gelei dat hulle al meer weerstand teen die apartheidsbeleid gebied het. Hiervan was die Soweto-opstande van 1976 'n duidelike bewys. Alhoewel die regering deur geweld probeer het om die weerstand te onderdruk, het dit die kinders, en uiteindelik ook meer volwassenes, aangespoor om alles in die stryd te werp ten einde apartheid te beëindig. Hierdie stryd (meer algemeen bekend as die "struggle") sou tot in die negentigerjare voortduur. Kinders was dus midde in die stryd, en om hierdie rede het apartheid ook in Suid-Afrikaanse jeugliteratuur neerslag gevind.

Die politieke situasie in Suid-Afrika het derhalwe 'n belangrike invloed gehad op die Engelse Suid-Afrikaanse literatuur, insluitende jeugliteratuur. Dit wat aan die gebeur was in Suid-Afrika het skrywers genoop om die waarheid, die harde werklikheid van apartheid, deur middel van hul werke na vore te bring.

Teen die historiese agtergrond van die apartheids-era word daar gevolglik eers 'n historiese oorsig van Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur (hoofstuk drie) gegee, alvorens die ontwikkeling van die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur (hoofstuk vier) weergegee word. Hierdie twee hoofstukke word in die verhandeling ingesluit sodat daar gesien kan word *op watter wyse en van watter tydstip* die uitbeelding van apartheid in beide literature neerslag gevind het.

Endnotas

1. Die tuislande waaraan gedeeltelike selfregering gedurende 1963 en 1974 toegestaan is, was Transkei, Bophuthatswana, Ciskei, Lebowa, Gazankulu, Venda en Qwaqwa (*South Africa in the 20th century* 1993:434-435).
2. Transkei, Bophuthatswana, Venda, en Ciskei was onafhanklik. Lebowa, Gazankulu, Qwaqwa, KwaZulu, KaNgwane en KwaNdebele was selfregerende state (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:426).

HOOFSTUK 3

HISTORIESE OORSIG VAN DIE ENGELSE SUID-AFRIKAANSE VOLWASSE LITERATUUR, VERAL GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA

3.1 Inleiding

Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur is sterk beïnvloed deur spesifieke historiese gebeure in Suid-Afrika. Soos omstandighede in die land verander het, het die literatuur daarby aangepas met die gebeure van 'n bepaalde tydperk as tema. Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse volwasse literatuur kan daarom in verskeie tydperke ingedeel word, waarvan die negentiende eeu een van die belangrikste tydperke in hierdie ontwikkeling is, aangesien die moderne Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gedurende dié eeu ontstaan het (Mehta & Narang 1990:29,33).¹

Dit is opvallend dat daar reeds in negentiende-eeuse Engelse Suid-Afrikaanse literêre werke kritiek teen die ongelykheid en diskriminasie van die koloniale tydperk uitgespreek is. Uit hierdie literatuur het die protesliteratuur (literatuur wat protes teen die landsbeleid, in hierdie geval die apartheidbeleid, aanteken) ontwikkel (Mehta & Narang 1990:29,30).

Suid-Afrikaanse skrywers het derhalwe van vroeg af dít wat in hul eie gemeenskappe plaasgevind het, as materiaal vir hul verhale gebruik. Soos Olive Schreiner, die skrywer van *The story of an African farm* (1883), en Nadine Gordimer, die skrywer van *My son's story* (1990), het skrywers verhale gelewer waarin hulle plaaslike gebruike en sosiale gewoontes beskryf, ontleed en oordink het. So byvoorbeeld word in *The story of an African farm* "natuurlike" sosiale en ekonomiese segregasie tussen blankes en nie-blankes beskryf. Tog is segregasie gedurende die negentiende eeu nog nie deur wetgewing afgedwing nie (Birbalsingh 1984:111-112). Die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk het heelwat vroeër in volwasse literatuur as in kinder- en jeugliteratuur neerslag gevind.

Soos reeds genoem, kan die ontwikkeling van die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur in verskeie tydperke ingedeel word. Daarom word die verskillende tydperke in hierdie hoofstuk in oënskou geneem. Die belangrikste tendense in elke tydperk word uitgelig. Ook word daar, waar van toepassing, ooreenkomste en verskille met die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur uitgewys.

3.2 Die ontstaan van die moderne Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur

Die ontstaan van die moderne Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur kan na die negentiende eeu teruggevoer word. Dit is egter veral sedert die begin van die twintigste eeu wat hierdie literatuur merkbaar ontwikkel het, en van tyd tot tyd is daar duidelike klemverskuiwings daarin te bespeur. 'n Opvallende klemverskuiwing wat die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur aan die begin van hierdie eeu ondergaan het, was dat al meer literatuur met 'n stedelike milieu verskyn het. Die sogenaamde *plaasroman* ('n roman wat 'n landelike agtergrond het) wat vroeër die oorheersende tipe literêre werk was, het dus al meer plek gemaak vir dié *stedelike literatuur* (Van Wyk Smith 1990:33).

'n Verdere tendens gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu was dat swart skrywers ook begin het om 'n belangrike bydrae tot die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur te lewer. 'n Literatuur eie aan hierdie skrywers het ontwikkel. In hul werke word spesifieke vraagstukke geopper, wat deur Van Wyk Smith (1990:33) as volg verwoord word:

... questions of possession of the land, resources and the means of production, thus setting in motion a materialist discourse of power and community that would in time reject the liberal humanist ethos of individualism almost as fiercely as it would the rhetoric of race and domination.

Opvattinge oor ras en kleur, oftewel segregasie, was ook 'n tema wat gedurende hierdie tydperk al meer en meer in Engelse Suid-Afrikaanse literêre werke behandel is. Goeie voorbeelde hiervan is

William Plomer se *Turbott Wolfe* (1926), Laurens van der Post se *In the Province* (1934) en Peter Abrahams se *Mine boy* (1946).

Na die bewindsoorname deur die Nasionale Party in 1948 en die aanvaarding van die apartheidsbeleid, het al meer skrywers na vore gekom om deur middel van die literatuur protes daarteen aan te teken. Sommige van die bisarre en vernederende praktyke wat uit die toepassing van die beleid voortgevloei het, is as *leitmotif* in die literatuur gebruik. Voorbeelde hiervan is verbode liefde oor die kleurskeidslyn en hardhandige arrestasies van swartes vir onbenullige oortredings, soos byvoorbeeld dié wat die paswet oortree het (Chapman 1996:221-222). Die Engelse Suid-Afrikaanse literatuur na 1948 het derhalwe veral een gemene tema, naamlik die uitbeelding van die lewe onder 'n apartheidstelsel (Birbalsingh 1984:111). Brink (1987:38) merk tereg op dat "... writing in this country ... is done within an ideological framework of which 'apartheid' is the code word".

Die uitbeelding van apartheid, en die toepassing van die apartheidsbeleid, het nie juis in Afrikaanse skrywers se werke na vore gekom nie. Dit was een van die skerpste verskille tussen Engelse en Afrikaanse literêre werke wat in die eerste helfte van die twintigste eeu verskyn het (Mehta & Narang 1990:33). 'n Moontlike rede hiervoor is dat die meerderheid Afrikaanse skrywers aanvanklik, dit is voor die sestigerjare, die apartheidsbeleid as 'n "goeie" beleid gesien het, en nie bewus was van die nadelige uitwerking daarvan op die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking nie.

Net so het die beleid van segregasie in die eerste helfte van die twintigste eeu nie in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur neerslag gevind nie. Ook is die verhoudinge tussen blanke en nie-blanke kinders nie eintlik uitgebeeld in jeugromans nie. Hierdie tendens kan moontlik aan die moeilike mark vir Engelse kinder- en jeugboeke gedurende hierdie tydperk toegeskryf word. Gevolglik het uitgewers eerder kinder- en jeugboeke die lig laat sien wat "algemeen aanvaarbaar" sou wees, soos byvoorbeeld diere- en avontuurverhale. (Vergelyk hoofstuk vier, afdeling 4.3, in hierdie verband.)

3.3 Die veertiger- en vyftigerjare

Aangesien die apartheidsideologie gedurende die veertigerjare die amptelike regeringsbeleid geword het, word dit as die eintlike beginpunt vir die historiese oorsig van die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gebruik.

3.3.1 Sosio-politieke vertolking van verstedeliking

In die laat veertigerjare en veral in die vyftigerjare was daar 'n subtiele oorgang in die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur van 'n bloot sosiologiese interpretasie van verstedeliking na die sosio-politieke vertolking daarvan. Ander kenmerke wat dié literatuur begin openbaar het, en mettertyd al hoe duideliker daarin na vore gekom het, was die uitbeelding van die sosiale vooroordele in die Suid-Afrikaanse samelewing, asook die uitbeelding van individue wat in persoonlike worstelings gewikkel is en probeer om 'n eie identiteit te vestig (Chapman 1996:233).

Mine boy deur Peter Abrahams (1946) word as 'n betekenisvolle werk van hierdie tydperk beskou, omdat Abrahams se “analitiese benadering sy werk onderskei van die beskrywende en moralistiese praktyke van vorige stedelike literatuur” (Shava 1989:20 soos indirek aangehaal in Oliphant 1992:520). Peter Abrahams was lid van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party, en die invloed van die kommunistiese ideologie het neerslag in sy werke gevind. So byvoorbeeld is *Mine boy* die verhaal van 'n swart man wat met die realiteite van industrialisasie en rasse-diskriminasie in die stad gekonfronteer word (Mehta & Narang 1990:35), of soos Oliphant (1992:520) dit stel: Abrahams “ondersoek ... aan die hand van sy Marxistiese oortuigings die ekonomiese en politieke oorsake van die armoede en sosio-psigologiese vervreemding van stedelike swartes in dié jare”. Ten spyte daarvan dat Abrahams verwyder was van die Suid-Afrikaanse situasie - hy het alreeds in 1939 na Brittanje geëmigreer - word *Mine boy* as 'n belangrike werk in die ontwikkeling van die protesliteratuur gesien. Hierdie standpunt word deur Van Wyk Smith (1990:37) onderskryf.

For blacks, mining and all its consequences, whether in respect of ideological or physical exploitation, have become a focus for outrage and resistance. It begins with R.R.R. Dhlomo's *An African tragedy* (1928), but it is really when the protagonist in *Mine boy*, Xuma, walks into the beam of a torchlight which slowly sweeps across the details of his clothes and features like a spotlight, that the centre-stage position of the black mineworker and everything he stands for in both black society and black literature is confirmed.

Kort na die publikasie van *Mine boy*, is Alan Paton se *Cry, the beloved country* (1948) uitgegee. Hierdie roman lewer nie net sosiale kommentaar op die Suid-Afrikaanse samelewing nie, maar hou die na-oorlogse (dit is na die Tweede Wêreldoorlog) ideale van geregtigheid en heropbouing (polities en sosio-ekonomies) van die land voor (Chapman 1996:228,231). Volgens Mehta & Narang (1990:34) het *Cry, the beloved country* die behoefte aan 'n Christelike oplossing vir die politieke probleem van rassekonflik aan die hand gedoen. Tog bevraagteken hulle die oorheersende idealisme en Christelike optimisme van dié roman (Mehta & Narang 1990:34).

Die verskil tussen *Mine boy* en *Cry, the beloved country* is dat eersgenoemde hoogstens die uitwerking van apartheid op swartes beskryf, terwyl laasgenoemde die uitwerking van apartheid op alle Suid-Afrikaners, met ander woorde Suid-Afrika as 'n geheel, uitbeeld (Birbalsingh 1984:114).

Die novelles van Dan Jacobson, *The trap* (1955) en *A dance in the sun* (1956), is twee uitstekende voorbeelde van stedelike literatuur wat sedert die begin van die twintigste eeu verskyn het. In beide novelles bly die vertellers anoniem - 'n goeie metafoor van die onpersoonlikheid van die stedelike milieu (Van Wyk Smith 1990:77).

3.3.2 Die bydrae van Nadine Gordimer

Nadine Gordimer is 'n Suid-Afrikaanse skrywer wat reeds in die vyftigerjare internasionale status verwerf het, en 'n belangrike bydrae tot die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gelewer het (Chapman 1996:235). Dit is opvallend dat haar werke in hierdie tydperk veral die radikale blanke

opposisie (meestal die Engelse middelklas) se houding jeens apartheid weerspieël (Van Wyk Smith 1990:74). Dié tema word voortgesit in die sestigerjare in *Occasion for loving* (1963), waarin sy die verraad van die sogenaamde liberale deel van die blanke gemeenskap, en die wyse waarop dit 'n swartman beïnvloed, ondersoek (Chapman 1996:235).

In haar eerste boek, *The lying days* (1953), fokus Gordimer hoofsaaklik op die ontwikkeling van die hoofkarakter, Helen Shaw, se morele bewussyn. Soos Helen ouer word, verander haar siening aangaande swartes - aanvanklik het sy hulle nie as “werklike” mense gesien nie, maar later het sy tot die besef gekom dat swartes ook net mense, met hul eie ideale, gevoelens en drome, is. Sy het ook al meer vreemd in haar eie omgewing gevoel: “... it also makes her realize that there are two South Africas in the same country, divided along racial lines. While the one is privileged the other is deprived of almost everything that makes life comfortable” (Uledi-Kamanga 1991:9).

Gordimer se *World of strangers* (1958) is weer 'n roman waarin mense op grond van hul rasseverskille vreemdelinge vir mekaar is. In hierdie roman staan die hoofkarakter, Toby Hood ('n Britse immigrant) aanvanklik neutraal teenoor apartheid; hy neem nie 'n standpunt ten gunste van apartheid, of daarteen, in nie. Tog besef hy mettertyd dat die apartheidstelsel menslike verhoudinge tussen blank en nie-blank ontken, maar, ter wille van sy “eie gerief”, verkies hy om hierdie aanklag teen sy gewete te ignoreer (Uledi-Kamanga 1991:3).

Gordimer se ander werke word verderaan in hierdie hoofstuk bespreek (vergeelyk afdeling 3.5.4).

3.3.3 Joernalistieke protes

'n Verdere belangrike bydrae tot die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur in hierdie tydperk is dié van joernalistieke protes, by name die maandelikse tydskrif *Drum*. Dié tydskrif is in 1951 deur Jim Bailey begin (Chapman 1996:238). Talle welbekende swart skrywers, onder andere Es'kia Mphahlele, Can Themba, Bloke Modisane en Nat Nakasa, het hul buiging in *Drum* gemaak:

... Drum combined serious journalistic crusades against prison conditions, the exploitation of African farm-workers, and the damaging consequences of racial policies, with the entertainment of soccer, sex and sin (Chapman 1996:238).

Skrywers het veral kommentaar gelewer op die uitwerking van die toepassing van die apartheidsbeleid op mense, soos gedwonge verskuiwings en die gepaardgaande vernietiging van Sophiatown en Distrik Ses, die *Ontugwet* en die *Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike* (Chapman 1996:240). Hierdie verhale het egter geneig om óf protes óf romantiese ontvlugting te wees (Rive 1988:205), wat tot *Drum* se gewildheid bygedra het.

3.3.4 Die bydrae van nie-blanke skrywers

Al meer nie-blanke skrywers het gedurende die laat vyftigerjare na vore getree en hul merk op die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gemaak. Kenmerkend van hierdie skrywers se werke was dat dit meer gekompliseerd geraak het. Dit het dus nie net meer oor die eenvoudige optekening van blote insidente gegaan nie, maar feite wat meer betekenisvol en weerspieëlsend van die gebeure in Suid-Afrika was, is geselekteer (Rive 1988:204-205).

Teen die einde van die vyftigerjare en begin sestigerjare, was die jonger skrywers, soos Alex La Guma, Bloke Modisane en Todd Matshikiza, oortuig dat niks die situasie sou verbeter nie. Hierdie houding het 'n duidelike uitwerking op hul skryfwerk gehad. Hul innerlike woede het tot uiting in hul werke gekom - tot so 'n mate dat hul soms nagelaat het om oor die moralistiese aspekte van gebeure te besin. Daar was geen subtiele nuanses van ongelykheid nie, aangesien dit as vanselfsprekend aanvaar is dat blankes sleg, rassisties en immoreel is, en diegene wat nie so was nie, is nog steeds onder verdenking geplaas. Verder is daar van die veronderstelling uitgegaan dat swartes 'n "monopolie" op moraliteit gehad het. Die eindproduk was dikwels onafgewerk, nie goed gekonstrueer nie en stilisties swak. Wát gesê is, het voorkeur geniet bo hóé dit gesê is. Literatuur is gebruik ten einde die rasse-euwels van die samelewing bloot te lê (Rive 1988:204-205).

'n Skrywer wat wel die kwessie van die skrywer se verantwoordelikheid teenoor sy leser aanspreek, is Es'kia Mphahlele. Hy het besef dat 'n skrywer nie net 'n produk van sy omgewing is nie, maar dat 'n skrywer se omgewing sy werke se estetiese waarde beïnvloed (Ochillo 1986:51).

Down Second Avenue (1959) van Mphahlele is 'n "intellectual, artistic attempt to work through the hurts left by apartheid towards coherence and recovery" (Chapman 1996:244). In hierdie outobiografiese verhaal gee Mphahlele sy aanvanklike siening van die lewens van swartes en blankes in Suid-Afrika weer: die sosio-ekonomiese agteruitgang van nie-blankes, veral swartes, in teenstelling met die bevoorregte posisie wat blankes geniet het (Ochillo 1986:51-52). Tog gee *Down Second Avenue* ook 'n positiewe beskouing ten opsigte van swartes se ondervinding in hierdie land weer en was dit nie maar net bloot 'n werk wat protes teen blanke onderdrukking aangeteken het nie (Rive 1988:205). Hierdie roman kan as 'n soeke na 'n swart identiteit en die verwerping van blankes se definisies van swartes, opgesom word.

Die veertiger- en vyftigerjare is dus deur 'n opbloeï in die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gekenmerk. Nie-blanke skrywers het veral gedurende hierdie tydperk 'n belangrike bydrae tot dié literatuur gelewer, en het laat blyk dat hulle hul stem van protes sou laat hoor, selfs al moes dit in ballingskap geskied. Hierdie stem van protes het egter steeds nie die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur bereik nie.

3.4 Die sestigerjare

3.4.1 Ballingskap en vervreemding van skrywers

Die sestigerjare staan as die "stil dekade" bekend (Chapman 1996:246). Die rede hiervoor is dat in 1966, kragtens die *Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme*, 'n verbod op 146 uitgeweke swart skrywers geplaas is. Die doel van dié verbod was om hierdie skrywers se stemme in Suid-Afrika stil te maak - hul werke kon nie gepubliseer, of selfs aangehaal, word nie. Alhoewel dit vryelik in die buiteland (ook Suid-Afrika se buurlande) beskikbaar was, was dit eers gedurende die

tagtigerjare dat die meeste van dié skrywers se werke weer in Suid-Afrika beskikbaar was (Chapman 1996:243).

'n Vloedgolf outobiografiese skryfwerk het die uitgeweke *Drum*-skrywers gevolg (vergelyk afdeling 3.3.3 vir voorbeelde van hierdie skrywers). Gevolglik is prominente swart skrywers se geskiedenis in hierdie outobiografieë bewaar (Chapman 1996:244).

Nog 'n outobiografiese werk van Mphahlele is sy *The wanderers* (1971) wat veral swart skrywers se verbanning, permanent of tydelik, en ander aangeleenthede, soos inhegtenisname en aanhouding, beskryf. Hierdie werk praat nie net namens homself nie, maar ook namens 'n hele generasie skrywers, onder andere Peter Abrahams, Alex La Guma, Mongane Wally Serote en Bessie Head (Van Wyk Smith 1990:79).

Die tragedie van kulturele verskuiwing (dit is die uitwyking van 'n persoon uit Suid-Afrika en die aanpassing in die vreemde ver van sy geboorteland) word weergegee in Bloke Modisane se *Blame me on history* (1963). Dit is 'n weergawe van Modisane se eie bravade, frustrasie en uiteindelijke wanhoop, soos die tot niet gaan van Sophiatown die metafoor van sy eie vernietiging word. *Blame me on history* is 'n getuienis wat spreek van die behoefte van die skrywer in ballingskap om sy eie storie te vertel, om sy dade te verduidelik, en om sy rol in die protes uit te spel (Chapman 1996:244).

Verdere voorbeelde van outobiografieë deur swart skrywers is Lewis Nkosi se *Home and exile* (1965) en *Masks and tasks* (1981), asook Mphahlele se *Voices in the whirlwind* (1968) (Chapman 1996:244,245), wat drie jaar voor *The wanderers*, wat vroeër bespreek is, verskyn het.

'n Belangrike skrywer wat aan die einde van die sestigerjare veral sterk na vore begin tree het, en waarna alreeds verwys is, was Alex La Guma. Vir La Guma was die middel teen vervreemding om te probeer om die self by veranderende toestande van die samelewing te laat aansluit. Sy eerste verhale is in Suid-Afrika geskryf, gedurende die tyd wat hy onder huisarres was, terwyl sy latere verhale oorsee geskryf is (Chapman 1996:251-252).

3.4.2 “Sharpeville”-verhale en gevangenisbeskrywinge

Die politieke onrus aan die begin van die sestigerjare en die afkondiging van ’n noodtoestand (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.3.2), het aanleiding gegee tot die sogenaamde “Sharpeville”-verhale soos *In the fog of the season’s end* deur Alex La Guma (1972), *Emergency* deur Richard Rive (1964), *A night of their own* deur Peter Abrahams (1965), en *Cross of gold* deur Lauretta Ngcobo (1981) (Mzamane 1985:31). Elkeen van hierdie werke beskou die politieke gebeure in die land vanuit ’n ander hoek, en regverdig ’n kort bespreking.

La Guma se *In the fog of the season’s end* het die stryd van swartes ná die Sharpeville-insident (1960) as tema. In hierdie werk word die polarisasie van verhoudinge tussen die **onderdrukte** en die **onderdrukker** uitstekend uitgebeeld - die onderdrukte word met geen alternatief gelaat as om na geweld te gryp nie (Mzamane 1985:38). Ander werke van La Guma, wat by die “Sharpeville”-verhale aansluit, het vanuit sy persoonlike konfrontasie met die gereg gegroei. Tog sien hy homself as ’n vryheidsvegter en nie ’n wetsoortreder nie, en dit tree sterk na vore, soos in *In the fog of the season’s end* en ook in *A walk in the night* (1967) (Ochillo 1986:53). La Guma soek ook in sy verhale na ooreenkomste met breër openbare vraagstukke. Dit kan gevolglik as sosiale dokumente gesien word (Chapman 1996:252). So byvoorbeeld word in *A walk in the night* die haglike toestande wat in die meeste swart woongebiede aan die orde van die dag was, uitgebeeld. Om onder sulke omstandighede te leef, lei tot frustrasie, en saam met frustrasie kom haat, en saam met haat geweld, soos uitgebeeld in La Guma se *And a threefold cord* (1964) (Ochillo 1986:55).

’n Volgende “Sharpeville”-verhaal is Rive se *Emergency*, waarin die politieke gebeure in Kaapstad gedurende die noodtoestand wat kort na die Sharpeville- en Langa-insidente in 1960 afgekondig is, beskryf word (Mzamane 1985:35). In hierdie roman ondersoek Rive persoonlike en politieke keuses wat hy gedurende hierdie tyd gemaak het, asook die invloed van dié keuses (Chapman 1996:406).

Soos vroeër genoem, was Abrahams, net soos in die geval van talle ander uitgeweke skrywers, van die primêre bron van inligting verwyder. Dit kom duidelik tevore in sy *A night of their own* wat politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika ná Sharpeville behandel. Deur hierdie werk wil Abrahams wys hoe politieke ontevredenheid tot geweld kan lei (Mzamane 1985:36,37).

Die laaste “*Sharpeville*”-verhaal hier onder bespreking is Ngcobo se *Cross of gold* wat ongeveer twee dekades ná die Sharpeville-insident verskyn het. *Cross of gold* beeld die politieke ontwaking van ’n jong protagonis uit, sowel as sy bydrae tot die stryd om apartheid te beëindig (Mzamane 1985:41).

In die laat sestigerjare is ook verskeie gevangenisdagboeke en -beskrywinge oorsee gepubliseer. Een van die mees dramatiese beskrywinge is dié van Ruth First, ’n ANC en SAKP aktivis en ook akademikus. Haar werk *117 days* (1965) is ’n persoonlike weergawe van die geestelike redetwis tussen die ondervraer en die gevangene (Chapman 1996:246).

Talle van die literêre werke van die sestigerjare is deur uitgeweke skrywers opgelewer en kan derhalwe as protesliteratuur beskou kan word. Die regering kon hierdie skrywers dus nie stilmaak deur hulle uit die land te verban nie. Tog was daar gedurende hierdie tydperk ’n verdere opbloeï in die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur, waarvan die literêre werke van uitgeweke skrywers ’n belangrike deel uitmaak.

3.5 Die sewentigerjare

Die sewentigerjare staan onder andere bekend as die *interregnum*, na aanleiding van ’n aanhaling van Antonio Gramsci wat ’n soort proloog tot Gordimer se *July's people* (1981) is:

The old is dying and the new cannot be born; in this interregnum there arises a great diversity of morbid symptoms.

Een van die verklarings wat die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal* vir die term “interregnum” gee, is “tydperk van onderbreking” (HAT 1995, s.v. ‘interregnum’). In Suid-Afrika impliseer dit ’n tydperk waar daar van ’n ou na ’n nuwe orde oorgegaan is. Chapman (1996:411) omskryf die interregnum as volg: “Living in the interregnum need not have been only about the fears and forms of dying, but about the challenges and hopes of rebirth”. Dit beteken dat dit wat gedurende hierdie tydperk gebeur het, nie net negatief was nie - daar was ook positiewe uitdagings en hoop op ’n beter toekoms.

3.5.1 Die invloed van die Swart Bewussynsbeweging

’n Kenmerk van die sewentigerjare is die invloed wat die Swart Bewussynsbeweging (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.5.2) op skrywers gehad het. Hierdie beweging het nie net nie-blanke skrywers beïnvloed nie, maar ook blanke skrywers.

Die belangrikste invloed van die Swart Bewussynsbeweging op liberale blanke skrywers, soos Nadine Gordimer, was dat dit aanleiding gegee het tot die verbreding van die kulturele ruimte waarbinne hierdie skrywers geleef het. Hierdie blanke skrywers is egter in die latere fase van die Swart Bewussynsbeweging van swart skrywers geïsoleer as gevolg van hul outomatiese bevoorregting deur die apartheidsbeleid (Berthoud 1989:84).

Die Swart Bewussynsbeweging se doel was om swartes te laat beseef dat hul trots kan wees op wie hulle is en dat hulle nie minderwaardig hoef te voel nie. Twee belangrike skrywers wie se werke prominent deur hierdie gedagtes gekenmerk word, is Mtutuzeli Matshoba en Mongane Serote (Chapman 1996:329).

In die vroeë sewentigerjare word die Swart Bewussynsbeweging geassosieer met wat bekend staan as “township” digkuns, die *nuwe swart digkuns*, of *Soweto-digkuns*. Hierdie *nuwe swart digkuns* is aanvanklik in literêre tydskrifte soos *The Classic* (gestig in 1963) en *The Purple Renoster* gepubliseer. Die gedigte van onder meer Oswald Mtshali, Mongane Serote, Siphon Sepamla en

Mafika Gwala het nie net die lewe in die swart woongebiede en gemeenskap raak beskryf nie, maar het kritici tot die besef laat kom dat hul hier met 'n unieke digkuns te doen het (Chapman 1996:333). Hierdie bundels het 'n wêreld, wat tot op daardie stadium as gevolg van die apartheidsbeleid grootliks onbekend was, vir veral blankes “oopgeskryf” en vorm ook deel van die sewentigerjare se protesliteratuur (Rive 1988:207,208). Om saam te vat, kan die *nuwe swart digkuns* as volg omskryf word:

... the new black poetry was a self-conscious, if hybrid, form of literary expression that with eclectic disregard for intellectual consistency gathered its strands from English romanticism, modernist imagism, American beat poetry, African-American spirituals and jazz, Christian liturgy, African oral praises, and popular township music (Chapman 1996:334).

'n Belangrike figuur in hierdie tyd was Steve Biko, die “stigter” van die Swart Bewussynsbeweging (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.5.2). Biko het die politieke en sosio-ekonomiese toestande van die swart gemeenskap ontleed. Sommige van hierdie ontledings het as artikels in sy rubriek “I write what I like” in die *SASO Newsletter* verskyn. Tog het hierdie artikels nie die nodige erkenning in Suid-Afrika, sowel as internasionaal, gekry nie. Daar is eerder aandag geskenk aan Biko as die gemartelde leier wat later in romans, gedigte, dramas en films na vore gekom het, soos byvoorbeeld in Richard Attenborough se film *Cry freedom* (Chapman 1996:338).

Dit blyk dus dat die ideologie van die Swart Bewussynsbeweging 'n merkbare invloed op skrywers van Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gehad het, en dat dit gevolglik in hul werke neerslag gevind het. Dit was egter nie die geval met die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur nie. In laasgenoemde literatuur vorm die Swart Bewussynsbeweging nie 'n integrale deel daarvan nie. Soos blyk uit die jeugromans wat onder bespreking kom in hierdie verhandeling, word daar slegs terloops na idees van dié beweging verwys (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.5.2, in hierdie verband).

3.5.2 “Soweto”-verhale

’n Belangrike gebeurtenis van die sewentigerjare was die Soweto-opstande van 1976. Ná hierdie opstande het Soweto die simbool van aktivisme geword (Chapman 1996:333), en het dit aanleiding gegee tot die sogenaamde “Soweto”-verhale, soos Mongane Wally Serote se *To every birth its blood* (1981), Miriam Tlali se *Amandla* (1981), Siphiso Sepamla se *A ride on the whirlwind* (1981) en Mbulelo V. Mzamane se *The children of Soweto* (1982). Dit is interessant om daarop te let dat al hierdie werke aan die begin van die tagtigerjare gepubliseer is. Sommige van hierdie verhale het egter die politieke proses vereenvoudig:

In seeking unities in black resistance, it plastered over cleavages in liberation ideology, it invested in unambiguous choices of right and wrong, and its characterisations often favoured stereotypes rather than types, or archetypes (Chapman 1996:396).

’n Belangrike ooreenkoms tussen die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse en jeugliteratuur is dat die Soweto-opstande in albei uitgebeeld word. Inteendeel, vanaf die jaar waarin hierdie opstande plaasgevind het (1976), is daar ’n duidelike klemverskuiwing in die jeugliteratuur te bespeur (vergelyk hoofstuk vier, afdeling 4.4, in hierdie verband). Ná 1976 het al meer jeugromans verskyn waarin apartheid uitgebeeld word.

3.5.3 Die nuwe “swart stem”

Die invloedrykste “radikale” bydrae van die sewentigerjare was waarskynlik die maandelikse tydskrif *Staffrider* (in 1978 gestig), onder redakteurskap van Mike Kirkwood. *Staffrider* se hoofdoel was veral om nuwe swart skrywers bekend te stel, en hulle die geleentheid te bied om hul stemme van protes te laat hoor. Sommige van hierdie skrywers het ’n besondere vaardigheid met die gebruik van woorde openbaar, want in hul verhale maak hulle ryklik van ironie, subtiliteite en nuanses gebruik (Chapman 1996:370,371,374).

Talle van hierdie skrywers is deur Kirkwood aangemoedig om hul werke te publiseer. So is Mtutuzeli Matshoba se *Call me not a man* in 1979 uitgegee (Chapman 1996:372). Hierdie werk is met publikasie verbied (Oliphant 1992:523). In hierdie werk (wat in 'n eenvoudige verstaanbare taal geskryf is) raak 'n mens bewus van die uitwerking van die toepassing van die apartheidsbeleid op die swart gemeenskap, wat in uiters swak toestande grootgeword het (Chapman 1996:374).

Twee ander belangrike swart skrywers wie se werke in hierdie tydperk begin verskyn het, was Miriam Tlali en Ellen Kuzwayo. Net soos Matshoba, het hierdie twee skrywers weinig literêre opleiding gehad. Tog is hul werke betekenisvol, want dit kan as persoonlike getuïenisse van wat daaglik om hulle aan die gebeur was, gesien word. In die geval van Tlali het sy verkies om die roman-genre of, eenvoudig, 'n reeks insidente te gebruik, soos in *Muriel at Metropolitan* (1975). Tlali kombineer beriggewing en dialoë in haar verhale; verhale wat fokus op die probleme wat met die verstedeliking van swart vrouens gepaardgaan. Kuzwayo se *Call me woman* (1985) weer is 'n outobiografiese verhaal - dit vertel van haar suksesse as swart vrou onder moeilike omstandighede in die stadsmilieu (Chapman 1996:376-377).

Bessie Head is nog 'n noemenswaardige skrywer van die sewentigerjare. Sy is in Suid-Afrika as 'n "kleurling" gebore en het later uitgewyk na Botswana waar sy haar in Serowe gevestig het. Sy het haar stof vir haar verhale veral deur mondelinge oorleweringe verkry, soos onder andere weergegee in *When rain clouds gather* (1969), *Maru* (1971) en *The collector of treasures* (1977) (Chapman 1996:380,381).

Dit was egter nie net nie-blanke skrywers wat 'n belangrike bydrae tot die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur in die sewentigerjare gelewer het nie. Daar was talle blanke skrywers wat in hierdie tydperk begin skryf het en hul werke kan ook as deel van die protesliteratuur gesien word.

3.5.4 Die radikale “blanke stem”

Die werke van talle blanke skrywers staan in skerp teenstelling met dié van nie-blanke skrywers. J.M. Coetzee en Nadine Gordimer is twee sulke skrywers.

J.M. Coetzee, wat in die interregnum begin skryf het, verdien vermelding, aangesien sy skryfstyl redelik ingewikkeld is teenoor die simplistiese skryfstyl van die meeste nie-blanke skrywers van hierdie tydperk. Coetzee maak veral van allegorieë gebruik om sy boodskap oor te dra. Die mite (of allegorie) van toeëiening is die sentrale tema in sy werke (Van Wyk Smith 1990:126). Verskillende vorme, sowel as die fasette, van imperialisme word dus betwis, en die oorheersing van die blanke oor die land, menende Suider-Afrika, en sy mense word onder die soeklig geplaas, waarvan *Dusklands* (1974) ’n voorbeeld is (Chapman 1996:388). Twee ander belangrike werke van Coetzee wat ook in hierdie tydperk verskyn het, is *In the heart of the country* (1976) en *Waiting for the barbarians* (1980).

Gordimer se latere romans verskyn ook in die sewentigerjare. Van hierdie werke beweer sy dat sy weggedoen het met die ou liberalisme ten gunste van radikalisme, dus werke met ’n meer radikale as ’n liberale milieu. Hierdie tendens is veral te bespeur in *The conservationist* (1974), *Burgher’s daughter* (1979), *July’s people* (1981), *Something out there* (1984) en *A sport of nature* (1987) (Chapman 1996:391).

Dit kan gesê word dat Coetzee en Gordimer hulself by teenoorgestelde pole van die politiek/kuns-debat bevind het:

It is Gordimer who is usually seen to grasp through the art expectation to the political life in South Africa, and Coetzee to enlist the strategies of ‘re-writing’ primarily to understand international discourses of power rather than to assist, more immediately, in goals of liberation in his own country (Chapman 1996:390).

Opsommenderwys kan die sewentigerjare as die dekade van die kreatiewe skrywer beskou word (Chapman 1996:331). Gedurende hierdie tydperk het talle nuwe skrywers, veral swart skrywers, na vore getree en 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gelewer. Prominente skrywers van dié tydperk se werke is deur 'n unieke skryfstyl en besonderse kreatiewe denke gekenmerk, soos uit hierdie afdeling duidelik geblyk het. Dit was ook die geval met die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur, aangesien dié literatuur gedurende die sewentigerjare merkbaar ontwikkel het.

3.6 Die tagtiger- en negentigerjare

Vergeleke met die sewentigerjare, kan die tagtigerjare as die dekade van die kritikus beskou word. Skrywers wou die politieke en sosio-ekonomiese gebeure in diepte ondersoek en analiseer, om sodoende die leser bewus te maak van die uitwerking van apartheid op die Suid-Afrikaanse samelewing. Skrywers wou dus nie net bloot hierdie gebeure weergee nie, maar hulle het gehoop dat hulle deur hul werke 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die samelewing sou lewer, asook tot die Suid-Afrikaanse literatuur (Chapman 1996:331).

3.6.1 Van die “oue” na die “nuwe” - 'n situasie van veranderlikheid

Gedurende hierdie tyd het 'n nuwe tema sterk na vore getree, naamlik literêre werke wat die vraagstukke oor die toekoms aanspreek. Hierdie ontwikkeling het nie skielik plaasgevind nie, maar eerder geleidelik. Hierdie tendens was al in Gordimer se *The Conservationist* (1974) te bespeur, waarin vraagstukke oor die toekoms, onderskeidelik eksplisiet en meer implisiet, aangespreek word. Verdere voorbeelde van werke wat hierdie onderwerp aanraak, is Gordimer se *July's people* (1981), Coetzee se *Life & times of Michael K* (1983) en Serote se *To every birth its blood* (1981) (Clingman 1990:43).

'n Verdere kenmerk van die tagtigerjare was dat 'n aantal jonger skrywers, soos byvoorbeeld Menan du Plessis [*State of fear* (1983)], Christopher Hope [*White boy running* (1987)] en Kelwyn Sole [*The blood of our silence* (1988)], gevoel het dat dit nodig is om, deur hul werke, die stigma wat aan hulle gekleef het as gevolg van die verlede van Suid-Afrika (dus dat hulle as gevolg van apartheid, en as verteenwoordigend van die blanke groep, as bevoorreg en rassisties beskou is), af te skud. Sodoende wou hulle hulself in 'n samelewing wat tóé nog nie bestaan het nie, laat opneem (Chapman 1996:415). Ten einde hierdie stelling te staaf, word een van die genoemde romans, naamlik Menan du Plessis se *State of fear* (1983), uitgelig.

Die beeld van die interregnum, van 'n stelsel wat besig was om inmekaar te stort, van die lewe in 'n situasie van veranderlikheid, word uitstekend in *A state of fear* weergegee (Brink 1987:40). Brink (1987:40) beskou dit as een van die beste debuut-romans wat in Suid-Afrika gepubliseer is, en “undoubtedly one of the most richly textured fictional encodings of the post-Sowetan period”.

In *Emergency continued* (1989) voer Richard Rive ook 'n stryd om van die ou orde in 'n nuwe een oor te gaan. Hierdie roman is 'n opvolg van *Emergency* (1964). Waar Rive se liberalisme vroeër vir hom 'n privaat aangeleentheid was, word dit nou 'n openbare oorweging: “... [he] searches for the seeds of healing in the damaged children at the first stage towards resuscitating a climate of nurture” (Chapman 1996:406). Die implikasie hiervan is dat wanneer die waarheid ten op sigte van die apartheidsera oopgevlek is, Suid-Afrikaners hul rûe op die verlede moet keer en begin om 'n samelewing na te streef waar mense aanvaar word soos hulle is, ten spyte van hul velkleur, ras, taal of geloof (Chapman 1996:405-406).

3.6.2 “Noodtoestand”-verhale

Verskeie “noodtoestand”-verhale het gedurende die tagtigerjare verskyn, soos byvoorbeeld *States of emergency* deur André P. Brink (1988) en *Emergency continued* (1989) deur Richard Rive (wat reeds in die vorige onderafdeling bespreek is). J.M. Coetzee het die tydperk van die noodtoestand as

'n "ystertydperk" gesien en sy verhaal oor hierdie tydperk is gepas getiteld *Age of iron* (1990) (Chapman 1996:404,405). (Vergelyk ook hoofstuk twee, afdeling 2.6.)

Die noodtoestand van die tagtigerjare word ook dikwels in Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans geïntegreer, soos byvoorbeeld in *Waiting for the rain* deur Sheila Gordon (1989). Die verskil egter tussen volwasse en jeugromans is dat eersgenoemde romans baie meer simboliek gebruik in die uitbeelding van temas, sodat hierdie tydperk 'n simboliese betekenis kry. Daarteenoor val die klem in jeugromans eerder veral op die uitbeelding van die veiligheidsmagte se optrede en houding gedurende die noodtoestand (vergeelyk hoofstuk sewe, afdeling 7.3.2, in hierdie verband).

Op 2 Februarie 1990 word anti-apartheidsorganisasies deur F.W. de Klerk ontban en beperkinge op aktiviste soos Dennis Brutus, Alex La Guma, Mary Benson, Albie Sachs en Ruth First opgehef. Sodoende word baie van hul werke wat in die sestigerjare slegs oorsee beskikbaar was, herdruk en is dit ook nou in Suid-Afrika beskikbaar (Chapman 1996:248). Talle van hierdie werke is tans deel van die *African Writer Series* wat deur Maskew Miller Longman uitgegee word.

Die negentigerjare kan as 'n post-apartheid periode beskou word. Dit is 'n tyd waarin skrywers hulself nou meer vryelik kan uitdruk. Alhoewel daar tot op datum nog baie oor die lewe onder apartheid geskryf word, het skrywers begin om ook ander temas, soos byvoorbeeld homoseksualiteit, aborsie en Vigs, aan te raak. Aangesien "*post-apartheid*" literatuur nie in die verhandeling ter sprake is nie, word daar met hierdie historiese oorsig van die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur volstaan.

3.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gedurende die apartheidsera weergegee. Daardeur is aangetoon dat apartheid veral 'n belangrike invloed op hierdie literatuur gehad het.

Verder blyk dit dat hierdie literatuur, ten spyte van moeilike omstandighede, nogtans gedurende die apartheidsera gefloreer het. Dit was veral talle belowende jong swart skrywers soos Modisane, Nkosi en Mphahlele wat gedurende hierdie tydperk na vore getree het en hul regmatige plek in die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur ingeneem het. Hierdeur was dit duidelik dat die swart protesstem nie deur die ideologie van apartheid stilgemaak is nie. Maar daar was ook blanke skrywers, soos Nadine Gordimer en J.M. Coetzee, wat 'n belangrike bydrae tot die Engelse Suid-Afrikaanse volwasse literatuur gelewer het. Hierdie skrywers het die breër publiek, veral die blanke, bewus gemaak van die uitwerking wat die apartheidsbeleid op mense se lewens gehad het. Daar kan selfs gesê word dat skrywers daarin geslaag het om die waarheid van die apartheidsera bekend te maak.

Daar is gepoog om, waar van toepassing, in hierdie hoofstuk 'n aanknopingspunt met die jeugliteratuur te vind. Dit is gedoen deur op ooreenkomste en verskille tussen volwasse en jeugliteratuur te wys.

In die volgende hoofstuk word 'n historiese oorsig van Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gegee, waarin die belangrikste tendense in die ontwikkeling van hierdie literatuur uitgelig sal word. 'n Belangrike tendens waarna gekyk sal word, is 'n klemverskuiwing in dié literatuur sedert die middel sewentigerjare. Sedert 1976 word die politieke situasie in Suid-Afrika en verwante aangeleenthede, soos rasseverhoudinge en sosio-ekonomiese toestande in die land, al meer in jeugromans uitgebeeld. Dié hoofstuk sal dus verder daartoe bydra om die verhandeling in konteks plaas.

Endnota

1. Mehta & Narang verwys na die agtiende eeu, maar waarskynlik het hulle die negentiende eeu in gedagte gehad.

HOOFSTUK 4

'n HISTORIESE OORSIG VAN ENGELSE SUID-AFRIKAANSE KINDER- EN JEUGLITERATUUR

4.1 Inleiding

Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur het 'n relatiewe kort geskiedenis in vergeleke met volwasse literatuur. Wat kinder- en jeugboeke in Engels betref, is daar tot aan die begin van die twintigste eeu baie min gepubliseer (*Modern South African children's books* 1996:3). Tot en met die laat sewentigerjare van die twintigste eeu het die genoemde literatuur egter stadig ontwikkel. Dit is eers sedert die tagtigerjare van die twintigste eeu wat daar werklik 'n toename in Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke was.

Die ontwikkeling en groei van oorspronklike en relevante Suid-Afrikaanse Engelse kinder- en jeugliteratuur is gestrem deur ideologiese en opvoedkundige denkwyses, aangesien uitgewers vroeër deur veral onderwysdepartemente "voorgeskryf" is ten opsigte van wat gepubliseer moes word. Ander bydraende faktore tot die stadige ontwikkeling en groei van hierdie literatuur is Suid-Afrika se veeltaligheid, verskillende kulture en etniese groepe, die heersende politieke en ekonomiese klimaat, asook sy geskiedenis (Jammy 1990:88).

In hierdie hoofstuk word 'n historiese oorsig van Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gegee. Die doel daarvan is om die jeugromans waarin apartheid uitgebeeld word, in konteks met die breë ontwikkeling van dié literatuur te plaas. Daar word veral op tendense en klemverskuiwings wat in die verskillende tydperke voorgekom het, gekonsentreer.

4.2 Die ontstaan van Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke in Engels

Aanvanklik was volksverhale die oorheersende tipe verhale in die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur. Hierdie verhale het veral die interaksie tussen Suid-Afrikaners en die natuur uitgebeeld. Van die eerste reisigers wat na Suid-Afrika gekom het, het hul ervarings opgeteken. Hierdie reiservarings het in die vroegste Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke neerslag gevind (Jenkins 1993:1). Die ontwikkeling van die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur gaan hand aan hand met die geskiedenis van Suid-Afrika. Soos die land getem en in besit geneem is, so het die oorheersende temas in kinder- en jeugboeke verander - van historiese, avontuur- en diereverhale tot verhale wat die politieke toestande in Suid-Afrika uitbeeld.

Die vroegste boeke wat vir kinders bedoel en in die Kaap gedruk is, is waarskynlik *Divine and moral songs* (1826) deur Isaac Watts en *A sermon to the young, more particularly intended for the juvenile emigrants* (1838) deur J.W. Sanders. Hierdie boeke het 'n sterk moralistiese inslag gehad (Heale 1986:11).

Oor die algemeen moes Engelssprekende kinders in Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu hulle verlaat op boeke wat in Engeland uitgegee is. Voorbeelde van boeke met 'n Suid-Afrikaanse agtergrond wat in Engeland gepubliseer is, is *Perils in the Transvaal: a tale of the Zulu and Boer War* deur H.C. Adams, Kaptein Marryat se *Scenes in Africa* (1899) en R.M. Ballentyne se *The settler and the savage* (1877). Hierdie boeke het 'n sterk koloniale inslag gehad en was pro-Brits in hul siening. Die illustrasies laat ook veel te wense na. Daaruit blyk dit dat die illustreerders weinig navorsing oor die temas van dié boeke gedoen het. Afrika is gevolglik as 'n land van "verre geheimsinnigheid" voorgestel (Heale 1986:12). Hierdie boeke "presented imperialist, colonialist notions and abounded with Anglocentrism and racism" (Töttemeyer 1993:167).

'n Belangrike kinderboek wat ook in die negentiende eeu verskyn het, was Sir Henry Rider Haggard se *King Solomon's Mines* (1886). Alhoewel Haggard bekend was met die landstreek waaroor hy

geskryf het, het hy Afrika in hierdie verhaal geromantiseer, soos talle ander skrywers voor hom. Hierdie verhaal is gedeeltelik geïnspireer deur die skrywer se besoek aan die Sudwala-grotte, waar twee hoofmanne aan hom die verhaal vertel het, maar tog is sy boek deur en deur fiktief (Heale 1986:12).

Dit blyk dus dat daar aanvanklik weinig ontwikkeling in die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur was. Hierdie stand van sake het tot in die tweede helfte van die twintigste eeu voortgeduur.

4.3 1900-1959

Boeke wat in die negentiende eeu verskyn het en vir kinders bedoel was, was eintlik nie gerig tot kinders nie. Die eerste Engelse Suid-Afrikaanse kinderboek wat werklik geskryf is met die kinders as teikengehoor in gedagte, was *Jock of the Bushveld* deur Sir Percy FitzPatrick (1907). Dié verhaal is 'n weergawe van die skrywer se ervarings as 'n transportryer in die Oos-Transvaal. *Jock of the Bushveld* is deur Longmans in Londen uitgegee, en is 'n vroeë voorbeeld van 'n skrywer in Suid-Afrika wat 'n manuskrip Engeland toe gestuur het, ten einde 'n groter leserskring te bereik as wat met 'n plaaslike uitgawe moontlik sou wees (Heale 1986:11).

Vanaf die twintigerjare was daar 'n oplewing in Afrikanernasionalisme en -patriotisme, terwyl 'n sterk anti-Britse gevoel ontwikkel het. Met die erkenning van Afrikaans as een van die amptelike tale in Suid-Afrika in 1925, is hierdie Afrikanernasionalisme verder aangevuur. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n aanvraag na Afrikaanse kinder- en jeugboeke, wat weer daartoe gelei het dat al meer kinder- en jeugboeke plaaslik gepubliseer is. Dié boeke was egter nie van 'n baie hoë gehalte nie (Jammy 1990:89). Die publisering van Afrikaanse kinder- en jeugboeke is dus aangemoedig, maar aangesien daar nie dieselfde behoefte aan Engelse kinder- en jeugboeke bestaan het nie, is die publisering daarvan gevolglik in die eerste helfte van die twintigste eeu nie werklik aangemoedig nie.

Enkele kinder- en jeugboeke in Engels is wel gepubliseer. Maskew-Miller het *Tales of the African wilds* deur Minnie Martin in 1935 en *Kwane, an African saga* deur P.A.W. Cook in 1939 gepubliseer. In 1946 het die African Bookman boeke deur Jessie Hertslet, *Kana and his dog* en *Bantu folk tales*, gepubliseer. *The monkey's wedding and other stories for children* deur Sampie de Wet is deur J.L. van Schaik in 1948 uitgegee. Dit was van die meer suksesvolle boeke. Ander is ook gepubliseer, maar was nie so suksesvol nie (Jammy 1990:88).

'n Groot deel van die Engelse kinder- en jeugboeke wat in die eerste helfte van die twintigste eeu in Suid-Afrika gepubliseer is, was vertalings van volksverhale. So byvoorbeeld is I.D. du Plessis se *Uit die Slamse Buurt* (1939), asook opvolgbundels, in Engels vertaal (Jenkins 1993:9). 'n Latere voorbeeld is *Beyote and the bull with other folk tales from the Transkei* (1947) wat deur Charles W. Smith versamel en waarskynlik uit Xhosa vertaal is (Heale 1996:15).

Die mark vir Engelse kinder- en jeugboeke wat in Suid-Afrika uitgegee is, was egter moeilik. Daar was nie 'n groot aanvraag na hierdie boeke nie. Die opplaes was gevolglik klein en dit het die pryse opgestoot. Uitgewers kon ook nie met die pryse van ingevoerde boeke kompeteer nie. Die Engelse media, veral koerante, se gebrekkige belangstelling in Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke, het dit ook vir uitgewers dikwels moeilik gemaak om die uitgee van hierdie boeke te bevorder. Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat Engelse kinder- en jeugboeke hoofsaaklik ingevoer is. Alhoewel hierdie boeke nie altyd relevant vir die Suid-Afrikaanse kind was nie, is hulle tog goed ontvang en wyd gelees (Jammy 1990:89). Verhale is in 'n konteks geskryf wat dikwels vreemd vir die Suid-Afrikaanse kind was, met byvoorbeeld verskillende seisoene (soos sneeustorms) en vreemde diersoorte as inhoud daarvan.

Suid-Afrikaanse skrywers het as gevolg van die klein en onsekere mark in Suid-Afrika hul manuskripte eerder oorsee vir publikasie gestuur. So het die uitgewer Routledge, Kegan and Paul 'n aantal kortverhaalbundels deur Geraldine Elliott gepubliseer: *The long grass whispers* (1949); *Where the leopard passes* (1949); *The hunter's cave* (1951); *The singing chameleon* (1957). Diereverhale en Afrika-sprokies het egter nie werklik in Europa soveel aanhang soos in Suid-Afrika geniet nie.

Gevolglik was dit vir Suid-Afrikaanse skrywers moeilik om sulke manuskripte oorsee aanvaar te kry (Jammy 1990:89-90).

Die vroegste voorbeeld van 'n volkleurkinderboek wat in Suid-Afrika uitgegee is, het ook in hierdie tyd verskyn. Dit was *The story of the little Moo Cow* deur Madeleine Masson (1944). Ongelukkig was hierdie boek nie van noemenswaardige gehalte nie (Heale 1996:15).

Gedurende die veertigerjare het al meer avontuurverhale (veral jagavontuurverhale) begin verskyn. Jenkins (1993) noem hierdie tendens die “Bushveld syndrome” of “the back-to-the-Bushveld movement”, aangesien hierdie verhale dikwels die landelike dele van Suid-Afrika, veral die Bosveld, as agtergrond het, soos byvoorbeeld Victor Pohl se *Bushveld Adventures* (1940). Volgens Jenkins (1993:54) is hierdie jeugroman “a book of reminiscences of his [Pohl's] early life, mostly concerning hunting adventures and encounters with animals...” Alhoewel hierdie landelike milieu aan die meeste Engelse kinders onbekend was (die grootste persentasie Engelssprekende Suid-Afrikaners was woonagtig in die stede), blyk dit tog dat hierdie verhale gewild was (Jenkins 1993:52).

Die tipe verhale (soos diereverhale en -sprokies), wat gedurende hierdie tydperk verskyn het, het ook in die volgende tydperk verskyn, byvoorbeeld Hugh Tracey se *The lion on the path* (1967) en *Tales from the kraals* deur Madeline Murgatroyd (1968) (Jammy 1990:90).

4.4 Die tydperk van 1960 tot vandag

Gedurende die sestigerjare is daar nog steeds baie min Engelse kinder- en jeugboeke in Suid-Afrika gepubliseer. Skrywers het steeds verkies om hul manuskripte oorsee te stuur, en Jenny Seed was een van die min Suid-Afrikaanse skrywers wat daarin geslaag het om haar werk dáár aanvaar te kry. Haar eerste boek *The dancing mule* is in 1964 deur Nelson in Engeland uitgegee. In die daaropvolgende jaar (1965) is daar tog 'n boek van haar in Suid-Afrika gepubliseer, naamlik *The always late train and other stories*, uitgegee deur die Nasionale Boekhandel. In die daaropvolgende 15 jaar is daar geen boek van haar in Suid-Afrika gepubliseer nie, teenoor die ongeveer twintig wat

oorsee gepubliseer is. Die meeste hiervan was legendes en historiese verhale. In 1980 lê sy *The policeman's button* se manuskrip aan Human en Rousseau voor. Human en Rousseau het dit egter vertaal en eers in Afrikaans uitgegee, en toe 'n paar maande later in Engels (1981) (Jammy 1990:90).

Ten spyte van die moeilike mark vir Engelse kinder- en jeugboeke in Suid-Afrika, het Afrikaanse Pers-Boekhandel twee boeke deur Rosalie Liguori-Reynolds in 1964 uitgegee: *Legends of south east wind* en *Whispering in the reeds*. In 1965 het Perskor die meer suksesvolle *Tales of the blue mountains* gepubliseer. Van die verhale in hierdie drie boeke is later verwerk en saam met ander verhale deur Educum gepubliseer. 'n Oorsese uitgewer, Oxford University Press U K, het in hierdie tydperk hul kinderliteratuurlys ook aansienlik uitgebrei. Dit het onder andere 'n aantal Suid-Afrikaanse boeke ingesluit, waarvan *African myths and legends* deur Kathleen Arnott (1962) die noemenswaardigste was (Jammy 1990:90).

Volksverhale was dus steeds gewild. 'n Verdere voorbeeld hiervan is *Fireside tales of the hare and his friends* deur Phyllis Savory (1965). Oorvertellings van verskillende etniese groepe van Suider-Afrika is in hierdie bundel opgeneem. Savory het getrou aan die oorspronklike verhale gebly, wat beteken dat dit as 'n mylpaal in die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur beskou kan word (Heale 1996:20).

Die vroeëre avontuurverhale het dikweis teen die agtergrond van die Suid-Afrikaanse geskiedenis afgespeel, terwyl die kulture van sy inwoners, sowel as die landskap en plant- en dierelewe uitgebeeld is (Jenkins 1993:1). Gedurende die sestigerjare was daar egter 'n klemverskuiwing in die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur - daar het nou meer historiese as avontuurverhale verskyn. Hierdie historiese verhale het van die avontuurverhale verskil in dié sin dat die skrywers daarop ingestel was om die historiese feite korrek weer te gee. Alhoewel dié verhale hoofsaaklik histories is, beeld hulle tog menseverhoudinge uit, en spreek hulle die rassekwessie voortdurend aan. So byvoorbeeld handel Jenny Seed se *The new fire* (1983) oor die vervolging van die San deur blanke boere (wat feitlik tot die uitwissing van hierdie rassegroep gelei het). *Place among the stones*, ook deur Jenny Seed (1987), handel oor die Britse bevooroordeeldheid teenoor die Boere tydens die

Anglo-Boereoorlog. Verdere voorbeelde van Seed se historiese verhale is *The red dust soldiers* (1972), *The broken spear* (1972), *Strangers in the land* (1976) en *The spy hill* (1984) (Jenkins 1993:110-112).

Avontuurverhale het egter nog steeds van tyd tot tyd verskyn, waarvan sommige oorspronklik in Afrikaans gepubliseer is. Twee gewilde boeke het uit die pen van Topsy Smith verskyn - *Leon solves the mystery* (1964) en *Leon's great adventure* ('n opvolg tot laasgenoemde) - en is deur Tafelberg uitgegee (Jammy 1990:90).

Die sewentigerjare is steeds gekenmerk deur 'n stadige groei in die mark vir Engelse kinder- en jeugboeke in Suid-Afrika (Jammy 1990:90-91). Die hoeveelheid Engelse kinder- en jeugboeke wat gedurende hierdie tydperk deur alle Suid-Afrikaanse uitgewers saam uitgegee is, was gewoonlik minder as tien boeke per jaar (Jenkins 1993:4).

Tongelo deur Catherine Annandale (1976) is 'n voorbeeld van 'n kinderboek wat in hierdie tydperk uitgegee is en van belang is, omdat dit nou aansluit by die tema van die verhandeling. Dit handel oor twee seuns, een blank (Martin) en die ander swart (Tongelo), wat allerlei avonture saam beleef. Die dag wat Martin moet begin skoolgaan, beloof hy Tongelo dat dinge nie sal verander nie. Die skrywer wys die leser dan daarop dat dinge tog nooit meer dieselfde sou wees nie, met ander woorde as gevolg van die apartheidsbeleid sou die verskil tussen hierdie twee seuns al duideliker na vore kom en sou hulle beseft dat hulle nie "dieselfde" is of kan wees nie. Jay Heale (1996) het 'n bibliografie saamgestel waarin hy die noemenswaardigste jeugromans van die twintigste eeu bespreek. Ten opsigte van *Tongelo* maak hy die volgende aanmerking:

Hardly a 'key' book in this bibliography, but one fairly typical of the flavour of South African publishing emerging from a local publishing industry controlled by the requirements of the various state-controlled education departments (Heale 1996:23).

Heale maak pertinent melding van die rol wat Suid-Afrikaanse staatsinstellings in die uitgewersbedryf gedurende die apartheidsera gespeel het. Hierdie aspek word ook onder andere deur Töttemeyer (1984) in haar doktorsale studie bespreek. Sy is van mening dat blanke politieke en opvoedkundige leiers alles in hulle vermoë gedoen het ten einde die *status quo*, dit is die behoud van die toepassing van die apartheidsbeleid, in stand te hou. Dit is onder meer bereik deur waardes wat die bevoorregting van blankes sou in stand hou in kinder- en jeugliteratuur te bevorder (Töttemeyer 1984:265). Daarom is jeugromans waarin verhoudinge tussen verskillende rasse uitgebeeld word, nie juis aangemoedig nie:

It is clear that the educational establishment is not enthusiastic about literary presentations of interracial themes for children and youth. Authors who tackle such themes, receive little or no encouragement. If they succeed in escaping censorship, they usually find that selection committees for prescribed books, school and public library networks, reject these books (Töttemeyer 1984:265-266).

'n Belangrike tendens van hierdie tydperk word deur bogenoemde twee skrywers se standpunte uitgelig. Gewilde avontuurverhale was dus dié waarin maats, gewoonlik een blank en een swart, allerlei avonture saam beleef, maar as gevolg van die apartheidsbeleid, kom die verskille tussen die twee groepe duidelik na vore. Sulke avontuurverhale is ook deur skrywers soos John Coetzee, Naomi Mitchison, Heinz Winckler en Pieter Pieterse opgelewer (Töttemeyer 1993:168). Maar alhoewel die temas van dié kinder- en jeugboeke moontlik aanklank by lesers kon vind, was die verhale dikwels ver verwyderd van die werklike situasie in Suid-Afrika.

Vanaf 1976 het daar egter 'n belangrike klemverskuiwing in Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur plaasgevind. Soos vroeër bespreek (vergelyk hoofstuk een, afdeling 1.5), was die rede hiervoor die Soweto-opstande gedurende dié jaar. Aangesien kinders by hierdie opstande betrokke was, is dit te verstane waarom al meer jeugromans die verhoudinge tussen mense, veral tussen verskillende rasse-groepe in Suid-Afrika, asook die politieke situasie en sosio-ekonomiese toestande in die land, uitgebeeld het. Temas wat dus vroeër nie in jeugromans aangeraak is nie, word vanaf die

laat sewentigerjare wel al meer aangeraak. Alhoewel rasseverhoudinge wel vroeër in Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur uitgebeeld is, wys Jenkins (1993:130) op die verskil tussen die vroeëre en moderne jeugromans:

... earlier books simply reflected the status quo and the racial attitudes that predominated among whites at the time...

The involvement of children in political activism that began in 1976 provided material for realistic plots on this new theme, and prompted writers to make race and contemporary social issues the focus of children's books instead of the unmarked background.

Dit het tot gevolg gehad dat apartheid in al meer jeugromans uitgebeeld is. Die uitwerking van die toepassing van die apartheidsbeleid het veral besondere aandag geniet. Karakters word deur skrywers gebruik om hierdie beleid te bevraagteken omdat hulle nie net die *status quo* aanvaar nie. Van die karakters, veral blankes, in die verhale begin om bestaande grense oor te steek en nuwe terreine te verken, soos byvoorbeeld in *Go well, stay well* deur Toecky Jones (1979) waar daar 'n vriendskap tussen Candy ('n blanke meisie) en Becky ('n swart meisie) ontstaan. Hierdie verhaal speel teen die opstande van 1976 af en lig verskeie onaangename aspekte, asook die absurdheid, van die apartheidsbeleid uit. Dit is slegs een voorbeeld wat dié tendens illustreer. In hoofstuk vyf tot sewe word verder op die uitbeelding van apartheid in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur ingegaan.

'n Aantal alternatiewe uitgewers het die mark vanaf die sewentigerjare betree. Met alternatiewe uitgewers word bedoel dié uitgewers wat die "stranglehold of the long-established Afrikaner-owned publishers" wou beëindig (Heale 1986:24). Ravan Press wat in 1972 gestig is, en een van die prominentste alternatiewe uitgewers is, het ten doel gehad om boeke te publiseer wat sou bydra tot die daarstel van 'n regverdige, demokratiese en nie-rassige samelewing (Jammy 1990:93). Ander alternatiewe uitgewers, soos Skotaville, Via Afrika en Garamond, het gevolg. Hierdie uitgewers wou

veral relevante boeke vir swart kinders publiseer en dus 'n leemte vul wat op daardie stadium in die mark bestaan het (Heale 1996:2).

Bogenoemde alternatiewe uitgewers publiseer nie net jeugromans nie, maar ook prentboeke wat eg Suid-Afrikaans is en 'n multikulturele inslag het. 'n Goeie voorbeeld van so 'n prentboek is Niki Daly se *Not so fast Songololo* (1985). Verdere voorbeelde van multikulturele prentboeke is die volgende: *Grandma's hat* deur Rosemary Kahn (1989), wat die lewe van jare gelede in De Aar beskrywe; Raviva Schermbrucker se *Charlie's house* (1989), die verhaal van 'n seuntjie met 'n ryke verbeelding wat in Guguletu opgroei; en *Ashraf of Africa* deur Ingrid Mennen (1990) is die verhaal van 'n Moslemseuntjie wat in Kaapstad opgroei. In beide Marjorie van Heerden se *A monster in the garden* (1987) en *Looking for a friend* (1988) word blanke en swart gesinne wat dieselfde lewenstyl het, uitgebeeld; terwyl *Some of us are leopards, some of us are lions* deur Mike Kantey (1987) - die wenner van die 1988 Ou Mutual-toekenning - handel oor 'n plattelandse swart seun wat sukkel om gevestig te raak in die skool ná hy na die stad verhuis het (Jammy 1990:94-95).

In 1986 publiseer Ravan Press *Two dogs and freedom: children of the townships speak out*. Hierdie boek was die produk van die "Open School" opvoedkundige werkswinkels waartydens kinders die geleentheid gegee is om deur skryfwerk en tekeninge hul mening ten opsigte van apartheid te lig. Alhoewel hierdie boek nie verban is nie, beweer Jay Heale dat die verkope daarvan nie aangemoedig is nie, heel waarskynlik as gevolg van die tema daarvan (Heale 1996:31).

Die *Percy FitzPatrick-toekenning* is in 1969 deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingkunde (SAIBI) ingestel, met die oog daarop om Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke te bevorder. Dit sou toegeken word vir die beste kinderboek in Engels deur 'n Suid-Afrikaanse skrywer. Dié toekenning is egter eers tien jaar later in 1979 vir die eerste keer toegeken, naamlik aan Marguerite Poland vir haar *The mantis and the moon* ('n versameling dieresprokies) (Jammy 1990:91,93). Die feit dat hierdie toekenning vir die eerste tien jaar na die instelling daarvan glad nie toegeken is nie, wys op die gehalte van Engelse jeugliteratuur in dié tyd.

The mantis and the moon was die eerste kinderboek wat deur Ravan Press gepubliseer is. Dié boek het 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur ingelei, want sedert die verskyning daarvan het die alternatiewe uitgewers, waarvan Ravan Press een was, al meer kinder- en jeugboeke van hoë gehalte uitgegee en 'n volwaardige plek in die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf verkry. Volgens Heale (1996) het *The mantis and the moon* ook 'n nuwe standaard vir Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke daargestel, op grond van sy "polished, poetic use of language and deep knowledge of the smaller creatures of the veld" (Heale 1996:24).

Marguerite Poland is vandag een van Suid-Afrika se bekendste skrywers van kinder- en jeugboeke in Engels. *The wood-ash stars* is ook met die *Percy FitzPatrick-toekenning* bekroon (1984), terwyl ses van haar ander boeke eervolle vermeldings ontvang het: *Nqalu, the mouse with no whiskers* (1980), *Once at KwaFubesi* (1981), *Marcus and the boxing glove* (1986), *Shadow of the wild hare* (1988), *The small clay bull* (1988) en *Marcus and the go cart* (1990). Volgens Jenkins (1993:45) is die boodskap van Poland se verhale die volgende:

... that in the animal world we can see, on a short time-scale, processes of death that have been sanitised out of the Western child's life. She teaches that it is legitimate to grieve over change, but the vitality and regeneration of the animal world show us also how to hope.

Oorvertellings van Afrika-sprokies/volksverhale deur blanke skrywers, soos Marguerite Poland, is 'n erkenning van die rykheid van verskillende kulture, en die waarde van die ander persoon. Deur hierdie oorvertellings slaag skrywers daarin om die nadelige uitwerking van kolonialisme en ander tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis (veral die apartheidsera) uit te wys (Jenkins 1993:2). Indirek sluit Poland se diereverhale dus aan by die jeugverhale wat die sosio-politieke toestande gedurende die apartheidsera in Suid-Afrika uitbeeld. Die twee belangrikste elemente in haar verhale is dat verandering soms nodig is, en dat daar wel hoop op versoening na die verandering is.

Nog 'n opmerklike tendens van hierdie tyd word in die boeke van Judy Chalmers, Carolyn Parker en ook Marguerite Poland opgemerk. Töttemeyer (1993:168) omskryf hierdie tendens as volg:

...[it is] the promotion of a common South African cultural vision that transcends ethnicity. Main characters in these stories are children from different cultural backgrounds who interact, the white child internalising African culture and mythology and synthesising these with Western values.

Een van die beste voorbeelde om bogenoemde tendens te illustreer, is Carolyn Parker se *Witch woman on the Hogsback* (1987). Die twee hoofkarakters is 'n blanke meisie en swart seun, wat nie verlee oor hul agtergronde voel nie. Hul verskillende wêrelde ontmoet waar hulle met magiese kragte te doen het. Afrika-mitologie is dus in die verhaal ingewef (Heale 1996:33).

Sedert die tagtigerjare het die aantal Engelse kinder- en jeugboeke wat in Suid-Afrika gepubliseer is, skerp toegeneem. 'n Belangrike rede hiervoor is dat gevestigde Afrikaanse uitgewermaatskappye deur die instelling van toekennings skrywers aangemoedig het om hul manuskripte vir publikasie voor te lê. Toekennings wat in hierdie tyd ingestel is, is die volgende: *MER-prys* (1984 - Nasionale Boekhandel); *Sanlamprys vir jeugliteratuur* (1985 - Tafelberg); *Young Africa Award* (1986 - Maskew Miller Longman) (Heale 1997:15). Verdere toekennings wat in die afgelope twee dekades ingestel is, is die *Ou Mutual-toekenning* (Human & Rousseau) en *Volkskas-toekenning* (J.P. van der Walt) (Jammy 1990:92). Hierdie toekennings was 'n groot aansporing vir Suid-Afrikaners om te skryf, en só is talle nuwe belowende skrywers ontdek.

Die *Maskew Miller Young Africa Award* is vir die eerste keer in 1986 toegeken. Een van die vereistes vir voornemende skrywers wat vir die toekenning in aanmerking wil kom, is dat die verhale 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse agtergrond moet hê en dat hul die skrywer se ervaring van die Suid-Afrikaanse lewenstyl, omstandighede en menslike gedrag moet uitbeeld, ten einde 'n duidelike inheemse gevoel weer te gee. Die boeke wat hierdie toekenning ontvang het, het dus die Suid-Afrikaanse samelewing op 'n realistiese wyse uitbeeld (Van der Walt 1995:62). Hierdie toekenning het daartoe bygedra dat al meer Suid-Afrikaanse jeugromans wat die sosio-politieke toestande in die land uitbeeld, sedert die laat tagtigerjare en vroeë negentigerjare verskyn het.

Jeugromans wat sosio-politieke kritiek lewer, is 'n belangrike tendens in die ontwikkeling van die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur (Töttemeyer 1993:168). Dit is veral die uitwerking van die apartheidsbeleid wat in hierdie romans uitgebeeld word. Die meeste van hierdie verhale speel gedurende die einde van die apartheidsera af, of in die oorgangstydperk tot 'n "nuwe" Suid-Afrika, maar daar is tog van hierdie verhale wat in die vroeë tydperk van apartheid afspeel. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is *92 Queens Road* deur Dianne Case (1991). Verskeie aspekte van die apartheidsbeleid word aangeraak, soos gedwonge verskuiwings, herklassifikasie en aparte openbare geriewe. *The day of the kugel* deur Barbara Ludman (1989) speel weer rondom die gebeure van 1976 af. Jeugromans wat gedurende die tagtigerjare afspeel, is byvoorbeeld *Pig* deur Paul Geraghty (1988) en *Wake up singing* deur Jane Rosenthal (1990). In eersgenoemde verhaal kry die hoofkarakter, Mike, in sy nuwe skool te doen met rassisme as gevolg van sy herkoms en sy vriendskap met die swart skoolopsigter, terwyl in *Wake up singing* die politieke bewuswording van 'n blanke tienerseun, Nick, uitgebeeld word. (Hierdie verhaal speel teen die agtergrond van die onrustoestande van 1985 af.) Die genoemde jeugromans word later in die verhandeling in meer diepte bespreek (vergelyk hoofstuk vyf tot sewe in hierdie verband).

Ander belangrike jeugromans wat die uitwerking van apartheid uitbeeld, is *Go well, stay well* deur Toecky Jones (1979) (wat vroeër bespreek is), en Beverley Naidoo se *Journey to Jo'burg* (1985) en *Chain of fire* (1989). Al drie romans is oorsee uitgegee. *Journey to Jo'burg* is aanvanklik verban in Suid-Afrika, aangesien dit die waarheid op só 'n manier oorgedra het dat dit vir die regering van die dag onaanvaarbaar was (Heale 1996:29). In hierdie verhaal word die harde werklikheid van apartheid en die invloed daarvan op mense se lewens geskets. In *Chain of fire*, die opvolg tot *Journey to Jo'burg*, is gedwonge verskuiwings, 'n belangrike aspek van die apartheidsbeleid, die hooftema van die verhaal.

Gedurende hierdie tydperk was daar ook dié jeugromans wat die proses van die pynlike oorgang na 'n "nuwe" Suid-Afrika uitbeeld. Dit is veral die "kenmekaar" proses tussen blankes en nie-blankes wat in hierdie verhale uitgebeeld word. So byvoorbeeld word in *The Kayaboeties* deur Elana Bregin

(1989) die aanvaarding van mekaar, dit is blank en swart, uitgebeeld, terwyl in *The red-haired Khumalo*, ook deur Elana Bregin (1994), 'n blanke tienermeisie en swart tienerseun te staan kom voor diepgewortelde rassistiese vooroordele nadat haar ma en sy pa getroud is, en moet hulle leer om saam met mekaar te leef en te aanvaar wie hulle is.

Twee uitstekende jeugromans wat ook oor verhoudinge tussen verskillende rassegroepe handel, kom uit die pen van Lawrence Bransby. Die eerste een is *Down street* (1989) wat oor die verhouding tussen twee jongmense van verskillende rassegroepe handel. Die tema in *Homeward bound* (1990) is weer die toelating van die eerste swart seun in 'n bepaalde blanke skool, en die uiteindelijke aanvaarding van hom deur die blanke leerlinge. Alhoewel beide situasies algemeen geraak het in die negentigerjare, het hierdie boeke sulke sosiale veranderinge vooruit geloop (Heale 1996:37).

Gedurende die tagtigerjare was daar ook 'n verskuiwing van 'n landelike na 'n stedelike agtergrond in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur. Lesley Beake het met haar boek, *The strollers* (1987), die lewe van die straatkinders van Kaapstad aan lesers bekendgestel. Dianne Case beeld weer die lewe van die armoediges op die Kaapse Vlakte in *Love, David* (1986) uit. Dit is ook belangrik om op te let dat die karakters in hierdie boeke nie-blankes is, en 'n lewe wat die blanke kind nie ken nie, word aan hom bekendgestel (Töttemeyer 1993:168).

Al meer swart skrywers het die afgelope twee dekades begin om ook in Engels te skryf. Hul verhale oor swart kinders was meer eg as dié van blankes skrywers, hoe goed die blanke skrywers dit ook al bedoel het. Voorbeelde van sulke boeke wat spesifiek vir swart kinders bedoel is, is *Our village bus* deur Maria Mabetoa en geïllustreer deur Mzwakhe (1986), *The snake with seven heads* deur Gcina Mhlope (1989) en *Isong le Nkhono: African folk tales for children in English* deur B.L. Leshoai (1989) (Jammy 1990:93-94). Swart skrywers laat dus nou hul eie weergawes van Afrikasprokies- en volksverhale publiseer, sowel as verhale wat die wêreld van die swart kind uitbeeld (Jenkins 1993:2). Hierdie skrywers het egter nie gepoog om die politieke en sosio-ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika aan die jeug bekend te maak nie.

Vanaf 1985-1995 is net minder as duisend Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugboeke gepubliseer. Uit statistiek wat deur Jay Heale saamgestel is, blyk dit dat die aantal Engelse kinder- en jeugboeke (slegs fiksie) wat van jaar tot jaar gepubliseer is, taamlik gewissel het (Heale 1996:3):

1985	26
1986	46
1987	100
1988	96
1989	93
1990	87
1991	66
1992	61
1993	83
1994	80
1995	65

Vroeg in die negentigerjare is die gratis voorsiening van voorgeskrewe werke en handboeke deur die destydse Transvaalse Onderwysdepartement gestaak. Ná 1994 het die Suid-Afrikaanse regering die verskaffing van fondse vir die aankoop van boeke (dit is handboeke en ander Suid-Afrikaanse literatuur) deur Onderwysdepartemente en Provinsiale Openbare Biblioteekdienste drasties besnoei. Dit het daartoe aanleiding gegee dat verskeie bekende uitgewers wat op hierdie mark gekonsentreer het, óf verdwyn het (byvoorbeeld HAUM), óf hul bedrywighede aansienlik moes inkort (byvoorbeeld J L van Schaik en Shooter & Shuter).

Die mark vir Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur bly steeds klein en kompetierend, vanweë die strawwe kompetisie teen die groot internasionale mark vir Engelse kinder- en jeugliteratuur. Moontlike redes hiervoor is dat slegs 'n klein persentasie van ons bevolking kinder- en jeugboeke aankoop; dat die pryse van boeke wat plaaslik uitgegee word, baie hoog is; dat oplaes steeds klein is; en dat papier baie duur geword het (Jammy 1990:91-92). Ten spyte van die situasie wat hierbo geskets is, blyk dit tog dat die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur die afgelope twee dekades noemenswaardig ontwikkel het.

4.5 Samevatting

Die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur het gedurende die twintigste eeu 'n totale metamorfose ondergaan. Aanvanklik was daar weinig leesstof vir die Engelse Suid-Afrikaanse kind, maar sedert die sewentigerjare het dié literatuur 'n bloeityd beleef, soos blyk uit hierdie oorsig. In die afgelope twee dekades het die Engelse Suid-Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur tot 'n selfstandige literatuur ontwikkel, een wat vandag 'n belangrike onderafdeling van die Suid-Afrikaanse literatuur vorm.

Deur die uitbeelding van relevante temas in jeugromans wou skrywers die afgelope dekade 'n werklike bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing lewer. Een van die belangrikste relevante temas is seker dié van apartheid - veral die uitwerking van die toepassing van die apartheidsbeleid op die lewens van mense - aangesien mense se lewens vir meer as veertig jaar deur hierdie beleid beïnvloed is.

In die volgende drie hoofstukke gaan daar nou in diepte gekyk word na die uitbeelding van apartheid in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur. Drie aspekte gaan aangeraak word, naamlik die uitbeelding van sosio-ekonomiese omstandighede, die uitbeelding van onderwystoestande en die uitbeelding van die polisie en weermag. Hierdie aspekte is dié aspekte van die apartheidsbeleid wat die duidelikste in die bestudeerde jeugromans na vore gekom het, waarskynlik omdat die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners direk daardeur geraak is.

HOOFSTUK 5

DIE UITBEELDING VAN SOSIO-EKONOMIESE TOESTANDE

5.1 Inleiding

Gedurende die apartheidsera is nie-blankes se alledaagse doen en late deur die apartheidswette gereël. Dié wette het onder andere bepaal waar nie-blankes moes woon en watter tipe beroep hulle kon beoefen. Hierdie was 'n metode om die sosio-ekonomiese toestande oor die breë spektrum van die samelewing te reguleer (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.3.1, in hierdie verband). Dié toestande het die diepste wese van die nie-blanke geraak en deur hul lewe op hierdie wyse vir hulle te reël, is die totale menswees van die nie-blanke aangetas. Om dié rede is dit nie vreemd dat die sosio-ekonomiese toestande in Suid-Afrika een van die belangrikste aspekte is wat in Suid-Afrikaanse Engelse jeugliteratuur uitgebeeld word nie.

Sosio-ekonomies (of *sosiaal-ekonomies*) word in die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Labuschagne & Eksteen 1993, s.v. 'sosiaal-ekonomies') omskryf as dit "wat betrekking het op die sosiale ekonomie". Die *Concise Oxford Dictionary of current English* (1995, s.v. 'socio-economic') omskryf dit weer as volg: "relating to or concerned with the interaction of social and economic factors".

Bogenoemde omskrywing van sosio-ekonomies is egter nie bevredigend nie. In terme van die verhandeling kan dit as volg omskryf word: sosio-ekonomiese toestande is die maatskaplike en ekonomiese toestande wat in 'n bepaalde samelewing in 'n bepaalde tydperk van toepassing is.

In hierdie hoofstuk gaan die volgende sosio-ekonomiese aspekte, soos dit in die bestudeerde jeugromans na vore gekom het, bespreek word: woongebiede, die passtelsel, openbare geriewe en maatskaplike probleme.

5.2 Woongebiede

Een van die belangrikste stukke wetgewing wat die sosiale verhouding tussen mense gereël het, was die *Groepsgebiedewet* van 1950 (Coetzer 1991:278). Die doel met hierdie wet was om fisiese residensiële skeiding tussen die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika verpligtend te maak. Dit het beteken dat verskillende woongebiede in Suid-Afrika aan die onderskeie rassegroepe toegewys is. Deur hierdie wet sou rassesseiding ten volle bereik kon word. Dié wet kan waarskynlik as een van die onmenslikste wette beskou word wat in daardie jare deur die Suid-Afrikaanse Parlement deurgevoer is, aangesien dit tot grootskaalse uitsettings en verskuiwings van miljoene swartes, kleurlinge en Indiërs gelei het. Daardeur is ou gevestigde gemeenskappe óf verskuif óf vernietig in die naam van apartheid (*South Africa in the 20th century* 1993:323).

In die jeugromans onder bespreking word aparte woongebiede uit verskillende oogpunte beskou - meestal uit die oogpunt van 'n nie-blanke kind, maar ook soms uit die oogpunt van 'n blanke kind. Die *Groepsgebiedewet* het tot gedwonge verskuiwings, en dikwels tot plakkery, gelei. Aangesien hierdie twee aspekte mense se lewens ingrypend verander en beïnvloed het, word dit in afsonderlike onderafdelings bespreek.

5.2.1 Gedwonge verskuiwings

Gedwonge verskuiwings was een van die algemeenste verskynsels van die apartheids-era en het tot die ontwrigting van miljoene nie-blankes se lewens aanleiding gegee.

'n Verskuiwing kan as volg omskryf word:

In its most direct form relocation refers to economic forces and political policies that, in their interaction, uproot, relocate, and contain and control enormous numbers of South Africans within 'group areas' (whether these be suburbs, towns or regions within South Africa) (Marè 1981:1).

Dit is ook belangrik om in gedagte te hou dat diegene wat verskuif is, geen seggenskap in die aangeleentheid gehad het nie, of by magte was om hul daarteen te verset nie. Dié gemeenskappe wat hulle wel teen verskuiwing verset het, het gewoonlik nie in hul doel geslaag nie, en is uiteindelik tog gedwing om te trek (Marè 1981:13).

Die kwessie van gedwonge verskuiwings is die tema in veral twee jeugromans, naamlik *92 Queens Road* deur Dianne Case (1991) en *Tolly: hero of Hanover Park* deur M. Cassiem D'Arcy (1989).

92 Queens Road is die verhaal van Kathy wat in Woodstock in die sestigerjare opgroei - "... [a] heartbreak time for Cape Town's coloured people as the apartheid bulldozer implacably destroyed, along with their homes and their communities, the very fibre of their existence" (Schwartz 1992:6). Dié verhaal beeld die geestelike en emosionele uitwerking uit wat gedwonge verskuiwings op mense gehad het, asook die diep letsels wat op daardie gemeenskappe gelaat is. Die ou mense by wie Dolores (die vrou van Kathy se oom) grootgeword het, se huis in Distrik Ses is platgestoot, en hulle moes by hul enigste dogter in Wynberg gaan bly. Dit was veral die man wat ernstige emosionele skade gely het ná hy uit die woonbuurt waar hy sy hele lewe lank gewoon het, verskuif is. Hy kon die verskuiwing nie verwerk nie en het elke dag op die sypaadjie voor die plek waar sy huis was, gesit, terwyl die stootskrapers om hom gewerk het. Ten spyte van dit wat gedurende die apartheidsera gebeur het, soos gedwonge verskuiwings, hoop die skrywer dat hierdie jeugroman Suid-Afrikaners sal help om die "painful past" te begrawe (*Dianne repeats her novel-winning formula* 1991:5).

Hierdie verhaal speel in die beginfase van gedwonge verskuiwings af. Daarteenoor handel die verhaal van *Tolly...* oor gedwonge verskuiwings wat alreeds plaasgevind het. Die skrywer kyk dus terug op wat in die verlede gebeur het. Dit word soos volg raak in *Tolly...* beskryf:

... Hanover Park, a monument to racial bigotry named after the once bustling street that formed the main artery of District Six in central Cape Town.

District Six was a densely populated area with a diversity of ethnic groups living in racial harmony until the area was proclaimed by the government of the day to be for the exclusive occupation of the white population group; the area being conveniently near the centre of the city, near their places of work and their businesses. This was done without consulting the people of colour who lived there. True, their houses were dilapidated and in need of restoration, but they shouldn't have been razed to the ground, with their occupants scattered and forced to move to the distant sandy wastes of the Cape Flats, far away from shops, amenities and their work (D'Arcy 1989:9-10).

Hierdie beskrywing van Hanover Park is deur D'Arcy ingesluit ter verduideliking van die omstandighede, en tipe woongebied, waarin Tolly grootword. Alhoewel dit dus waardevolle agtergrondsinligting tot die verhaal verskaf, is dit asof hier 'n volwasse stem deurskemer, en dit wil voorkom asof die skrywer sy eie mening ten opsigte van gedwonge verskuiwing wil lig.

Tog word die skeiding van blankes en kleurlinge duidelik uitgebeeld. Kleurlinge moes verskuif word ten einde hulle as een "rassegroep" in 'n aparte woongebied saam te groepeer. Deur hierdie woongebied as 'n "monument van rasse-verkramphheid" te beskryf, word geimpliseer dat die apartheidsbeleid eng en kortsigtig was, omdat dit die gemeenskaplike ooreenkoms in taal en kultuur tussen blank en kleurling totaal geïgnoreer het.

Gedwonge verskuiwings, ook genoem "hervestiging", het tot in die laat tagtigerjare voortgeduur, ongeag die ingrypende maatskaplike probleme wat dit vir die betrokke gemeenskappe veroorsaak

het. *The middle of somewhere* deur Sheila Gordon (1990) het ook verskuiwing gedurende die tagtigerjare as tema. Die dorp waarin Rebecca (die hoofkarakter van die verhaal) en haar gesin woon word as 'n "swart kol" ("black spot"¹) deur die regering gesien en daar is gevolglik besluit om hierdie gemeenskap te verskuif ten einde plek te maak vir 'n nuwe blanke woongebied. Die plek waarnatoe die regering hulle wou verskuif, was letterlik in die middel van nêrens, ver van die stad en ver van enige treinstasies of busterminusse. Dit sou dit dus byna onmoontlik vir hierdie mense gemaak het om hul werkplekke gerieflik te bereik. *The middle of somewhere* is die verhaal van hierdie gemeenskap wat so 'n gedwonge verskuiwing teenstaan. Die jeugroman het 'n oop einde - daar word nie gesê of hierdie gemeenskap verskuif is, al dan nie.

Hierdie verhaal beeld die onsekerheid uit waaronder swartmense wat voortdurend met gedwonge verskuiwings gedreig is, moes leef. Aan die een kant was daar die onsekerheid of hulle wel verskuif gaan word, en indien wel, was hulle nie seker presies wanneer dit gaan plaasvind nie. Aan die ander kant weer was daar die onsekerheid of hulle verset vrugte sou afwerp, al dan nie.

In skerp kontras met *The middle of somewhere* staan Beverley Naidoo se *Chain of fire* (1995). *Chain of fire*, die opvolg tot *Journey to Jo'burg* (1985), handel ook oor gedwonge verskuiwings, maar in teenstelling met *The middle of somewhere* kom die gevoelens van die gemeenskap, soos bitterheid en 'n gevoel van verontregting, sterker in die verhaal deur. Hierdie verhaal is op werklike insidente gebaseer - die fiktiewe Bophelong kan Magopa óf Driefontein óf Mathopestad óf enige ander swart dorp wees wat tydens die apartheidsera met verskuiwing gedreig is, of werklik verskuif is (Schwartz 1989:8). Openlike verset teen die verskuiwing word sterk op die voorgrond gebring. Soos Naledi, een van die hoofkarakters, tereg vra: "What right did they have to come like this, threatening to plough up a whole village?" (Naidoo 1995a:5). Dít is 'n vraag wat dwarsdeur die jeugroman weerklink.

Die inwoners van Bophelong werp alles in die stryd om die verskuiwing teen te staan, maar op die ou end word hul tog verskuif. Die verhaal eindig waar hierdie dorp wel verskuif is, en juis dít toon aan hoe 'n voldwonge feit die verskuiwings van sogenaamde "swart kolle" na die tuislande was.

Mense is eenvoudig verskuif sonder om in ag te neem dat hulle huise besit het en selfs 'n bewys daarvoor gehad het, óf dat hul lappies bewerkte grond gereed was om te oes, óf dat die ouderdom van talle inwoners van die dorp 'n verskuiwing moeilik gemaak het. Laasgenoemde feite word by twee geleenthede in die verhaal genoem. Met die eerste vergadering waartydens die voorgenome verskuiwing bespreek is, word die volgende vrae aan die hoofman gestel: "What about their crops already growing in the fields, ready for harvesting in a few months? What would they have to eat for the rest of the year if they had to leave these behind?" (Naidoo 1995a:22). Na alle pogings faal om die verskuiwing teen te werk, besluit die inwoners om 'n brief aan die Minister van Samewerking en Ontwikkeling te stuur waarin hulle hul saak stel. In hierdie brief word die kwessie van hul bewerkte landerye onder 'n aparte afdeling, "LAND, CROPS AND LIVESTOCK", uiteengesit (Naidoo 1995a:154).

Beverley Naidoo slaag met *Chain of fire* daarin om die onmenslikheid van die apartheidsbeleid onder 'n wyer publiek se aandag te bring. Hierdie jeugroman is in 1989 deur Collins in Engeland uitgegee. Sodoende het dit die internasionale mark bereik. In 'n opvoedkundige uitgawe (1995) is daar twee voorafgaande inleidende hoofstukke: 'n hoofstuk getiteld "The writer on writing" deur Beverley Naidoo self, asook 'n hoofstuk wat literêre aspekte soos die agtergrond, verteller en karakters bespreek. Hierdie uitgawe word dan ook afgesluit met 'n "studieprogram" wat onder andere besprekingsvrae bevat (Naidoo 1995a:v-xvii, 220-225).

Uit dié "studieprogram" kan 'n mens aflei dat hierdie jeugroman, soos sy voorganger *Journey to Jo'burg*, 'n voorgeskrewe boek in onder andere Britse skole is, wat beteken dat dit 'n nóg wyer leserspubliek bereik. Ook in Suid-Afrika word dié jeugroman tans op leeslyste geplaas.

Van meer belang egter is die inleidende hoofstukke tot *Chain of fire*. Hieruit blyk dit dat Naidoo die tema van haar jeugroman goed nagevors het. Naidoo het die meeste van haar inligting by die *International Defence and Aid Fund for Southern Africa* gevind. Hierdie organisasie het 'n biblioteek met 'n wye reeks koerantuitknipsels, video's, boeke en foto's oor Suid-Afrika opgebou. Dit het onder andere ook 'n kopie van die *Surplus People's Project* gehad wat waardevolle inligting

vir haar oor die tema van *Chain of fire* verskaf het (Naidoo 1995a:x). Die gevolg van hierdie navorsing is 'n jeugroman van uitstaande gehalte, wat deur die resensent Pat Schwartz (1989:8) bevestig word:

The strength of this powerful book is Naidoo makes no attempts to distort the facts by exaggeration. She doesn't need to, the truth is horrifying enough. Every incident in her story draws on events recorded somewhere in the history of South Africa since the mid-1970s. All she has done is kaleidoscope them into a fast-moving, beautifully written work laced with humour and humanity.

Ten spyte van die feit dat Naidoo deeglike navorsing oor die tema van haar verhaal gedoen het én 'n jeugroman van uitstaande gehalte opgelewer het, moet 'n mens in gedagte hou dat sy, nes talle ander uitgeweke skrywers (soos byvoorbeeld Peter Abrahams - vergelyk hoofstuk drie, afdeling 3.2 en 3.3, in hierdie verband) verwyder was van die werklike situasie in Suid-Afrika. Dit beteken dat sy haar verhaal noodgedwonge op tweedehandse inligting, soos koerantuitknipsels en die *Surplus People's Project*, moes baseer, en dat sy nie werklik geweet het wat dit beteken het om direk deur die apartheidsbeleid geraak te word nie - sy kon haarself dus net indink hoe dit moes gewees het.

Beverly Naidoo is in 1943 in Suid-Afrika gebore, en het gevolglik in die apartheidsera opgegroeï. As 'n blanke was sy dus deel van die bevoorregte deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Vanaf die sestigerjare woon Naidoo in Engeland, aangesien sy haarself nie kon vereenselwig met die apartheidsbeleid nie (*Beverly [sic] Naidoo* 1993:160). Sy wys daarop dat wat sy in Suid-Afrika sien, gebeur het, en later van gehoor het, haar daartoe aangespoor het om onder andere *Journey to Jo'burg* en *Chain of fire* te skryf: "*Chain of fire* is about that policy [i.e. apartheid] carried to its insane and evil conclusion" (Naidoo 1995a:x).

Gedwonge verskuiwings, asook die ontstaan van aparte woongebiede, het baie mense se lewens geraak en ook ingrypend verander. In die jeugromans onder bespreking in hierdie afdeling is dit opmerklik dat genoemde gebeure realisties uitgebeeld word. In 'n bespreking van *Chain of fire* maak

Beahan (1990:36) die volgende opmerking wat ook van toepassing is op die ander jeugromans wat die kwessie van gedwonge verskuiwings aanspreek:

For young readers internationally there is a similar placing into perspective of fragmented news items showing 'real-life' versions of the situations experienced by Naledi and her community.

5.2.2 Plakkery

'n Wet wat nou by die *Groepsgebiedewet* aansluit, was die *Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery* van 1951. Die doel van hierdie wet was om plakkery op enige private of openbare grond te verbied, en die gevolg was dat duisende swartes verplig was om te trek (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:378). Tog het dit nie plakkery gekeer nie, soos beskryf in Elana Bregin se *The boy from the other side* (1992): "They seemed to pop up overnight, blossoming in the dark like strange mushrooms" (Bregin 1992:3).

Talle nie-blankes se huise was nie-permanente strukture. Hulle het in plakkerskampe gebly met die hoop om eendag 'n munisipale huis te kry. Anna, die verteller in *Love, David* deur Dianne Case (1986), beskryf hul huis as 'n huis wat van sink en pale gebou is. Dit het uit slegs een vertrek bestaan en die kombuisgedeelte is van die slaapgedeelte deur 'n gordyn geskei. Dit was die tuiste van die gesin waarvan Anna deel was, bestaande uit vyf lede, 'n ma en pa en drie kinders. Somers was hul huis baie warm, terwyl dit in die winter weer baie koud was, en as dit reën, het die dak dikwels gelek.

Töttemeyer (1988:83) beskou hierdie uitbeelding van die omstandighede waarin kleurlinge op die Kaapse Vlakte gebly het as noodsaaklik om veral die blanke kind attent te maak op die wêreld buite die bevoorregte samelewing waarin hy/sy lewe:

The book provides a much-needed perspective, especially for affluent white children who have no conception of the miserable living conditions of many black South African children.

In *The boy from the other side* is daar ook 'n beskrywing van 'n plakkerskamp. Die rivier wat die blanke woongebied van die plakkerskamp skei, beklemtoon nie alleen die duidelike skeiding tussen blankes en nie-blankes se woongebiede nie, maar ook die verskil in lewenstandaarde. Dit is asof hierdie rivier die simbool word van alles wat blankes en nie-blankes skei:

They weren't fancy houses. But they were proper homes. They had four solid walls and small private gardens. They had electricity and taps and toilets that flushed. They looked as if they had a right to be there, if they belonged.

On the other side were humbler dwellings: shacks put together out of plastic and tin sheeting and cardboard...

The river made a natural border between the two worlds, dividing them as surely as if they were separate countries (Bregin 1992:3).

Hierdie duidelike skeiding tussen die twee woongebiede onderstreep die skerp kontras tussen blanke en nie-blanke woongebiede. Die blanke woongebied word as 'n **geordende** gebied beskou, terwyl die plakkerskamp daarteenoor as **ongeordend** beskou word. Die verteller merk tereg op dat hierdie twee gebiede as twee verskillende wêrelde beskou kan word. Hierdie skerp skeiding tussen die verskillende rassegroepe is een van die belangrikste gevolge van die toepassing van die apartheidsbeleid.

Die rivier maak deel van die niemandsland uit. Volgens Schwartz (1993:5) kan hierdie niemandsland ook gesien word as 'n metafoor van die "yawning gap between the *privileged* and the *dispossessed* - a gap that is far more comfortable not to bridge" (eie kursivering). Tog besef Lora dat sy hierdie niemandsland moet oorsteek ten einde beter te verstaan wat werklik in Suid-Afrika aan die gang is:

In crossing the no-man's-land [sic], Lora makes a journey into adulthood and the reader accompanies her on the kind of exploration more young South Africans will have to undertake if tomorrow is going to be different from today (Schwartz 1993:5).

Sommige mense se plakkershuise was nie deel van 'n "geordende" plakkerskamp nie, maar sommer 'n losstaande eenheid op sy eie. So is die opsigter van die skoolgronde, Johannes, in *Pig* deur Paul Geraghty (1988) se sinkhuis gerieflikheidshalwe langs die sokkervelde gebou. Johannes se blyplek was dus naby sy werkplek.

Hierdie blyplek van Johannes wat tydelik van aard was, beklemtoon die sogenaamde nie-permanensie van mense wat van die tuislande, in hierdie geval Transkei, afkomstig was. Swartmense kon slegs in die stede bly mits hulle 'n vaste inkomste gehad het. Later is Mike, die hoofkarakter in die verhaal, hoërskool toe in 'n ander gebied, en het hy nie meer vir Johannes gesien nie. Wanneer hy later weer daar langs gaan, is Johannes nie meer daar nie en sy huis is weg - 'n bewys van die tydelike aard van sy blyplek.

Net soos in *The boy from the other side*, word die invloed wat die apartheidswetgewing op mense se lewens gehad het, in *Pig* beklemtoon. Die hoofkarakters in hierdie verhale is blank, en is dus deel van die "bevoorregtes". Mike bly in 'n goedgeboude huis, net soos Lora, die hoofkarakter in eersgenoemde verhaal. In beide hierdie verhale word die standvastigheid van 'n **permanente** huis dus met die **nie-permanente** karakter van 'n plakkershuis gekontrasteer.

Die uitbeelding van plakkery in jeugromans is nie so prominent soos gedwonge verskuiwings nie, waar laasgenoemde aspek soms selfs die tema van die verhaal vorm, soos in *Chain of fire*. Tog is plakkery 'n werklikheid van die sosio-ekonomiese toestande in Suid-Afrika, en deur ook dit uit te beeld, kan daartoe bydra dat kinders van verskillende rasse mekaar beter verstaan:

In order to promote inter-racial understanding, children's and particularly youth literature will have to present the socio-economic misery of the black. The underlying causes of this inhuman state of affairs should not be avoided or blamed on the black alone, but the question of collective guilt on the side of the white should be addressed (Töttemeyer 1988:82).

5.2.3 Die beskrywing van afsonderlike woongebiede

In die beskrywing van afsonderlike woongebiede is dit opvallend dat die vertellers van die betrokke verhaal geneig is om te stereotipeer.² Blanke woongebiede word gewoonlik geassosieer met **rykdom**, groot tuine en swembaddens - met ander woorde met ruimte - terwyl nie-blankes se woongebiede geassosieer word met **armoede**, oorvol en beknopte huise, afgeleë (ver buite die stede en dorpe geleë) en in die meeste gevalle sonder die geriewe wat as vanselfsprekend deur blankes aanvaar word, soos byvoorbeeld lopende water en sanitêre geriewe binnenshuis.

Thomas, die hoofkarakter in *The magical bicycle* deur Elana Bregin (1990), begeer 'n fiets van sy eie, maar in die swart woongebied Wozani word dit as 'n luuksheid gesien. Hy beskryf die blanke woongebied Silverton as volg:

...the white suburb of plenty. People there were rich; at first, Thomas couldn't believe how rich. In their houses, not even the dogs went hungry. Motor cars were parked in spaces where whole families could have lived. And bicycles were as common as trees (Bregin 1990:9).

Ook in Beverley Naidoo se *Journey to Jo'burg* (1985) is die kontras tussen die swart woongebied (**vaal, kleurloos**), in hierdie geval Soweto, en blanke woongebied (**kleurryk**) opvallend:

... rows of grey block houses all looking exactly alike. No great leafy trees here, only grey smoke settling everywhere (Naidoo 1985:43).

Oorvol huise is 'n algemene verskynsel onder veral die swartes, want gesinne deel dikwels 'n huis met die uitgebreide familie, dikwels met slegs een vertrek. In Toeckey Jones se *Go well, stay well* (1979) word Candy ('n blanke meisie) deur haar vriendskap met Becky ('n swart meisie) aan 'n totaal ander lewenswyse - dié van die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking - bekendgestel. Becky en die ander lede van die familie (nege lede in totaal) deel 'n huis met slegs vier vertreke. Candy het aanvanklik gedink dat die huis groot is, want, gemeet aan blanke standaarde, gaan 'n groot gesin normaalweg hand aan hand met 'n groot huis. Die blanke en nie-blanke se onderskeidelike siening ten opsigte van wonings in hierdie verhaal, lig die skerp kontras uit tussen die leefwyse van die gemiddelde blanke gesin teenoor dié van die swart gesin.

Candy word ook daarop attent gemaak dat elektrisiteit en lopende water nie algemene geriewe, soos as vanselfsprekend deur die meeste blankes aanvaar, in die swart woongebiede is nie. Slegs 'n sekere aantal mense is bevoorreg om hierdie geriewe te hê, soos in Becky se geval, maar die meeste huise is daarsonder. Die verteller bring dus die groot verskil tussen blanke en nie-blanke sosio-ekonomiese toestande onder die leser se aandag.

'n Verskil tussen die landelike en stedelike swart gebiede is dat water in die stedelike gebiede meer geredelik bekombaar as in landelike gebiede is. In *Journey to Jo'burg* word hierdie verskil uitgelig. Grace wat in Soweto woon, het lopende water (in die vorm van 'n buitekraan) by haar huis, terwyl Naledi en Tiro hul water net by die dorpskraan kan kry, aangesien die rivier waarvan hul dorp, Bophelong, afhanklik was, opgedroog het.

Blanke en nie-blanke vertellers se beskrywing van aparte woongebiede verskil. Dit is asof daar dikwels bitterheid in die stem van die nie-blanke kind is, oor die onreg wat hom/haar aangedoen is. 'n Groot persentasie blanke kinders het baie beskerm grootgeword, en hulle besef nie in watter omstandighede 'n groot deel van veral die swart bevolking leef nie. Uit die jeugromans onder bespreking aanvaar die meeste van die blanke karakters hul bevoorregte posisie as byna vanselfsprekend.

In die eerste gesprek tussen Becky en Candy (*Go well, stay well*) kom 'n mens Candy se onkunde ten opsigte van die swartes se leefwyse agter, en dat sy, nes talle ander blankes, hul groot huise en geriewe as vanselfsprekend aanvaar. Tog voel Candy verleë oor haar openlike onkunde:

Candy couldn't help blushing at her exposed ignorance. She had known that housing in Soweto was inadequate, but she had had no idea what it was really like to live there. It all seemed so unreal, so far removed from her own experience, that it was barely conceivable (Jones 1979:14).

Net soos in *The boy from the other side* word die blanke en swart woongebiede in hierdie verhaal byna as twee aparte wêrelde beskou. Hierdie wêrelde is so ver van mekaar verwyder, dat 'n mens amper nie kan glo dat dit wel in een land, in dié geval Suid-Afrika, bestaan het nie. Uit die bestudeerde jeugromans blyk dit dat blankes gedurende die apartheidsjare nie wou weet wat in die swart woongebiede aangegaan het nie, of hul eenvoudig doof gehou het vir die protes wat uit die swart gemeenskap teen swak sosio-ekonomiese toestande opgegaan het.

Skreiende kommentaar op hierdie wanbalans in die sosio-ekonomiese toestande van nie-blankes word in *Down Street* deur Lawrence Bransby (1989) gelewer. In dié verhaal moet Ted, die hoofkarakter, 'n aardrykskunde-projek doen oor stedelike woongebiede. Terwyl hy in die dorp besig is met sy projek, loop hy sy vriendin, Christina, raak, onbewus daarvan dat sy 'n kleurling is. Sy bring dit onder Ted se aandag dat die Indiërgebied aan die een kant van die dorp geleë is, terwyl die kleurlinggebied agter 'n bult geleë is. Hierdeur impliseer Christina dat die stadsbeplanners seker wou maak dat haar mense uit die gesig van die blanke gebied is. Verder beskou sy die blanke gebied as "prime spaces", met ander woorde die beste gebiede is aan die blankes toegewys:

“All the prime spaces are white-owned. And then, if you look at a bigger map you’ll see how the homelands carefully border the major industrial areas and there’s a black township just outside every large white town. ...labour on tap within an hour or two by bus” (Bransby 1989:29).

Later in die verhaal woon Ted ’n kerkdieners in Christina se woongebied by. Ted merk op hoe vuil en vol rommel hierdie gebied is. Dit kontrasteer skerp met die netjiese, skoon blanke woongebied. Volgens Christina gee die inwoners nie om nie, en blameer sy die apartheidsstelsel daarvoor:

“Perhaps we’re just basically lazy, I don’t know. But I think pride comes into it too. We are *forced* to lived here. We can’t live anywhere we like, like you. That just reinforces the feeling that we’re second-rate that so many of us have. And that doesn’t serve as a particularly good foundation for pride in yourself or your town ...” (Bransby 1989:76).

Christina beklemtoon dus die feit dat die kleurlinge tot woonbuurtskeiding gedwing word. ’n Mens kan deur bogenoemde opmerking agterkom dat sy bitter is oor die ongelyke behandeling teenoor kleurlinge gedurende die apartheidsjare. Die apartheidsbeleid word dus skerp gekritiseer.

In *Crocodile burning* deur Michael Williams (1994), vertel Seraki, die hoofkarakter, van sy gesin se blyplek in ene Mevrou Mcebi se agterplaas. Hulle bly in haar agterplaas, aangesien sy pa te lui is om te werk en die huur laag is. Seraki dagdroom oor die dag wat hy sy eie huis kan besit, een wat solied, en ruim is:

One day I will sit in a kitchen of my own house. It will be a big house with walls made of brick and cement, and painted white on both the outside and the inside. The house will have electricity and water, and the roof will not be held on by old engine blocks and bricks like this one is. Instead, it will be a solid, even roof with a tall, silver antenna. I will definitely own a television one day.

From the kitchen window I will see the neat rows of my vegetable garden, and when I walk out of the kitchen, I will pass through many large rooms. Each will have its own purpose, and every person in the house will have their own room. It will take a whole minute of walking before I get to my room, and when I get there I will go through a doorway instead of only past a curtain. All rooms in my house will have doors, real doors, solid doors that can be closed (Williams 1994:4-5).

In teenstelling met Christina, een van die hoofkarakters in *Down Street*, spreek Seraki nie sy bitterheid direk uit oor die onregverdigheid van die omstandighede en tyd waarin hy lewe nie: Maar net bloot die feit dat alles beter en meer permanent moet wees as wat dit tans is, wys dat hy nie tevrede met sy huidige situasie is nie, en graag iets beter sal wil hê. Dit is asof hy vasgevang is in 'n situasie waaruit hy nie maklik kan kom nie. Dit impliseer dat Seraki uitsien na die dag wat daar gelyke en regverdige behandeling in Suid-Afrika sal wees, dié dag wat jou velkleur nie meer langer gaan bepaal waar jy bly nie.

Uit die voorafgaande bespreking, blyk dit duidelik dat die uitbeelding van aparte woongebiede een van die hoofemas in die bespreekte jeugromans is. Dit is opvallend dat dit meestal blanke skrywers is wat hul karakters gebruik om die misnoeë van veral swartes met die destydse politieke bedeling te verwoord. Soos reeds genoem, was blankes die bevoorregte deel van die samelewing gedurende die apartheidsera. Dit sou dus vir hulle moeilik wees om hulself werklik voor te stel hoe dit moes wees om direk deur die apartheidsbeleid geraak te word, soos byvoorbeeld om nie 'n keuse te hê van waar 'n mens wil woon nie, wat die geval vir nie-blankes was. Derhalwe kan die betroubare weergawe van hul waarnemings en die uitbeelding van nie-blankes se ervaring van die apartheidsbeleid bevraagteken word. (Vergelyk ook hoofstuk agt, afdeling 8.2, in hierdie verband).

Die uitbeelding van aparte woongebiede is nou verweef met talle ander aspekte, soos die onderwystoestande en politieke bewuswording onder Suid-Afrikaanse jeugdiges. Dié aspekte word

in die volgende twee hoofstukke bespreek, omdat dit aspekte is wat in talle van die bestudeerde jeugromans na vore kom en 'n bespreking regverdig.

5.3 Instromingsbeheermaatreëls

Die *Bantoewysigingswette* van 1952, die sogenaamde *paswette*, het groot ontevredenheid by die swart gemeenskap veroorsaak. Dit het swartes verplig om ten alle tye bewysboeke en ander dokumente te dra. Groter beheer kon sodoende oor die bewegings van swartes uitgeoefen word, en dit het die owerhede in staat gestel om vas te stel waar hulle werk (Coetzer 1991:278). (Vergelyk ook hoofstuk twee, afdeling 2.3.1, in hierdie verband.) As gevolg van hierdie paternalistiese en vernederende stelsel, het swartes 'n diepgesetelde wrok daarteen gekoester. Die uitbeelding van hierdie aspek het in enkele van die bestudeerde jeugromans na vore gekom.

Msimangu's words deur Hamilton Wende en Windell Williams (1992) is in die vorm van briefwisseling tussen Chris, 'n blanke Suid-Afrikaner, en Sam, 'n swart Amerikaner, geskryf en strek oor 'n tydperk van tien jaar (1974 tot 1983) - polities een van die onrustigste tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Chris omskryf in eenvoudige woorde, vanuit die blanke perspektief, die passtelsel:

Black people have to live in Soweto and they have to carry passes with them all the time, and if the police arrest them without their passes they are not allowed to fetch them from their rooms, they have to go to jail (Wende & Williams 1992:8-9).

Chris vertel ook van 'n insident waar sy oupa vir 'n swartman in die bres getree het wat deur twee blanke polisiemanne geslaan is omdat hy nie 'n pasboek gehad het nie. Die ou man se protes teen hierdie hardhandige polisie-optrede het tot sy eie arrestasie gelei. Hy is vir 'n ruk in 'n sel opgesluit totdat sy seun hom kom haal het.

Bogenoemde insident illustreer die reaksie van 'n "liberale" blanke teenoor die passtelsel. Alhoewel Chris, sowel as sy oupa, simpatie met die swartes gehad het, kon hy homself nie werklik indink hoe dit moes voel om van dag tot dag 'n pasboek te dra nie.

Andre, die hoofkarakter in *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984), beskryf 'n insident waartydens hy en twee van sy maats een aand probeer om by 'n fabriek in te breek. Die nagwag by hierdie fabriek, Welcome Ludidi, het op dagga "geleef", en was sodoende in 'n "ander wêreld" toe hierdie seuns probeer inbreek het. Harries beskryf Welcome se toestand op daardie stadium as volg:

Hills and valleys trailed round Welcome Ludidi's hat now, and in these sweet, smoky homelands lay the wife and children he had left behind. Was he not there a man among men? And [sic] did his children's eyes not shine with a pride at his approach? The knobkierie between his hands became the sceptre of a king, and gone were the ignominious bachelor quarters in Nyanga and the tyranny of the pass book in his pocket (Harries 1984:42).

Die woorde "the tyranny of the pass book" is veelseggend. *Die verklarende Afrikaanse woordeboek* (1993) omskryf tirannie as volg: "dwingelandy; gewelddadige heerskappy, oorheersing". Welcome voel dus dat daar iemand (of iets) is - by implikasie die regering van die dag - wat hom oorheers, wat oor hom baasspeel, en nie sou huiwer om geweld te gebruik om sy wil op hom af te dwing nie. En in 'n poging om van alles te vergeet, gebruik hy dagga. Deur hierdie insident lewer die verteller sterk kommentaar op die heersende sosiale stelsel.

Die passtelsel word ook negatief in *Go well, stay well* uitgebeeld. Becky sien glad nie daarna uit om sestien te word nie, want dit het beteken dat sy dan 'n pasboek moes kry. Sy noem die pasboek 'n "stinker" en "Book of Death", teenoor Candy se "Book of Life" (identiteitsdokument). Een van die belangrikste redes waarom swartes hul pasboeke ten alle tye moes dra, was omdat dit inligting oor die betrokke persoon se werk- en woonplek (met ander woorde sy lewensgeskiedenis en bewegingsregte) bevat het. Dit moes op aanvraag van 'n polisie-offisier getoon word (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:377). Dit het dus hul vryheid van beweging ingeperk.

Dit voel vir Becky asof haar doodsvonnis geteken sal word met die verkryging van 'n pasboek, en dat dit aan haar sal kleef soos 'n slegte reuk vir die res van haar lewe. Weereens openbaar Candy haar onkundigheid ten opsigte van die apartheidsbeleid - sy het nie besef hoe 'n groot vernedering dit vir swartes was om 'n pasboek te dra nie. Ten einde in Soweto te kon bly, moes Becky volgens *Artikel 10* daarvoor kwalifiseer.³ 'n Vriendin van Becky se ouers het nie haar geboorte geregistreer nie, met die gevolg dat sy nie volgens *Artikel 10* gekwalifiseer het nie, en daarom uit Soweto "geëndosseer" is. Sulke inligting is ook in die pasboek deur die owerhede aangeteken. Dit is insidente soos hierdie wat daartoe aanleiding gegee het dat Becky die dag wat sy sestien sou word gevrees het, want alhoewel sy volgens *Artikel 10* gekwalifiseer het om in die stadsgebied te bly, kon 'n mens nooit seker wees oor wat gaan gebeur nie.

Die passtelsel kom ook ter sprake in Beverley Naidoo se *Journey to Jo'burg* (1985). Naledi en Tiro beland by geleentheid midde-in 'n "pass raid". Dit het beteken dat die polisie onverwags by 'n sekere strategiese punt (in hierdie geval 'n stasie) opgedaag het en voor die voet al die mense se pasboeke nagegaan het. Hulle moes toekyk hoe mense hardhandig behandel en sommige gearresteer word, insluitende 'n man wat nie sy pasboek by hom gehad het nie. Alhoewel Naledi en Tiro sy seun opgespoor het en hom gevra het om sy pa se pasboek te bring, kon hy dit nie betyds bring nie, en moes hulle toekyk hoe die polisie die seun se pa wegneem. Die seun was woedend, en het die pasboek neergegooi en gesê dat hy dit nog eendag sou verbrand. Hy kon nie verstaan hoe sy ouers dit maar eenvoudig verduur het nie.

Hierdie jong seun se reaksie is 'n uitbeelding van die wrewel wat die swart gemeenskap teenoor die passtelsel gekoester het. Opmerklik is die skerp, aggressiewe taal wat die swart karakters in hierdie insident gebruik, in teenstelling met die meer beheersde taalgebruik van die blanke karakters in *Msimangu's words*, wat ook die passtelsel beskryf.

5.4 Openbare geriewe

'n Aspek wat nou aansluit by aparte woongebiede, is die daarstelling van aparte openbare geriewe. Die eerste wetgewing wat in hierdie verband deurgevoer is, was die *Spoorweë- en Hawenswet* (1949). Dit het beteken dat treinwaens aan verskillende rassegroepe toegeken is (*South Africa in the 20th century* 1993:323). Dit het ook vir die openbare busdiens in stede gegeld. In sommige gevalle waar daar een bus deur blankes en nie-blankes gebruik is, het blankes gewoonlik onder gesit, terwyl nie-blankes bo gesit het.

Benewens die skeiding van vervoermiddele, is ander openbare geriewe, soos strande, swembaddens en biblioteke, ook geskei. In 1953 is die *Wet op Aparte Geriewe* deurgevoer wat afsonderlike openbare geriewe vir verskillende rasse wettig gemaak het. Hierdie wet wou rassevermenging beperk, sowel as om kontak uit te skakel en 'n "kleurgevoel" te behou (Coetzer 1991:278). Dié wet was die eerste van 'n reeks wette wat as die implementering van sogenaamde "klein apartheid" in Suid-Afrika beskou kan word (*South Africa in the 20th century* 1993:324).

In *92 Queens Road* skets die verteller 'n insident aangaande die gebruik van aparte busse. Soos in die geval van baie nie-blankes, was Kathy se familie afhanklik van die openbare busdiens vir vervoer. Eendag na 'n besoek aan vriende moes hulle weer oudergewoonte 'n bus terugneem huis toe. Dit was 'n verdiepingbus, of soos dit in daardie tyd bekendgestaan het, 'n "Whites Downstairs, Non-whites Upstairs" bus. Dolores was ver swanger en 'n vriendelike jong man het die kondukteur gevra of sy nie onder kon sit nie. Die bruuske antwoord was egter: "... he didn't make the laws and that laws were laws, besides, some white people might complain and he could lose his job" (Case 1991:88). Toe die bus stop, kon Dolores nie betyds die styl trappe afklim nie, sy het geval en as gevolg daarvan haar baba verloor.

Hierdie insident illustreer die onmenslikheid waarmee die toepassing van die apartheidsbeleid dikwels gepaardgegaan het en hoe dit mense se lewens beïnvloed het. Die blanke kondukteur was meer

begaan oor die nakoming van die reëls en regulasies, asook die behoud van sy werk, as om menslik teenoor die swanger vrou op te tree.

'n Soortgelyke insident word in *Journey to Jo 'burg* beskryf. In hierdie geval moes Naledi en Tiro die bus na Parktown neem om by hul ma uit te kom. By die bushalte sien hul 'n bus met die woord "Parktown" voorop. Sonder om twee keer te dink, staan sy nader om op die bus te klim, maar op daardie oomblik skree iemand vir haar: "What's wrong with you? Are you stupid?" (Naidoo 1985:32). Dit maak haar verbouereerd, want sy besef toe dat die bus wat sy wou neem, behalwe vir die swart drywer, net blankes in het.

Kort hierna ontmoet Naledi en Tiro vir Grace. Sy wys hulle dat daar 'n "wit" bordjie by die "blanke" bushalte, en 'n "swart" bordjie by die "swart" bushalte is. Die onderskeid word verder verskerp deur 'n bordjie op die nie-blanke busse wat sê "slegs nie-blankes". Sodoende wou die owerhede seker maak dat swartes hulle "plek" ken.

Toe Naledi om verskoning vra dat sy 'n fout aangaande die aparte busse gemaak het, was Grace se antwoord as volg:

'It's not *you* who should be sorry!' said the young women forcefully. '*They* should be sorry, those stupid people! Why shouldn't *we* use any bus? When *our* buses are full, *their* buses are half empty. Don't *you* be sorry!' (Naidoo 1985:33). (Eie kursivering.)

Grace maak deur bogenoemde kommentaar 'n duidelike onderskeid tussen "ons" ("we"/"our") en "hulle" ("they"/"their"). Die "ons" is verteenwoordigend van die nie-blanke gemeenskap, terwyl die "hulle" verteenwoordigend van die blanke deel van die Suid-Afrikaanse samelewing is. Sodoende word die duidelike skeiding tussen blank en nie-blank opnuut beklemtoon.

Nie-blankes moes gewoonlik hul huise vroeg verlaat ten einde hul werkplekke betyds te bereik. Hulle moes dan in lang rye staan en wag vir 'n bus of trein. Dikwels was hierdie vervoermiddele dan oorvol

gewees. In *Journey to Jo'burg* word die daaglikse ondervinding van duisende swartes met openbare vervoer gedurende die apartheidsera as volg beskryf:

It was rush-hour when they got on the train to Soweto and the children clung on tightly to Grace. There was no sitting space and it felt as if all their breath was being squeezed out of them. Grown-up bodies pressed in from above and all around them. Some people laughed, some people swore and others kept silent, as the train shook and lurched on its way (Naidoo 1985:40).

In *Love, David* vertel Anna, die verteller in die verhaal, hoe haar ma elke oggend donsvoordag moes opstaan ten einde haar werkplek betyds te bereik, en saans ná sonder eers tuisgekom het. Anna vertel dat haar ma twee busse moes neem om haar werkplek te bereik. Daardeur wil die skrywer die ongerief wat talle nie-blankes elke dag moes deurmaak om betyds by hul werkplekke te kom, asook die opoffering van hulle gesinne, onder die leser se aandag bring.

Oorvol treine word ook in *Go well, stay well* beskryf. Becky was laat vir haar tweede ontmoeting met Candy en sy het gedink sy gaan te laat wees, aangesien die trein oorvol was. Soos duisende ander swartes, moes Becky ongerief verduur ten einde te kom waar sy wou wees. "The train was very very crowded. I got 99.999 per cent suffocated ..." (Jones 1979:49).

Na hul ontmoeting, neem Candy 'n bus terug huis toe. Die "blanke" bus was vol, maar sy het aan Becky se woorde bly dink:

'In rush hours you can't move - or breathe,' Becky had told her, grinning. 'You could be stabbed to death and you wouldn't have enough air inside you to scream, and nobody would know you were dead until everyone started getting out at the station and you fell over ...' (Jones 1979:59-60).

Becky se opmerking ten opsigte van die oorvol treine kan as siniese kommentaar op die sosio-ekonomiese toestande van daardie tyd beskou word. Dit is asof swartes se lewens nie eintlik van veel waarde was nie en dit vanselfsprekend was dat hulle hierdie tipe ongerief en diskriminasie moes verduur. Dié woorde van Becky laat Candy skuldig voel, skuldig oor sy blank en bevoorreg is.

Daar is selfs ook vir afsonderlike ontspanningsgeriewe, soos strande, vir die verskillende bevolkingsgroepe voorsiening gemaak. Hierdie situasie word in *92 Queens Road* uitgebeeld. Die strand waarheen Kathy en haar familie vir 'n uitstappie gaan, word van die blanke strand deur 'n stormwaterpyp geskei - 'n simbool van die fisiese skeiding tussen blankes en nie-blankes. Tydens hierdie uitstappie gaan Kathy en haar vriende oor na die blanke strand, waar twee blanke kinders hulle kom help om 'n sandkasteel te bou. Na 'n man die sandkasteel verwoes het, beveel hy die blanke kinders om weg te kom van die kleurlingkinders, en jaag hy die kleurlingkinders na hul eie strand terug, omdat hy nie wou nie hê dat die blanke kinders met kleurlingkinders moes meng nie. Kathy kon dit nie verstaan nie:

I looked at the ruins of our castle and wondered what it was that made the man destroy something so beautiful (Case 1991:45).

Hieruit blyk dit dat Kathy nie 'n besef van apartheid gehad het nie, maar 'n mens moet in gedagte hou dat sy nog 'n kind was, en te klein om werklik te verstaan wat aan die gang was op daardie tyd in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. 'n Ouer meisie wat saam was, het egter geweet dat daar aparte strande vir blankes en kleurlinge was, en dat hulle die wet oortree het deur na die ander strand te gaan. Onskuldig vra Kathy wat beteken die woord "kleurling", en word as volg beantwoord:

She ran her forefinger along the outer length of my arm, from my shoulder to my finger tips.

"This ... is coloured. This brown skin is coloured. Those people are white, that is why they have a better beach than we do. We, on this side, we are all coloureds" (Case 1991:46).

Dié opmerking van die ouer meisie het Kathy laat vuil voel, en dit het haar laat wens dat sy haar bruinheid in die see kon gaan afwas, so asof dit 'n skande is om 'n kleurling te wees. Hierdie meisie noem ook dat die blankes 'n beter strand as hulle het, wat daarop wys dat blankes gewoonlik beter openbare geriewe gehad het as nie-blankes. Sy beklemtoon dus die feit dat blankes aanspraak op onder andere die beste geriewe in die land gemaak het.

Gedurende die apartheidsjare was daar min biblioteke vir nie-blankes. Biblioteke is hoofsaaklik in blanke gebiede gebou. Slegs een van die bestudeerde jeugromans maak melding van aparte biblioteke, naamlik *Not another love story* (1994) deur Dawn Garisch.

In hierdie verhaal bly Gail en haar jonger broer tydelik by 'n tante van hulle in Observatory (Kaapstad). Tant Stella is "onwettig" met Bert, 'n kleurling, getroud. Tydens haar verblyf by hulle, leer Gail vir Sarel ken. Aangesien Sarel sieklik was, bied Gail aan om sy boeke te gaan inhandig en dan weer sy biblioteekkaartjies vir hom te bring. Gail vra vir Bert om saam met haar na die mobiele biblioteek vir nie-blankes te gaan, en namens haar die boeke vir Sarel in te handig:

We had to wait in a queue for a while at the mobile library. I couldn't believe it. The Observatory whites-only library was a mere hundred metres away, and open every day except Sundays, but blacks who lived near the area had to wait for Tuesdays for the mobile library to park off at the station. I began to think that the government must consist of a bunch of morons (Garisch 1994:41).

Gail was aanvanklik baie naïef oor die politieke situasie in die land. Mettertyd het sy begin beseef wat dit beteken om deel te wees van dié groep wat deur die apartheidsbeleid te nagekom is, soos in die geval van aparte biblioteke. Blankes was bevoorreg om hul eie biblioteke met normale gebruiksure te hê. Hulle het ook toegang tot 'n wye verskeidenheid leesstof gehad. In skerp kontras hiermee het die kleurlinge slegs 'n mobiele biblioteek met beperkte gebruiksure en voorraad tot hul beskikking gehad.

Deur die voorsiening van beperkte biblioteekdienste aan nie-blankes gedurende die apartheidsera, is hierdie mense van een van die basiese regte van die mens ontnem, naamlik 'n mens se reg tot inligting. Dit was 'n bydraende faktor tot die agterstand by die meeste nie-blankes in Suid-Afrika, 'n agterstand wat vandag moeilik uitgewis kan word. Dit is moontlik wat die skrywer van *Not another love story* aan die leser wil oordra.

By 'n latere geleentheid gaan Gail weer na die blanke biblioteek om navorsing vir 'n skooltaak te doen. Sy vra vir die bibliotekaresse hoe 'n brief wat aan 'n nie-blanke behoort, in 'n boek in 'n blanke biblioteek kon beland. Die bibliotekaresse het haar as volg geantwoord: "Oh, the books are communal," she said. "They rotate through the libraries. It's only the people who are segregated" (Garisch 1994:65). Gail het later weer daarvoor nagedink: "It's like the air... The government separates the people, but they don't stop us breathing the same air" (Garisch 1994:65). Daardeur word die sinneloosheid en teenstrydighede van die apartheidsbeleid dus beklemtoon.

Blankes en nie-blankes is selfs nie toegelaat om in openbare plekke sosiaal te verkeer nie, soos beskryf in *Down Street* deur Lawrence Bransby (1989). Ted sou graag vir Christina na die Roxy wou neem om saam met haar iets te eet en gesellig te verkeer. Albei het geweet dat dit onwettig was. Christina kon in die Roxy as kelnerin werk, maar is nie toegelaat om by 'n tafel plaas te neem en self iets te geniet nie. Dit kan weereens as tipies van die absurditeite van die apartheidsbeleid gesien word - mense van verskillende rasse kon in dieselfde gebou, in dié geval 'n kafee, saam wees, solank hulle net nie saam aansit en sosiaal gesellig verkeer nie.

Die klem op die gebruik van afsonderlike openbare geriewe het nie-blankes net al hoe meer in opstand teen die apartheidsregering gebring. Dit is daarom begrypplik dat die wette rakende openbare geriewe van die eerstes was wat afgeskaf is toe die apartheidswette mettertyd uitgefaseer is.

5.5 Maatskaplike probleme

Die apartheidbeleid het aanleiding tot talle maatskaplike probleme gegee. Dit was soos 'n sneeubal wat al hoe groter geword het - die een probleem het aanleiding gegee tot 'n ander, en die probleem het gevolglik in omvang toegeneem. Kinders moes byvoorbeeld dikwels by 'n ouma of familielid gaan bly, aangesien die ouers in die stad moes werk. Dit het tot gesinsverbrotting gelei. Gesinsverbrotting het weer dikwels aanleiding tot armoede gegee, aangesien die ouers net van tyd tot tyd 'n geldelike bydrae kon stuur, of wanneer die ouers self noodsaaklikhede huis toe kon neem. Op sy beurt het dit weer daartoe gelei dat mense probeer het om hul inkomste aan te vul deur byvoorbeeld by dwelm- of dranksmokkelaarery betrokke te raak. Armoede is ook deur werkloosheid veroorsaak, wat weer dikwels aanleiding gegee het tot drankmisbruik. Drankmisbruik het weer onder andere aanleiding gegee tot die mishandeling van vroue en kinders. Dié faktore het daartoe bygedra dat kinders van hul huise af weggeloop het en op die strate begin leef het. Hierdie maatskaplike probleme word in die bestudeerde jeugromans gereflekteer.

5.5.1 Die verbrotting van gesinne en herklassifikasie

Die wetgewing wat in hoofstuk twee, afdeling 2.3.1, bespreek is, soos byvoorbeeld die *paswette* en die *Wet op Swart Stedelike Gebiede*, het grootliks bygedra tot die verbrotting van gesinne. Ouers was verplig om hul kinders by familieledes agter te laat terwyl hulle in die stede gaan werk het. Die omvang van dié probleem is reeds in afdeling 5.3 bespreek, en ook weer kortliks in die inleidende paragraaf tot hierdie afdeling aangeraak.

In *Journey to Jo'burg* word die uitwerking van hierdie spesifieke maatskaplike probleem in die lewe van Naledi, Tiro en Dineo uitgebeeld. Hulle woon by hul ouma, Nono, in 'n afgeleë dorpie in die platteland, terwyl hul ma in Johannesburg woon en werk - 300 km ver. Die kinders sien hul ma selde - sy stuur gewoonlik net vir hulle geld elke maand. Nadat Dineo ernstig siek geword het, besluit Naledi dat sy en Tiro hulle ma in Johannesburg moet gaan haal. *Journey to Jo'burg*, wat hulle reis na

Johannesburg uitbeeld, “illustrates the current struggle in South Africa and throughout the world against apartheid” (Gebhard 1990:45).

Die skrywer self beskryf hierdie reis as volg:

... the journey becomes a learning process, as the nightmare complexities of apartheid in the wider society are revealed to them. By the end of the journey, Naledi has begun to realize the wider dimensions of their own particular problems (*Beverly [sic] Naidoo* 1993:161).

In 'n opvolgverhaal tot *Journey to Jo'burg, Chain of fire*, word hierdie kinders se omstandighede raak uitgebeeld - weereens skreiende kommentaar op die onmenslikheid van die apartheidstelsel:

...Nono looked after them while their mother worked far off in the city for a white family. The law would not let Mma keep her children with her (Naidoo 1995a:7).

Uit beide *Journey to Jo'burg* en *Chain of fire* blyk dit dat baie van die besluite wat geneem moes word rakende die gesin, op die skouers van Naledi, as die oudste, val. In die eersgenoemde verhaal is dit sy wat besluit dat dit noodsaaklik is om haar ma te laat haal toe Dineo siek word. En in *Chain of fire* neem sy ook die leiding ten opsigte van wat hulle te doen staan om die gedwonge verskuiwing teen te staan.

Naledi is 'n jong tienermeisie wat 'n sorgvrye lewe behoort te geniet, maar dit was nie die geval nie - sy moes die verantwoordelikhede van 'n volwassene dra. Soos die geval met talle ander swart gesinne was, is hul gesinseenheid weens die beleid van afsonderlike ontwikkeling verbreek. Baie swart kinders, soos in die geval van Naledi, moes self help om na die gesin om te sien. Naledi en haar broer moes elke oggend by die dorpskraan water gaan haal vir die dag, en sy moes ook vir haar ouma help met koskook en van die ander daaglikse take in en om die huis. Hierdie take moes gewoonlik na skool verrig word.

Die situasie van Thomas, die hoofkarakter in *The magical bicycle*, was soortgelyk aan dié van Naledi. Die enigste verskil in Thomas se situasie was dat hy en sy susters nie so ver van hul ma af gewoon het nie, maar tog is die gesinseenheid verbreek. Hulle het by hul ouma in die swart dorp Wozani naby die stad gebly. Alhoewel sy ma 'n goeie werk as huisbediende gehad het, wat haar in staat gestel het om die basiese noodsaaklikhede - kos, klere, huur en skoolgeld - te dek, was daar nie enige geld vir luuksheid, soos byvoorbeeld 'n fiets, nie. Talle gesinne in Wozani was in dieselfde posisie as Thomas se gesin: "There were many other families there like Thomas's, with too many children and too little money" (Bregin 1992:8).

Dit is interessant om daarop te let dat, soos in *Journey to Jo'burg* en *Chain of fire*, 'n vader in *The magical bicycle* afwesig is. In dié verhaal word nie genoem wat van die pa geword het nie - of hy oorlede is, op 'n ander plek werk, of eenvoudig die gesin verlaat het nie. Deurdadig die ma moontlik die enigste broodwinner van die gesin is, word daar meer van haar verwag. Gevolglik kry sy min tyd om saam met haar kinders deur te bring, wat die gesinseenheid verder verbreek.

Ook in *Serena's story* (1990) deur Lesley Beake is 'n vader afwesig - hy word glad nie eens genoem nie. Serena bly saam met haar broer en suster by hul ouma in die swart dorp buite Pietersburg, terwyl hul ma in Johannesburg werk. Daar is dus in hierdie verhaal ook 'n ooreenkoms met dié van *Journey to Jo'burg* en *Chain of fire*.

Serena se ma het gereeld elke naweek huis toe gekom, maar een Saterdag was sy nie op die bus nie. Hierop het haar ouma as volg gereageer: "This girl is bad. She has gone with the rough men who live in Johannesburg - and how am I to feed you then?" (Beake 1990:4). Serena se ouma is bekommerd oor wat met haar ma gebeur het. Later in die verhaal kom dit wel uit dat Serena se ma by onwettige praktyke, naamlik dwelmsmokkelary, betrokke was.

Hier is die sneeubal-effek, waarvan vroeër melding gemaak is, duidelik sigbaar. Die gesinseenheid is verbreek deur die ma wat in Johannesburg moes gaan werk, maar aangesien haar salaris onvoldoende

was, het sy moontlik by dwelmsmokkelary betrokke geraak in 'n poging om haar inkomste aan te vul.

Opmerklik in die verhale wat tot dusver in hierdie afdeling bespreek is, is dat dit die ouma was wat na die kinders omgesien het, terwyl die ouer(s) in die stad moes gaan woon en werk. Dit is ook die geval in *A time to scatter stones* (1993) deur Jenny Seed:

...Their mother worked and lived in a white woman's house on the other side of the city. She came home to the township only at weekends, bringing a portion of her wages that somehow had to stretch to pay for all the needs of Grandmother, Audrey, Lindiwe and Audrey's younger brother who was known to everyone as Big Boy. Father never sent any money. He had gone to work in Johannesburg shortly after Lindiwe's birth and no one had seen him or heard from him since (Seed 1993:1).

Hier is dus weer sprake van die ma wat in die nabygeleë stad werk, terwyl die pa in Johannesburg werk. Maar sy gesin weet nie eens of die pa nog leef nie, aangesien hy nooit van hom laat hoor of geld stuur nie. En hul ma se karige inkomste moet in al hul behoeftes voorsien.

Soos Naledi, die hoofkarakter in *Journey to Jo'burg* en *Chain of fire*, val die verantwoordelikheid van die gesin op Audrey, die hoofkarakter in hierdie verhaal, se skouers. Dit is sy wat al die besluite moet neem oor wat om te doen in 'n spesifieke situasie. Na faksiegeweld in hul woongebied uitgebreek het, en hul huis ook afgebrand is, besef Audrey dat hulle uit die gebied moet vlug. Na verskeie ontberinge, kom sy en Lindiwe uiteindelik by haar ma uit, en dink sy:

"I'm here now with Ma. We don't have to go any farther. I don't have to think or plan any more. Ma will do everything that must be done" (Seed 1993:63).

Die sentrale tema in *A time to scatter stones* is die verbrokkeling van die gesinseenheid. Deur die hele verhaal hoop Audrey dat hul gesin weer eendag bymekaar gaan wees, en aan die einde van die verhaal weet sy dat dit sal gebeur:

... The family had been tossed away, like stones scattered on the hillside. Now they were coming together again. What had Granny said was written in God's book? There's a time to scatter stones and a time to gather them. Like stones being built back into a broken-down wall, the family was coming together again. Big Boy was back. Granny would come. Even Father was arriving soon from Johannesburg (Seed 1993:92).

Ten spyte van talle onbeantwoorde vrae, veral oor waar hulle gaan bly, is Audrey seker dat hulle gesin uiteindelik weer bymekaar sal uitkom: "Together, she was sure, they would find a way to live in the future" (Seed 1993:92). Hierdie woorde verwoord die hoop van talle swart gesinne gedurende die apartheidsjare - die hoop dat hulle eendag as "normale" gesinne sal kan funksioneer, met ander woorde as 'n hegte gesinseenheid en nie so geskei van mekaar hoef te woon nie.

Ook *The middle of somewhere* raak die kwessie van gesinne wat verbrokkel het, aan. In hierdie verhaal werk die ma as bediende in die blanke dorp, maar die verskil is dat sy elke Dondermiddag en elke tweede Sondagmiddag "afgegee" is sodat sy by haar gesin kan wees. Die pa daarteenoor kom elke aand huis toe, maar in die middag na skool is dit maar nog steeds die ouma wat na die kinders omsien. Ten minste het hierdie gesin nog tyd om saam deur te bring, maar dit is ook nie ideaal nie, want die ouers, veral die ma, is nie altyd daar nie.

In *Love, David* moes Anna se ma alles vir die gesin waarvoor sy werk, doen, en ten einde dit reg te kry, moes sy soggens baie vroeg van die huis af weggaan, en saans laat terugkom. Verder is Anna se ma baie lojaal teenoor haar werk, en sal selfs gaan werk as sy siek is. Haar kinders sien haar gevolglik maar min, wat bydra tot 'n swakker eenheid in die gesin. Anna beskryf haar ma se werksdag as volg:

...Her working day is very long. She has to leave home when it is still dark to wake up her madam's family at seven o'clock. By this time she will have prepared their breakfast and laid out their clothes. Her day ends after she has washed the supper dishes and tidied the kitchen. By the time she gets home most nights, it is already dark (Case 1986:11).

Die tema van gesinsverbrokkeling is ook in *Pig* deur Paul Geraghty (1988) ter sprake. Johannes se vrou en familie bly in die Transkei, terwyl hy in Kaapstad werk. Hy sien hulle slegs twee keer 'n jaar - gedurende die Julievakansies en oor Kersfees. Mike, 'n blanke seun en die hoofkarakter in die verhaal, kan homself nie indink hoe dit moet wees om jou gesin net twee keer 'n jaar te sien nie. Tog was dit die harde werklikheid van apartheid - slegs swartes wat "toestemming" gehad het om buite hul "tuislande" te werk, is in die stede "toegelaat". Om hierdie rede het dit dikwels gebeur dat die pa in die stad gewerk het, terwyl sy vrou en kinders in die tuisland moes agterbly.

In *Go well, stay well* word daar melding gemaak van Tom, Candy se gesin se huishulp, wie se vrou en kinders in die tuisland moes bly. Die volgende beskrywing van Tom se omstandighede is 'n sterk aanklag teen die apartheidsbeleid in die algemeen:

...He had a wife, living on a reserve some sixty miles north of Johannesburg, and children - the youngest was roughly Candy's age. But he hardly ever saw them. He had watched Candy grow up from babyhood while his own children had grown up elsewhere without him (Jones 1979:29).

Aansluitend by die kwessie van gesinsverbrokkeling, was die probleem van herklassifikasie⁴. Herklassifikasie het nie net 'n betrokke gesin geraak nie, maar gewoonlik 'n hele familie. Deur dié proses is broers en susters van mekaar geskei, of selfs vervreem.

In *92 Queens Road* het van Kathy se familieledede besluit om hulself te laat herklassifiseer weens die voordele wat dit vir die gesin sou inhou, onder andere beter opvoedkundige geleenthede vir die kinders. Haar ouma kon hierdie besluit van hulle egter nie verwerk nie, en die dag wat Peter (Kathy

se oom) vir haar kom vertel het dat sy gesin se aansoek suksesvol was, het Kathy se ouma gesê dat hulle voortaan nie in haar huis welkom is nie, want “[they] have killed my spirit” (Case 1991:52).

Tydens ’n besoek een aand aan oom Peter en sy gesin, was selfs die huis in donkerte gehul. Na afloop van die besoek, noem Dolores dat Peter baie dieselfde geaardheid as Reg (haar man en Peter se broer) het. Kathy se ma het egter nie saamgestem nie:

“Reggie [Peter’s brother] would never have done that!” ...”He didn’t want his neighbours to know that he had coloured people in his house and what is *he* anyway? No, my dear, he is *not* like Reggie!” (Case 1986:82).

Hierdie kleurlinggesin se herklassifikasie het dus tot “verdeeldheid” in die familie gelei. Peter was ooglopend skaam oor die feit dat hy as kleurling gebore is, en wou sover moontlik openlike kontak met sy familie vermy. Maar meer belangrik, omdat hy nou “blank” was, kon hy dalk met die gereg bots as dit bekend sou word dat hy sosiale kontak met “kleurlinge” - sy eie familie - gehad het.

Die tema van “herklassifikasie” kom ook in *The sound of the gora* (1984) deur Ann Harries sterk ter sprake. Hierdie verhaal speel rondom die onrus van 1976 af. Andre, die hoofkarakter in hierdie verhaal, raak bevriend met Caroline, ’n meisie van “gemengde bloed”. Sy het nie van haar afkoms geweet tot die dag wat sy op ’n opgeskeurde foto van ’n kleurlingmeisie afgekom het nie. Deur Dora, hul bediende, vind sy uit dat haar oorlede ma ’n kleurling was wat haarself laat “herklassifiseer” het. Haar pa was egter onbewus daarvan toe hy met haar getroud is, en was onder die indruk dat sy vrou ’n blanke weeskind was. Met die geboorte van haar jonger suster, Naomi, is die waarheid egter ontbloot, aangesien Naomi soos ’n kleurling gelyk het. Omdat Naomi “anders” gelyk het as haar blanke pa, en ooglopend van kleurling afkoms was, is sy aan haar grootouers gegee om groot te maak. So is sy van Caroline vervreem.

Met Andre se hulp, spoor Caroline vir Naomi op. Sy laat haarself as “kleurling” “herklassifiseer” en gaan bly by Naomi. So is hierdie twee susters wat vir dertien jaar van mekaar geskei was as gevolg

van hul klassifikasie, weer herenig. Caroline merk tereg op: “I mean I’m not White or Coloured, I’m *me*” (Harries 1984:143). Caroline se “herklassifikasie” het egter sosio-politieke implikasies vir haar ingehou. Dit het beteken dat sy haar bevoorregte posisie in die samelewing “verloor” het, aangesien sy nie meer “blank” was nie.

Dit is nie net kleurlinge wat hulself laat herklassifiseer het nie. Ook blankes het aansoek om herklassifikasie gedoen. In *Not another love story* het Stella, Gail se tante, aansoek gedoen om haarself as kleurling te laat herklassifiseer, aangesien sy met ’n kleurling getroud was. Die aansoek is egter afgekeur en Gail is nie eens ’n onderhoud toegestaan nie. Haar “voorkoms” was verkeerd, en sy was nooit deel van ’n kleurlinggemeenskap nie, of sou nie deur hulle aanvaar word nie. Aan haar kant van die familie was daar ook geen persoon met “gemengde bloed” nie. Op die ou end was sy bly dat sy nie ’n onderhoud toegestaan is nie, want sy het gevoel dat dit té vernederend sou wees. Aangesien Stella en Bert se huwelik op daardie stadium nie “wettig” in Suid-Afrika was nie, het hulle gevoel dat hulle nie langer in die land kon bly nie. Daarom het hulle besluit om na Botswana te emigreer. In Botswana sou hulle ten minste aanvaar word vir wie hulle is en nie aan die vernederings waaraan kleurlinge in Suid-Afrika onderworpe was, blootgestel word nie.

Die proses van herklassifikasie was een van die “hoekstene” van die apartheidsbeleid en is ingestel ten einde die Suid-Afrikaanse blanke ras so suiwer as moontlik te hou. Hierdie proses was, naas gedwonge woonbuurtskeiding en die migrasie van werkers, een van die belangrikste bydraende faktore tot gesinverbokkeling onder nie-blankes.

5.5.2 Armoede

Armoede is en was nog altyd kenmerkend van ’n groot deel van Suid-Afrika se bevolking. Gedurende die apartheidsjare was dit ’n wesentlike kenmerk onder veral die nie-blankes. Die *Collins dictionary of sociology* (Jary & Jary 1991:489) omskryf armoede as volg:

... the lack of sufficient material and cultural resources to sustain a healthy existence. Most discussions distinguish between *absolute* or *primary* poverty and *relative* or *secondary* poverty. 'Absolute poverty' refers to a lack of the basic requirements to sustain physical life; the subsistence poverty of not having sufficient food and adequate shelter... 'Relative poverty' is used to demonstrate the inadequacy of definitions of absolute or primary poverty by referring to the cultural needs of individuals and families within the context of the rest of the society. It is a relativistic definition which relates poverty not only to physical needs but also to the norms and expectations of society.

In hierdie verhandeling is dit veral eersgenoemde kategorie, naamlik absolute of primêre armoede, wat van belang is. Uit die omskrywing van absolute armoede is dit duidelik dat talle nie-blankes in dié kategorie val. Hierdie nie-blankes het 'n feitlik totale gebrek aan die basiese behoeftes - behoorlike behuising en voldoende kos - gehad om 'n normale gesonde lewensbestaan te voer. Die jeugromans onder bespreking lê veral sterk klem op dié kategorie van armoede.

Die *Nywerheidsversoeningwet* van 1956 het wetgewende gestalte aan die beginsel van werksafbakening gegee. Deur hierdie wet wou die regering die belange van blanke arbeid beskerm. Alhoewel voorstanders van die regeringsbeleid geargumenteer het dat die wetgewing ook ander groepe, soos die kleurlinge, teen kompetisie van swartes sou beskerm, was dit eerder daarop gemik om die posisie van die swarte op die onderste trap van die ekonomiese skaal te bevries (*South Africa in the 20th century* 1993:324-325). Swartes was dus hoofsaaklik tot die laer inkomstegroep vasgepen, wat daartoe aanleiding gegee het dat die verskynsel van armoede onder 'n aansienlike deel van die swart bevolking op groot skaal voorgekom het. Verder het dit ook tot 'n sosio-ekonomiese agterstand aanleiding gegee wat tot vandag toe nog nie ingehaal is nie.

Onder die afdeling "Woongebiede" (afdeling 5.2) is behuising reeds bespreek. Alhoewel aansienlike vordering met die voorsiening van behuising aan die stedelike swart bevolking in die vyftiger- en sestigerjare gemaak is, het die ekonomiese situasie in die landelike gebiede groot getalle swartes na

die stedelike gebiede laat stroom. Dit was onmoontlik om tred te hou met die voorsiening van behuising wat aanleiding tot die ontstaan van verskeie plakkerskampe rondom bestaande stedelike gebiede gegee het. Hierdie uitgebreide plakkerskampe is deur grootskaalse armoede gekenmerk.

Plakkershuise was gewoonlik karig gemeubileer en versier. In *Love, David* word daar 'n beskrywing van die meubels in so 'n plakkershuis gegee - 'n bed, 'n tafel en 'n stoel. Die stoel was tweedehands, wat Anna (die verteller van die verhaal) se ma by die mense vir wie sy werk, gekry het. Hul gesin se waardevolste items, soos haar ma se ornamente, is in kartondose onder die bed gestoor. Talle van hierdie items het haar ma ook by haar werkgewer gekry. Daar was ook geen ordentlike stoof nie - Anna se ma het gewoonlik op 'n Primus-stoof gekook. Verder moes koerantpapier wat in interessante patrone gesny is, as versiering dien op die rakke wat haar pa bo die tafel opgesit het. Hierdie dinge is tekenend van armoede - mense kom klaar met wat hulle het.

Anna se ma se werkgewer het ook ander dinge, behalwe ornamente en breekware, aan hulle gestuur, soos oorskietkos en klere wat vir haar kinders te klein was. Daarom het Anna gedink dat haar ma se werkgewer seker 'n goeie persoon moet wees. Tog het Anna, haar broer, David, en hul sussie, Baby, nie geweet wat dit is om byvoorbeeld genoeg te hê om te eet en om nuwe klere te besit nie. Die feit dat die blanke werkgewer vir hulle huishoudelike artikels, tweedehandseklere en oorskietkos stuur, kan dalk daarop wys dat hierdie persoon moontlik skuldig voel oor haar en haar gesin se oorvloedige lewe, terwyl haar werknemer in armoede lewe, en moet sukkel om elke maand met haar karige salaris uit te kom.

'n Verdere kenmerk van hierdie gesin se armoede, is dat David op karton en koerantpapier (wat ook van sy ma se werkgewer af kom) op die vloer moet slaap. Anna slaap op dieselfde bed as haar ma en pa - by hul voete - terwyl Baby tussen haar ouers slaap. Hierdie gesin is so arm dat hulle selfs hul slaapplek moet deel.

Ten einde ekstra geld te verdien, was David motors. Sy stiefpa kweek weer plante om te verkoop. Hul kos word aangevul deur die aanhou van hoenders.

Naby Anna-hulle se woongebied was daar 'n vlei waar mense Sondae piekniek hou. Sodra die mense die terrein verlaat, het die kinders gewoonlik gaan kyk wat agtergelaat is. Anna merk tereg op: "Rich people are so wasteful" (Case 1986:25). Sy verwys waarskynlik hier na blankes in die algemeen, want in daardie jare is blankes met rykdom geassosieer. Vir die kinders wou dit voorkom asof hierdie mense 'n oorvloed van kos het, en dit gevolglik maklik vermors. Deur hierdie insident word die kontras tussen blankes en nie-blankes se lewenswyses onder die leser se aandag gebring. Gedurende die apartheidsera het talle blankes in oorvloed geleef, terwyl die oorgrote meerderheid nie-blankes dikwels baie arm was.

Volgens Van Renen (1989:25) is *Love, David* "a refreshingly new approach to the realities of living in South Africa", en hy voeg by: "It shows how the daily lives of children ... are affected by poverty and by aspects of the South African social system".

In *The boy from the other side* deur Elana Bregin (1992) word 'n beskrywing van armoede uit 'n blanke se oogpunt geskets, en hoe dit deur nie-blankes self beleef is. In kontras met *Love, David*, is Lora (die hoofkarakter in hierdie verhaal) 'n bevoorregte blanke meisie. Ná 'n weeskind as gevolg van die geweld in die swart dorp by hulle kom bly het, was Lora bang dat geweld haar ook eendag sou raak. Op 'n vreemde manier het sy egter gevoel sy verdien dit om deur geweld aangeraak te word: "... it had something to do with the fact that she slept in a safe bed and always had food to eat while others starved and had their homes burned down" (Bregin 1992:12) - 'n aanduiding dat sy moontlik skuldig voel oor die oorvloed waarvan haar gesin gelewe het.

Lora se pa is 'n dokter wat vir die minderbevoorregtes omgee het. Hy het gereeld elke week die plakkerskampe om hul stad besoek. Na sulke besoeke het hy dikwels baie laat by die huis aangekom. Hierdie besoeke het hom uitgeput (fisies en geestelik), en moedeloos gemaak. Na een só 'n besoek het hy gesê:

'What good is it treating people with expensive medicines, when the real disease is hunger?'... 'Mothers bring their children to me sick with starvation, and all I can tell them is that they need food - as if they didn't know that already. What these people need isn't a doctor, it's a magician. Someone who can put food on their tables, who can conjure bread out of garbage, who can produce jobs out of thin air!' (Bregin 1992:24).

Hierdie kommentaar van haar pa het Lora so skuldig laat voel dat sy haar aandete nie meer kon geniet nie:

... Guilty. Her nice, wholesome supper before her, she'd force food into her mouth without enjoyment. Guilty if she ate. More guilty if she wasted what others couldn't eat. Every mouthful she swallowed seemed an affront to the desperate mothers with their starving children (Bregin 1992:24).

Maar as gevolg van haar pa se goeie werk onder die minderbevoorregtes wat hom dikwels en lank van sy gesin weggehou het, voel Lora afgeskeep. Sy het dikwels gehoor dat mense sê dat hy die grootste hart in Afrika het, maar vir haar lyk dit asof hy net plek in sy hart het vir die "weak and sick and suffering". Dit was asof sy "too healthy, too well-fed and unmarked" was om 'n plek in sy hart te verdien (Bregin 1992:25).

Dit is hoe armoede deur die oë van Lora gesien word. Daar is egter ook Gabriel, Lora se vriend, wat self arm is. Sy hele bestaanswyse is kenmerkend van sy armoede - hy het nie 'n vaste blyplek nie en om aan die lewe te bly, maak hy dinge, soos radio's, fietse en meubels, reg. Aanvanklik het Gabriel by 'n vrou, Rachel, gebly wat hom soos een van haar eie kinders versorg het.

Met een van hul ontmoetings vertel Gabriel vir Lora dat Rachel se kinders siek is; die jongste een is ernstig. Op haar vraag hoekom Rachel nie die kind dokter toe neem nie, antwoord hy haar min of meer in dieselfde woorde as haar pa:

... 'Don't you think she would if she had the money?' he said angrily. 'She hasn't even got money for food. How's she going to pay for a doctor, do you think?'...

'That's why they're sick,' he muttered. 'They're sick from hunger. How's a doctor going to fix that!'

He sounded just like her father ... (Bregin 1992:34).

Die woorde "They're sick from hunger. How's a doctor going to fix that!", kom nou van iemand wat weet wat dit is om honger te ly. Verder is dit interessant dat Lora haarself hierdie keer nie kans gee om skuldig te voel oor ander se armoede nie. Sy verander die onderwerp en vra Gabriel oor iets heeltemal anders uit. Dit kan egter as 'n ontvlugtingsmetode beskou word - sy wil net nie daaraan dink dat sy bevoorreg is en Gabriel nie.

Tydens hierdie gesprek vra Lora vir Gabriel wat hy met die hangertjie wat hy opgetel het, gedoen het. Hy sê dat hy dit polisiestatie toe gevat het, maar dit lyk nie of Lora hom glo nie:

'Well, what if I did steal it?'... 'Maybe I needed the money,'... 'Maybe I can't always get work when I need to. Maybe Ugly and I need to eat. Did that ever occur to you?'... 'Do you think I enjoy picking food out of other people's dustbins? Or maybe you think I just survive on leaves and grass!' (Bregin 1992:35).

Hierdie opmerking van Gabriel laat Lora weereens skuldig voel, omdat sy nooit opgemerk het hoe maer hulle albei is nie: "She hadn't noticed, because she hadn't wanted to notice" (Bregin 1992:35). Hierdeur verwoord Lora haar aanvanklike houding teenoor die armoede van nie-blankes, en beseft sy dat sy haarself daarteen blindgestaar en dit nooit raakgesien het nie.

Gabriel val Lora ook aan oor haar gerieflike lewenstyl, wat as 'n aanklag teen die blankes in die algemeen gesien kan word:

'You never had to miss a meal in your whole life, have you? You've never had to worry about anything! You look at those people across the river, and you think you're so much better than they are. You don't want anything to do with their lives. You don't want to know their troubles! You think you're such a superior person - so respectable - because you live in a nice house. Because you've got nice clothes to wear. Because you bath every day and you don't have to steal to eat.

'But what if you didn't have a father and a mother to look after you? What if there was no money for food and no way to get it? What if you had to watch your brothers and sisters dying in front of your eyes? Maybe you'd do anything to stay alive then, to keep your family alive. Maybe then you wouldn't be so respectable anymore' (Bregin 1992:36-37).

Soos vroeër genoem, het nie-blankes, as gevolg van werksafbakening ten gunste van blankes, meestal in die laer inkomstegroep geval. Aangesien hulle dikwels gesukkel het om met hul karige salaris uit te kom in 'n maand, was armoede kenmerkend van hierdie inkomstegroep. Soos blyk uit bogenoemde aanhaling, wil die skrywer deur middel van Gabriel se beskrywing van sy omstandighede die leser se aandag vestig op die feit dat talle blankes gedurende die apartheidsera hul bevoorregte posisie as vanselfsprekend aanvaar het en nie aan die meerderheid minderbevoorregtes (verwys spesifiek na nie-blankes) om hulle gedink het nie.

Na Gabriel se uitbarsting, vra Lora haarself af of armoede háár skuld is:

What was he attacking her for? she thought indignantly. What had she done that was so terrible? She had offered to help him, that was all; she had only been trying to help. Was it her fault that Rachel had had such a bad life? Was it her fault that people went hungry and

she didn't, that people had no homes and she did? What was she supposed to do? She was sick and tired of being made to feel guilty for things that weren't her fault (Bregin 1992:38).

Lora as blanke is egter deel van die bevoorregte deel van die samelewing, wat ook die minderheidsgroep in Suid-Afrika is, en dit is die blanke minderheidsregering wat die apartheidsbeleid ingestel het. Daar kan dus wel afgelei word dat sy deels skuld het aan die meerderheid van die land se posisie, insluitende die armoede waarin hulle verkeer, omdat sy haar aanvanklik daarteen blindgestaar het.

In *The magical bicycle* word die blanke woongebied Silverton "the white suburb of plenty" genoem, soos reeds onder die afdeling "Woongebiede" (afdeling 5.2) bespreek. Tog is dit belangrik om hierdie aspek onder hierdie afdeling weer uit te lig. Die verteller, Thomas, bring die duidelike kontras tussen Silverton, die blanke woongebied, en Wozani, die swart dorp, onder die leser se aandag. In Silverton is armoede 'n ongekende verskynsel - selfs die honde kry genoeg om te eet. Daarom kom Thomas tot die gevolgtrekking dat die mense in hierdie woonbuurt ryk is. Daarteenoor is daar mense in Wozani wat dikwels honger ly - armoede is dus 'n alledaagse verskynsel. Gevolglik verskil die blanke en swart woongebiede soos dag en nag van mekaar, al is hulle naby mekaar geleë.

Die tekens van armoede word ook in *Crocodile burning* beskryf. Seraki se ouers is te arm om hul eie huis, selfs 'n plakkershuis op 'n eie erf, te besit. Daarom bly hulle in 'n plakkershuis op iemand anders se erf. Seraki is egter bevoorreg om uit hierdie armoede weg te kom deurdat hy by 'n teatergroep aansluit. Hul musiekblyspel is so 'n sukses dat hulle in Amerika gaan toer. Dit is tydens hierdie toer wat hy leer wat dit is om genoeg te hê, en nie in armoede te leef nie.

In *Serena's story* is daar ook sprake van armoede, waarna reeds onder die afdeling "Die verbrokkeling van gesinne en herklassifikasie" (afdeling 5.5.1) verwys is, en later in hierdie hoofstuk, onder die afdeling "Alkohol- en dwelmmisbruik" (afdeling 5.5.4), kom dit weer ter sprake. Armoede is 'n belangrike sekondêre tema in *The strollers* deur Lesley Beake (1987), maar aangesien dit so

verweef is met die hooftema van straatkinders word dit onder die volgende afdeling, "Straatkinders" (afdeling 5.5.3), in meer diepte bespreek.

Armoede is eintlik so nou verweef met die sosiale probleme wat alreeds bespreek is en nog bespreek gaan word, dat dit moeilik is om dit heeltemal los te maak en as 'n afsonderlike maatskaplike probleem te beskou. Daarom word daar met hierdie bespreking oor armoede volstaan.

5.5.3 Straatkinders

Die verskynsel van straatkinders is 'n komplekse sosiale probleem wat wêreldwyd voorkom. Soos reeds genoem, het die apartheidsbeleid daartoe bygedra dat die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking in armoede geleef het. En armoede het weer tot ander probleme gelei, soos die verskynsel van straatkinders. Die probleem van straatkinders is aansienlik vererger deur die omvang van die maatskaplike probleme wat die toepassing van die apartheidsbeleid tot gevolg gehad het. In hierdie afdeling word na die uitbeelding daarvan in sekere van die bestudeerde jeugromans gekyk.

Straatkinders is kinders wat op straat leef, dikwels op soek na iets beters. Hulle het weens armoede van hul ouerhuse weggehoop, óf weens probleme, soos mishandeling deur hul ouers (in baie gevalle stiefouers), óf weens probleme op skool. Hulle het op 'n vryer lewe op straat gehoop.

Die tema in Lesley Beake se *The strollers* (1987) is 'n uitbeelding van die lewe van die straatkinders van Kaapstad. Die leser kry insae in die komplekse aard van die probleem in die wêreld waarin hierdie kinders hul bevind. Die skrywer het die tema goed nagevors, soos blyk in die voorafgaande erkennings in die boek, waarin sy die *Instituut van Kriminologie* (Universiteit van Kaapstad) bedank vir hul hulp tydens haar navorsing oor die straatkinders van Kaapstad.

The strollers is in 1987 met die Maskew Miller Longman *Young Africa Award* bekroon. Hierdie boek is oor die algemeen gunstig deur die kritici ontvang.

“The Strollers” is a realistic, yet entertaining look at the street children of Cape Town. The judges described it as “a lovely slice-of-life tale that will appeal to both boys and girls across a wide social spectrum. It is down to earth and memorable with good doses of humour” (*Maskew Miller Longman awards* 1987:6).

In spite of all the merits of this award-winning book, the story remains a well-researched documentary, an uncomfortable indictment on certain aspects of society immediately about us. It is an insight into a distressfully real world and even if I find the storyline and the potential audience possibly a limited one, it remains a book that should be read. The message lingers... (Shaper Cohen 1987:6).

Mrs Beake’s gentle, sometimes mercy-tempered cynicism and her deft handling of the subject as a whole bring it well within the reading ambit of adults as well” (Abendroth 1988:6).

Die titel van hierdie jeugroman verwys na die benaming vir straatkinders, en die verhaal begin deur die term “stroller” te omskryf. Hierdie omskrywing kan as ’n goeie algemene omskrywing van die term “straatkind” gesien word:

A stroller is someone who don't [sic] sleep by his house. He don't [sic] eat by his house - he eats by the bins. A stroller is someone who think [sic] he is free. Do [sic] what his mind say (Beake 1987:1).

In *The strollers* sluit Johnny, die hoofkarakter, aan by die straatkinders nadat hy sy ouerhuis verlaat het aangesien sy stiefpa hom mishandel het. Die verhaal handel oor sy lewe op straat saam met die ander “strollers” - hul gesukkel om ’n bestaan te maak deur onder andere te bedel, en hul oorlewingstryd van dag tot dag:

... it paints vivid word pictures of the life of young homeless people and the challenge of everyday survival (Heale 1996:32).

Die snuif van veral gom en spiritus is 'n groot probleem onder straatkinders. Hierdie probleem word in meer detail in die volgende afdeling "Drank- en dwelmmisbruik" (5.5.4) bespreek. Ander probleme waarmee hulle te doen gehad het, was die "bergies" (dit is boemelaars wat gewoonlik teen die hange van Tafelberg bly) en die polisie wat van tyd tot tyd die strate "skoon gemaak het" van "strollers" en "bergies".

Die straatkinders het so ver dit moontlik was, uit sig gebly. Dit beteken dat sommige mense hulle nie eens meer raakgesien het nie:

The children drifted like smoke across the city, visible, but not seen. Often the people in the streets, real people ..., could pass them close enough to touch without knowing they were there (Beake 1987:66).

Maar ander mense het hulle net raakgesien as 'n probleem op die strate, en kon nie verstaan hoekom hulle daar is nie:

And the other problem with people seeing was that sometimes their eyes *only* saw things like strollers. This kind of person saw the children, but didn't see *why* they were strolling (Beake 1987:67).

Johnny het besluit om terug te gaan huis toe, nadat hy tot die besef gekom het dat hy as 'n "stroller" nie werklik vry is nie:

Strollers say they are free but they really have no freedom. They cannot free themselves from drugs and the need to beg. They are not free to choose another life-style (Woodward 1988:52).

Kinders het egter nie net op straat beland as gevolg van probleme by hul ouerhuis nie. Soms was die geweld in die swart dorpe so hewig dat kinders daarvan weggevlug het, en dan op straat beland het. In Jenny Seed se *A time to scatter stones* (1993) het Audrey se broer as gevolg van faksiegeweld op straat beland, omdat hy nie aan die gevegte wou deelneem nie. Die skrywer slaag daarin om deur hierdie verhaal die nadelige uitwerking van geweld op die gesinseenheid, wat kenmerkend van die apartheidsera was, te onderstreep.

Straatkinders is en was nog altyd 'n probleem. Een van Beverley Naidoo se onlangse werke, *No turning back* (1995), handel ook oor straatkinders. Aangesien hierdie verhaal nie gedurende die apartheidsjare afspeel nie, word dit nie in diepte bespreek nie, maar slegs hier genoem. Hierdie verhaal speel af in Johannesburg, in die tydperk van die “nuwe” Suid-Afrika. Dit is belangrik om te onthou dat sekere maatskaplike probleme, soos armoede en drankmisbruik, altyd daar sal wees en nie met die beëindiging van die apartheidsera verdwyn het nie. En dit is juis sulke probleme wat daartoe gelei het dat Sipho, die hoofkarakter, sy huis verlaat het en by die straatkinders van Johannesburg aangesluit het.

5.5.4 Drank- en dwelmmisbruik

Armoede is seker een van die belangrikste faktore wat tot die misbruik van drank aanleiding gee. Dit is dus 'n uitvloeisel van armoede, en gedurende die apartheidsera was armoede een van die belangrikste gevolge van die toepassing van die apartheidbeleid. Dit is asof mense hul toevlug tot drank geneem het ten einde van hul probleme, veral hul armoede, en selfs van apartheid, te probeer ontvlug, soos sal blyk uit die bespreking van die jeugromans waarin dié probleem ter sprake kom.

Drankmisbruik beteken dat 'n persoon te veel alkohol gebruik, maar nie noodwendig daaraan verslaaf is nie. So 'n persoon kan nie noodwendig 'n alkoholis genoem word nie - hy/sy kan nog daarsonder klaarkom. Drankmisbruik bly nog steeds 'n probleem, want dit kan tot alkoholisme lei. Alkoholisme word in die *Collins dictionary of sociology* (Jary & Jary 1991:13) omskryf as “the

consumption of alcohol to excess, leading to psychological and physical dependency and addiction". In die bestudeerde jeugromans is dit meer drankmisbruik, as alkoholisme, wat aangespreek word.

Hoewel Anna en David (die hoofkarakters in *Love, David*) se pa lief was vir sy drank, was daar tog sommige aande wat hy nugter huis toe gekom het. Anna beskou haar pa se drinkgewoontes nie as 'n probleem nie: "He takes his drink, but he does not worry anybody" (Case 1986:33). Maar David dink anders oor die saak: "There is only one thing he really loves and that is his bottle" (Case 1986:41). David het dus tot die besef gekom dat sy stiefpa wel 'n drankprobleem het, en die feit dat sy stiefpa nie daaraan iets doen nie, maak hom opstandig.

Uit verskeie insidente in die verhaal blyk dit duidelik dat David en Anna se pa 'n drankprobleem gehad het. Hoewel Anna en haar ma vir hom bang was, was dit nie die geval met David nie. Wanneer sy stiefpa in sy dronkenskap met hom gesukkel het, het David gewoonlik weggeloop en vir 'n paar dae nie huis toe gekom nie.

Drankmisbruik kom ook in *The strollers* ter sprake. Abel, Johnny se vriend, het aanvanklik die geld wat hy op straat verdien het, huis toe geneem, maar sy pa het dit net op drank uitgegee, en daarom het hy besluit om nie terug te gaan huis toe nie. Hy het eerder by 'n bende straatkinders aangesluit en die geld wat hy verdien het, met hulle gedeel.

Johnny se stiefpa het ook 'n drankprobleem gehad. Ten spyte van die feit dat sy gesin arm was, het sy ma altyd vir sy werklose stiefpa geld gegee het vir drank. By implikasie, was Johnny se stiefpa 'n slagoffer van werksafbakening tydens die apartheidsera [reeds bespreek onder die afdeling "Armoede" (afdeling 5.5.2)]: as nie-blanke kon hy nie werk kry nie, en het hy hom gevolglik gewend na drank in 'n poging om van sy "ellende" te vergeet.

In *Pig* deur Paul Geraghty (1988) leer Mike ook 'n ander sy van sy vriend Johannes ken. Een aand loop hy per toeval vir Johannes raak, maar hy is so dronk dat hy skaars met Mike kon praat. Mike is

geskok en het gemaak dat hy gou wegkom. Volgens Jenkins (1993:137) word stereotipering in hierdie verhaal vermy deurdat Johannes ook net menslik is, soos blyk uit hierdie insident:

Another stereotype is avoided when Mike sees the old man drunk. There is none of the amusing, foolish *outa* about him, and Mike simply feels embarrassment.

Die volgende middag sien Mike weer vir Johannes soos hy normaalweg is. Johannes is enige tyd bly om hom te sien, ten spyte van omstandighede - 'n bewys van sy vriendskap. In hierdie verhaal word daar net een keer na Johannes se drinkery verwys, soos in die insident hierbo beskryf. Die verbrokkeling van gesinne as gevolg van instromingsbeheermaatreëls gedurende die apartheidsera, soos in Johannes se geval, het dikwels tot geweldige sosiale probleme aanleiding gegee, waarvan drankmisbruik een van dié belangrikste was.

'n Ander probleem wat in van die bestudeerde jeugromans aangespreek word, is die afhanklikheid van gewoontevormende middels, soos dagga, of die snuif van gom of spiritus. Volgens die *Collins dictionary of sociology* (Jary & Jary 1991:174) word dwelmverslawing of -afhanklikheid ("drug addiction or drug dependency") as volg omskryf:

... a chronic physical and psychological compulsion or craving to take a drug, in which the person concerned must continue to take the drug in order to avoid unpleasant physical and psychological effects resulting from withdrawal from the drug.

'n Groot probleem onder die straatkinders is dat hulle veral spiritus snuif, ofte wel "to make a pinie", om van hul daaglikse probleme te probeer vergeet. In *The strollers* word beskryf hoe Johnny een keer te veel gesnuif het:

...It was bad man - the worst. The waves of sickness swept over him, and he felt he would never be well again. His head ached and there was a horrible, horrible taste in his dry mouth, but the worst was the feeling of fear. Things he had no reason to be afraid of, like a bicycle or an umbrella in somebody's hand, had suddenly become terrifying. It was bad, man.

While he was lying there he understood, quite clearly, the problems the children had. He saw that people passing didn't *see* him, though. Man, they hardly looked. And he was just going to find the answer to Everything when he fell asleep. That's why sniffing was so bad. It brought you close to things, it brought you real close, but then your mind stopped working before you had time to look about you and see where you were (Beake 1987:67).

In *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984) word daar ook een keer verwys na 'n persoon wat dwelms gebruik, in die geval dagga. Die nagwag by 'n fabriek gebruik dagga, met die gevolg dat hy snags nie weet wat om hom aangaan nie. Andre (die hoofkarakter in die verhaal) se vriend, Billy, se pa is die verskaffer van die dagga, en terwyl hierdie nagwag onbewus is van wat om hom aangaan, gee dit die kinders kans om in te breek .

In *Love, David* raak David ook by 'n dwelmsmokkelnetwerk betrokke. Sy taak was gewoonlik om met die aflewering van pakkies dagga te help. David het gedink dat hy goeie inkomste verdien - honderd rand per week - maar op 'n dag is hy met die dagga by hom gevang. Hy is op borgtog vrygelaat, en na afloop van die hofsak, is hy na 'n "veiligheidsoord" in Tulbagh gestuur.

David se huislike omstandighede het hom gedryf om by onwettige praktyke betrokke te raak. Sy gesin was baie arm. Dan was daar ook sy stiefpa wat gedrink en hom gedurig geslaan het, en volgens David was sy stiefpa nie lief vir hom nie. Hier is weer sprake van die sneeubal-effek wat vroeër bespreek is - armoede en ongelukkige huislike omstandighede het David by 'n dwelmsmokkelnetwerk laat betrokke raak, wat weer daartoe gelei het dat hy met die gereg gebots het, en dat hy uiteindelik in 'n "veiligheidsoord" beland het.

In *Serena's story* het Serena se ma ook by 'n dwelmsmokkelnetwerk betrokke geraak. Thandi, Serena se ma, het in die tronk beland weens die besit van dagga. In die tronk sit sy en nadink oor haar lewe, en oor hoe sy in die situasie waarin sy haar tans bevind, beland het:

Thandi, I sometimes say to myself, it wasn't *all* your fault. But it was bad. Sometimes I think, when they put a stone on my grave, they must write those words. It was bad. It wasn't as if I didn't try. God knows, I tried. But this last year it just got too heavy. Too heavy (Beake 1990:43).

Thandi is dus nog 'n voorbeeld van 'n persoon wat deur omstandighede gedryf is om by onwettige praktyke betrokke te raak. Volgens haar was dit nie lonend om 'n huishulp te wees nie:

Thirteen rands a month rich - and ten rands to be sent home to Gogo to feed the children ...

I can remember them all. All the madams. All their children who were sometimes polite to me and sometimes not. All their dogs that I had to feed and look after. All their cars that I had to clean (Beake 1990:43,44).

Soos in die inleidende paragraaf verduidelik is, het maatskaplike probleme 'n sneeubal-effek gehad, waarvan drank- en dwelmmisbruik wat uit armoede voortgevloei het, dié probleem is wat die hegte gesinseenheid direk geraak het en sodoende tot die verbokkeling daarvan gelei het, soos byvoorbeeld duidelik blyk uit *Love, David* en *Serena's story*. Tog het hierdie probleme nie met die beëindiging van apartheid verdwyn nie - dit is vandag al groter wordende probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing.

5.5.5 Mishandeling van vroue en kinders

Die laaste maatskaplike probleem wat bespreek word, is die mishandeling van vroue en kinders. Hierdie probleem word dikwels uitgebeeld as die onmiddelijke gevolg van drankmisbruik.

In *Love, David* het David en Anna se pa dikwels hul ma geslaan. Hy was 'n man wat maklik sy humeur kon verloor, wat dan daartoe gelei het dat hy sy vrou geslaan het. Een keer het hy sy vrou so mishandel dat sy by haar werkgewer vir 'n paar weke gebly het, voordat sy weer huis toe gekom het. Tog raak Anna nie kwaad vir haar pa nie - sy kry hom net baie jammer.

In die verhaal is daar etlike voorbeelde waar David en Anna se (stief)pa hulle mishandel. Hy het hulle nie slegs 'n ordentlike pak slae gegee as hulle iets verkeerd gedoen het nie, maar dikwels sy humeur verloor en gevolglik sy kinders mishandel. Die feit dat David se stiefpa hom so hardhandig behandel het, was moontlik die oorsaak dat hy by onwettige praktyke betrokke geraak het. Van Renen (1989:26) maak in hierdie verband die volgende opmerking:

A consistent feature of the narration is the absence of moral judgement or condemnation on the part of Anna [the narrator]. however hard Dadda is on David, and some of his punishments are violent, the narrator sustains a balanced response towards both, blaming a lack of understanding between them for the ongoing conflict. Ironically it is Dadda's most violent outburst - which sends David back into the arms of a drug-peddling gang and thence to a place of safety - that prepares the way for their eventual reconciliation.

Johnny, die hoofkarakter in *The strollers*, het ook 'n stiefpa gehad wat hom geslaan het. Elke keer as Johnny nie by die skool was nie, het sy stiefpa hom geslaan. Sy stiefpa wou hom dwing om in die skool te bly en kon nie verstaan waarom Johnny nie wou skool toe gaan nie. Elke keer as sy stiefpa hom geslaan het, het die lyfband merke op sy lyf gelaat - 'n duidelike teken dat sy stiefpa hom nie net

'n gewone pak slae gegee het nie, maar mishandel het. Die feit dat sy stiefpa hom nie verstaan het nie, en gedurig geslaan het, het grootliks gelei tot Johnny se besluit om by die "strollers" aan te sluit.

In *No turning back* het Siphon ook as gevolg van mishandeling deur 'n stiefpa besluit om die huis te verlaat en op straat te leef. Hy wou nooit weer terug gaan huis toe nie. Tog, na hy by 'n skuiling vir straatkinders uitgekóm het, het die maatskaplike werker hom geneem om sy ma te sien. Hulle het gedurende die dag gegaan, aangesien sy stiefpa dan nie tuis is nie. Maar tog wou hy nie weer permanent by die huis gaan bly nie - hy was gelukkig waar hy was.

Die probleem van mishandeling van vroue en kinders is in die jeugromans onder bespreking sekondêr tot die hooftema van die verhaal. Net soos in die geval van drank- en dwelmmisbruik het hierdie probleem nie met die beëindiging van apartheid opgehou nie, maar is dit 'n probleem wat in omvang toeneem.

5.6 Samevatting

Sosio-ekonomiese toestande gedurende die apartheidsera is waarskynlik dié aspek wat die meeste in die bestudeerde jeugromans uitgebeeld word. In hierdie hoofstuk is die uitbeelding van die verskeie fasette daarvan bespreek, asook die uitwerking wat dit op menselewens gehad het.

Skrywers van jeugverhale wat dit gewaag het om die sosio-ekonomiese toestande en ander diskriminerende aspekte van die apartheidsera onder die soeklig te plaas, het gepoog om die breër publiek, veral blanke Suid-Afrikaanse kinders, van die verontregting van mense gedurende hierdie tydperk bewus te maak. Hierdie jeugromans het en sal kinders van alle bevolkingsgroepe help om die verlede beter te verstaan, en meer begrip vir mekaar te ontwikkel. Begrip vir mekaar kan weer daartoe bydra dat wedersydse verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe verbeter.

In die volgende hoofstuk sal daar na die uitbeelding van onderwystoestande gedurende die apartheidsera gekyk word. Hierdie aspek sluit nou aan by die sosio-ekonomiese toestande wat talle mense se lewens beïnvloed het.

Endnotas

1. 'n "Black spot" word deur die Surplus People Project (SPP) as volg beskryf: "This is an official term that is generally used to refer to African freehold land which was acquired before the 1913 Land Act and which lies outside the scheduled or released areas. It is one of the categories of land threatened with removal because it falls within what is considered the white area" (Surplus People Project 1983:xvii).

2. Stereotipering het in van die bestudeerde jeugromans na vore gekom. Die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* (Labuschagne & Eksteen 1993, s.v. 'stereotipe²') omskryf 'n **stereotipe** as volg: " 'n Vaste indruk in die gees van iets of iem., wat nie nuanses e.a. verskille of variasies in ag neem nie". **Stereotipeer** word weer omskryf as: "In starre formaliteit vaslê" (Labuschagne & Eksteen 1993, s.v. 'stereotipeer'). In terme van die verhandeling, beteken stereotipering dus om 'n spesifieke indruk van nie-blankes, veral swartes, óf blankes te hê.

Volgens Van Arkel (soos aangehaal deur February 1992:314) kom stereotipes voor as die volgende kenmerke aanwesig is: stigmatisering; sosiale afstand; en terrorisering. Eersgenoemde twee kenmerke is duidelik in die jeugromans wat in hierdie verhandeling bespreek is, aanwesig. Stigmatisering beteken dat 'n spesifieke kenmerk aan 'n sekere rassegroep toegeken word, byvoorbeeld: alle swartes is lui/sleg, of alle blankes is ryk. Sosiale afstand beteken dat kontak tussen blank en nie-blank sover as moontlik vermy word, soos blyk uit die toepassing van die apartheidse beleid. Terrorisering beteken as een persoon van 'n spesifieke rassegroep 'n ander persoon van dieselfde rassegroep dreig, omdat eersgenoemde persoon bewus geraak het dat die ander persoon met iemand van 'n ander rassegroep saamwerk, soos byvoorbeeld 'n swart informant wat in diens van die destydse blanke regering was en wat as gevolg daarvan met gewelddadige optrede deur ander swartes in die swart gemeenskap gedreig is. Hierdie kenmerk is nie so pertinent aanwesig soos die eersgenoemde twee kenmerke nie, maar dit kom tog wel voor.

3. *Artikel 10 van die Swart Stedelike Gebiedewet van 1945* (soos gewysig) het bepaal dat swartes slegs in stedelike gebiede kon bly op grond van die volgende kwalifikasies: geboorte; ononderbroke indiensneming deur dieselfde werkgewer vir 'n tydperk van 10 jaar (nie 10 jaarlikse kontrakte nie); ononderbroke verblyf vir 15 jaar. Sonder hierdie kwalifikasies, kon swartes slegs vir 72 uur in 'n blanke gebied vertoef. Indien hy na hierdie tydperk nog steeds in die blanke gebied was, kon hy gearrester word en moontlik gedeporteer word na sy betrokke tuisland (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:424).

4. In 1950 is die *Bevolkingsregistrasiewet* goedgekeur. Dit het voorsiening gemaak vir die klassifikasie van die bevolking in blankes, Indiërs, kleurlinge en swartes. 'n Individu se rassegroep is bepaal deur sy voorkoms en deur algemene aanvaarding en reputasie (*South Africa in the 20th century* 1993:323). Hierdie wet het ook voorsiening gemaak vir 'n spesiale rasseklassifikasieraad om appelle van mense wat beweer het dat hulle verkeerd geklassifiseer is, aan te hoor. Ten einde tot 'n besluit te kom, het hierdie raad genealogie en voorkoms as maatstaf gebruik. Gevolglik moes 'n persoon wat om herklassifikasie aansoek gedoen het, kon bewys dat beide sy ouers blank was, of dat hy/sy blank in voorkoms was en deur ander blankes as blank aanvaar is (*Reader's Digest illustrated history of South Africa* 1995:393).

HOOFSTUK 6

DIE UITBEELDING VAN ONDERWYSTOESTANDE

6.1 Inleiding

Onderwystoestande as gevolg van die onderwysbeleid gedurende die apartheidsera sluit nou aan by die sosio-ekonomiese toestande van die tyd. Gedurende hierdie tydperk was die swak onderwystoestande in swart skole een van die vernaamste oorsake vir die ontevredenheid en opstandigheid onder die swart bevolking. Dit is dus te begrype dat hierdie toestande ook in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur uitgebeeld sou word, aangesien kinders se houdings en persepsies direk deur die toestande in die onderwys beïnvloed word.

Die *Wet op Bantoe-onderwys* het tot die invoering van 'n gedifferensieerde stelsel van onderwys gelei, soos reeds uitvoerig in hoofstuk twee, afdeling 2.3.1, bespreek is. Uit die bespreking van die onderwysbeleid wat teenoor nie-blankes, veral swartes, gevolg is, is dit duidelik dat hul onderwysstelsel heeltemal van dié van die blankes verskil het. Daar is geglo dat swartes “anders” is en gevolglik op 'n “ander” manier as hul blanke eweknieë onderrig moes word. Die beleid van **afsonderlike ontwikkeling** het dus ook neerslag in afsonderlike onderwysstelsels en skole gevind.

Die onderwysstelsel vir swartes het algemeen bekend gestaan as “Bantoe-onderwys” en het 'n algemeen aanvaarde term geword, soos blyk uit die literatuur wat bestudeer is. Gevolglik word die term “Bantoe-onderwys”, in plaas van “swart onderwys”, gebruik in die bespreking wat volg oor die onderwystoestande gedurende die apartheidsera.

6.2 Perspektiewe op die onderwysstelsel in die bestudeerde jeugromans

In die jeugromans onder bespreking word swart onderwys feitlik deurgaans in 'n negatiewe lig gestel. 'n Moontlike rede hiervoor is die wyse waarop die *Wet op Bantoe-onderwys* toegepas is. Vervolgens word verskillende perspektiewe op die onderwys, spesifiek Bantoe-onderwys, soos dit in die bestudeerde jeugromans uitgebeeld word, bespreek.

In *Go well, stay well* deur Toeckey Jones (1979) lewer Becky se oom siniese kommentaar op hierdie onderwysstelsel. Hy beskou die handboeke wat in swart skole gebruik word, as 'n soort indoktrinering deur die regering:

'My uncle calls it **Brainwashing Evil***. He tells me all the time not to believe what the government tries to teach us in our text books. But I know about the bias. I'm not stupid' (my onderstreping en gebruik van vetgedrukte letters) (Jones 1979:52). (*'n Siniese sinspeling op *Bantu Education*.)

In hierdie gesprek tussen Becky en Candy word laasgenoemde daarvan bewus dat slegs blankes "gratis" onderwys ontvang.¹ Daarteenoor moes swartes skoolfooi betaal en self hul handboeke aankoop. Candy se ongeloof by die aanhoor van hierdie feite spreek van haar naiwiteit oor die apartheidsbeleid - iets wat algemeen onder blanke skoolkinders van daardie jare was. Sy beskou dit as "criminal" dat so 'n beleid in swart skole geld (Jones 1979:53). Becky glo dat swart kinders net "genoeg" geleer moes word, sodat hulle nie te "slim" word nie. Hulle moes net genoeg weet om "bruikbaar" te wees vir die uitvoering van die apartheidsbeleid. Dit beteken dat wanneer hulle die arbeidsmark sou betree, dit wat hulle geleer is op skool, hul handig te pas sou kom as werkers wat ongeskoolde arbeid kon verrig. Haar frustrasie met hierdie toedrag van sake blyk duidelik uit die volgende:

'... We mustn't be encouraged to become too educated. A little education makes us useful; too much education would make us too clever and "cheeky" ' (Jones 1979:53).

Hierdie opmerking van Becky is 'n direkte sinspeling op dr. H.F. Verwoerd [aanvanklik Minister van Naturellesake (gedurende die vyftigerjare) en later Eerste Minister van Suid-Afrika (1958-1966)] se uitlatings met die implementering van die *Wet op Bantoe-onderwys*, 1953:

Deur eenvoudig blindweg leerlinge op Europese lees geskoei te produseer, is die ydele verwagting geskep dat hulle in weerwil van die genoemde landsbeleid tog binne die Blanke gemeenskap poste sou kon vul. Dit is wat bedoel word met die ongesonde skepping van witboordjie-ideale en die veroorsaking van wydverspreide frustrasie onder die sogenaamde geleerde Naturelle (SA 1954:7). (Die beklemtoning is volgens die oorspronklike teks.)

Bogenoemde aanhaling beklemtoon Verwoerd se standpunt ten opsigte van werksafbakening tot die voordeel van blankes. Ten einde te verseker dat die swartes nie dieselfde opvoedingspeil as die blankes bereik nie, het Verwoerd gesorg dat die leerplanne vir swart skole so opgestel word dat swart kinders net genoeg kennis sou opdoen ten einde hul in staat te stel om ongeskoolde arbeid na hul skoolopleiding te kon verrig. Onderwys vir swartes was dus nie 'n logiese voorbereiding vir 'n loopbaan soos wat normaalweg die geval met blanke sekondêre skoolopleiding was nie.

Becky verwys dus na die regering se standpunt dat indien swartes te "geleerd" raak, hulle moontlik 'n "probleem" kon word. Die regering het gevrees dat indien die swart bevolking te "geleerd" raak, hul mettertyd kon aandrang op 'n aandeel in die regering en op gelyke behandeling met die blankes - 'n tipiese voorbeeld van die naakte rassisme wat die apartheidsbeleid tydens die bewindsjare van Verwoerd gekenmerk het.

Go well, stay well gee 'n eensydige en negatiewe beeld van onderwys uit die oogpunt van veral 'n swart meisie. Aan die ander kant, in *Chain of fire* deur Beverley Naidoo (1995) blyk dit dat sommige

swartes tog 'n positiewe uitkyk op die onderwys gehad het. Nono, Naledi se ouma, sien onderwys in 'n positiewe lig. Sy sien dit as die enigste uitweg uit armoede, alhoewel daar nie eintlik geld vir skoolfondse en handboeke is nie. Nono maak van beeldspraak gebruik om die waarde van onderwys aan Naledi te verduidelik. Sy gebruik die beeld van 'n rivier wat deur 'n stuk droë aarde vloei. Die enigste plek waar plante goed groei, is langs die rivier. Plek langs die rivier is beperk en kosbaar. Sy sien die rivier as simbolies van die skool, en die plante is weer simbolies van dié kinders wat bevoorreg is om in die skool te kan wees:

... Nono saw education as the only way out of poverty. Naledi remembered clearly the story her grandmother had told her before she had set off for her first day at school. It was about a dry barren land where the only place plants grew well was alongside a narrow river. It was difficult for other plants to get near to the river because the space was so limited and precious. Nono had said that school was like the river, offering its water only to those lucky few who could stay beside it. Naledi's mother wanted to do all she could to keep her children beside the river, and in turn they would have to work very hard to drink as much from it as possible (Naidoo 1995a:114).

Dit is daarom te verstane waarom Naledi se ma bereid is om sekere opofferings te maak (soos byvoorbeeld om ver van haar kinders te werk) ten einde te verseker dat Naledi en Tiro, haar broer, hul skoolopleiding ontvang. Van hulle kant af moes hulle hard werk om in die skool te kan bly en om soveel as moontlik te leer. Hierdie positiewe standpunt ten opsigte van onderwys is deur talle swart ouers gehuldig - moontlik het hulle die onderwys as 'n meganisme gesien om uit hul haglike omstandighede te ontsnap.

Dié beskrywing van onderwys het altyd by Naledi gebly, maar Taolo, 'n vriend van haar, reageer egter negatief daarop as hy heftig verweer:

'Yes, but the river is poisoned! Why must we learn Afrikaans and just those things the gov'ment want us to know? A gov'ment we can't even vote for! So they can keep us where they want forever! No! We must get to the source of the river, clean it up and dig new courses for it. Then we'll send it all over the dry land!' (Naidoo 1995a:115).

Net soos Becky in *Go well, stay well*, voel Taolo dat die regering hulle net die noodsaaklike leer. Tog glo hy dat dinge sal verander, omdat die swartes, wat die meerderheid bevolkingsgroep in die land is, teen die apartheidsbeleid, insluitende Bantoe-onderwys, in opstand sal kom. Indien daar wel 'n swart meerderheidsregering aan bewind kom, sal hulle onder andere die onderwysstelsel "suiwer" van die negatiewe eienskappe van die Bantoe-onderwysstelsel en aan almal vryelik beskikbaar stel, nie net aan 'n klein groepie bevoorregtes nie.

Net soos in *Chain of fire*, word verskeie karakters in *Waiting for the rain* deur Sheila Gordon (1989) gebruik om verskillende menings oor Bantoe-onderwys uit te spreek. In 'n bespreking van hierdie jeugroman som Hayden & Raseroka (1988:59) dit as volg op:

Waiting for the rain makes the reader feel the effects of apartheid through strong identification with and caring for the main characters. We are part of the struggle and conflict.

Hierdie jeugroman vertel die verhaal van Tengo, 'n swart seun, en Frikkie, 'n blanke seun wat gedurende die apartheidsera saam opgroei. As kinders was hulle groot vriende, maar soos hulle ouer word, het die heersende sosiale magte begin om hulle uitmekaar te dryf. Hierdie twee hoofkarakters simboliseer persoonlike konflikte, sowel as groepsverhoudinge - nasionaal en selfs internasionaal - in Suid-Afrika (Hayden & Raseroka 1988:58).

As blanke seun is Frikkie bevoorreg om te kan skoolgaan, maar op die plaas is daar nie 'n skool vir die plaaswerkers se kinders nie. Die skerp kontras tussen die blanke en swart onderwys word hierdeur beklemtoon - die toeganklikheid van onderwys vir die blanke kind teenoor die moeilike

toeganklikheid daarvan vir die swart kind. Tengo se ma, wat haar skoolopleiding deur 'n sendingskool ontvang het, verskaf egter aan hom sy basiese skoolopleiding. Maar tog is Tengo gretig om sy skoolopleiding in Soweto voort te sit.

Die boer vir wie Tengo gewerk het, kan nie verstaan waarom Tengo verder wil gaan leer nie. Volgens hom het hy Tengo opgelei, onderrig en onderhou, en nou dat hy "nuttig" is, wil hy die plaas verlaat:

"... What's wrong with the education you've been getting from me? You stay on, and by the time you're eighteen you'll be a skilled agricultural worker. I pay my experienced boys good wages" (Gordon 1989:81-82).

Hierdie boer het dus die siening van talle ander blankes, naamlik dat dit nie belangrik is dat swartes matriek hoef te hê nie. Volgens hom leer hy sy plaasarbeiders alles wat hulle moet weet, en is dit nie nodig dat hulle vir verdere opleiding gaan nie. Hierdie boer dink dus soos Verwoerd: swartes moet net sekere dinge geleer word, want indien hulle te "geleerd" is, raak hulle te "slim". Die boer voel verder dat swartes in Suid-Afrika hul "plek" moet ken, en dit is slegs moontlik as swartes nie te "geleerd" raak nie. Let ook op na Frikkie se oom se kwetsende verwysing na volwasse swart mans as "boys", 'n benaming wat aanleiding tot 'n diepliggende gevoel van vernedering onder baie swartes gegee het.

Tydens 'n besoek aan die plaas, vra Frikkie sy tante oor Tengo wat sy skoolopleiding in Soweto gaan voortsit het, uit. Haar antwoord aan Frikkie dui daarop dat sy en haar man dieselfde dunk van Bantoe-onderwys het:

"I'm telling you, Frikkie, you get nothing but aggravation from these kaffirs. Here your uncle is spending time training him to be a skilled farm worker, and he takes it into his head he must have an education. Education! What good is an education to a kaffir? It just fills his head with ideas he's better off without" (Gordon 1989:102).

Tengo het in 'n wêreld opgegroeï waar hy nie bewus was van die tipe onderwys wat swartes ontvang het nie. Sedert sy aankoms in Soweto, waar hy sy skoolopleiding voortsit, besef hy mettertyd wat Bantoe-onderwys is. Tog het dit hom nie verhinder om daarna te streef om sy matriek te kry nie. Inteendeel, dit het hom nog net meer vasbeslote gemaak om sy situasie in die lewe te verbeter deur wel matriek te slaag.

Tengo se nefie, Joseph, het egter in Soweto opgegroeï en het waarskynlik meer van Bantoe-onderwys as Tengo verstaan. Hy is bewus van die regering se houding ten opsigte van swartes, asook hul negatiewe siening oor onderwys aan swartes in die algemeen:

“... I began to understand that instead of educating us, they are just throwing us a bone. In the black schools and universities, they're giving us an inferior education - gutter education. Bantu education is designed to make us better slaves” (Gordon 1989:113).

Hierdie opmerking van Joseph kan vanuit twee hoeke geïnterpreteer word. Aan die een kant beteken die been wat aan swartes gegooi word dat hulle met die “oorskiet” tevrede moes wees. Die lekkerste en sappigste vleis is reeds afgeëet, wat simbolies is van die tipe onderwys wat blankes ontvang het - hulle het net die beste onderwys gekry. Die verskil in die tipe onderwys wat blankes en swartes gedurende die apartheidsera ontvang het, word dus skerp gekontrasteer.

Aan die ander kant impliseer Joseph dat die regering 'n lae dunk van swartes het en dat swartes met honde vergelyk word. Om 'n persoon as 'n hond te tipeer het, volgens die *Verklarende Afrikaanse woordeboek* (Labuschagne & Eksteen 1993, s.v 'hond'), die volgende implikasies:

... Skurk, veragtelike persoon; ... *iem. soos 'n hond BEHANDEL*, iem. baie sleg behandel.

Volgens Joseph was daar 'n groot groep mense in die regering wat swartes as lui en sleg beskou het. Hierdie siening het hul optrede teenoor swartes in 'n groot mate bepaal. Deur die toepassing van die

aparte onderwysstelsels wou die regering toesien dat totale skeiding tussen swart en blank sou voortbestaan.

'n Spreekende voorbeeld van swart mense se ervaring van en houding teenoor Bantoe-onderwys kan gesien word in die tipering daarvan as “gutter education”, met ander woorde 'n minderwaardige “nikswerd” onderwysstelsel. Dit impliseer dat Bantoe-onderwys ontwerp was om swartes onderdanig aan die blankes te hou, en dat hulle sodoende hul “plek” in die Suid-Afrikaanse samelewing sou ken.

Tydens die proses van volwassewording, het Tengo al hoe meer besef wat die regering se doel met Bantoe-onderwys was. Sy diep frustrasie met en sy afsku van die onderwys is gebore uit die wete dat die stelsel hom nie sou toelaat om sy ideale te verwesenlik nie.

Dié verhaal bou op tot 'n klimaks, met 'n finale gewelddadige konfrontasie tussen Tengo en Frikkie aan die einde van die verhaal. Dit gee aanleiding tot 'n gesprek tussen die eertydse vriende oor die apartheidsbeleid en wat dit aan albei gedoen het. Dit is veral Tengo wat sy bitterheid teenoor die stelsel uitspreek, maar Frikkie, verteenwoordigend van die blankes, verdedig homself deur te sê dat hy nie geweet het dat hulle in die swart dorpe ingestuur gaan word om te probeer om die onrus te onderdruk nie. Frikkie sê die blaam moet voor die deur van die agitators gelê word wat in die swart dorpe ingestuur word om onrus te saai. Tengo se bittere reaksie hierop is:

...What you call agitators are only people who *show* us what we already know: that our education system is planned to keep us inferior, that black kids are dying of hunger, and our parents are treated as dirt. Agitators don't *make* trouble - our trouble is already there. They show us that we don't have to put up with it, that we can try to change it (Gordon 1989:193).

Dit is belangrik om daarop te let dat Tengo die Bantoe-onderwys eerste noem en dit as minderwaardig beskou, wat die belangrikheid van sy strewe na 'n goeie opvoeding onderstreep. Die

voortslepende onrus en skoolboikotte verhinder hom om sy matriek daardie jaar te skryf. Frikkie is op hierdie stadium vir hom simbolies van die impak van die apartheidsbeleid, iemand wat die blanke minderheidsregering verteenwoordig en wie hy vir die huidige omstandighede in die swart gemeenskappe kan blameer:

“The only reason you could teach me [to swim] was that you went to school, *free*, and you learned to swim there. There we were - two boys, the same age - and *everything* was there for you because you're white, and nothing for me because I'm black. How do you think that feels? *How do you think that feels? ...*” (Gordon 1989:191).

Deur die siening van verskillende karakters oor hul ervaring van Bantoe-onderwys uit te beeld, word blankes sowel as swartes se ervaring van die onderwysstelsel verwoord. Hierdie standpunt word ook deur Hayden & Raseroka (1988) ondersteun:

The characteristics of apartheid are subtly emphasized primarily through the use of the narrative shifts in point of view and the descriptions of the contrast in the boys' lives. (Hayden & Raseroka 1988:58.)

Waiting for the rain is dus 'n jeugroman met 'n kragtige boodskap, en word deur Beverley Naidoo (1992) as 'n jeugroman met 'n “two-fold strength” beskou:

The structure is one designed to keep shifting the reader from one boy's perspective to the other's. While the book begins through Frikkie's eyes, the reader is increasingly shifted into Tengo's consciousness - the structure thus reflecting Tengo's increasing awareness, contrasted sharply with Frikkie's psychological blindness. The second strength is that most of the white protagonists are not portrayed as intrinsically mean or unpleasant. Racism is thus not located in personal individual characteristics. It is located firmly in a system which gives one group unbridled power over another (Naidoo 1992:88).

Tot dusver is drie jeugromans waarin die perspektief op Bantoe-onderwys uitgebeeld word, bespreek. *Go well, stay well* en *Chain of fire* beeld Bantoe-onderwys vanuit die nie-blanke se perspektief uit, terwyl onderwys in *Waiting for the rain* vanuit beide 'n blanke en nie-blanke perspektief beskou word.

In teenstelling met bogenoemde jeugromans, word Bantoe-onderwys in *Wake up singing* deur Jane Rosenthal (1990) slegs vanuit die blanke se perspektief beskou. Die tema van hierdie jeugroman is 'n blanke seun, Nick Mackenzie, se politieke bewuswording. Soos hy meer blootgestel word aan die "ander wêreld" in Suid-Afrika, naamlik dié "wêreld" buite die bevoorregte blanke samelewing, begin hy bewus word van die uitwerking van die apartheidsbeleid op die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking.

Hierdie verhaal speel teen die agtergrond van die skoolboikotte en ander opstande van 1985 af. Nick besluit om die stryd teen apartheid te ondersteun en 'n gedenkdiens ter herdenking van die Soweto-opstande van 1976 by te woon. Hierdie besluit word deur sy konserwatiewe pa bevraagteken. Nick glo dat hy deur sy afwesigheid van skool sy afsku van Bantoe-onderwys sal demonstreer. Sy pa reageer hierop as volg:

"Black education? They should be goddamn grateful for their schools - it's the best bloody black education in Africa" (Rosenthal 1990:78).

Hierdie opmerking onderstreep Nick se pa se konserwatiewe politieke standpunt, wat as verteenwoordigend van dié van baie blankes in daardie era gesien kan word. Vervolgens kan daar afgelei word dat hy, soos talle ander blankes, gedink het dat die apartheidsbeleid die korrekte regeringsbeleid was om Suid-Afrika se rasseprobleem op te los. Aangesien Bantoe-onderwys 'n belangrike komponent van dié beleid was, word dit spesifiek genoem.

In *The day of the kugel* deur Barbara Ludman (1989) word die kwessie van Bantoe-onderwys ook aangeraak. Net soos in die geval van *Wake up singing* word dit deur die oë van blankes beskou.

Daar is egter 'n verskil. In *The day of the kugel* is die hoofkarakter, Michelle, 'n Amerikaanse meisie wat by haar oom en tante in Suid-Afrika kom bly. Sy is dus 'n buitestaander en alles wat sy van apartheid weet, is kennis wat sy tweedehands opgedoen het.

Michelle leer baie van apartheid deur haar familie en haar vriende, veral ten opsigte van die onderwyssituasie in Suid-Afrika. In 'n gesprek met haar vriend, Stephen, kom die kwessie van Bantoe-onderwys ter sprake. Hy vertel haar hoe laag die standaard van Bantoe-onderwys is, en dat al wat die swartes geleer word, is “to fetch and carry for the whites” (Ludman 1989:36). Michelle sê dat sy bewus daarvan is, aangesien dit in 'n gesprek tussen haar oom en nefie ook ter sprake gekom het. Dit is opvallend dat Michelle die onderwystoestande van die swartes vergelyk met dié van die Suide van Amerika voor die tyd van Martin Luther King. Martin Luther King het swart Amerikaners laat beseef dat die destydse Amerikaanse blanke regering ten doel gehad het om hulle minderwaardig te laat voel, om sodoende te verhoed dat hulle 'n gelyke posisie met die blankes in die Amerikaanse samelewing kan beklee.² Die vergelyking wat getref word, is die volgende:

... There were schools for blacks and schools for whites, and a different, inferior syllabus for the black schools - just like the South had been before Martin Luther King (Ludman 1989:36).

Hierdie vergelyking wat Michelle tref, kan gesien word as 'n terloopse opmerking, so asof die skrywer self 'n standpunt daardeur wou maak, naamlik dat die onderwystoestande in Amerika 'n paar dekades vroeër nie veel beter as in Suid-Afrika was nie. Dit is ook interessant dat sy nie verder op hierdie saak ingaan nie, soos om byvoorbeeld die apartheidsbeleid wat tot die instelling van Bantoe-onderwys gelei het, te bevraagteken.

Verder in hierdie verhaal kom dit tog na vore dat Michelle nie maar net die toestande in Suid-Afrika aanvaar soos dit is nie. Sy raak bewus van die uitwerking van apartheid op die meerderheid Suid-Afrikaners, en begin nadink oor wat werklik in Suid-Afrika aan die gang is, soos byvoorbeeld die kwaliteit van onderwys wat aan swartes verskaf is:

“ I’ve been here six weeks and all I think about are things like the liberation struggle and the quality of black education and whether the people I like are going to end up stacked like firewood behind a police station ...” (Ludman 1989:98).

Uit die jeugromans wat tot dusver bespreek is, blyk dit dat die onderwysstelsel, spesifiek Bantoe-onderwys, meestal negatief beskou is. Die hoofrede wat hiervoor aangevoer kan word, is dat die swart gemeenskap besef het wat die regering met hul minderwaardige onderwysstelsel wou bereik, naamlik om hulle onderdanig aan die blanke te hou en te verhoed dat hulle die oorhand in die land verkry. Verder is dit belangrik om daarop te let dat hierdie negatiewe perspektief op die onderwys nie net vanuit die swarte se oogpunt uitgebeeld is nie, maar ook vanuit dié van die blanke.

6.3 Toestande in skole

In hierdie onderafdeling gaan daar gekyk word na die wyse waarop swart skole gedurende die apartheidsera gefunksioneer het. Aspekte wat in die bestudeerde jeugromans na vore gekom het, is onvoldoende onderwysers en klaskamers, die gehalte van die onderrigmateriaal en fasiliteite in die algemeen (soos byvoorbeeld die gebrek aan behoorlik toegeruste laboratoriums en ook die totale afwesigheid van sportgeriewe).

Die swak toestande en onvoldoende fasiliteite in skole kan hoofsaaklik aan ontoereikende fondse toegeskryf word. Aanvanklik was daar ’n groot verskil tussen die blank en swart *per capita* uitgawe vir onderwys (Mncube 1969:17). Alhoewel dit geleidelik verbeter het, was dit duidelik dat die regering nie gewillig was om ’n groot finansiële bydrae tot Bantoe-onderwys te lewer nie, ten spyte van groeiende leerlinggetalle en ander tekortkominge waarna hierbo verwys is (Hartshorne 1992:42). Dit kan beweer word dat daar slegs begroot is vir wat die regering gemeen het genoeg was om swart skole aan die gang te hou.

In *Crocodile burning* deur Michael Williams (1994) vat Seraki, die hoofkarakter, die swak toestand in swart skole goed saam:

... there are not enough desks, not enough books, not enough paper, not enough anything
(Williams 1994:6).

Gedurende die apartheidsera was dít juis die situasie in swart skole wat tot groot ontevredenheid onder veral die swart bevolking gelei het - daar was net nie genoeg van alles wat nodig was om 'n skool behoorlik te laat funksioneer nie. In van die ander bestudeerde jeugromans word die toestand in skole ook aangespreek - party aspekte word in meer detail as ander uitgelig.

In *Go well, stay well* is daar ook 'n verwysing na die toestand in swart skole. Soos Candy en Becky se vriendskap ontwikkel, kom die blanke meisie al meer te wete van die uitwerking van apartheid op menselewe en besef sy al meer hoe bevoorreg sy as blanke is, veral wanneer blanke en swart onderwysstelsels met mekaar vergelyk word. Becky vestig haar aandag op die swak toestand in swart skole: oorvol klasse, 'n tekort aan onderwysers en selfs 'n tekort aan skole om al die leerlinge te akkommodeer. As gevolg van hierdie toestand het swart leerlinge gesukkel om vordering op skool te maak, omdat hulle nie in staat was om die leerstof behoorlik onder die knie te kry nie.³

Ook in Lesley Beake se *The strollers* (1987) kom die kwessie van 'n tekort aan onderwysers en te veel kinders in 'n klas ter sprake. Johnny wou graag leer en vorder op skool, maar as gevolg van die swak toestand in sy skool, kon hy egter geen vordering maak nie:

He'd been to school for years now and he'd tried, he really had, but there were too many children and not enough teachers; not enough books. He never seemed to learn anything
(Beake 1987:55-6).

Jonk soos hy is, besef Johnny dat sy onderwysers ook deur hierdie situasie geraak word. Dit blyk duidelik uit die volgende opmerking:

There were too many children, too many problems. Often the teachers just gave up from sheer tiredness, what with two sessions a day to fit everybody in. There was no time. No time.

By the end of the second year Johnny had learned nothing new, but he felt drained, exhausted, by the frustration of not being able to (Beake 1987:64).

Johnny het daarom gevoel dat dit nie die moeite werd is om skool toe te gaan nie, en om die situasie te vererger, het sy stiefpa geweet as hy nie die dag in die skool was nie, en hom dan 'n pak slae gegee. Dit het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat Johnny die huis verlaat het en by die straatkinders aangesluit het. (Vergelyk ook hoofstuk vyf, afdeling 5.5.3, in hierdie verband.)

In sowel *Go well, stay well* as *The strollers* word die tekort aan handboeke genoem. In eersgenoemde verhaal, soos reeds genoem (vergelyk afdeling 6.2), moet Becky, soos talle ander swart leerlinge, haar eie handboeke koop, indien sy enigins in die skool wil vorder. Daarteenoor is daar in die destydse Transvaalse blanke skole handboeke gratis uitgereik. Die ongelykheid tussen swartes en blankes se skole word dus hierdeur beklemtoon, gegewe die groot verskil in inkomste tussen hierdie twee groepe. Dit beklemtoon weereens die destydse regering se diskriminerende houding teenoor Bantoe-onderwys, wat die onderwysgaping tussen blank en swart nog verder vergroot het.

In teenstelling met Becky, is Johnny, die hoofkarakter in *The strollers*, net bewus daarvan dat daar nie genoeg handboeke vir al die kinders is nie. Of hy egter enigiets aan hierdie situasie doen, soos om in Becky se geval self sy handboeke aan te skaf, word nie in die verhaal genoem nie. Uit Johnny se omstandighede kan 'n mens aflei dat sy ouers se inkomste nie genoeg was om self sy handboeke aan te koop nie. Hul maandelikse inkomste word vir die noodsaaklike uitgawes (soos huur en kos) gebruik, terwyl dinge soos handboeke as 'n luuksheid beskou is. Die ander kant van die saak kan ook waar wees, naamlik dat Johnny se ouers nie die belangrikheid en waarde van handboeke besef het

nie. Hulle is ook moontlik onbewus van die swak toestande in Johnny se skool en kan gevolglik nie Johnny se probleem verstaan nie - 'n probleem wat moontlik deur hul eie lae opvoedingspeil vererger is.

'n Ander aspek van die swak fasiliteite in nie-blanke skole, is die tipe klaskamers wat gebruik is. In *Tolly: hero of Hanover Park* deur M. Cassiem D'Arcy (1989) word op hierdie aspek ingegaan. Tolly, die hoofkarakter, se onderwyseres beskou die opslaanklaskamer as minderwaardig. In die somer is dit onuithoudbaar warm, en as 'n mens die deur ooplaat, waai die stof in. Daarom verkies die onderwyseres om die deur toe te maak, maar dan veroorsaak die warm, toe klaskamer dat die kinders gou moeg raak en hul konsentrasie verswak. In hierdie omstandighede lyk dit asof die onderwyseres die stryd gewonne gee, en sy dink by haarself:

I must not lose control... Patience, patience. It's not their fault. Blast this heat and infernal wind. Blast this inferior classroom (D'Arcy 1989:34).

Dit was dus nie net die kinders wat as gevolg van die swak fasiliteite gely het nie. In hierdie verhaal is dit duidelik dat Tolly se onderwyseres, soos talle ander onderwysers, ook swaar gekry het. Sy moes onder moeilike omstandighede kinders probeer onderrig, en dit het haar geduld tot die uiterste beproef.

Rebecca, die hoofkarakter in Sheila Gordon se *The middle of somewhere* (1990), se skool is ook oorvol, en gevolglik is daar 'n tekort aan skoolbanke, skryfmateriaal en handboeke. Die skoolhoof is genoop om drastiese stappe te neem ten einde iets daadwerklik aan die situasie te doen:

Rebecca wished that her mother had brought a present for John. It might cheer him up. He was always in a bad mood these days. She knew he was sad and ashamed because he wasn't allowed to go to school. *It's not fair*, she thought. John was fourteen, five years older than she. The new term had begun a few weeks ago, but their school was so overcrowded and so short of desks and pencils and books that the school principal had said he was very sorry but he had only room for children with passing marks. And since John hadn't done so well last term, he was among those who have to stay at home and do their lessons on their own (Gordon 1990:9).

Hierdie verhaal beklemtoon die swak toestand in skole. By implikasie is hierdie toestand 'n belangrike rede waarom swart leerlinge dikwels nie op skool kon vorder nie, want dit was vir onderwysers fisies onmoontlik om individuele aandag aan veral swak presteerders te skenk.

Die ouers van hierdie gemeenskap het egter besluit om iets aan die situasie te doen. Tydens 'n vergadering met afgevaardigdes van die onderwysdepartement, is daar 'n ooreenkoms bereik: 'n ekstra onderwyser sal gestuur word om die betrokke groep kinders onder 'n boom te onderrig. Hierdeur wil die verteller die standpunt van die regering jeens Bantoe-onderwys beklemtoon, naamlik dat die regering onwillig was om toestand in swart skole te verbeter. John reageer op hierdie reëling as volg:

“Under the trees ... ?” John said doubtfully. “Oh well - at least that'll be better than packed in that crowded classroom.” But Rebecca could see that he wasn't really pleased (Gordon 1990:14).

Dit is betekenisvol dat die departementele afgevaardigdes na die vergadering almal blank was. Dit wys op die oorheersing van blankes in bestuursposse en die gemeenskap se houding beklemtoon die feit dat hulle nie baie geneë daarmee was nie.

Aansluitend by die tekort aan klaskamers, was daar ook die gebrek aan ander fasiliteite. In *Chain of fire* gee Naledi vir die leser 'n beskrywing van haar skool. Die klaskamers is slegs in 'n eenverdiepinggebou gehuisves, tesame met die personeelkamer en die hoof se kantoor. Dan noem sy ook dat daar geen saal was nie. Soggens voor skool, moes hulle op die terrein voor die skoolgebou aantree. Verder was daar feitlik geen bome nie - net 'n paar bome voor die hoof se kantoor. Deur die skoolgebou en -terrein in detail te beskryf, wil die verteller die algemene tekort aan fasiliteite in swart skole gedurende die apartheidsera onder die leser se aandag bring.

Onderwysers was ook dikwels onopgelei, met slegs die minimum kwalifikasie agter hul naam. Tengo, die hoofkarakter in *Waiting for the rain*, is bewus van die feit dat die meeste van sy onderwysers self nie hul hoërskoolopleiding voltooi het nie. Hierdeur word die gebrekkige kwaliteit van onderwys beklemtoon, want hoe kan onderwysers wat self nie matriek het nie, matrieks onderrig? Dit het die gevoel onder baie swartes versterk dat Bantoe-onderwys bedoel was om swartes net die basiese opleiding te verskaf, of wat die regering as noodsaaklik beskou het:

He knew what they said was true - that the education they got in black schools was inferior, that the government had decided long ago that there was no need to educate blacks beyond the level they would need for menial work, that most of their teachers hadn't completed high school themselves, and that in white classrooms there were fewer than twenty students to a teacher, while in his school there were over forty (Gordon 1989:127).

Die verskil in grootte van 'n gemiddelde klas in swart en blanke skole word dus deur bogenoemde aanhaling onderstreep. Dit blyk dat in swart skole op daardie stadium die verhouding een onderwyser vir veertig kinders was, terwyl dit in blanke skole slegs een tot twintig was. Dit is daarom te verstane hoekom onderwysers in swart skole gereeld afgemat was, en daarom dikwels die beroep verlaat het.

In die jeugromans onder bespreking is daar talle verwysings na die swak onderwystoestande in swart skole. Deur die uitbeelding van hierdie toestande wil die skrywers die feit beklemtoon dat die onderwysstelsel vir swartes gedurende die apartheidsera veel te wense oorgelaat het.

6.4 Weerstand teen Bantoe-onderwys

In die politieke bedeling voor 1994 het die Bantoe-onderwysbeleid tot skerp verset onder die swart gemeenskap aanleiding gegee.

Die jaar 1975 kan as 'n keerpunt in die ontwikkeling van swart onderwys in Suid-Afrika gesien word. Daar was verskeie redes hiervoor. Twee belangrike beleidsveranderinge is in hierdie jaar aangekondig: die verandering na 'n twaalfjaar-skoolstruktuur (vroeër was dit dertien jaar) en 'n departementele besluit om 'n streng en onbuigbare 50/50 taalmediumbeleid toe te pas. Die toestande in die swart skole het gevolglik verder verswak. Bowendien het die swartes nie die administrasierade vertrou nie, terwyl behuising, huurgelde en vervoer ook kwessies was waaraan min aandag deur die owerhede geskenk is. Werkloosheid het ook toegeneem. Dit het gelei tot 'n groeiende ontevredenheid en geweldige frustrasie in die swart gemeenskap (Hartshorne 1992:74).

Hierdie afdeling word in twee onderafdelings verdeel. Eerstens word daar gekyk hoe die Soweto-opstande van 1976 in die jeugromans onder bespreking uitgebeeld is, aangesien dit as die begin van die weerstand teen die destydse onderwysbeleid gesien kan word. Daarna word daar ook na die uitbeelding van latere weerstand, veral dié gedurende die tagtigerjare, gekyk.

6.4.1 Die Soweto-opstande van 1976

“The children’s uprising of 1976 marked the liberation of South African English children’s books from a taboo on matters of race and politics” (Jenkins 1993:130). Die Soweto-opstande het aanleiding tot 'n paar uitstekende jeugromans gegee, soos blyk uit die bestudeerde jeugromans.

In *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984) vorm die opstande van 1976 die agtergrond tot dié jeugroman. Dié opstande was nie net tot Soweto beperk nie, soos blyk uit hierdie verhaal wat in die Kaap afspeel.

In hierdie verhaal verteenwoordig verskillende karakters verskillende menings wat ten opsigte van hierdie opstande gehuldig is. So byvoorbeeld verteenwoordig Andre, die hoofkarakter in hierdie verhaal, aanvanklik die oningeligte persoon en iemand wat nie werklik verstaan wat aan die gang is nie. Sy woongebied, Woodstock, is redelik “stil” en “kalm”, maar daar is wel ander gebiede, soos Athlone en die middestad van Kaapstad, wat deur onrus geteister is. Aan die begin van die verhaal is Andre se mening ten op sigte van hierdie gebeure as volg:

The truth was that the boy [Andre] wasn't too keen on burning his school down: he liked having to sit bolt upright in his desk and chant his time tables, and his heart would pang with pride when Miss stuck a gold star on top of his page for neat writing. He wasn't at all sure why they all had to stay off school. Yusuf had said it was to support their noble brothers in Soweto who had died rather than be taught in Afrikaans, but the boy's [Andre's] school teach in English and he'd never heard of Soweto anyway (Harries 1984:8).

Algaande leer Andre meer omtrent die opstande en boikotte. Dit is veral deur sy vriendskap met Yusuf Ebrahim dat hy polities “ontwaak”. Yusuf vereenselwig hom met die ideologie van die Swart Bewussynsbeweging (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.5.2). Hy verteenwoordig dus dié persone wat 'n definitiewe verandering in Suid-Afrika wou sien en dus aktief by die stryd teen apartheid betrokke geraak het. Hieruit kan 'n mens aflei dat hy 'n verklaring deur die leerlinge van die Hoërskool Athlone wat in 'n plaaslike koerant verskyn het, ondersteun het:

“We wish the people to know that we are prepared to sacrifice everything, our carefully planned careers and aspirations, for the ensurance of a better and more just future” (Harries 1984:27).

Kinders van nie-blanke gemeenskappe het nie omgee dat hul toekoms deur hul opstandigheid in gevaar gestel is nie, want die onderwys van daardie tyd was minderwaardig en nie juis van veel nut vir hulle nie. Al waarna hulle gestreef het, was 'n beter, meer regverdige stelsel, veral wat die onderwys betref.

'n Persoon wat die *status quo* verteenwoordig, is Yusuf se ma, Mev. Ebrahim. Sy begryp nie haar seun se politieke ambisies nie, en dit is teenoor Andre wat sy haar frustrasies oor haar seun uitspreek. Yusuf is 'n intelligente kind en sy ouers het gehoop dat hy medies sou gaan studeer. Mevrouw Ebrahim wat ook bogenoemde berig gelees het, word daardeur ontstel, want volgens haar is Yusuf nie besig om sy toekoms op te offer nie, maar eerder weg te gooi. Dit blyk uit die volgende stelling:

There you have it! Never mind all the money his parents have spent on his books and education. Most children of his age are out working, bringing in a good week's wages for their parents (Harries 1984:27).

Soos vroeër genoem, was Andre aanvanklik nie aktief betrokke by die stryd teen apartheid nie. Tog woon hy later vergaderings by wat die Swart Bewussynsideologie ondersteun, en hy neem ook deel aan 'n optog waartydens die beëindiging van apartheid geëis word. Dáardeur wys Andre dat hy hom nou by dié skaar wat die regering opponeer. Soos die verhaal vorm aanneem, het Andre polities “ontwaak” en 'n politieke bewussyn ontwikkel. Aanvanklik beskou hy gebeure van buite, as 'n passiewe waarnemer, maar teen die einde van die verhaal is hy aktief betrokke by die “struggle”.

Jenkins beskou *The sound of the gora* as 'n “key text in conveying an altered perspective” (Jenkins 1993:133). Ten einde sy stelling te staaf, gaan hy verder deur die volgende te sê:

It uses the device of alternating episodes from 1976 and from 1800 to support the revisionist view of history called for by a young Black Consciousness orator, Yusuf. ... Speeches by Yusuf alternate with a moving account of Boers shooting San and turning their children into domestic servants, calling the San 'savages' even while their lives epitomised gentleness in contrast to the whites' brutality (Jenkins 1993:133-134).

In hierdie verhaal word daar dus met 'n dieper perspektief na Suid-Afrika se geskiedenis gekyk as in ander verhale. Tog behou *The sound of the gora* objektiwiteit, en word die gebeure rondom die 1976-opstande neutraal weergegee, aangesien verskeie menings ten opsigte daarvan aangebied word (soos vroeër bespreek). Le Roux (1981:33) vat dit goed saam: "It is a book of haunting beauty, harsh realism and thought-provoking relevant issues." Hierdie standpunt is reeds bevestig in die *Book Discussion Group* se nuusbrieff van Junie/Julie 1980, wat deur Le Roux (1981:33) aangehaal word: "A brave new novel of haunting, compelling quality... a deep-thinking story, both poetic and political, culminating in the brutality of the 1976 riots and their many meanings for different people".

In *Go well, stay well* vorm die 1976-opstande ook deel van die verhaal - nie so prominent soos in *The sound of the gora* wat hierdie opstande as sentrale tema het nie, maar tog vorm dit 'n belangrike deel daarvan. In laasgenoemde verhaal is verskeie karakters, alhoewel almal kleurlinge is, gebruik om verskillende menings jeens hierdie gebeure uit te lig. In *Go well, stay well* word die opstande egter vanuit 'n blanke sowel as uit 'n swarte se oogpunt beleef. Mitchell & Smith (1996:177) maak in hierdie verband 'n toepaslike opmerking:

The events surrounding June 16 are interpreted for the reader by Candy, insider to a privileged white world, and Becky, insider to the world of the townships.

Die Soweto-opstande word in hierdie verhaal eerstens vanuit die hoek van 'n buitestaander en iemand wat uit die bevoorregte blanke deel van die Suid-Afrikaanse samelewing kom, beskou. Candy ontvang berigte oor hierdie opstande deur middel van die nuus oor die radio en in koerante.

Alhoewel Candy as blanke nie deel van die stryd is nie, word sy tog indirek daardeur geraak, omdat haar vriendin, Becky, in Soweto woon en waarskynlik ook daarby betrokke was.

Die nuus rondom die gebeure is streng gesensureer en die breë publiek is selektief oor gebeure soos die Soweto-opstande ingelig. Dit was veral die blanke publiek wat nie werklik geweet het wat aangegaan het nie, omdat hulle slegs tweedehandse inligting ontvang het. En dit is veral dít wat die skrywer deur hierdie insident in *Go well, stay well* aan die leser wou oordra.

Die manier waarop die blanke se kennis ten opsigte van die Soweto-opstande uitgebeeld word, wys hoe min die blanke in die algemeen werklik geweet het wat rondom hulle aangaan. Candy se ma is 'n goeie voorbeeld: sy weet slegs wat die hoofrede vir die opstand was, naamlik dat die regering Afrikaans as medium vir 'n sekere aantal vakke in swart skole wou invoer. Soos reeds bespreek in hoofstuk twee, afdeling 2.5.3, was daar verskeie ander redes wat as aanleidende oorsake van hierdie opstande aangevoer kan word.

Candy weet dat Becky, soos die oorgrote meerderheid swartes, Afrikaans as die taal van die onderdrukker beskou. Op daardie stadium het sy lanklaas van Becky gehoor, en is oortuig dat Becky een van dié kinders is wat in die opstand gedood is. Sy voel dit is haar straf omdat sy haar rug op Becky se vriendskap gedraai het:

...Her death was Candy's punishment for having been a coward; for having turned her back on their friendship because it had challenged her complacency and courage and she had lacked the necessary moral fibre to deal with her own inner discomfort...

'You're guilty. We're all guilty - can't you see that?' she wanted to shout at her [her mother]. But she couldn't; she was too terrified of the violence of her own guilt (Jones 1979:125).

Candy is geskok oor die nuus en haar denke is irrasioneel. Tog voel sy sy het ook “skuld” aan die opstande. Aan die een kant is dit indirek waar, want as blanke kind is sy deur die apartheidsbeleid bevoordeel, en in 1976 het swart **kinders** van Soweto teen hierdie beleid in opstand gekom, met verreikende gevolge (soos reeds in hoofstuk twee, afdeling 2.5.3, bespreek). Maar aan die ander kant is dit ’n veralgemening, want nie alle blankes het die apartheidsbeleid van die destydse regering goedgekeur nie.

Tydens ’n herontmoeting tussen Candy en Becky, blyk dit duidelik dat die opstande Becky verander het. Sy het ’n bitter mens geword; bitter oor die situasie in die land. Maar ten spyte van haar bitterheid, merk Candy op dat Becky meer volwasse en selfversekerd voorkom. Hierdeur wil die verteller die uitwerking van die opstande, veral die regering se optrede om dit te onderdruk, beklemtoon. Dit kan gesê word dat Becky se gevoel van bitterheid die algemene gevoel onder die swartes na die 1976-opstande verteenwoordig het, en dit is hierdie gevoel van bitterheid wat hulle vasbeslote gemaak het om die stryd voort te sit totdat demokrasie in die land sou seëvier.

Net soos Candy in *Go well, stay well* is Chris, een van die hoofkarakters in *Msimangu's words* deur Hamilton Wende en Windell Williams (1992), onbetrokke by die Soweto-opstande, en gee hy die gebeure vanuit ’n buitestaander se oogpunt weer. Deur middel van briefwisseling tussen Chris en sy Amerikaanse swart vriend, Sam, stel die verteller moontlike vooruitsigte vir Suid-Afrika. Dit verteenwoordig die vrees van talle blankes oor wat in Suid-Afrika gaan gebeur indien die regering nie van hul apartheidsbeleid afstand doen nie.

...Of course, the whole reason for these riots is because of apartheid, but it makes me scared to think of what will happen to us when the revolution comes. I think that this country has five years before we have a revolution if we don't change things before then. I don't want to fight in a war like the Rhodesians are doing, when it could be avoided if whites in SA would give the blacks their equal rights. Some people say that it is exactly because of these kind of riots that we have to make sure that there is never black rule in this country. But I think that if we whites don't make the changes then we can only blame ourselves if the change comes violently (Wende & Williams 1992:73).

Hieruit blyk dit dat Chris besef dat apartheid verkeerd is, maar nadat hy gehoor het dat sy ma en 'n paar vriendinne trompop in die protesoptog van 16 Junie vasgery het en 'n traumatiese ervaring gehad het, weet hy nie of hy **vir** of **teen** apartheid is nie. Dit gee aanleiding tot 'n innerlike stryd in hom en ten einde te probeer om antwoorde op al sy vrae te kry, skryf hy weer aan Sam en vra sy opinie oor die aangeleentheid:

I just don't know what to think. I know that apartheid is wrong and every day we see these pictures in the newspaper of the police wearing helmets and camouflage uniforms to shoot black schoolchildren, but then I remember that if it wasn't for the police then Mrs Milner and her friend would probably be dead. At night I lie in bed and I remember the social worker who was killed the first day in Soweto. I can't help thinking what might have happened if they had stoned my mother's car.

Sam, I want to ask you something. Do you think you would hate whites if they killed your mother? (Wende & Williams 1992:75).

In sy skool het Chris as 'n "liberaal" bekend gestaan. Een dag het hy met 'n ander seun in 'n argument betrokke geraak, waartydens die onderwyssituasie ook ter sprake gekom het:

[The other boy:] "... they're [the blacks] not like us. They're not civilised yet, they need another 500 years to catch up to us. ... they just aren't ready for civilisation yet."

[Chris:] "... you can't change the fact that they are human beings, and they deserve the same rights as us."

He [the other boy] said it was liberals like me who were stirring up the blacks to riot and that they were quite happy with their lives until people like me started putting ideas into their heads. He said that we didn't realise that we were going against the natural development of the blacks and that they have to catch up in their own time.

I [Chris] said we didn't have that time because they were going to force us to change by a revolution if we didn't change by ourselves.

He [the other boy] laughed and said, "I'm waiting for them to try. ... They'll never beat us."

And I [Chris] said, "Look what happened in Kenya and Angola and Mozambique. They [the blacks] beat us [the whites] there."

"And look at those countries now," he [the other boy] said. "We can never let that happen here."

"That's why we have to let them get a decent education," I [Chris] said, "and that's exactly why they are rioting now, because that's what they want" (Wende & Williams 1992:78-79).

In hierdie gesprek maak beide seuns 'n duidelike onderskeid tussen "ons" (die blankes) en "hulle" (die swartes). Die ander seun waarmee Chris argumenteer kan as verteenwoordigend van dié groep blankes wat ten gunste van die behoud van apartheid was, beskou word. Daarteenoor blyk Chris minder onseker oor sy standpunt ten opsigte van apartheid te wees, en probeer hy aan hierdie seun

die nadelige uitwerking van apartheid oor te dra. Verder is dit belangrik om daarop te let dat Chris een van dié aspekte van die apartheidsbeleid wat skerp aangeval is, identifiseer, naamlik die Bantoe-onderwysbeleid. Hy besef ook dat hierdie beleid een van die belangrikste redes vir die Soweto-opstande was.

In Sam se reaksie op hierdie briewe van Chris is hy skerp krities teenoor wat in Suid-Afrika aan die gebeur was. Teen die tyd dat die nuus oor die opstande Amerika bereik het, was dit al so uit verband geruk dat die Amerikaners heeltemal 'n skewe beeld gekry het van wat werklik in Suid-Afrika aan die gang was. En dit is op hierdie nuus wat Sam sy beeld van wat in Suid-Afrika aan die gang is, bou. Volgens hom word alles in die wêreld beheer deur die "Man". Die "Man" is simbolies van die regering van 'n betrokke land, in hierdie geval spesifiek Suid-Afrika of Amerika, wat sekere besluite namens die individu neem. Verder sê hy ook dat hy blankes, behalwe Chris, haat, nes hy die "Man" haat.

Sam se laaste paragraaf van sy brief is 'n fel aanval op Chris wat hy as verteenwoordigend van die blankes sien:

Chris, why do you live in South Africa? Why don't your family move? If you are against what the Man is doing in South Africa, why do you and your family stay? Simone also said to ask you why do you have a black maid? If you are so much against what is happening in South Africa, why do you and your family use them as slaves? Simone is right, a maid is nothing but a slave. You are helping the Man. You are helping the Man to kill those students in the uprising. What do you have to say for yourself? (Wende & Williams 1992:82).

Uit hierdie aanval op Chris is dit veral die laaste paar sinne wat belangrik is. In 'n sekere sin is Sam se aanname dat Chris die "Man" gehelp het om die kinders wat aan die opstande deelgeneem het, dood te maak, korrek. Soos reeds genoem, kan Chris se gesin as verteenwoordigend van die blankes gesien word: dit was 'n blanke minderheidsregering wat die apartheidsbeleid ingestel het, en wat

deur 'n minderwaardige onderwysstelsel seker wou maak dat swartes hul "plek" in die Suid-Afrikaanse samelewing sou ken.

In bogenoemde aanhaling kom die aspek van kollektiewe skuld weer ter sprake. Net soos Candy in *Go well, stay well* veralgemeen Sam hier. Beide hierdie karakters was gekant teen apartheid, en as teenstanders van die apartheidse beleid het hulle die standpunt ingeneem dat alle blankes skuld het aan apartheid, insluitende die dood van talle kinders gedurende die Soweto-opstande. Soos reeds genoem, is hierdie standpunt eensydig, aangesien daar talle blankes was wat wel teen apartheid gekant was.

Beide Chris en Sam is buitestaanders van die stryd in hierdie verhaal - die een 'n blanke Suid-Afrikaner en die ander 'n swart Amerikaner. Tog reageer hulle verskillend op die Soweto-opstande, soos blyk uit hierdie laaste pennestryd tussen hulle. Alhoewel Chris nader aan dié gebeure in Suid-Afrika was, was die inligting wat hy oor die opstande ontvang het, tweedehands - hy was nie werklik midde-in die stryd nie. Sam, aan die ander kant, was egter nog verder verwyder van die Suid-Afrikaanse situasie, en, soos reeds genoem, was die beeld wat hy in Amerika van Suid-Afrika gekry het, reeds so skeef getrek en sensasioneel dat hy nie werklik geweet het wat in Suid-Afrika aangegaan het nie.

Net soos Sam in *Msimangu's words*, is Michelle, die hoofkarakter in *The day of the kugel*, 'n Amerikaner en dus 'n buitestaander in die Suid-Afrikaanse situasie. Maar daar is 'n groot verskil tussen hierdie twee karakters. Sam is 'n swart Amerikaner en, alhoewel hy 'n eensydig beeld van Suid-Afrika het, blyk hy ingelig te wees oor die Suid-Afrikaanse situasie gedurende die apartheidsera. Daarteenoor is Michelle 'n blanke Amerikaner en redelik onkundig oor Suid-Afrika se apartheidse beleid. In hierdie verband maak Jenkins (1993:133) die volgende opmerking:

What these writers are doing, therefore, is using the point of view of innocent children, ignorant white teenagers or a visiting young American to present a fresh view of South Africa, stripped of adult cant.

In *The day of the kugel* word Michelle deur haar familie en nuwe vriende oor die situasie in Suid-Afrika ingelig, en verkry sy verskillende perspektiewe op apartheid. Tog het Michelle nie werklik die Suid-Afrikaanse situasie verstaan nie. Alhoewel sy besef sy is nie eintlik deel van die stryd nie, voel sy tog dat daar iets gedoen moet word om apartheid te beëindig. Deur aan 'n betoging deel te neem, het sy gevoel sy demonstreer haar ondersteuning vir die beëindiging van apartheid:

She knows the struggle is not hers, but for the first time in her life she becomes involved in something that has meaning for her (*Sunday Tribune* 1990:5).

The day of the kugel is met gemengde reaksie deur kritici ontvang:

Deur Michelle ervaar die leser die politieke gebeurde van 1976 aan hul bas. Hierdie politieke regstreeksheid is aanvanklik verfrissend, maar doen gaandeweg onverbloem didakties aan. Hoewel dit karakters is wat vir Michelle die politieke situasie verduidelik, is die verhaal nie vry te spreek van 'n volwasse outeurstem wat deurskemer nie (Hough 1990:50).

It is ... an optimistic piece far removed from reality (Mtshali 1991:10).

Because Michelle knows nothing about South Africa, others must define and explain what is going on. These explanations provide information about South Africa but do not further the plot. ... None of the characters are well developed, and the plot seems more concerned with providing bits of information about South Africa than with the complexities of human responses to apartheid in general and the Soweto uprising of 1976 in particular (Schmidt 1990:244).

The book is too simple and its casual tone too contrived (Mda 1990:130).

In *The day of the kugel* word die apartheidsideologie, wat oor die algemeen as 'n komplekse ideologie beskou kan word, op 'n simplistiese manier aan die leser verduidelik, met ander woorde sodat die leser kan verstaan waarop apartheid werklik neergekom het. Alhoewel die gebeure van 1976 nie in hierdie jeugroman in soveel detail as in byvoorbeeld *The sound of the gora* beskryf word nie, slaag die skrywer nogtans daarin om die kernfeite daarvan op 'n realistiese wyse weer te gee. Michelle is aanvanklik oningelig oor wat werklik in Suid-Afrika aan die gang is, en die ander karakters in die verhaal word gebruik om haar oor die politieke situasie in die land in te lig, op 'n manier wat sy sal verstaan. Jenkins bevestig dat sy vanuit verskillende perspektiewe ingelig word:

The most complete education in South African current affairs is that of the American teenager, ... Michelle, who, in Barbara Ludman's *Day of the kugel* [sic], arrives in the country in 1976 and sets out ... to interpret the events that impinge on her life ... Ludman has the foreigner befriend both wealthy, complacent whites and black and white radicals, from whom she gains different perspectives (Jenkins 1993:133).

Samevattend kan dus gesê word dat die waarde van *The day of the kugel* daarin geleë is dat die skrywer daarin slaag om 'n "ander" wêreld aan veral blanke lesers bekend te stel:

Many white teenagers in this country live such sheltered lives. Black teenagers are unknown to them. Their hardships are foreign. Because of this, *The day of the kugel* is an important book. It will make teenagers (and others) think (*Sunday Tribune* 1990:5).

Kalk (1990:9) se kritiek kontrasteer sterk met die genoemde "negatiewe" kritiek. Sy vat die essensie van *The day of the kugel* as volg saam:

The most striking feature of this historical novel is the easy balance that has been achieved between the unfolding of the catastrophic events of 1976 and the characters who are affected by this. Untouched by strident rhetoric or glib interpretation, men and women are allowed to respond in a complex and often ambiguous and tentative way to frightening and violent events. Ludman's ear for dialogue is unerring. The characters speak with their own voices and every spoken line rings truth. ...

The result of all this is a sympathetic and understanding portrayal of a group of people trying in their various and unique ways to live some sort of decent life under a system calculated to demean and dehumanise.

Daar is dus 'n duidelike verskil tussen laasgenoemde twee jeugromans onder bespreking. In *Msimangu's words* is die hoofkarakter, Chris, nie aktief betrokke in die stryd teen apartheid nie - hy gee bloot die verloop van gebeure weer. Verder is hy ook nie seker of hy vir of teen apartheid is nie. Lynreg teenoor Chris, staan Michelle (*The day of the kugel*) wat 'n buitestaander ten opsigte van die Suid-Afrikaanse politieke situasie is - tog het sy al meer bewus geword van die uitwerking van apartheid op die lewens van die meerderheid Suid-Afrikaners, en besef sy dat apartheid beëindig moet word, en om hierdie rede raak sy aktief betrokke in die stryd om dit te bewerkstellig. Hierdie karakters kan as volg opgesom word:

... the protagonists ... are depicted in a state of 'becoming' through initiation, seeking as they are interpretations of a 'political landscape' that they are just entering (Mitchell & Smith 1996:176).

'n Opmerkbare tendens in die jeugromans onder bespreking is dat die Soweto-opstande oorheersend uit die oogpunt van 'n buitestaander beskou word. [*The sound of the gora* is die enigste uitsondering, want die verteller, Andre ('n kleurlingseun), is regstreeks by hierdie gebeure betrokke.] Tog aanvaar die betrokke vertellers nie sonder meer die politiese gebeure om hulle nie. Hulle

bevraagteken veral die gebeure wat tot die Soweto-opstande aanleiding gegee het, en gevolglik ook verskillende aspekte van die apartheidsbeleid, onder andere Bantoe-onderwys.

6.4.2 Latere weerstand teen die onderwysbeleid

Weerstand teen die onderwysbeleid, in die vorm van skoolboikotte, het in die middel-tagtigerjare 'n hoogtepunt bereik. Drie van die bestudeerde jeugromans, naamlik *Crocodile burning* deur Michael Williams (1994), *Waiting for the rain* deur Sheila Gordon (1989) en *Wake up singing* deur Jane Rosenthal (1990), gebruik hierdie opstande as agtergrond tot die verloop en ontwikkeling van die verhaal.

Volgens Heale (1995:21) beeld *Crocodile burning* “the burning, frustrating desire in the minds of our youth to ‘change things’ ” uit. In hierdie verhaal, wat aan die einde van die tagtigerjare te midde van die felste skoolboikotte van die dekade afspeel, is dit Seraki, die hoofkarakter, wat gefrustreerd is met die situasie in Suid-Afrika en 'n begeerte het om verandering in die land te sien. Seraki het nie juis erg aan hierdie boikotte gehad nie en op 'n vraag van sy ma hoekom hy van die skool af wegbly, kom sy houding daarteenoor in sy antwoord aan haar na vore:

...I don't need school with its useless teachers, its crammed classrooms, its special Black Education, and its stupid boycotts (Williams 1994:4).

Seraki verbind dus die boikotte met die minderwaardige onderwysbeleid vir swartes, asook die swak toestande in swart skole. En dit is juis hierdie twee aspekte wat tot groot ontevredenheid onder veral swart leerlinge gelei het.

Dit is nie net Seraki se ma wat sy afwesigheid van die skool bevraagteken nie. Sy pa doen dit ook. Volgens Seraki verstaan sy pa egter nie wat aan die gang is nie, omdat hy onkundig oor die onderwyssituasie is:

There is no point in my telling Mr Nzule [his father] anything. He won't believe that they don't teach us much that matters in school, that we never have complete lessons because of teacher or student boycotts... (Williams 1994:6).

Dit is dus nie net die leerlinge wat die onderwysstelsel geboikot het nie. Talle onderwysers was ook ontevrede met die onderwyssituasie, en veral met die toestande waaronder hulle moes skoolhou (vergelyk afdeling 6.3 in hierdie verband).

Tengo, die hoofkarakter in *Waiting for the rain*, is, net soos Seraki, uiters gefrustreerd met die boikotte. Maar in teenstelling met Seraki, is Tengo veral gefrustreerd omdat die boikotte die onderwysstelsel só ontwrig het dat dit nie vir hom moontlik sou wees om matriek in die betrokke jaar te skryf nie. Die feit dat hy die geleende boeke aan die predikant terugbesorg, is tekenend van sy frustrasie en moedeloosheid, so asof hy handdoek ingegooi het. Tengo se gemoedstoestand kan as volg opgesom word:

Tengo himself becomes torn between his single-minded pursuit of formal learning and his emerging sense of responsibility toward the struggle for South African democracy (Maddy & MacCann 1996: 94).

Talle swart leerlinge was in dieselfde posisie as Tengo. Ten spyte van die feit dat hulle die onderwysstelsel as minderwaardig beskou het, wou hulle wel matriek skryf, maar die skoolboikotte van die tagtigerjare het hulle verhoed om hierdie lewensideaal te bereik.

In *Wake up singing* word die skoolboikotte van 1985 ook in die verhaal geïntegreer. Nick, die hoofkarakter in die verhaal, se lewe verander radikaal nadat hy met Em bevriend geraak het. Sy is "involved in a world of which he [Nick] has had no experience, a world in which his contemporaries are fighting a battle for survival" (Schwartz 1991:9).

Aanvanklik wéét Nick net van die onrus. Dit blyk uit die volgende:

It was 1985 and the crime rate in the suburbs had soared along with the increase of so-called “unrest” in the townships - all the police were patrolling Soweto, Katlehong, Sebokeng. Thousands of people were jobless too as a result of the depressed economy (Rosenthal 1990:11).

Net soos Andre in *The sound of the gora*, raak Nick betrokke by die stryd teen apartheid - hy “ontwaak” dus polities. Tydens ’n gesprek tussen Nick, Em en Zach, openbaar Nick sy onkunde ten opsigte van die uitwerking van hierdie boikotte op kinders se lewens. Tog maak Nick ’n belangrike stelling wat op die blanke se houding jeens die boikotte wys; “Ja, I s’pose you’re right, I am a spoiled white brat and I do take my education for granted” (Rosenthal 1990:15), waarop Zach hom as volg antwoord:

“... you probably do. For us it’s different. Ever since ’76 black schools have been in a mess. And we are the ones who are paying the price” (Rosenthal 1990:15).

Mettertyd begryp Nick waarom die stryd teen apartheid gaan. Soos hy al meer betrokke raak by die stryd, raak hy al meer ingelig oor die probleme in die swart dorpe, en begin hy agterkom watter uitwerking apartheid op mense se lewens het.

Schwartz (1991:9) verwoord die kernboodskap van *Wake up singing* as volg:

This is definitely one to be recommended to anyone searching for insights into a world in which the “us” and “them” are struggling for a real understanding and for meaningful relationships that will span and eventually destroy the barriers of privilege and politics.

Die onderskeid wat tussen die “ons” en “hulle” gemaak word, is van belang, omdat dit duidelik na vore kom in hierdie verhaal. In *Wake up singing* word die “ons” (dit is die blanke) se wêreld skerp met dié van die “hulle” (dit is die nie-blanke) se wêreld gekontrasteer. Die skrywer wil daardeur die leser se aandag vestig op die uitwerking van apartheid op alle Suid-Afrikaners, en dat dit tot verwydering tussen blank en nie-blank gelei het. Ten einde tot ’n wedersydse begrip te kom, moet blankes en nie-blankes mekaar leer ken en respekteer.

Uit die jeugromans wat in hierdie afdeling bespreek is, blyk dit dat die skoolboikotte verreikende gevolge op die swart gemeenskap gehad het. Polisie-optrede teen opstandelinge het hand aan hand gegaan met hierdie boikotte, en aangesien die rol van die veiligheidsmagte ook ’n onderwerp is wat telkemale in die bestudeerde jeugromans uitgelig is, word dit in ’n aparte hoofstuk (hoofstuk sewe) bespreek.

6.5 Samevatting

Bantoe-onderwys was ’n belangrike aspek van die apartheidsbeleid, soos blyk uit hierdie hoofstuk. Deur die uitbeelding van die stelsel van Bantoe-onderwys wil skrywers die lesers nie net bewus maak van onderwystoestande gedurende die apartheidsera nie, maar van die apartheidsbeleid as geheel.

’n Belangrike ooreenkoms wat in die bespreekte jeugromans na vore gekom het, is die negatiewe siening ten opsigte van Bantoe-onderwys in die algemeen. Hieruit kan ’n mens aflei dat die onderwystoestande gedurende die apartheidsera veel te wense oorgelaat het. (Vergelyk afdeling 6.2 in hierdie verband.)

’n Verdere belangrike ooreenkoms in die jeugromans onder bespreking is die skerp kontrastering tussen “ons” en “hulle”. Soos reeds genoem, verteenwoordig die “ons” oor die algemeen die blankes en die “hulle” die nie-blankes. Daardeur wou skrywers onder andere die skerp verskil tussen nie-blanke en blanke onderwys gedurende die apartheidsera uitlig.

Die uitbeelding van die onderwystoestande gedurende die apartheidsera is nou verweef met hoe die veiligheidsmagte, veral die polisie, in die jeugromans onder bespreking uitgebeeld word. Aangesien die uitbeelding van die veiligheidsmagte ook 'n belangrike aspek in die bestudeerde jeugromans is, word dit afsonderlik in die volgende hoofstuk behandel.

Endnotas

1. Dit was slegs die geval in die Transvaalse skole, maar nie in die ander drie destydse provinsies nie. Hierdie verhaal speel in Soweto, dus in die Transvaal, af - daarom kan daar aangeneem word dat hier na die Transvaalse blanke skole verwys word.

2. Vergelyk Martin Luther King se bekende toespraak "I have a dream".

3. In 1975 is daar tot 'n 12-jaar-skoolstruktuur oorgegaan. Hierdie struktuur het uit verskillende fases bestaan, nl 'n primêre skoolfase tot by Standaard vyf; 'n junior sekondêre fase tot tot by Standaard 7 en die Senior Sekondêre fase tot by Matriek. Dit het verreikende gevolge gehad. Nie alleen was daar aan die einde van 1975 'n skerp toename in die primêre skoolverlaters nie, maar daar was meer as 1 300 addisionele klaskamers en onderwysers nodig ten einde in die groeiende behoefte daarna te voorsien. 'n Verdere implikasie was dat daar 50 leerlinge per klas was, met ander woorde leerlinge het hulself in groot klasse bevind, moes dikwels in tydelike akkomodasie skoolgaan en onderwysers wat vir die primêre fase opgelei is, het dikwels vir die eerste keer met sekondêre skoolwerk te doen gehad (Hartshorne 1992:75-76).

HOOFSTUK 7

DIE UITBEELDING VAN DIE VEILIGHEIDSMAGTE

7.1 Inleiding

Die veiligheidsmagte is 'n omvattende term wat vir die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) en die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) gebruik word. In die bestudeerde jeugromans word meer klem op die polisie as op die weermag gelê. Die rede hiervoor is moontlik dat die polisie tradisioneel die handhawer van wet en orde is. Ten spyte daarvan dat die weermag sedert 1976, ná die Soweto-opstande, gebruik is om die polisie by te staan om enige weerstand teen die apartheidsbeleid te onderdruk, was dit nog steeds die polisie wat die prominentste mag in die swart dorpe was (vergelyk hoofstuk twee, afdeling 2.6.3, in hierdie verband).¹

Tesame met ander apartheidswette het die regering ook wetgewing deurgevoer wat die magte van die polisie aansienlik versterk het. Dit het ook daartoe aanleiding gegee dat die polisiemag vergroot is. Verder was daar 'n toenemende behoefte aan swart polisielede as gevolg van die apartheidsbeleid, omdat 'n beleid van segregasie ook in die polisie gehandhaaf is. Hierdie polisielede was aanvanklik verantwoordelik vir die handhawing van orde in die swart woongebiede (Cawthra 1993:12).

Teen dié agtergrond word die volgende aspekte in hierdie hoofstuk bespreek: die beeld van die veiligheidsmagte; die uitbeelding van botsings tussen die veiligheidsmagte en die publiek; aanhoudings, veral dié sonder verhoor, en ondervraging deur die polisie. Die skrywers gebruik hul karakters om die argwaan van die meerderheid Suid-Afrikaners oor hierdie aspekte te verwoord - aspekte wat in toenemende mate wrywing tussen blank en swart veroorsaak het en uiteindelik tot die beëindiging van die apartheidsera gelei het.

7.2 Die beeld van die veiligheidsmagte in die breë gemeenskap

In hierdie afdeling word na die beeld van die veiligheidsmagte veral onder die swart gemeenskap gekyk. Die feit dat die veiligheidsmagte deur die regering as 'n "instrument" gebruik is om die apartheidsbeleid in stand te hou, het gelei tot 'n uiters negatiewe beeld van veral die polisie onder die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking. Swartes het die polisie oor die algemeen bloot as "agente" van 'n blanke minderheidsregering beskou wat hul strewe na 'n demokratiese Suid-Afrika wou onderdruk. Selfs die kleurlinge en Indiërs het geglo dat die polisie bevooroordeel teenoor hulle is, dat hulle geneig is tot brutaliteit wanneer hulle met die publiek (veral nie-blankes) te doen het, en dat blankes oor die algemeen beter beskerming van die polisie ontvang (Prior 1989:195). Hierdie beeld van die polisie het ook in die literatuur neerslag gevind. Dit is veral die wyse waarop die polisie wet en orde tydens die apartheidsera gehandhaaf het, wat in die bestudeerde jeugromans uitgebeeld word.

Dié negatiewe beeld van die veiligheidsmagte, veral die polisie, het gedurende die sewentiger- en tagtigerjare in Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur sterk na vore gekom. Dit is opmerklik dat nie een van die bestudeerde jeugromans 'n positiewe beeld van die veiligheidsmagte as geheel weergee nie. Dit kan gargumenteer word dat die veralgemeende negatiewe uitbeelding van dié magte die objektiwiteit van die meerderheid skrywers van hierdie jeugromans bevraagteken. Tog slaag die skrywers daarin om deur 'n eensydige siening van die rol van veral die polisie, soos verwoord deur die karakters, die algemene minagting van swart gemeenskappe vir die polisie te beklemtoon.

Die algemene negatiewe beeld van die polisie blyk veral uit 'n verskeidenheid skeldname vir polisiebeamptes wat in talle van die jeugromans onder bespreking aangetref word. Dit wys daarop dat die meeste skrywers geneig is tot stereotipering van die polisie, omdat blanke polisiebeamptes, selfs diegene wat 'n meer gematigde houding teenoor swartes ingeneem het, oor dieselfde kam geskeer word en daardeur geïmpliseer word dat alle blanke polisiebeamptes sleg is en daarop uit is om veral swartes te verneder en te onderdruk.

In *Go well, stay well* deur Toeckey Jones (1979) word verskillende skeldname vir die polisie gebruik. Tydens een van Candy en Becky se ontmoetings in 'n openbare park, kry hulle met die polisie te doen. Becky gewaar twee polisiemanne wat na hulle op pad is, en sy waarsku Candy dat "Big Ears" naby is. Die skrywer gebruik die beskrywing van hierdie insident om die leser se aandag op een van die belangrikste take van die polisie gedurende die apartheidsera te vestig, naamlik om oortreders van apartheidswette te vervolg - in hierdie geval was dit die skeiding van banke in openbare parke. Dié beskrywing is dus 'n goeie voorbeeld van stereotipering, aangesien die polisie as blote "werktuie" van die apartheidsregime beskou word.

Ander skeldname vir die polisie wat ook in die verhaal gebruik word, is "Copper", "*Amakgathas*" en "blackjacks". "Copper" is 'n slangwoord vir 'n polisieman wat algemeen in Engeland gebruik word. Dit is van die woord "cop" afgelei. Die *Concise Oxford dictionary of current English* (1995, s.v. 'cop') omskryf "cop¹" as volg:

"... - *n.* 1 a policeman. 2 *Brit.* a capture or arrest... - *v.tr.* 1 catch or arrest (an offender). 2 receive, suffer. 3 take, seize".

Die woord "cop" het egter in Suid-Afrika 'n negatiewe betekenis verkry. Bogenoemde definisie omskryf verder ook die taak, en die optrede, van 'n polisiebeampte- nie die positiewe kant (soos om mense te beskerm) nie, maar die negatiewe kant daarvan. Die skeldnaam "Copper" is daarom veelseggend, en deur die spesifieke gebruik daarvan wil die verteller die polisie se optrede gedurende die apartheidsera beskryf, veral hoe die polisie se optrede oor die algemeen deur hardhandigheid gekenmerk is (soos byvoorbeeld met 'n "pasboek-klopjag" en die daaropvolgende arrestasies).

'n Ander skeldnaam wat in die verhaal gebruik word, is "*Amakgathas*", Zoeloe vir "arseholes": "...a term of contempt for a person" (*The concise Oxford dictionary of current English* 1995, s.v. 'arsehole'). Deur hierdie woord te gebruik wanneer hulle na die polisie verwys, het die swartes, insluitende Becky, hul minagting vir en wantroue in die polisie uitgespreek.

Die term “blackjack” wat ook algemeen gebruik is om na die polisie te verwys, het weer na die munisipale polisie verwys. Hierdie polisiebeamptes het gewoonlik in die vroeë oggendure klopjagte uitgevoer om mense op te spoor wat nie op die betrokke huispermit geregistreer was nie. Volgens Becky verwys dié benaming na die kleur van hul kleredrag: “... we call them that because they’re dressed all in black, I suppose so you can’t see them coming in the dark” (Jones 1979:75). Hierdie polisiemanne het gewoonlik skielik toegeslaan, wat daartoe aanleiding gegee het dat hulle deur die swart gemeenskap gehaat en gevrees is.

’n Spesiale afdeling van die polisie was die Veiligheidspolisie wat spesiaal ingestel was om veral die veiligheidswetgewing te implementeer. Becky noem die offisiere wat in hierdie afdeling werk, “Special Branch *bobbejaans*”. Hierdie benaming was ’n snedige verwysing na die wyse van optrede van sommige lede van dié afdeling wat inderdaad in bome geklim het om oortreders van die Ontugwet te betrap: “... Special Branch *bobbejaans* like to climb up trees to spy into people’s bedrooms” (Jones 1979:74). Die skeldnaam “bobbejaan” beklemtoon die feit dat swartes weinig respek of agting vir die polisie gehad het.

Die verskillende skeldname vir die polisie wat in hierdie verhaal genoem word, reflekteer die haat en minagting wat die breë swart publiek in daardie tyd vir die polisie gekoester het. Hierdie gevoel word verder geïllustreer deur die insident waar die polisie vir Becky ondervra het, terwyl Candy net hulpeloos kon toekyk. Na dié voorval het Becky die twee polisiemanne nageaap en met hulle die spot gedryf, ’n reaksie wat toon dat sy hulle en hul optrede minag. Becky “speel” die rol van ’n polisieman, terwyl Candy die “oortreder” is. Die “oortreding” is dat Candy ’n “kommunistiese” boek gesit en lees het. In die boek is ’n sebra met swart en wit strepe wat dieselfde vel deel, as illustrasie gebruik en hierdeur wil die verteller die belaglikheid van die apartheidsbeleid beklemtoon, asook die uiterstes waartoe die handhawers van wet en orde in staat was:

She [Becky] grabbed the book and jumped up, puffing out her chest and pulling an imaginary cap down over her eyes. 'Stand up *jong*, when I speak to you,' she snarled. ...

'Come on, come on!...' Becky made as if to hit her.

... Rising hurriedly to her feet, she assumed an attitude of humble contrition. She was finally beginning to understand and to appreciate Becky's humour. A sense of the ridiculous helped Becky to remain human under an inhuman system; seeing the funny side in her own suffering was both her salvation and her strength.

And despite their power, the policemen were ridiculous. Candy could see that now as Becky stood there mimicking them, with her arms folded and looking down her nose in a silent contemptuous manner (Jones 1979:58).

Die tipe taal wat Becky tydens hierdie "ondervraging" gebruik, is 'n snedige verwysing na die taal wat dikwels deur die polisie in die uitvoering van hul pligte gebruik is - 'n verdere illustrasie van haar disrespek vir die polisie. Candy se "verweer" is ook nie vir Becky bevredigend nie:

... Candy said, "Scuse me baas. I didn't do nothing baas."

Becky nodded grimly. 'You think so, hey? You blerry *bliksem*. See this book here? What you think you're doing with communist literature, hey? You think I'm stupid. You think I don't know this zebra here is banned under the Immorality Act?'

'But baas, ... that zebra's stripes are Separate Development, baas. They grow seperate, baas - "Apart", in different areas of the zebra's "heid", baas. They don't cross the Colour Bar, baas. ...

‘You cheeky blerrie commie. You’re under arrest.’

‘no baas... Please baas... Why baas? I didn’t do nothing baas.’

‘You’re under arrest for asking why you’re under arrest’ (Jones 1979:58).

Na hierdie rolspel, maak Becky die volgende opmerking: “ ‘Did you see...’ ... ‘the way his [the policeman’s] nose was twitching like a dog’s, sniffing for suspect smells between the pages.’ ” (Jones 1979:59). Dit impliseer dat die polisie net as “handhawers” van die apartheidsbeleid gesien is, en dat dit hulle taak was om “oortreders” van die verskillende apartheidswette op te spoor. Hier is dus geen sprake daarvan dat die twee meisies die twee polisiebeamptes in hul tradisionele rol gesien het nie, naamlik dié van handhawers van wet orde wat inderdaad ’n vriend van die gewone burger is en hulle teen misdaad sal beskerm.

Candy het self ook ’n negatiewe siening van die polisie gehad. Haar siening van die polisie is egter op tweedehandse inligting gebaseer, inligting wat sy moontlik deur die nuus, of van hul gesin se bediende, verkry het en daarom is Candy geneig om baie te veralgemeen, soos duidelik uit die volgende blyk:

... She hated policemen; she despised them. They were nearly all Afrikaners which didn’t help, and they were generally known to be utterly brutal in their dealings with Africans. She had no respect for their authority, but she was afraid of it, which was why she listened to the heavy, dull tramp of their approaching footsteps with trepidation (Jones 1979:54).

Alhoewel Candy se siening subjektief en eensydig is, is die aanname dat die meeste polisiemanne Afrikaners is, tog histories korrek. In ’n proses van verafrikaansing, is Engelssprekende polisiebeamptes in die vyftigerjare tot ’n groot mate deur Afrikaanssprekendes vervang. Hierdeur is die Afrikaner nasionalistiese ideologie verstewig (Cawthra 1992:7). Dit is verder opmerklik dat Candy die swart komponent van die polisie (wat gedurende die apartheidsera ’n belangrike rol in die

toepassing van die apartheidsbeleid gespeel het) buite rekening laat - 'n bevestiging van haar eensydige perspektief op die polisie.

Volgens Candy is polisiebeamptes ook in die algemeen “utterly brutal” in hul optrede teenoor swartes. Dit is 'n goeie voorbeeld van stereotipering, aangesien dit Candy se siening is, en daar nie verder in die verhaal 'n onderskeid tussen “slegte” en “goeie” polisie-optrede getref word nie.

In die genoemde ontmoeting tussen Candy en Becky in 'n park waartydens twee polisiemanne daar verbygekom en vir Becky ondervra het, moes Candy hulpeloos toekyk hoe haar vriendin verneder word. Nadat die polisiemanne daar weg is, spreek Candy haar woede en frustrasie ten opsigte van hul wyse van optrede uit. Nou is haar siening nie meer gebaseer op tweedehandse inligting nie, maar op 'n eerstehandse ervaring:

... ‘The swine! ... The filthy bastards! I could ...’ She swallowed violently. There wasn’t anything she could think of doing to them right then that could satisfy her furious hatred (Jones 1979:56).

Die wyse waarop die polisie in *Go well, stay well* uitgebeeld word, wys op die bevooroordeeldheid van die skrywer. Sy beeld slegs die negatiewe kant van hierdie mag uit en het niks goeds te sê oor hulle nie. Hierdie eensydige perspektief op die polisie plaas dus 'n vraagteken oor die skrywer se objektiwiteit ten opsigte van die uitbeelding van die apartheids-era, en spesifiek oor die rol van die polisie gedurende hierdie tydperk.

In *Wake up singing* deur Jane Rosenthal (1990) word die polisie ook negatief uitgebeeld. Tydens 'n gedenkdiens van die Soweto-opstande van 1976 moes die polisie toesien dat die diens ordelik verloop. Na afloop van die diens, terwyl Nick, die hoofkarakter, en twee van sy vriende, Em en Mpho, verby die polisie loop, skree een van die polisiemanne iets onbetaamliks vir hulle. Em se reaksie daarop is: “ ‘Pigs’ is too good a name for them” (Rosenthal 1990:84). Daardeur word geïmpliseer dat die polisie dié deel van die samelewing is met wie 'n mens niks te doen wil hê nie, en

dat hulle liefers vermy moes word. Die polisie word dus nie gerespekteer nie en word eerder as behorende tot 'n laer "klas" gesien.

Die vrees vir die polisie wat onder 'n groot deel van die swart bevolking in daardie tyd geheers het, kom in die meeste van die bestudeerde jeugromans na vore. Hierdie vrees is by mense deur die optrede van die polisie ingeboesem weens die hardhandige, en dikwels genadelose wyse waarop hulle teenoor nie-blankes opgetree het.

'n Goeie voorbeeld hiervan word deur Naledi, die verteller in Beverley Naidoo se *Journey to Jo'burg* (1985), verwoord. Volgens haar moes 'n mens altyd op die uitkyk vir polisiemanne wees. In die volgende uitbeelding van die polisie kom die vrees vir hierdie mag duidelik na vore:

Policemen were dangerous. Even in their village they knew that...

The older children at school had made up a song:

'Beware that policeman,

He'll want to see your 'pass',

He'll say it's not in order,

That day may be your last!' (Naidoo 1985:19-20).

In die vervolg op *Journey to Jo'burg*, *Chain of fire* (1995), kom hierdie negatiewe houding jeens die polisie ook ter sprake. Na die hoofman se huis deur 'n brand verwoes is, word al die inwoners van Bophelong ondervra. Die polisieman wat Naledi ondervra lyk nie vir haar soos 'n gewone polisieman nie, "the sort who simply beat, chased and pushed people around" (Naidoo 1995a:60). Net soos in *Go well, stay well*, gebruik die skrywer haar karakters, in dié geval Naledi, om die polisie te stereotipeer. Hulle word as mense voorgestel wat oortreders van die wet sleg en hardhandig behandel. Die beeld wat Naledi van die polisie het, is dus uiters negatief.

Die manier waarop dié polisieman vir Naledi ondervra, maak haar senuweeagtig, en sy weet nie wat om te antwoord nie:

... he stared at Naledi intently as he asked each question. He would wait for a few seconds for an answer and then break the silence with another question. His manner was unnerving and Naledi avoided looking at him (Naidoo 1995a:61).

Die skrywer impliseer dat dié manier van ondervraging kenmerkend was van die metodes wat deur polisiebeamptes in daardie jare gebruik is om vrees by mense in te boesem. Naledi besef dit en daarom beskou sy hulle as wreed. Maar sy neem haar voor om nie deur die polisie geïntimideer te word nie. Intendeel, dit maak haar opstandig en sy besef dat sy en haar mede-inwoners van die dorp iets aan die voorgenome verskuiwing sal moet doen (Naidoo 1995a:62-63).

Tydens hierdie klopjag is die polisie deur die weermag bygestaan: "The soldiers had not actually done anything except look menacing but they had threatened to shoot anyone trying to leave" (Naidoo 1995a:63). Hieruit blyk dit dat die weermag ook met agterdog bejeën is. Op hierdie wyse is die negatiewe houding teenoor die polisie ook na die weermag oorgedra. Die weermag is dus in dieselfde lig as die polisie beskou, omdat hierdie mag met die polisie saamgewerk het in die onderdrukking van die teenstanders van apartheid.

In Elana Bregin se *The magic bicycle* (1990) kry Thomas, die hoofkarakter, ook met die polisie te doen. Een middag is Thomas besig om sy fiets skoon te maak, onwetend dat die buurvrou van sy ma se werkgewer, mev. Grumper, hom dophou. Mev. Grumper se beeld van swartes is uiters negatief en kan as 'n klassieke voorbeeld van stereotipering gesien word:

The only thing Mrs Grumper knew about black people was what she had read about them in the crime reports of the newspaper. She had never tried to get to know a black person herself, or even spoken to one - as one human being to another. She couldn't be expected to understand that there are good and bad black people, just as there are good and bad white people.

To her mind, *they* were all criminals. Thievery came as naturally to *them* as breathing. A lot of bicycles had gone missing from the neighbourhood during the past month or two. It was quite obvious to her that this was one of them (Bregin 1990:93).

Dit is belangrik om daarop te let dat in bogenoemde aanhaling 'n volwasse stem deurskemer. Dit is asof die skrywer, en nie die verteller (Thomas) nie, self aan die woord is. Dit kan as 'n punt van kritiek teen hierdie jeugroman genoem word, aangesien dit die geloofwaardigheid van die verhaal en daarom die objektiwiteit van die skrywer bevraagteken.

Die beskrywing van die daaropvolgende gebeure bevestig bogenoemde kritiek. Mev. Grumper het die polisie van die "gesteelde" fiets laat weet en by die aanhoor van die bekende geluid van 'n polisievangwa, skrik Thomas hom yskoud. Dit word as volg beskryf:

"the very sight of it [the police van] was enough to strike cold dread into the heart of the young boy" (Bregin 1990:94).

Die verteller gaan voort deur die ontmoeting tussen Thomas en die polisie as volg te beskryf:

"He looked up at them quaking, feeling faint with fear. He couldn't take his eyes off their gun holsters. Their faces were stern underneath the peak caps" (Bregin 1990:95-96).

Ten spyte van sy onskuld, word vrees dus in Thomas wakker gemaak. Dit kan aan die algemene gevoel wat daar in sy gemeenskap teenoor die polisie geheers het, toegeskryf word.

Hierdie vrees vir die polisie word ook in *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984) beskryf. Tydens 'n betoging teen apartheid, word Andre en Caroline, die twee hoofkarakters, deur die skare meegesleur. Dit lyk vir Caroline of Andre nie bang is vir die polisie nie, maar sy vrees die "ape-like policemen" (Harries 1984:133). Uit haar beskrywing van die polisiemanne as "ape" is dit duidelik dat sy ook 'n eensydige en negatiewe beeld van die polisie het.

Tolly, die hoofkarakter in *Tolly: hero of Hanover Park* deur M. Cassiem D'Arcy (1989), en sy vriend, Gamat, beland in 'n benarde situasie (hulle raak bewus van 'n dwelmsmokkelnetwerk in hulle dorp), maar hulle weet nie wat om daaraan te doen nie. Al wat hulle weet, is dat hulle nie die polisie kan vertrou nie. Die polisie is vir die inwoners van Hanover Park deel van die "vyand" en 'n mens onderhandel nie met die "vyand" nie. Tolly verwys na die polisie as die "Law", waaruit dit blyk dat Tolly se persepsie van die polisie is dat die polisie die Wet aan hulle kant het en dat hulle optrede deur die landswette geregverdig word:

Tolly knew that it could have been so easy if they simply could have gone to the police. But he knew that would be impossible. The Law was regarded with suspicion in the townships. The clashes during the riots and the unrest of the past decades had sealed that impression. The police had come with the army. Force had been overwhelming and resentment still seethed under a veneer of tranquillity. No, the Law could not be trusted. They were part of the enemy and in Hanover Park one does not fraternise with the enemy. That was the unwritten law (D'Arcy 1989:41).

Die benaming "Law" om die polisie te tipeer, word ook in *Love, David* deur Dianne Case (1986) gebruik. Nadat hy met dagga in sy besit gevang is, is David vrygelaat en in die sorg van sy ouers geplaas. Een van sy vriende, Oupa, vra hom uit na sy "hassle with the Law" (Case 1986:110). Deur David se botsing met die polisie só te beskryf, is dit duidelik dat Oupa ook negatief teenoor die polisie ingestel is.

Die vernaamste negatiewe sienings van die polisie wat in die bestudeerde jeugromans na vore gekom het, is die algemene vrees wat die polisie by mense ingeboesem het, met 'n gevolglieke disrespek van en wantroue in polisiebeamptes in die algemeen, waarvan *Go well, stay well* 'n goeie voorbeeld is. Dit kan daarom beweer word dat die wyse waarop skrywers die polisie se optrede gedurende die apartheidsera uitbeeld, 'n belangrike bydraende faktor was tot die negatiewe siening wat die nie-blanke gemeenskappe van die veiligheidsmagte gehad het.

7.3 Die uitbeelding van botsings tussen die veiligheidsmagte en die publiek

Die uitbeelding van botsings tussen die veiligheidsmagte en lede van die publiek vorm 'n belangrike deel van die verhaal in die meerderheid van die bestudeerde jeugromans. Daar word in redelike detail daarop ingegaan, veral die optrede van die veiligheidsmagte tydens betogings, opstande en oor die algemeen in die uitvoering van hul pligte. Polisie-optrede kan gesien word as deel van die ingrypende verandering in talle mense se lewens in swart dorpe dwarsdeur die land tydens die apartheidsera.

In die vorige hoofstuk (hoofstuk ses, afdeling 6.4) is die weerstand teen onder andere die onderwysbeleid bespreek. Die bespreking van dié weerstand is in twee onderafdelings verdeel, naamlik die beskrywing van die Soweto-opstande van 1976, en die latere weerstand teen die onderwysbeleid in die algemeen. In hierdie afdeling word dié gebeure weer bespreek, maar nou word daar aandag aan die uitbeelding van polisie-optrede in die onderdrukking van die weerstand teen apartheid in die algemeen gegee.

7.3.1 Die Soweto-opstande (1976)

Verskeie jeugromans het die optrede van die veiligheidsmagte tydens hierdie opstande as tema. Van hierdie romans is onder meer *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984), *The day of the kugel* deur Barbara Ludman (1989) en *Msimangu's words* deur Hamilton Wende & Windell Williams (1992).

In *The sound of the gora* bereik die verhaal 'n klimaks met die jeugdige se betoging, wat deur ondersteuners van die Swart Bewussynsbeweging gereël is. Hierdie betoging vind in die middestad van Kaapstad plaas. Die polisie is bewus van die beplande optog en is gereed vir enige oproerigheid, en elke moontlike onderafdeling van die veiligheidsmagte is op 'n gereedheidsgrondslag geplaas sodat hulle enige weerstand kon teenstaan:

... Another busy day for the riot police, the railway police, the traffic police, the entire might-is-right of the South African police: six foot rugby forwards, bulging necks, revolvers in leather, they fall upon these children with a loathing bred by history (Harries 1984:123).

Hierdie beskrywing van die veiligheidsmagte is tussen hakies ingevoeg, wat laat blyk dat die skrywer haar eie subjektiewe mening ten opsigte van veral die polisie onder die leser se aandag wil bring. Dit is dus nie die verteller self wat aan die woord is nie, maar 'n bevooroordeelde skrywer, en is derhalwe 'n klassieke voorbeeld van stereotipering.

Die polisie sou nie skroom om gewelddadig op te tree nie. Die eerste metode wat die polisie aanwend om die skare uiteen te probeer dryf, is deur die gebruik van traangas. Dit laat die meeste kinders in alle rigtings spat. Tog is daar diegene wat nie wou padgee nie. Wanneer die aankondiging "WE HAVE FINISHED PLAYING AND WILL TAKE ACTION ... THE POLICE DEPARTMENT WILL NOT BE RESPONSIBLE IF YOU ARE INJURED" oor die luidspreker kom, is Andre se reaksie daarop: "We also have finished playing" (Harries 1984:130). Deur die gebruik van hoofletters vir die polisie se waarskuwing wil die verteller nie net hierdie mag se hardhandige optrede tydens die opstande beklemtoon nie, maar ook wat hul houding ten opsigte van dié betoging is. Andre se reaksie daarop impliseer dat die kinders sou aanhou weerstand bied ten einde verandering in Suid-Afrika te bewerkstellig, en dat hulle selfs bereid was om te ly in die stryd om die beëindiging van apartheid.

Na die aankondiging gaan die polisie dan ook tot aksie oor. Caroline, een van die hoofkarakters, se beskrywing van die polisie se optrede teenoor die betogers is 'n klassieke voorbeeld van polisie-optrede in daardie jare:

The riot police had somehow transformed themselves into a solid human shield which stretched right across the broad main street. They were marching in a strange, compulsive sort of way upon a huge crowd of men, women and children which had gathered up the other end of the street. The crowd were staring at the police in amazement, almost hypnotised by the sight, as if they were tiny human victims about to be torn apart by the enormous camouflaged monster which was advancing methodically upon them. Then at a command the monster bent its hundred knees and gushed smoke and fire... (Harries 1984:131).

In bogenoemde beskrywing kom die subjektiwiteit van die skrywer sterk na vore, en dit blyk veral uit haar woordkeuse. So byvoorbeeld word die veiligheidsmagte as 'n "enormous camouflaged monster" en die skare as "tiny human victims" beskryf. Die skrywer wil daarmee die magtigheid van die veiligheidsmagte teenoor die magteloosheid van die skare betogers beklemtoon.

Verder is dit opmerklik dat die verteller herhaaldelik noem dat die polisie se bevele in Afrikaans gegee word. Soos vroeër genoem, was die oorgrote meerderheid van die veiligheidsmagte in daardie jare Afrikaanssprekend, en is Afrikaans deur die meerderheid swartes as die taal van die onderdrukker beskou. Dit is asof die opsetlike gebruik van Afrikaans die oproeriges net meer opstandig maak, en in die chaos wat volg, hoor 'n mens vryheidskrete soos "Amandla" en "Power to the people! Down with apartheid!" opklink (Harries 1984:135). Hierdie mense sou dus aanhou met die stryd om 'n regverdige en billike regeringsbestel in die land gevestig te kry, ten spyte van die regering se pogings om hulle te probeer onderdruk.

Gewelddadige polisie-optrede word ook in *The day of the kugel* deur Barbara Ludman (1989) beskryf. Michelle, die hoofkarakter, neem saam met studente aan 'n protesoptog deel ten einde hul solidariteit met dié wat gedurende die Soweto-opstande gely het, asook dié wat stry vir die beëindiging van apartheid, te bewys. Die polisie se manier om die optog te stuit, word as volg deur Michelle beskryf:

... A policeman grabbed her [Tracey] by her shirt and crashed his riot stick into her face.

Tracey [Michelle's friend] stood there open-mouthed until the blood began to flow from her forehead. Then she tried to run again; and the policeman - young, blond, impassive - hit her again, on the back this time, and dragged her up the slope (Ludman 1989:78).

Michelle is 'n Amerikaner. Sy beskryf dus hierdie insident as buitestaander, iemand wat redelik oningelig ten opsigte van gebeure in Suid-Afrika was. Tog maak sy 'n belangrike waarneming tydens dié insident, naamlik dat die polisie ongeorganiseerd is:

There were knots of students in various stages of injury and police wandering around with their sticks. It did not look well-organised; nobody seemed to know what to do. Men in ordinary police uniform were conferring next to the black car she'd seen before the attack (Ludman 1989:78).

Hierdie waarneming kan as 'n sterk aanklag teen die polisie gesien word. Dit is asof die polisie net een doel voor oë gehad het - die skare betogers moes ten alle koste uitmekaar gejaag word ten einde te verhoed dat hulle hul bestemming bereik (in dié geval was dit die Wesrand Administratiewe Raad) waar hulle 'n petisie kon oorhandig, of selfs moontlik amok kon maak.

In *The sound of the gora* en *The day of the kugel* is die vertellers self aktief by die botsings tussen die polisie en lede van die publiek betrokke. Hulle vertellings is dus, by implikasie, op eerstehandse ondervinding gebaseer. Een van die hoofkarakters, Chris, in *Msimangu's words* deur Hamilton Wende & Windell Williams (1992), daarteenoor, vertel ook van die botsings tussen die polisie en lede van die publiek, maar sy inligting verkry hy deur die media en van sy ouers, met ander woorde sy vertelling is op tweedehandse inligting gebaseer. Aangesien Chris nie self in 'n botsing met die polisie betrokke was nie, weet hy nie werklik hoe dit voel as die polisie op die betogers begin skiet

nie. Chris beskryf in 'n brief aan sy penvriend, Sam, die opstande in taal wat as neutraal beskou kan word om te wys dat hy van die insident gedistansieer is:

Today huge riots broke out in Soweto, which is the black township next to Johannesburg. It was mostly started by black school children who were protesting about having to study in Afrikaans at school. I don't know exactly what happened, but the whole of Soweto seems to have blown up. There are riots all over. The police shot a lot of people and the rioters stoned cars, burned down buildings and attacked white people (Wende & Williams 1992:73).

Chris se weergawe van gebeure word dus van buite beskou, omdat hy nie self daarby betrokke is en ook nie oor al die feite van die Soweto-opstande beskik nie. Dit is gevolglik belangrik om daarop te let hoe die skrywer Chris gebruik om die blanke se gebrek aan kennis rondom hierdie gebeure aan die leser oor te dra. Dit kan gesê word dat Chris dié blankes (wat in daardie tyd die oorgrote meerderheid was) verteenwoordig wat nie werklik geweet het wat in die land aan die gang was nie, óf wat nie wóú weet wat aan die gang was nie, óf hulle het hulle bloot nie daaraan gesteur nie en afsydig teenoor die gebeure in die land gestaan het. Die manier waarop Chris se houding aan die leser oorgedra word, kan dus as 'n sterk aanklag teen die blankes as geheel gesien word.

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die vertellers in *The sound of the gora*, *The day of the kugel* en *Msimangu's words* tot 'n mate eensydig in hul uitbeelding van die opstande van 1976 is. In eersgenoemde twee verhale word die veiligheidsmagte as brutale blanke mans geskets wat die weerstand deur onskuldige kinders teen die apartheidsbeleid ten alle koste wou stuit. In *Msimangu's words* is die verteller, Chris, onbetrokke in die opstande en dus iemand wat neutraal teenoor hierdie gebeure staan. Die realistiese uitbeelding van hierdie houding moet sterk bevraagteken word, aangesien Chris tog 'n inwoner van Suid-Afrika is waar dit moeilik is om neutraal teenoor enige vorm van geweld te staan. Verdere kritiek teen die uitbeelding van die tema is dat die veiligheidsmagte se kant van die saak nooit gestel word nie, en dat hulle perspektief op die opstande glad nie uitgebeeld word nie.

7.3.2 Latere botsings tussen die polisie en die publiek

Hand aan hand met die skerp toenemende geweld, het daar gedurende die tagtigerjare al meer opposisiegroepe na vore gekom. Hierdie groepe was voorstanders van 'n demokratiese, of van 'n Pan-Afrikanistiese samelewing, en hulle het gevolglik in opstand teen die apartheidsbeleid gekom. Ten einde hierdie weerstand te onderdruk, is meer manskappe as lede van die onlustepolisie en die Veiligheidspolisie aangestel. Dit was ook gedurende hierdie tydperk dat die regering al hoe meer troepe in die swart dorpe ontplooi het. Die polisie en die weermag het dus al nouer saamgewerk in 'n poging om die weerstand te onderdruk (Cawthra 1993:26).

Sedert die afkondiging van 'n noodtoestand, eers in sekere gebiede in 1985 en daarna landswyd in 1986, het die veiligheidsmagte 'n algemene gesig in die swart dorpe geword. In *Wake up singing* deur Jane Rosenthal (1990) word daar melding van hierdie toenemende geweld en aanwesigheid van die veiligheidsmagte in die swart dorpe gemaak: "...[with] the increase of so-called 'unrest' in the townships - all the police were patrolling Soweto, Kathlehong, Sebokeng" (Rosenthal 1990:11).

Verskeie botsings tussen die veiligheidsmagte en lede van die publiek gedurende hierdie tydperk word in talle van die bestudeerde jeugromans uitgebeeld. Dit wys op die uitwerking - fisies en geestelik - wat hierdie botsings op mense se lewens gehad het.

In *Journey to Jo'burg* word die tipiese optrede van die polisie teenoor lede van die publiek uitgebeeld, veral die hardhandige behandeling van mense wat dikwels deur 'n totale miskennis van die waardigheid van die slagoffers gekenmerk is. Die insident wat uitgebeeld word, is 'n klopjag waartydens swartes se pasboeke deur die polisie nagegaan is. Een man protesteer hierteen en die polisiebeampte wat die pasboeke nagaan, beantwoord sy protes met 'n klap deur die gesig:

'Hou jou bek,' barked the white officer in charge. His blue eyes stared coldly as a black policeman pushed the man against the wall (Naidoo 1985:42).

Die polisieman gebruik dus fisiese sowel as geestelike geweld om die mag wat aan hom toegesê is, af te dwing. Dit is ook opvallend dat 'n blanke polisiebeampte hier in beheer was, terwyl hy deur 'n swart polisiebeampte bygestaan is. Hierdeur wil die verteller die blanke se oorheersende houding wat hulle tydens die apartheidsera ingeneem het, beklemtoon. Albei die beamptes het die betrokke persone hardhandig behandel, waardeur die verteller impliseer dat dit die standaardmetode was wat die optrede van polisiebeamptes, ongeag die rassegroep waarvan hul afkomstig was, gekenmerk het. Die gevolg hiervan was dat swart polisie dikwels mede-aandadig aan die verdrukking van hul eie mense deur die regime was en gevolglik deur die swart gemeenskap gehaat en verag is.

Ook kinders het onder die hardhandige behandeling van die polisie deurgeloop. Tydens hierdie klopjag wou die polisieman 'n seun nie glo wat gesê het dat hy nog nie sestien is nie (en dus nog nie 'n pasboek hoef te dra nie). Die seun is as 'n "liar" en "loafer" uitgekryt, geboei en saam met ander "oortreders" weggeneem - 'n verdere voorbeeld van die geestelike geweld deur die polisie teenoor nie-blankes. Naledi en haar broer, Tiro, het hierdie optrede van die polisie dopgehou, en na hierdie seun weggeneem is, was sy bekommerd of die polisieman hulle sou laat gaan (albei was ook jonger as sestien), want die blanke offisier het 'n "threatening step forward" geneem en daarby het hy boonop vir haar "murderous" gelyk (Naidoo 1985:42). Hieruit kan afgelei word dat dié polisieman gedink het dat hy mense deur sy optrede en gesigsuitdrukking kan afskrik, omdat sy "optrede" deur die wet beskerm word.

Dié insident beklemtoon dus die harde werklikheid van die apartheidsera, veral die optrede van die polisie gedurende hierdie tydperk. Heale (1996:29) vat die kern van *Journey to Jo'burg* goed saam:

It is a blunt and sad story of the South Africa which was all too real.

Die botsings tussen die polisie en lede van die publiek wat in *Chain of fire*, die opvolg op *Journey to Jo'burg*, uitgebeeld word, word in meer detail as in die jeugromans wat tot dusver bespreek is,

geskets. Die polisie-optrede in hierdie verhaal is waarskynlik ook meer gewelddadig as wat die geval is in die ander verhale onder bespreking. Tog is hierdie verhaal op die werklikheid gebaseer:

The strength of this powerful book is Naidoo makes no attempt to distort the facts by exaggeration. She doesn't need to, the truth is horrifying enough. Every incident in her story draws on events recorded somewhere in the history of South Africa since the mid-1970s (Schwartz 1989:8).

In *Chain of fire* besef Naledi wat sal gebeur as hul dorp, Bophelong, hulle teen die voorgenome verskuiwing verset: “ ‘But if we refuse they'll [i.e. the security forces] come with dogs and guns - and what do we have to fight back with?’ ” (Naidoo 1995a:29). Hieruit blyk dit dat Naledi 'n baie negatiewe beeld van die veiligheidsmagte het en besef sy dat enige verset met geweld onderdruk sal word. Haar woorde in die aanhaling beklemtoon verder haar besef van hul dorp se magteloosheid in die destydse politieke bedeling. Die magteloosheid en weerloosheid van gewone mense word dus met die magtige veiligheidsmagte gekontrasteer. Hierdie opmerking van Naledi kan as 'n sterk aanklag teen die destydse regering gesien word, omdat dit impliseer dat swartes die veiligheidsmagte as blote “instrumente” van die regime beskou het.

Taolo, Naledi se vriend, wat in Soweto grootgeword het, weet hoe dit is om teen die veiligheidsmagte te staan te kom. Sy reaksie staan in skerp kontras met dié van Naledi. Volgens hom het hul optrede net die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat die regering gehoop het dit sou hê - in plaas daarvan dat hulle daardeur “gebreek” is, het dit swartes net meer vasberade gemaak om hulle teen die apartheidsbeleid te verset:

‘Look sis, in Soweto children have been resisting with just their hands and stones against trucks, tanks with fully armed police and soldiers. Okay, so they keep killing us, but they still didn't break us. Even more people are on our side now. Parents see what the police are doing to their children and they also join the struggle. We're getting stronger all the time’ (Naidoo 1995a:29).

Die eerste werklike polisie-optrede in Bophelong volg na die hoofman se huis afgebrand is. Al die inwoners is deur die polisie ondervra, en indien enigiemand nie sy/haar samewerking gee nie, sou die polisie nie huiwer om met geweld op te tree nie. Dit blyk duidelik uit die bevelvoerder se opdrag:

‘no one is to leave the village. We are here to find the terrorist who burnt your chief’s house. You must all stay in your homes until we say you can go. Anyone trying to leave will be shot!’ (Naidoo 1995a:57).

Dié krasse woorde van die bevelvoerder is ’n weerspieëling van sy outoritêre optrede teen enige vorm van verzet en ’n minagting van die inwoners van die dorp se menswaardigheid. Om nakoming van sy bevel as “samewerking” te sien, is niks minder as uiterste sinisme nie.

Die manier waarop verdagtes behandel is, blyk ook uit dié insident. Een van die inwoners, David Sadire, is met geweld deur die polisie weggeneem. Die verteller beskryf hierdie insident as volg:

... a piercing shout was followed by David Sadire, ..., stumbling out of the door at the front. His arms jerked inwards, grasping his sides. A policeman appeared close behind, his rifle at David’s back forcing him into a trot in the direction of the church (Naidoo 1995a: 59-60).

Verder in die verhaal beskryf David se suster ook aan Naledi en Tiro hoe die polisieman haar broer weggeneem het:

... The eldest girl, ..., said the policeman with the glasses had shouted at David that they would find out everything about the fire. David had protested that he knew nothing about it until that morning but the policeman had hit him on the mouth, saying, ‘We are not fooled by liars!’

Then they had taken David away, pulling him by the hair and poking him with a rifle (Naidoo 1995a:64).

Hierdie insident illustreer hoe die polisie teen “verdagtes” opgetree het. Daar het met verloop van tyd by baie polisiemanne ’n persepsie ontstaan dat fisiese geweld die enigste manier was om veral nie-blankes onder beheer te bring. ’n Goeie voorbeeld van só insident kom ook in *Chain of fire* voor.

In hierdie verhaal word die wyse waarop die veiligheidsmagte die kinders inwag wat teen die voorgenome gedwonge verskuiwing betoog, as volg uitgebeeld:

They were close enough to see that apart from the men with dogs, many of the black police were carrying sjamboks, the dreaded stinging whips. A few white policemen were scattered among yet more black policemen in between vans parked on the open veld to the left. Here sjamboks were replaced by rifles (Naidoo 1995a:90-91).

In hoofstuk vyf, afdeling 5.2.1, is daarop gewys dat Naidoo eers deeglik navorsing gedoen het voor sy *Chain of fire* geskryf het. Dit blyk duidelik uit die gedetailleerde beskrywing van die botsing tussen die polisie en die kinders. Dit is ook opmerklik dat die verteller ’n onderskeid tussen die blanke en swart polisiemanne maak. Hierdeur wil sy die teenstrydighede van die apartheidsbeleid beklemtoon, want blanke en swart polisiemanne is saam ingespan om enige weerstand teen apartheid te onderdruk, alhoewel swartes geen seggenskap in die regering van die dag gehad het nie.

Naledi gaan voort deur die oorgaan tot daadwerklike optrede deur die polisie as volg te beskryf:

... without warning, a harsh shout from the police ranks was followed by viciously growling dogs suddenly bounding towards them. Their handlers came racing behind, yelling commands. As the dogs reached their first targets, pulling down their first victims, policemen with raised sjamboks slashed into bodies, relentless, merciless (Naidoo 1995a:91).

Kenmerkend is die gebruik van woorde met 'n negatiewe betekenis - "harsh", "viciously", "yelling", "slashed", "relentless" en "merciless" - om die polisie se optrede te beskryf. Dit bevestig die gewelddadige optrede van die polisie teen enigiemand wat weerstand teen die apartheidsbeleid sou bied.

Die manier waarop die kinders hulself teen die polisie verdedig, word ook in negatiewe terme beskryf: "... others were still wrestling with police and dogs; some were being dragged into vans while others were running and throwing stones" (Naidoo 1995a:92). Geweld is dus met geweld beantwoord.

Naledi is geskok oor wat om haar aan die gebeur is, en bevraagteken die polisie se gewelddadige optrede:

How could people with eyes, ears and hearts do such things to other human beings? It was as if the students had been attacked not by humans but by one of those vast threshing and chopping machines which did not care where it struck, just like the bulldozers which the government would be sending to tear down their homes (Naidoo 1995a:94).

Hierdie opmerking van Naledi kan as 'n skerp aantyging teen die veiligheidsmagte as sodanig gesien word. Dit is asof die geweld en die onderdrukking daarvan baie lede van die polisie verhard en gevoelloos gemaak het.

Alhoewel eensydig, is *Chain of fire* 'n realistiese verhaal (dus gebaseer op die werklikheid soos gesien uit die perspektief van swart slagoffers), en die geweld wat in hierdie verhaal uitgebeeld word, is soortgelyk aan dié geweld wat die tagtigerjare gekenmerk het:

The violence in *Chain of fire* is real violence. Unlike *Journey to Jo'burg* where most of the worst violence was reported rather than included in the plot, in *Chain of fire* there is bloodshed on the page. Young people die and are seriously wounded as retaliation for actions involving a peaceful march of protest (Beahan 1990:37).

In *Waiting for the rain* deur Sheila Gordon (1989) is die onrusgeteisterde Soweto van die tagtigerjare die agtergrond van 'n groot gedeelte van die verhaal. Die verhaal bereik 'n klimaks met die uitbeelding van 'n botsing tussen die veiligheidsmagte en lede van die publiek waarby Tengo, die hoofkarakter, teen sy sin, betrokke raak. Volgens Hayden & Raseroka (1988:58) gebruik Gordon die simboliek van natuurlike kragte om hierdie botsing uit te beeld.

Gordon further correlates the personal and situational changes in the story to the forces of nature. This correlation is more sharply defined in the second part of the book when the long drought (hence the book's title) becomes a graphic representation of the effects of apartheid. The struggle mounts to a conclusion as the farmers, and the readers, wait for rain - in a violent storm that we cannot witness but know must come.

Die insident wat geskets word, is 'n byeenkoms van 'n skare mense om die einde van die geweld, sowel as die onttrekking van die veiligheidsmagte uit die swart dorpe, te eis. Die veiligheidsmagte het die skare gestuit en toe hulle nie wou uiteengaan nie, het die veiligheidsmagte tot geweld oorgegaan. Die geweervuur van die soldate is met klippe wat deur die opstandelinge gegooi is, begroet. Aanvanklik het Tengo die botsing met afgryse dopgehou, gesien hoe "chaos and bloodspilling and terror ... erupted in the space of a few minutes" (Gordon 1989:181), maar dan begin hy ook aktief deelneem aan die klipgooiery:

With each rock he hurled, something that had lain mute and ugly and dangerous at the root of his being rose up and flew out, released, bitterly gratifying. Coughing and choking, his eyes on fire from the tear gas, Tengo flung the rocks one after the other, experiencing as each one soared its arc through the air a sense of freedom he had never known (Gordon 1989:181-182).

Deur hierdie insident bereik Tengo dus 'n keerpunt in sy lewe, omdat hy besluit om self aktief aan die stryd teen apartheid deel te neem. Dit is asof hy uiteindelik die doel van die stryd begin insien: Bantoe-onderwys was 'n belangrike komponent van die apartheidsbeleid, en deur aktief aan die stryd deel te neem, kan hy van sy frustrasies ten opsigte van die swak onderwysstelsel en politieke onderdrukking ontslae raak en 'n bydrae lewer om die gehate stelsel te beëindig.

Net soos in *Chain of fire*, is die skare, insluitende Tengo, in *Waiting for the rain* se enigste manier van verdediging teen die polisie die gebruikmaking van klippe en ander rommel wat in die swart dorp rondlê: "Their only ammunition was their anger, or petrol and matches, or the rubbish that lay always to hand in the wreckage of their landscape" (Gordon 1989:182). Hierdeur word geimpliseer dat mense hulself nie deur die mag van die gewapende veiligheidsmagte sou laat onderkry nie; intendeel, dit het hulle net verder aangevuur om die stryd teen apartheid voort te sit totdat verandering in Suid-Afrika sou plaasvind.

Tydens hierdie insident word 'n soldaat dodelik gewond, ten spyte van die feit dat dit "almost impossible for blacks to arm themselves" was (Gordon 1989:182). Dit word kort en bondig uitgebeeld:

Now three soldiers came running toward the rubblestrewn waste ground. Suddenly, from somewhere behind a single shot rang out, and one of the soldiers fell to the ground. ...

The two soldiers were bending over their fallen comrade, but, alerted by the solitary crack of the sniper's bullet, two more soldiers appeared and fired a burst into the waste ground where the youths were gathered (Gordon 1989:182).

Dit is interessant dat die skrywer onbetrokke by hierdie insident bly en 'n neutrale siening daarop het. Dit word beskryf sonder om enigsins simpatie met die gewonde soldaat te betoon. Maar as dit vergelyk word met hoe die skrywer die optrede van die veiligheidsmagte teenoor die betogers skets, kan haar objektiwiteit bevraagteken word. Deur haar simpatieke uitbeelding van die betogers laat blyk sy haar subjektiwiteit. Dit kom veral duidelik na vore in haar uitbeelding van die optrede van die veiligheidsmagte:

In the gathering dusk panic broke out, the air filled with terror as people were hit and fell and the dense crowd tried to scatter out of the range of the bullets. The great tide of people surged in all directions, and the soldiers, finding themselves marooned like a small island in a vast threatening sea, opened fire again. Motionless on the steps, Tengo saw more people fall, shot in the back as they fled down a side street (Gordon 1989:180-181).

Nadat die soldaat dodelik gewond is, volg 'n lang relaas oor hoe een van die soldate, Frikkie (Tengo se eertydse vriend), Tengo as die verdagte aansien en hom agtervolg. In hoofstuk ses (afdeling 6.2) word die konfrontasie tussen die eertydse vriende, Tengo en Frikkie, uitvoerig bespreek. Wat wel hier van belang is, is Frikkie se gevoelens as soldaat en hoe hy dit beleef om in die swart dorpe in te gaan en opstande te onderdruk. Dit is die enigste verhaal waarin die siening ten opsigte van die onderdrukking van geweld uit die oogpunt van 'n blanke soldaat weergegee word:

This was the third time his unit had been called in to quell township unrest, and it had never occurred to him that among the shouting angry black faces of the crowds into which he had been trained to aim live ammunition, rubber bullets, buckshot, canisters of tear gas, one of the faces might be Tengo's. *They don't know how scared we are*, he thought, *having to jump off the Casspirs into the softness of a crowd of civilians. It was soft, and frightening - women and girls in their dresses, schoolchildren, old people. It wasn't ... firm - war with armed, uniformed soldiers fighting each other was firm. Don't they realize how frightening it is to have to plunge into that soft sea of hate and violence - so many of them and so few of us even though we have the sticks and guns?* (Gordon 1989:192).

Soos reeds genoem, word polisiebeamptes en soldate oor die algemeen eensydig en negatief in die bespreekte jeugromans uitgebeeld. Maar in *Waiting for the rain* word die karakter van Frikkie meer ontwikkel. Hy is een van die hoofkarakters in die verhaal, terwyl in die ander jeugromans onder bespreking polisiebeamptes en soldate naamlose, onpersoonlike karakters bly. Deur Frikkie se gevoelens te beskryf, wil die skrywer, ten spyte van die algemene negatiewe beeld van die veiligheidsmagte gedurende die apartheidsera, dit onder die lesers se aandag bring dat hy, soos talle ander soldate en polisiebeamptes, ook net 'n mens is. Dié beskrywing bevraagteken dus of die skrywer werklik so subjektief is, soos vroeër beweër.

Ebersohn (1991) het 'n interessante studie in hierdie verband gedoen. In 'n artikel getiteld "The other victims" word sy bevindinge weergegee, waarin hy onder andere die volgende feite noem:

Much has been written about the suffering of the primary victims of township violence, but the fact is often ignored that the young white men in the townships are victims of the same unhappy circumstances for the duration of their service - and sometimes beyond. Changes occur within young soldiers and policemen that are partly related to facing continual hostility, sporadic violence and death, and partly to the strange pressures that result from being part of a force drawn from one race group exercising control over another.

Under these conditions liberals turn conservative; idealists become confused when they find that theory and reality have so little in common; many youngsters start drinking; soon, almost all are barely recognisable as the schoolboys who started training a few months before. The young conscript grows up fast in the townships, or cracks up in the attempt (Ebersohn 1991:88).

Ebersohn wys dus daarop dat die soldate en polisiemanne wat gebruik is om die geweld in die swart dorpe te onderdruk, ook eintlik “slagoffers” van die stelsel was. Die regering het hierdie jong manne gebruik om te probeer om die groeiende weerstand teen die apartheidsbeleid te onderdruk. In *Waiting for the rain* word dié weerstand juis vanuit die perspektief van ’n gewone soldaat, Frikkie, beskou. Dit blyk dus dat die skrywer van hierdie jeugroman die geweld gedurende die apartheidsera van beide kante - dié van die veiligheidsmagte en dié van die opstandelinge - beskou. In teenstelling hiermee was die meeste skrywers oor die algemeen nie objektief in hul uitbeelding van die veiligheidsmagte nie, maar geneig tot stereotipering. So is ’n polisieman of soldaat as iemand wat gewoonlik gewelddadig in sy optrede tydens die onderdrukking van geweld is, geskets, en hul houding is voorgehou as hard en gevoelloos. Ebersohn is een van die min persone wat die teendeel ook raakgesien het.

Waiting for the rain is nie deur alle resensente gunstig ontvang nie [vergelyk aanhalings uit Hayden & Raseroka (1988) en Naidoo (1992) se artikels in hoofstuk ses, afdeling 6.2]. Maddy & MacCann (1996:98) lewer ook skerp kritiek op hierdie jeugroman:

... this supposedly anti-Apartheid novel pretends to expose and condemn all that is evil in Apartheid, yet the narrative includes repeated stereotypes and distortions. There is no suggestion as to how blacks can begin to reconstruct their world and build a positive future for their children. Nowhere is this more evident than in the final sections of the story, scenes that explicitly suggest the maintenance of the status quo.

Waiting for the rain as geheel beeld die omstandighede van swart mense in die apartheids-era goed uit, soos byvoorbeeld in die beskrywing van die lewensomstandighede gedurende hierdie tydperk. Tog is 'n mens geneig om saam met Maddy & MacCann te stem wanneer 'n mens die uitbeelding van die veiligheidsmagte in hierdie verhaal onder die soeklig plaas. Die uitbeelding van die gewelddadige konfrontasie tussen hierdie magte en swart betogers, soos reeds bespreek, mag by die leser die vraag laat ontstaan of dit nie beter sou wees om die *status quo* van die apartheids-era in Suid-Afrika te handhaaf nie.

Daar is opvallende ooreenkomste tussen die verskillende jeugromans wat in hierdie onderafdeling oor die uitbeelding van botsings tussen die polisie en lede van die publiek, bespreek is. Die veiligheidsmagte is gewoonlik Afrikaanssprekende blanke mans (oor die algemeen redelik jonk) en word as uiters gewelddadig en hardhandig in hul optrede uitgebeeld. Dit sluit ook die gebruik van verbale geweld in, byvoorbeeld 'n bevel word nie gegee nie, maar kortaf uitgeskreue. Hulle skroom gevolglik nie om tot geweld oor te gaan nie. Aan die ander kant word die betogers as mense uitgebeeld wat reg en geregtigheid in Suid-Afrika wil laat geskied. Hierdie mense is ook weerloos, en het dikwels nie 'n manier gehad om hulself teen die gewelddadige optrede van die veiligheidsmagte te verdedig nie, soos Tengo in *Waiting for the rain* tereg opmerk dat hul enigste "ammunisie" dikwels net hul woede was.

7.4 Aanhouding en ondervraging deur die polisie

Soos reeds vroeër opgemerk, was aanhouding sonder verhoor gedurende die apartheids-era 'n permanente kenmerk van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Dit is so vroeg as 1953, by wyse van die *Wet op Openbare Veiligheid*, ingestel. Gedurende die tagtigerjare het die bepalinge vir aanhouding 'n groter omvang gehad en is dit streng toegepas (Foster 1987:1).

In 1982 is 'n nuwe *Wet op Binnelandse Veiligheid* aanvaar. Dié wet was die vernaamste staatsdokument wat in politieke verhore gebruik is en is tot 1991 algemeen vir aanhouding van "politieke oortreders" gebruik. Van die belangrikste bepalinge van hierdie wet was dat dit die

Minister van Wet en Orde die bevoegdheid gegee het om individue in te perk, terwyl organisasies, publikasies en byeenkomste ook verban of beperkinge daarop geplaas kon word (Cawthra 1993:24-25).

Aanhouding sonder verhoor het ook 'n wyer betekenis gekry. Mense kon om verskeie redes sonder verhoor aangehou word: mense kon aangehou word ten einde hulle te verhoed om die wet te oortree; mense kon tot ses maande aangehou word vir ondervraging, waarna 'n raad sou besluit of 'n betrokke aangehoudene verder aangehou moes word, al dan nie, wat beteken het dat mense feitlik onbepaald aangehou kon word; en die prokureurs-generaal kon magtiging verleen om mense wat as staatsgetuienisse gebruik word, vir die duur van 'n hofsak aan te hou (Cawthra 1993:25).

Die wyse waarop mense deur die polisie ondervra is, asook wat dikwels tydens aanhouding gebeur het, is 'n veelbesproke onderwerp. Vervolgens word gekyk hoe die bestudeerde jeugromans aanhouding en ondervraging deur die polisie uitbeeld.

Crocodile burning deur Michael Williams (1994) is 'n jeugroman waarin aanhouding sonder verhoor 'n integrale deel van die verhaal vorm. Seraki, die hoofkarakter, se broer, Phakane, is in aanhouding. Die eerste keer wat hy aangehou is, was in 1986 ná hul buurman, mnr. Thilani, se huis onder 'n petrolbom deurgeloopt het. Hierdie insident is 'n voorbeeld van swart teen swart geweld, met ander woorde geweld van die "ander kant" af en nie van die polisie se kant af nie. Dié geweld was kenmerkend van die onrusgeteisterde swart dorpe gedurende die tagtigerjare: "That was the year of the troubles - 1986 - when there were many more fires ... Now there's mostly only smoke" (Williams 1994:23). Alhoewel swart teen swart geweld nie deur die polisie gepleeg is nie, was hulle volgens Phakane een van die redes waarom mnr. Thilani se huis "gepetrolbom" is: "He [Phakane] said that Mr Thilani was killed because he'd been seen talking to the police, and going to work for the Sowetan council" (Williams 1994:23).

Volgens Maddy & MacCann (1996:85) oorbeklemtoon die skrywer hierdie swart teen swart geweld:

The weight Williams attaches to black-on-black violence lends credibility to stereotypes and to *pro*-Apartheid arguments (to fears of anarchy, vengeance, ungovernability, and so on).

In 'n sekere sin is 'n mens geneig om saam met hierdie skrywers te stem. Tog is dit belangrik dat swart teen swart geweld wel uitgebeeld word, want dit wys dat die veiligheidsmagte nie alleen verantwoordelik was vir die geweld wat die tagtigerjare gekenmerk het nie.

Na sy eerste vrylating, het Phakane kneusplekke aan sy gesig gehad - 'n duidelike teken hoe die polisie hom tydens ondervraging mishandel het. Hy het nie veel uitgebrei oor wat met hom gedurende die nag in aanhouding gebeur het nie; al wat hy te sê gehad het was dat die polisie hom geslaan het. Hierdie insident het daartoe aanleiding gegee dat Phakane meer aktief by die stryd teen apartheid betrokke geraak het. Hy het onder andere aangesluit by die "Youth Action Committee", en aan die einde van sy matriekjaar, is hy as die nuwe voorsitter van hierdie komitee aangewys. Kort daarna is hy egter deur die veiligheidspolisie kom haal en weggeneem:

They dragged my brother from the bed, out the door, and down the alley. Nobody knew why they had come for him, or what Phakane had done. We still don't know.

As we watched, they threw him into their van. It all happened so quickly: One minute he was home, the next he was gone (Williams 1994:49).

Uit die beskrywing van Phakane se inhegtenisneming, blyk dit duidelik dat mense wat as 'n bedreiging vir die staat beskou is, enige tyd en sonder enige waarskuwing in hegtenis geneem kon word. Verder beklemtoon die verteller die polisie se hardhandige behandeling van mense tydens inhegtenisneming.

Min inligting word egter deur die polisie oor Phakane se aanhouding, asook die omstandighede in die tronk, verskaf. Hierdeur wil die verteller die geheimhouding wat dikwels met aanhouding sonder

verhoor gedurende die tagtigerjare gepaardgegaan het, beklemtoon. Tydens Seraki se eerste besoek aan Phakane, brei Phakane nie veel oor sy lewe in die tronk uit nie:

“Now he is talking about the prison, the food, a square of blue sky, the hard floor, the other men, the prison wardens, and the scorpions that visit him at night” (Williams 1994:74).

Sommige polisiemanne wat politieke gevangenes ondervra het, is “scorpions” genoem. Hierdie ondervraging het dikwels snags plaasgevind. Dié benaming vir die ondervraers dui moontlik op die manier hoe hulle met gevangenes tydens ondervraging te werk gegaan het.

Phakane is heeltyd in Seraki se gedagtes, veral na sy besoek aan hom. Maar sy ma praat nie oor die aangeleentheid nie; dit is asof Phakane vir haar dood is. Die rede hiervoor is moontlik omdat hulle gehoor het dat gevangenes soos Phakane soms nie terugkeer nie - hulle word dood aangetref en as “selfmoordgevalle” aangegee: “Nobody knows how or why, and nobody asks” (Williams 1994:29). Hierdie stelling onderstreep die geheimhouding waarmee aanhouding sonder verhoor te paardgegaan het.

Die regering het soms mense verban na ’n afgeleë plek in Suid-Afrika, waar hulle gehoop het dat so ’n persoon nie onrus kon stook nie en verder aan politieke bedrywighede kon deelneem nie. In *Chain of fire* word vertel van Saul Dikobe, Taolo se pa. Hy was tien jaar in aanhouding op Robbeneiland en na sy vrylating is hy na Bophelong verban. Ongeag die inperkingsbevel teen hom, het Saul by die dorp se verset teen die beplande gedwonge verskuiwing betrokke geraak.

Saul en Taolo was van die persone wat, ná die hoofman se huis afgebrand is, gevange geneem is. Na hul vrylating, is Saul onder vier-en-twintig-uur huisarres geplaas. Deur Taolo se vertelling van sy ervarings in die tronk, blyk dit dat die ondervraers (“swines”) hom nie kon “breek” nie; intendeel, dit het net bygedra dat hy hom sterker teen die stelsel verset het:

'They made me stand for three days and nights on one spot ... but no. I don't feel sorry for myself! Even if they detain me for ever, that's no problem, I'm ready for it. They can kill me, and lots of others, but we'll get what we want in the end, to live like free people. One thing I learnt in there is that being locked up in jail isn't much different from the way we are locked up outside. We are all handcuffed!' (Naidoo 1995a:121).

Talle aangehoudenes is wel geestelik deur die ondervragingsproses geknak, soos byvoorbeeld David Sadire wat saam met Taolo en Saul gevange geneem is. Volgens gerugte in die tronk is David na 'n psigiatryse hospitaal oorgeplaas. Die laaste keer wat Taolo vir David gesien het, was na die tweede ondervragingsessie. Daar was duidelike tekens van marteling aan David se liggaam te bespeur, en hy kon nie praat nie: "... it seemed that he had lost his mind" (Naidoo 1995a:123). Die volgende dag is David laat haal, en Taolo het hom nie weer gesien nie.

Aanhouding sonder verhoor kom ook in *Waiting for the rain* ter sprake. 'n Vriend van Tengo, Elijah, besoek hom na hy vrygelaat is. Net soos Phakane in *Crocodile burning*, wil Elijah nie oor wat met hom in die tronk gebeur het, uitbrei nie - hy noem slegs wat met ander gebeur het. Dit is asof Elijah nie oor sy eie ervarings wil praat nie; dat die herinnering daaraan te pynlik vir hom is:

"I was lucky. I got pushed around a bit - nothing serious. Alice is okay too. But some of the others - I can tell you stories, man - what they're doing to school kids ... A boy in the cell with us, fourteen years old - they picked him up for stoning cars. They whipped him with the sjambok. Sjamboks have steel tips, you know... Another kid, also fourteen - they electrocuted him under his fingernails..." (Gordon 1989:157).

'n Verdere jeugroman waarin aanhouding sonder verhoor vermeld word, is in *The day of the kugel* deur Barbara Ludman (1989). 'n Vriend van Michelle, Joe, is 'n skrywer wat ingeperk is. (Vergelyk die inleidende paragrawe tot hierdie afdeling in hierdie verband, bladsy 193-194). Kort na die Soweto-opstande is Joe in hegtenis geneem, omdat daar vermoed is dat hy 'n staking help reël het.

Dié aand wil Michelle van haar oom en tante weet wat met hom kan gebeur, en ook wat met Joe se broer gebeur het. Haar oom antwoord haar in die algemeen, maar wil of kan hom nie uitlaat oor wat gebeur het nie:

“A number of political prisoners have died lately while in detention. The security police claim the prisoners committed suicide or died of natural causes. That’s the worst that can happen” (Ludman 1989:113-114).

Daar word nie veel verder oor Joe se aanhouding uitgebrei nie. Hierdeur wil die skrywer die geheimhouding van die aanhouding van politieke gevangenes beklemtoon. Na Michelle se oom hom gesien het, vertel hy slegs in stukke en brokke van sy besoek aan Joe:

“Joe’s all right,” ... “He’s alive.” ...

“What’s going to happen to Joe?” Michelle asked.

“He’ll go to jail,” he [Michelle’s uncle] said. “But he’ll be in one piece, and in better shape than his brother is now. They weren’t easy on him, but I don’t think there’s any permanent damage” (Ludman 1989:116-117).

Die manier waarop Michelle se oom inligting oor Joe se aanhouding deurgee, kan moontlik daarop dui dat Joe wel in die tronk gemartel is, maar die leser kan dit slegs uit die gegewe aflei sonder dat die skrywer in besonderhede daarop ingegaan het. Dit beklemtoon ook die onsekerheid van politieke gevangenes se toekoms, veral as gevolg van die wyse waarop hulle in die tronk ondervra en behandel is.

Net soos Michelle, die hoofkarakter in *The day of the kugel*, het Nick, die hoofkarakter in *Wake up singing*, ’n vriend, Zach, wat gevange geneem word. Nick weet min wat werklik tydens so ’n

aanhouding met die gevangene gebeur, en sy gedagtegang oor hierdie aangeleentheid word as volg beskryf:

They were suddenly all quiet, thinking about Zach, in a prison cell. He was almost certainly cold, the nights were down to nearly zero centigrade and there'd be no heating. And Nick knew that prison food would keep you alive, but it wouldn't keep you from hunger.

But the worst was the fear of interrogation. The police were almost certain to question Zach and quite likely to rough him up, torture him to get a statement they liked. Nick's mind slid away from it. He couldn't bear to think about it. From newspaper reports on an inquest into the death of a detainee a couple of years back, Nick knew that Zach would be taken from his cell to an interrogation room many times. Until the police were satisfied (Rosenthal 1990:66).

Nick se kennis van wat tydens aanhouding moontlik kan plaasvind, is dus op tweedehandse inligting - naamlik koerantberigte - gebaseer. Net soos in die ander bespreekte jeugromans, wil die skrywer hierdeur die geheimhouding rondom aanhouding sonder verhoor beklemtoon. Dit is veral blankes wat nie veel daarvan geweet het nie, en gevolglik onkundig oor die onderwerp was. Maar ook kan die atmosfeer van vrees wat in daardie jare in die land oor die algemeen geheers het en die gemiddelde blanke verhinder het om openlik oor hierdie tipe voorvalle te praat, nie buite rekening gelaat word nie.

In beide *The day of the kugel* en *Wake up singing* word aanhouding sonder verhoor vanuit 'n blanke se oogpunt gesien. Die hoofkarakters in die onderskeie jeugromans, Michelle en Nick, kan as buitestaanders beskou word, omdat hulle van die werklike situasie verwyder is. Maar tog het albei ook vriende gehad wat sonder verhoor aangehou is. Wat egter werklik met hulle vriende tydens aanhouding gebeur het, moes hulle uit nuusberigte van ander gevangenes se ervarings, asook van vriende se vertellings, aflei. Die verskil is egter dat in *Wake up singing* veel meer oor wat **moontlik** in die tronk kan gebeur, uitgebrei word, al is dit dan net deur te skets wat in Nick se gedagtes

rondmaal. Daarteenoor is Michelle 'n Amerikaner wat aanvanklik verwyderd was van die situasie in Suid-Afrika, met die gevolg dat haar kennis oor wat in die apartheidsera gebeur het, beperk was.

In Sheila Gordon se *The middle of somewhere* (1990) word die hoofkarakter, Rebecca, se pa saam met ander gemeenskapleiers na 'n byeenkoms, om teen die voorgenome verskuiwing te protesteer, in hegtenis geneem. Die verteller brei nie uit oor wat Rebecca se pa tydens aanhouding deurmaak nie. Na Rebecca se pa vrygelaat en weer terug by die huis is, wil hy ook nooit oor sy ervaringe tydens aanhouding praat nie.

In die meerderheid van die verhale waar aanhouding sonder verhoor ter sprake kom, is die gevangenes jeugdigdes. In teenstelling hiermee is die aangehoudene in *The middle of somewhere* 'n volwassene. Die skrywer gee egter min detail oor die aanhouding self. In hierdie verhaal is die hooftema die gedwonge verskuiwing van die inwoners van Rebecca se dorp. Hoewel die aanhouding van haar pa as sekondêre inligting tot die hooftema van die verhaal beskou kan word, onderstreep dit die rol wat aanhouding sonder verhoor in die nie-blanke gemeenskap gespeel het, asook die ineengevlegtheid van die verskillende aspekte van die apartheidsbeleid. Die een kan nie sonder die ander een bespreek word nie; trouens, die uitbeelding van apartheid sou skeefgetrek word indien 'n mens dit sou doen.

In die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur is daar geen romans wat aanhouding sonder verhoor en marteling deur die polisie as hooftema het nie. In die meerderheid gevalle is die bespreking daarvan sekondêr tot die tema van die verhaal. Uit bogenoemde bespreking van die betrokke jeugromans, blyk dit dat die vertellers dikwels eensydig is: die verhale word slegs uit die oogpunt van aangehoudenes, of familie of vriende van hulle, vertel. Net soos in die geval van die bespreking van ander politiek verwante temas word die polisiebeamptes as naamlose, gesiglose karakters uitgebeeld. Die polisie word as mense wat gevangenes mishandel, gekarakteriseer, met weinig gevoel of respek vir gevangenes. Alhoewel dit in talle aanhoudings wel die geval was, behoort daar nie op hierdie wyse veralgemeen te word nie. Die beeld wat van die veiligheidsmagte ten opsigte van hul hantering van aangehoudenes, dikwels sonder verhoor, geskep word, is dus oor die algemeen uiters negatief.

7.5 Samevatting

Die wyse waarop die veiligheidsmagte, veral die polisie, oor die algemeen in Suid-Afrikaanse Engelse jeugliteratuur uitgebeeld word, kan as baie negatief en subjektief beskou word. Die beskrywings is dikwels eensydig en die positiewe rol van die polisie, soos om mense te beskerm en te help, word glad nie aangespreek nie. Slegs in een jeugroman, *Waiting for the rain*, word 'n soldaat, Frikkie, se gevoelens jeens die geweld in swart dorpe uitgespreek (vergelyk afdeling 7.3.2 vir 'n bespreking hiervan). 'n Belangrike rede vir die negatiewe beeld van die polisie was dat hulle as verdedigingsmag met die blanke minderheidsregering geassosieer was:

The SAP suffers from its association with the state whose interests it serves. As long as this continues it will be seen by Whites and Blacks as a private security army for the white population. This perception will continue to de-legitimize the state in the eyes of black South Africans (Prior 1989:205).

Die veelvoudige botsings tussen die veiligheidsmagte en lede van die publiek word in die meeste van die jeugromans wat in hierdie hoofstuk bespreek is, in detail beskryf. Baie van hierdie beskrywings word realisties weergegee. Dit is ook opvallend dat in talle van dié jeugromans die emosie-belaaiete woordkeuse van die skrywers karakters se negatiewe gevoelens jeens die veiligheidsmagte oordra. Dit bevestig die invloed wat die gewelddadige en hardhandige optrede van veral die polisie op mense se lewens gehad het.

Ten slotte is daar ook gekyk hoe aanhouding en ondervraging deur die polisie uitgebeeld word. In teenstelling met eersgenoemde twee aspekte, word hierdie aspek nie in soveel detail beskryf nie. Die meeste van die bestudeerde jeugromans se beskrywings daarvan is vaag, of daar word net kortliks daarna verwys. 'n Rede wat vir hierdie tendens aangevoer kan word, is dat weinig inligting, veral gevallestudies, oor aanhouding en ondervraging gedurende die tydperk wat dié jeugromans gepubliseer is, beskikbaar was. Maar 'n meer waarskynlike rede kan wees dat die skrywers wat wel

hierdie onderwerp in hul romans aangeraak het, dit nie nodig geag het om te veel in detail in te gaan nie, aangesien dit nie die primêre fokuspunt van die verhaal was nie.

Die uitbeelding van die veiligheidsmagte is nou verweef met die uitbeelding van sosio-ekonomiese en onderwystoestande in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare. Ontevredenheid met die implementering van verskillende aspekte van die apartheidsbeleid het dikwels aanleiding gegee tot betogings, stakings, wegbly-aksies en ander vorme van weerstand. Die veiligheidsmagte is gebruik om hierdie weerstand te onderdruk. En die wyse waarop dit gedoen is, het skerp kritiek teen die magte uitgelok wat daartoe aanleiding gegee het dat dit ook in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur neerslag gevind het, soos duidelik blyk uit die verskillende voorbeelde daarvan wat in hierdie hoofstuk bespreek is.

Endnota

1. Die polisie het 'n belangrike deel van die struktuur van wette, howe, burokrasie en gewapende magte uitgemaak. Hierdie struktuur moes sorg dat die blanke oorheersing in stand gehou word. Gevolglik was die polisie se belangrikste taak om onderdrukkende en beperkende wetgewing streng te handhaaf (Cawthra 1993:12).

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING

8.1 Inleiding

Literatuur, veral volwasse literatuur, weerspieël die sienings en ingesteldheid van mense van 'n bepaalde tyd in 'n bepaalde samelewing. In hierdie verhandeling het die klem op een so 'n bepaalde tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geval, naamlik die apartheidsera. Daaruit blyk dit dat Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur ook 'n weerspieëling is van die sienings en ingesteldheid van die Suid-Afrikaanse samelewing gedurende hierdie tydperk. Die toepassing van die apartheidsbeleid, of die beleid van afsonderlike ontwikkeling (soos dit later bekend gestaan het), het 'n diepgaande invloed op mense se lewens gehad, en soos verwag kan word, het dit mettertyd ook neerslag in die Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur gevind.

In hierdie hoofstuk word ooreenkomste wat in die bestudeerde jeugromans na vore gekom het, uitgelig. Die waarde van jeugromans waarin apartheid uitgebeeld word, word dan ook aan die hand daarvan bespreek.

8.2 Opsomming van bevindings

In die jeugromans onder bespreking is daar opvallende **ooreenkomste**. Dié ooreenkomste word in hierdie afdeling meer breedvoerig bespreek:

1. Die eerste opvallende ooreenkoms is dat **die meeste van die skrywers van die bestudeerde jeugromans blank is**. Die enigste nie-blanke skrywers wie se jeugromans onder bespreking gekom het, is Dianne Case en M. Cassiem D'Arcy. Hierdie blanke skrywers is gevolglik nie self direk deur die beleid van segregasie geraak nie, en is dit logies om te sê dat hulle verhale dus op sekondêre gegewens gebaseer is. Gevolglik kan die argument voorgehou word dat hul vertolking van gebeure nie op werklike ervaring nie, maar op emosionele ervaring gebaseer is. Dit was veral duidelik te

bespeur in die jeugromans waarin die gebeure tydens en na die Soweto-opstande in die verhaal geïntegreer is, soos byvoorbeeld in *The day of the kugel* deur Barbara Ludman (1989) en *Msimangu's words* deur Hamilton Wende & Windell Williams (1992). Dié skrywers kyk terug op hierdie gebeure en aangesien hulle nie werklik self daarby betrokke was nie, kan hulle hulself net indink hoe dit mense geraak het. Hierdie perspektief is in die emosionele ondertoon en eensydige beskrywings van negatiewe optredes vervat. (Vergelyk hoofstuk ses, afdeling 6.4.1, en hoofstuk sewe, afdeling 7.3.1, in hierdie verband.)

In die bespreking oor die uitbeelding van sosio-ekonomiese toestande het dit duidelik na vore gekom dat blanke skrywers, wat gewoonlik van die meer bevoorregtes in die samelewing gedurende die apartheidsera was, nie self werklik deur apartheid geraak is nie. Gevolglik kon hulle hulself ook net indink hoe dit moes wees om deur 'n beleid van segregasie geraak te word, veral ten opsigte van aspekte wat die lewensomstandighede van die oorgrote meerderheid van die samelewing beïnvloed het. In hul beskrywing van onder andere kwessies soos gedwonge verskuiwings, afsonderlike woongebiede, aparte openbare geriewe en instromingsbeheermaatreëls kon hierdie skrywers hulself ook net voorstel hoe dit moes gewees het om voortdurend net met die tweede beste (soos die ligging van hul woongebiede) tevrede te wees. Voorbeelde van jeugromans waarin dit duidelik na vore kom, is *Go well, stay well* deur Toeckey Jones (1979), *The magical bicycle* deur Elana Bregin (1990) en *The middle of somewhere* deur Sheila Gordon (1990).

Twee jeugromans deur blanke skrywers wat wel in hierdie verband uitgesonder kan word, is Lesley Beake se *The strollers* (1987) en Beverley Naidoo se *Chain of fire* (1995). Uit hierdie jeugromans blyk dit dat die skrywers baie kennis dra van hul onderwerp en dat hulle wel deeglike navorsing daarvoor gedoen het. Dit word bevestig deur die agtergrondgewens wat in genoemde jeugromans vervat is. So betuig Lesley Beake haar dank in die voorafgaande erkennings in *The strollers* aan die *Instituut van Kriminologie* (Universiteit van Kaapstad) vir hul hulp tydens haar navorsing oor die straatkinders van Kaapstad (vergelijk hoofstuk vyf, afdeling 5.5.3, in hierdie verband). Ook uit die inleidende hoofstukke van 'n opvoedkundige uitgawe van *Chain of fire* deur Beverley Naidoo ('n uitgeweke Suid-Afrikaanse skrywer) blyk dit dat sy die tema van haar jeugroman goed nagevors het,

ten spyte daarvan dat sy van die primêre bron van inligting verwyder was (vergelyk hoofstuk vyf, afdeling 5.2.1, in hierdie verband).

Die feit dat die meeste van die skrywers egter hul verhale op sekondêre inligting gebaseer het, kan moontlik die betroubaarheid van hul vertolking van historiese gebeure in twyfel trek. Deur so 'n sekondêre perspektief kan gebeure uit verband geruk word, óf skrywers kan met 'n bepaalde groep simpatiseer. In die meeste gevalle was hierdie groepe die onderdrukte nie-blankes tydens die apartheidsera, terwyl die ander kant, naamlik dié van die blankes, met min simpatie en begrip benader is.

2. Dit bring 'n mens by 'n volgende ooreenkoms in die jeugromans wat in hierdie verhandeling bespreek is, en nou by bostaande aansluit, naamlik dat **skrywers geneig is om subjektief en eensydig te wees**. In sommige gevalle word deur 'n eensydige perspektief iets aan die leser oorgedra, soos om byvoorbeeld net sekere aspekte van die apartheidsbeleid wat die oorgrote meerderheid van die samelewing diep geraak het, uit te lig. Die probleem is egter dat in sommige van die jeugromans die skrywer self aan die woord is en nié die jeugdige karakter of verteller nie. Sodoende skemer 'n volwasse perspektief sterk deur, wat die geloofwaardigheid van die karakter benadeel. Een van die beste voorbeelde hiervan vind 'n mens in *The boy from the other side* deur Elana Bregin (1992):

Apartheid was the root of the evil violence that was sweeping their country. Apartheid had taken away people's homes, had forced them off the land they had lived on for generations, had dumped them in barren homelands, in overcrowded townships, where they couldn't make a living. Apartheid had torn families apart and forced children to grow up without their mothers and fathers. It had sown the seeds of hatred and despair and brutality that were now bearing such bitter fruit. Apartheid was the monster mother, violence and crime her terrible children (Bregin 1992:14).

Alhoewel die meeste van bogenoemde feite van die gevolge van apartheid tog waar is, blyk die skrywer se subjektiewe en eensydige perspektief daarop duidelik uit hierdie aanhaling. Dit is asof sy haar eie mening ten opsigte van apartheid op haar lesers wil afdwing, so asof apartheid die enigste oorsaak tot probleme soos armoede, geweld en misdaad was. In hoofstuk vyf, afdeling 5.5, is verskeie maatskaplike probleme bespreek, waarin daarop gewys is dat as gevolg van die toepassing van die apartheidsbeleid, sekere maatskaplike probleme, soos armoede, vererger het, maar dat apartheid alleen tog nie daartoe aanleiding gegee het nie. Bogenoemde stelling van die skrywer kan daarom as 'n veralgemening beskou word.

'n Eensydige perspektief op aspekte van die apartheidsbeleid blyk veral uit die uitbeelding van die veiligheidsmagte (vergelyk hoofstuk sewe, afdeling 7.2, in dié verband.) Hierdie magte word oor die algemeen negatief uitgebeeld. Dit is veral die polisie wat as “handhawers” van apartheid, en nie van wet en orde in die algemeen nie, beskou word. Aansluitend hierby word karakters uitgebeeld as mense wat die polisie met minagting bejeën en hulle nie kan vertrou nie. Dit blyk onder andere duidelik uit die verskillende benamings vir die polisie wat in *Go well, stay well* na vore gekom het - “Big Ears” “Copper”, “*Amakgathas*” (“arseholes”) en “blackjacks”. Ander verhale waar die minagting vir en wantroue in die polisie sterk na vore gekom het, is *Journey to Jo'burg* en *Chain of fire*. Die vrees vir veral die polisie, hoe werklik dit ook al was, versterk hierdie eensydige perspektief op die veiligheidsmagte, waarvan die volgende aanhaling uit *The magical bicycle* 'n goeie voorbeeld is:

“the very sight of it [the police van] was enough to strike cold dread into the heart of the young boy” (Bregin 1990:94).

Ook die onderwys, veral Bantoe-onderwys, word oor die algemeen negatief uitgebeeld. In hoofstuk ses, afdeling 6.2, is op die hoofrede vir hierdie negatiewe siening gewys: dit was veral die swart bevolking wat besef het wat die regering van die dag se doel met 'n minderwaardige onderwysstelsel was: die regering wou hulle op hul “plek” hou en sorg dat hulle nie op dieselfde opvoedkundige vlak as blankes kom nie. Alhoewel hierdie aspek van die apartheidsbeleid dus in wese negatief was, en

gevolglik hoofsaaklik negatief uitgebeeld is, is dit belangrik om daarop te let dat die negatiewe elemente van die onderwysstelsel dikwels oorbeklemtoon is. Tog het skrywers hierdie negatiewe perspektief op die onderwysstelsel nie net vanuit die swarte se oogpunt uitgebeeld nie, maar ook vanuit die blanke se oogpunt, soos byvoorbeeld in *Msimangu's words* en *Waiting for the rain* deur Sheila Gordon (1989).

3. 'n Verdere ooreenkoms wat by die eensydige en subjektiewe perspektief van die gebeure tydens die apartheidsera aansluit, is die feit dat **die hoofkarakter in die verhale meestal 'n buitestaander was**, en nie self die slagoffer van diskriminasie was nie. Dit was veral die geval in verhale waar 'n blanke kind die hoofkarakter is. Soos reeds genoem, was die blankes gedurende die apartheidsera die bevoorregtes in die Suid-Afrikaanse samelewing en is gevolglik nie werklik deur die toepassing van die apartheidsbeleid geraak nie. In die bespreekte jeugromans kom blanke karakters dus met 'n "ander wêreld" in aanraking, een wat direk deur 'n beleid van segregasie geraak is. Dit is ook opmerklik hoe hulle hierdie "wêreld" vanuit hul bevoorregte en beskermde posisie in die samelewing beskou en beleef. Goeie voorbeelde hiervan is *Go well, stay well*, *The day of the kugel*, *The boy from the other side* en Jane Rosenthal se *Wake up singing* (1990). In dié jeugromans raak die onderskeie blanke karakters bevriend met nie-blankes, en sodoende word hulle "bekendgestel" aan die genoemde "ander wêreld" waar mense se lewens gereël word deur die apartheidsbeleid. Dié karakters leer mettertyd om hulle bevoorregte posisies nie as vanselfsprekend te aanvaar nie, asook om die apartheidsbeleid te bevraagteken.

4. 'n Ander belangrike ooreenkoms in die jeugromans onder bespreking is **stereotipering**, dit wil sê stereotipes word daarin aangetref. 'n Stereotipe kan as volg omskryf word:

... a stereotype is a complex mental construct (or set of images) which is automatically associated with a word and is seen as factual rather than belief because of consensual validation [Shain (1994:5), soos aangehaal deur Machet (1998:114)].

Soos in die tweede endnota aan die einde van hoofstuk vyf aangedui word, kom stereotipes voor as kwessies soos stigmatisering, sosiale afstand en terrorisering in die verhaal aanwesig is (February 1992:314). Soos aangedui in hierdie endnota is dit veral eersgenoemde twee kenmerke, en in 'n mindere mate die laaste een, wat in die bespreekte jeugromans na vore gekom het.

Stigmatisering beteken dat 'n spesifieke kenmerk aan 'n sekere rassegroep of groep mense toegeken word (February 1992:314). So byvoorbeeld assosieer talle van die nie-blanke karakters blankes met rykdom. 'n Jeugroman waarin dit sterk na vore kom, is *Love, David* deur Dianne Case (1986). Anna, die verteller in die verhaal, merk tereg een keer op: "Rich people are so wasteful" (Case 1986:25). Sy verwys waarskynlik hier na blankes in die algemeen, want in daardie jare is blankes met rykdom geassosieer.

Op dieselfde wyse assosieer Thomas, die hoofkarakter in *The magical bicycle*, blankes met rykdom. Hy beskryf die blanke woongebied Silverton as "the white suburb of plenty" en dat die blankes daar ryk is (Bregin 1990:9). Dit is asof hy dit as vanselfsprekend aanvaar dat blankes ryk is, en kan hom nie indink dat daar blankes is wat ook in armoede leef nie.

Aansluitend by laasgenoemde is die wyse waarop afsonderlike woongebiede, asook die omstandighede waaronder die verskillende rassegroepe leef, uitgebeeld word. Die blanke karakters bly gewoonlik in een van Johannesburg se rykmanswoonbuurte met al die gepaardgaande luukse, soos byvoorbeeld in *Go well, stay well* en *The day of the kugel*. Daarteenoor is die nie-blanke karakters gewoonlik arm en leef onder die haglikste omstandighede, dikwels in 'n plakkerskamp, soos in *Love, David* deur Dianne Case en *The strollers* deur Lesley Beake. (Vergelyk hoofstuk vyf in hierdie verband.) Skrywers het doelbewus hierdie stereotipes gebruik om die skerp kontras tussen blankes en nie-blankes gedurende die apartheidsera uit te lig.

Blanke karakters in die verhale is ook geneig tot stereotipering van nie-blanke karakters. In Elana Bregin se *The magic bicycle* word melding gemaak van Mev. Grumper, wat alle swartes as

“criminals” sien (Bregin 1990:93). Verder word nie-blankes dikwels as diewe en leuenaars gestereotipeer, soos in *The boy from the other side* (1992) deur Elana Bregin.

In *The magic bicycle* maak die verteller, Thomas, egter 'n belangrike opmerking wat daarop wys dat 'n mens versigtig moet wees om ander mense te stereotipeer, met ander woorde om 'n spesifieke eienskap aan 'n sekere rassegroep toe te ken:

... there are good and bad black people, just as there are good and bad white people (Bregin 1990:93).

'n Opvallende ooreenkoms in van die bestudeerde jeugromans is dat karakters Afrikaners, asook hul taal, Afrikaans, stereotipeer. Afrikaans word beskou as die taal van die onderdrukker, waarvan *Go well, stay well* deur Toeckey Jones (1979) 'n goeie voorbeeld is:

'I hate it [Afrikaans], ... 'It's the language of oppression; of policemen, government officials; all those people who think because you're black you're a *bobbejaan* ... (Jones 1979:115).

Verder is dit opvallend dat nie-blanke, sowel as blanke, karakters geneig is tot die stereotipering van polisiebeamptes. Die polisie word oor die algemeen as mense wat hardhandig in hul optrede teenoor opstandelinge optree, beskou. Verder kan hulle nie vertrou word nie, en is dit veral die nie-blankes wat hul minagting van die polisie openlik uitspreek, soos byvoorbeeld in *Go well, stay well*. (Vergelyk hoofstuk sewe, afdeling 7.2, in hierdie verband.)

Soos reeds genoem, maak skrywers hulself dikwels daaraan skuldig om 'n volwasse stem in 'n bepaalde verhaal te laat deurskemer. Daardeur word sekere karakters doelbewus gestereotipeer en laat blyk hulle hul eie opinie van sekere aspekte van die apartheidsbeleid. Dié standpunt word deur Machet (1998:115) ondersteun wanneer sy beweer: “writers do not simply draw on a mythic representation but actively construct an image in relation to their own political and literary

concerns". 'n Voorbeeld waarin dit duidelik na vore kom, is in *The sound of the gora* deur Ann Harries (1984). In hierdie jeugroman word die veiligheidsmagte as "six foot rugby forwards, bulging necks, revolvers in leather" beskryf (Harries 1984:123). Dit blyk dus duidelik dat die skrywer 'n negatiewe beeld van die veiligheidsmagte het.

Stereotipering is ook aanwesig in 'n verhaal waar daar 'n sosiale afstand tussen verskillende rassegroepe gehandhaaf word. Dit beteken dat kontak tussen blankes en nie-blankes sover as moontlik vermy moet word, en blyk die duidelikste uit die aparte openbare geriewe wat wetlik vir die verskillende rassegroepe daar gestel is (vergelyk hoofstuk vyf, afdeling 5.4, in dié verband). So byvoorbeeld kom die aparte vervoergeriewe en aparte strande in *92 Queens Road* deur Dianne Case (1992) ter sprake, terwyl *Journey to Jo'burg* ook die kwessie van aparte vervoergeriewe aanraak. In Dawn Garisch se *Not another love story* (1994) word die voorsiening van aparte biblioteekgeriewe weer sterk beklemtoon.

Die wyse waarop stereotipering deur die skrywers oorgedra is, is egter baie belangrik. Indien dit nie gebruik is om 'n boodskap aan die leser oor te dra nie, hou dit die gevaar in dat die leser beïnvloed kan word om ook mense van 'n ander rassegroep te stereotipeer. So kan die houding van 'n blanke leser wat geneig is om oor die algemeen nie-blankes te stereotipeer, daardeur versterk word. In die meeste gevalle waar die hoofkarakters blanke en nie-blanke jeugdige was, is die karakters egter dikwels gebruik om die gevare van stereotipering onder die leser se aandag te bring en hom/haar bewus daarvan te maak, sodat hy/sy eerder tot die besef sal kom dat dit belangrik is om verby velkleur te kyk en mense te aanvaar vir *wie* hulle is en *nie* tot *watter* rassegroep hulle behoort nie.

5.'n Laaste ooreenkoms wat in die jeugromans onder bespreking na vore gekom het, was 'n **onderskeid wat tussen "ons" ("us") en "hulle" ("them") getref word**. Wanneer 'n blanke karakter aan die woord is, verwys die "ons" na die blankes, terwyl die "hulle" na die nie-blankes verwys. In *Msimangu's words* word 'n insident geskets waartydens Chris met 'n ander seun van sy skool in 'n argument betrokke raak oor die destydse politieke situasie. Beide seuns maak 'n duidelike

onderskeid tussen “ons” en “hulle” (Wende & Williams 1992:78-79). (Vergelyk hoofstuk ses, afdeling 6.4.1, in hierdie verband.)

Indien dit egter ’n nie-blanke karakter is wat aan die woord is, verwys die “ons” na die nie-blankes en die “hulle” na die blankes. Vergelyk byvoorbeeld die insident oor die aparte busse in *Journey to Jo'burg* deur Beverley Naidoo (1985). Naledi vra om verskoning dat sy ’n fout aangaande die aparte busse begaan het, maar Grace se antwoord is kort en bondig:

‘It’s not you who should be sorry!’ said the young woman forcefully. ‘*They* should be sorry, those stupid people! Why shouldn’t *we* use any bus? When *our* buses are full, *their* buses are half empty. Don’t you be sorry!’ (Naidoo 1985:33). (Eie kursivering.)

Deur hierdie spesifieke onderskeid te tref, wil skrywers die duidelike verskil tussen blankes en nie-blankes se posisie in die samelewing gedurende die apartheidsera beklemtoon, naamlik dat die blankes in die bevoorregte posisie was en op die beste, soos woongebiede en onderwys, geregtig was, terwyl nie-blankes daarteenoor met die minste tevrede moes wees en as die onderdruktes beskou is (met ander woorde die “have nots” van die Suid-Afrikaanse samelewing).

8.3 Die waarde van Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur met apartheid as tema

Suid-Afrikaanse jeugliteratuur waarin die apartheidsideologie uitgebeeld word, kan ’n positiewe bydrae tot die “eenwording” van die Suid-Afrikaanse samelewing in die post-apartheid tydperk lewer:

In a country where race and ethnicity have become the cornerstone of an ideology of human separation, resulting in estrangement between the children of the country and alienation from one another, a literature is necessary which may contribute to bridging these gaps (Tötemeyer 1988:80).

Apartheid het tot verwydering tussen verskillende rassegroepe in Suid-Afrika gelei, en as gevolg van aparte ontwikkeling het blankes en nie-blankes mekaar nie werklik leer “ken” nie. Soos Töttemeyer aandui, kan hierdie “kloof” wat as gevolg van apartheid ontstaan het, oorbrug word deur die literatuur, ook deur Engelse Suid-Afrikaanse jeugliteratuur. Sulke jeugromans kan dus as “brugbouers” bestempel word.

1. Ten einde ware “brugbouers” te wees, moet jeugromans aan sekere “vereistes” voldoen. Ten eerste **behoort jeugromans geen openlike of bedekte rassisme te bevat nie**. Dit beteken onder andere dat stereotipes vermy moet word (Töttemeyer 1988:80). [Die jeugromans onder bespreking in hierdie verhandeling is nie heeltemal gevrywaar daarvan nie, soos bespreek in die vorige afdeling (afdeling 8.2).] So byvoorbeeld word stereotipering in *Waiting for the rain* deur Sheila Gordon (1989) vermy deurdadig die soldaat, Frikkie, se gevoelens ten opsigte van die opstande van die tagtigerjare ook uitgebeeld word.

2. Daar moet ook **jeugromans wees waarin ’n nie-blanke kind die hoofkarakter is, of een van die vernaamste karakters in die verhaal** (Töttemeyer 1988:81), soos byvoorbeeld in Dianne Case se *Love, David* (1986) en *92 Queens Road* (1991). Die karakter moet uitgebeeld word as iemand wat dieselfde talente, verwagtinge, vrese, drome en emosies as sy blanke eweknie het. Die skrywer moet dus sover moontlik van afgeronde karakters gebruik maak:

The sympathetic literary portrayal of the black as a rounded character will enable the reader to identify with him through the rich atmosphere created by feelings (Töttemeyer 1984:271).

In die meeste van die bespreekte jeugromans is dit wel die geval, en kan die leser hom- of haarself identifiseer met die verskillende karakters. ’n Goeie voorbeeld is Elana Bregin se *The boy from the other side* (1992). In dié verhaal is daar twee hoofkarakters, Lora (’n blanke meisie), en Gabriel (’n nie-blanke seun). Deur haar vriendskap met Gabriel kom Lora meer te wete van die uitwerking van die toepassing van die apartheidsbeleid op die oorgrote meerderheid van die bevolking in Suid-Afrika. Gabriel weer kom tot die besef dat daar werklik blankes is wat gekant is teen die

apartheidsbeleid en daadwerklik probeer om nie-blankes se nood te help verlig, soos Lora se pa wat 'n dokter is. Albei karakters se gevoelens teenoor hul onderskeie situasies word dus goed uitgebeeld.

3. Dertens moet daar verhale wees waarin gelyke veelrassige sosiale interaksie plaasvind, verhale waarin die blanke nie noodwendig die leidende rol neem nie, en wat kritiek teen rassisme uitspreek (Töttemeyer 1988:81). In die jeugromans onder bespreking was daar nie eintlik sprake van sosiale interaksie tussen verskillende rasse nie, omdat dit dikwels oorskadu is deur die politieke omstandighede in die land. Die beste voorbeeld van sosiale interaksie tussen blank en nie-blank is *Go well, stay well*, die verhaal van die vriendskap tussen 'n blanke meisie, Candy, en 'n swart meisie, Becky. Dit was veral Candy wat al meer bewus gemaak is van die politieke situasie in die land, en haar ook gevolglik teen die ongelykheid tussen die verskillende rassegroepe uitgespreek het.

4. Historiese jeugromans moet die geskiedenis van Suid-Afrika onpartydig uitbeeld (Töttemeyer 1988:84). In 'n sekere sin kan jeugromans wat apartheid uitbeeld as historiese jeugromans gesien word, aangesien die apartheidsera seker een van dié belangrikste tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is. Tog slaag van die skrywers nie daarin om 'n neutrale perspektief van hierdie tydperk weer te gee nie, maar is hulle eensydig en subjektief in hul uitbeelding daarvan, soos byvoorbeeld in die uitbeelding van die optrede van die veiligheidsmagte gedurende betogings in Beverley Naidoo se *Chain of fire* (1995) en Ann Harries se *The sound of the gora* (1984) (vergeelyk afdeling 8.2 in hierdie verband).

In 'n onderhoud wat Bateman (1992:3) met Beverley Naidoo gevoer het, voer Naidoo aan dat dit skrywers se verantwoordelikheid is om die historiese gebeure, onder andere dié tydens die apartheidsera, in hul jeugromans uit te beeld:

“We have a responsibility to open up the past to young people so they can use it to make a new beginning. Without acknowledging the pain of that past on both sides I don't believe that they can really make a new future”.

Dit beteken dus dat, deur die uitbeelding van apartheid in jeugromans, kinders van alle rasse bewus gemaak word van wat in die verlede gebeur het sodat hulle 'n wedersydse begrip vir mekaar (dit is blank en nie-blank) kan ontwikkel en sodat hulle kan leer om in die “nuwe” Suid-Afrika in harmonie met mekaar saam te leef.

5. 'n Belangrike vereiste is dat jeugromans **die sosio-ekonomiese toestande van nie-blankes moet uitbeeld** (Töttemeyer 1988:82). Sosio-ekonomiese toestande gedurende die apartheidsera is een van die belangrikste aspekte wat uitgebeeld word in die bespreekte jeugromans, soos blyk uit hierdie verhandeling (vergelyk hoofstuk vyf in hierdie verband). 'n Jeugroman wat byvoorbeeld verskeie aspekte daarvan uitbeeld, is *92 Queens Road*. In hierdie jeugroman word onder andere gedwonge verskuiwings, aparte vervoergeriewe, aparte strande en herklassifikasie uitgebeeld. Nog 'n goeie voorbeeld is *Love, David*, waarin onder andere verskeie maatskaplike probleme, soos armoede en drankmisbruik, aangespreek word.

6. Laastens moet **sosio-politieke aangeleenthede** aangespreek word, insluitende die ambisies van nie-blanke jeugdiges en hoe dit hul opvoeding beïnvloed (Töttemeyer 1988:85). Dit is ook 'n belangrike aspek wat in die jeugromans onder bespreking na vore gekom het, soos byvoorbeeld in die uitbeelding van die betoging teen die voorgenome verskuiwing van die dorp Bophelong in *Chain of fire* en die uitbeelding van die Soweto-opstande in *The sound of the gora*. In hoofstuk ses en sewe is daar veral op hierdie aspekte ingegaan.

Tog is dit belangrik dat sosio-ekonomiese en sosio-politieke probleme van nie-blankes nie aanvaar behoort te word as onvermydelik deel van of geblameer word op hierdie rassegroep nie. Skrywers wat dié probleme aanspreek, behoort die feitlike oorsake daarvan in hul verhale weer te gee (Töttemeyer 1984:275). Alhoewel dit uit die bespreekte jeugromans blyk dat die apartheidsbeleid grotendeels bygedra het tot die ontstaan van sosio-politieke probleme, soos byvoorbeeld die Soweto-opstande, kan dieselfde nie altyd gesê word van sosio-ekonomiese probleme nie (vergelyk hoofstuk vyf, afdeling 5.5, in hierdie verband). Die lesers word wel bewus gemaak van die invloed van dié beleid op die sosio-politieke en sosio-ekonomiese toestande in daardie jare.

7. Jeugromans kan ook 'n bewustheid en begrip vir 'n multi-kulturele samelewing help ontwikkel:

Books can play a vital role in developing an awareness and understanding of a multi-cultural society by showing the values of different cultures and the similarities between all children (Hitchcock 1987:8).

Dit beteken dus dat skrywers 'n morele verantwoordelikheid het om betekenis te gee aan die “cultural and technical differences between black and white, in order to counteract the belief that these differences are innate and biological” (Töttemeyer 1984:275). Die jeugromans onder bespreking kan die leser gevolglik bewus maak van die feit dat 'n veelvolkige samelewing, ook in Suid-Afrika, die norm is en dat dit nie 'n unieke kenmerk van 'n bepaalde land is nie. Verder is dit moontlik dat die leser tot die besef sal kom dat blankes en nie-blankes, veral die jeug, heelwat gemeen het, en dat mense van verskillende bevolkingsgroepe 'n waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse samelewing kan lewer. Dit blyk duidelik uit bespreekte jeugromans soos *Wake up singing* en *Go well, stay well*.

Die waarde van Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans wat apartheid as tema het (soos bespreek in hierdie verhandeling), kan dus as volg saamgevat word:

A positive racial attitude in children's literature can ... contribute to social change if it corresponds with various other reforms towards a more humanitarian and just social order. Writing can awaken individual consciousness and help to open doors in young minds. Children's and youth books can soften dogmatic and bigoted attitudes and offer visions of a better future. Knowledge of and respect for groups other than a child's own group, can create better interracial and interethnic understanding. Racial prejudice in literature does not only harm those against whom it is directed, but also those who nurture it (Töttemeyer 1984:279).

8.4 Ten slotte

In hierdie verhandeling is daar gekyk hoe apartheid in spesifieke jeugromans uitgebeeld is tydens die tydperk 1976-1994. Daar is op drie aspekte, naamlik die sosio-ekonomiese toestande, onderwystoestande en die rol van die veiligheidsmagte, gekonsentreer. Soos blyk uit die verhandeling, het hierdie aspekte van die apartheidsbeleid die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners se lewens gedurende die apartheidsera onomkeerbaar beïnvloed.

Hierdie verhandeling het die belangrikheid van Engelse Suid-Afrikaanse jeugromans waarin verskillende aspekte van die apartheidsbeleid uitgebeeld word, uitgewys. Deur die uitbeelding van apartheid in die bespreekte jeugromans word lesers intens bewus gemaak van die gebeure tydens die apartheidsera en hoe dit die meerderheid Suid-Afrikaners se lewens beïnvloed het. Die hoop word uitgespreek dat deur hierdie bewuswording lesers meer begrip en aanvoeling vir die multi-kulturele karakter van die Suid-Afrikaanse samelewing sal ontwikkel.

Maar tog kan die wyse waarop van die skrywers apartheid in hul jeugromans uitgebeeld, bevraagteken word. Die vraag ontstaan of hierdie jeugromans verandering en verdraagsaamheid tussen alle rasse-groepe in Suid-Afrika sal bevorder, en of dit nie eerder die destydse *status quo* bepleit nie. Daarby word bedoel of skrywers nie eintlik die behoud van die apartheidsbeleid bepleit nie. In meeste van die jeugromans blyk dit egter nie die geval te wees nie. Inteendeel, dié jeugromans laat blyk dat daar wel hoop is vir 'n regverdig en demokratiese politiese, sosiale en ekonomiese bestel in Suid-Afrika.

BIBLIOGRAFIE

Abendroth, Keith. 1988. Gripping story of street urchins. *The Citizen*, 11 January:6.

Apartheid: the facts. 1991. London: IDAF Publications.

Bateman, Chris. 1992. SA novel short-listed for UK schools. *The Cape Times*, 28 September 1992.

Beahan, Maxine. 1990. [Review of] Chain of fire. *Wasafiri*, (11):36-37.

Beake, Lesley. 1987. *The strollers*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Beake, Lesley. 1990. *Serena's story*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Berthoud, Jacques. 1989. Writing under apartheid. *Current writing: text and reception in Southern Africa*, 1(1):77-87.

Beverly [sic] Naidoo 1943- . 1993. Children's Literature Review, 29:160-167.

Birbalsingh, F.M. 1984. Urban experience in South African fiction. *Présence Africaine: Revue Culturelle du Monde Noir/ Cultural Review of the Negro World*, 129(1): 111-121.

Bransby, Lawrence. 1989. *Down Street*. Cape Town: Tafelberg.

Bregin, Elana. 1990. *The magical bicycle*. London: Heinemann.

Bregin, Elana. 1992. *The boy from the other side*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Brink, André. 1987. Apartheid and literature. *Die Suid-Afrikaan*, 12:38-40.

Case, Dianne. 1986. *Love, David*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Case, Dianne. 1991. *92 Queens Road*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Cawthra, Gavin. 1986. *Brutal force: the apartheid war machine*. London: IDAF.

Cawthra, Gavin. 1992. *South Africa's police: from police state to democratic policing?* London: Catholic Institute for International Relationships.

Cawthra, Gavin. 1993. *Policing South Africa: the SAP and the transition from apartheid*. Cape Town: David Philip.

Chapman, Michael. 1996. *Southern African literature*. London: Longman.

Clingman, Stephen. 1990. Revolution and reality in South African fiction in the 1980s, in *Rendering things visible: essays on South African literary culture*, ed. by Martin Trump. Johannesburg: Ravan Press: 41-60.

Cloete, T.T. 1992. Literatuur, in *Literêre terme & teorieë*, red. T.T. Cloete. Pretoria: HAUM-Literêr: 256-260.

Coetzer, P.W. 1991. Die era van apartheid, 1948-1961, in *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika: hersiene uitgawe*, redakteurs T. Cameron & S.B. Spies. Kaapstad: Human & Rousseau: 271-289.

The concise Oxford dictionary of current English. 1995. R.E. Fowler ... [et al.]. Oxford: Oxford University Press.

D'Arcy, M. Cassiem. 1989. *Tolly: hero of Hanover Park*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Davenport, T.R.H. 1991a. Die debakel van apartheid, 1961-1991, in *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika: hersiene uitgawe*, redakteurs T. Cameron & S.B. Spies. Kaapstad: Human & Rousseau: 307-322.

Davenport, T.R.H. 1991b. *South Africa: a modern history: fourth edition...* London: Macmillan.

Dianne repeats her novel-winning formula. 1991. *The Argus*, 4 November:5.

A dictionary of South African English on historical principles. 1996. Oxford: Oxford University Press.

Donelson, Kenneth L. & Nilsen, Allen Pace. 1989. *Literature for today's young adults.* [S.l.]: HarperCollins.

Ebersohn, Wessel. 1991. The other victims. *Leadership SA*, 10(3), June:88-90.

February, Vernon A. 1992. The stereotype and South African English literature, in *Perspectives on South African English literature*, ed. by Michael Chapman, Colin Gardner & Es'kia Mphahlele. Parklands: AD. Donker: 314-326.

Foster, Don. 1987. *Detention & torture in South Africa: psychological, legal and historical studies.* Cape Town: David Philip.

Garisch, Dawn. 1994. *Not another love story.* Isando: Heinemann.

Gebhard, Ann O. 1990. [Review of] Journey to Jo'burg. *Media & Methods*, May/June:45.

Geraghty, Paul. 1988. *Pig.* Cape Town: Maskew Miller Longman.

Gibson, Donald B. 1981. *The politics of literary expression: a study of major black writers*. Westport, Conn.: Greenwood Press.

Gordimer, Nadine. 1981. *July's people*. Harmondsworth: Penguin Books.

Gordon, Sheila. 1989. *Waiting for the rain: a novel of South Africa*. Berwick on Tweed: Collins Educational.

Gordon, Sheila. 1990. *The middle of somewhere: a story of South Africa*. London: Orchard Books.

Harries, Ann. 1984. *The sound of the gora*. London: Heinemann.

Hartshorne, Ken. 1992. *Crisis and challenge: black education 1910-1990*. Cape Town: Oxford University Press.

HAT kyk Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal

Hayden, Carla & Raseroka, Helen Kay. 1988. The good and the bad: two novels of South Africa. *Children's Literature Association Quarterly*, 13(1):557-60.

Heale, Jay. 1986. Suid-Afrikaanse kinderboeke in Engels, in *Doer-land-y: Suid-Afrikaanse geïllustreerde kinderboeke*, red. Marianne Hölcher. [S.l.]: Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum.

Heale, Jay. 1995. South African books. *Bookchat*, (123):21

Heale, Jay. 1996. *From the Bushveld to Biko: the growth of South African children's literature in English from 1907 to 1992 traced through 110 notable books*. Grabouw: Bookchat.

Heale, Jay. May 1997. What awards are there for South African children's books? *Bookchat*, (130):15.

Hitchcock, Audrey. 1987. Reading for a non-racial future. *The Daily News*, 15 September:8.

Hough, Barrie. 1990. Politieke lessies vir 'n koegel. *Insig*, 30 June:50.

Jammy, Eve. 1990. The English children's book in South Africa, in *Kinder- en jeugboeke: referate gelewer tydens die Haum-Daan Retief simposium oor kinder- en jeugboeke*, red. H.S. Coetzee & H.J.M. Retief. Pretoria: Universiteit van Pretoria:88-96.

Jary, David & Jary, Julia. 1991. *Collins dictionary of sociology*. Glasgow: Harper Collins.

Jefferson, M.E. 1973. *Bantu education in South Africa: its compatibility with the contrasting objectives of African self-development or white domination*. [S.I.]: University of Connecticut.

Jenkins, Elwyn. 1993. *Children of the sun: selected writers and themes in South African children's literature*. Johannesburg: Ravan Press.

Jenkins, E.R. [Elwyn]. 1994. What the academic study of South African children's and youth literature has to offer. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Biblioteek- en Inligtingkunde*, 62(4):136-140.

Jones, Toeckey. 1979. *Go well, stay well*. London: The Bodley Head.

Kalk, Judith. 1990. A quartet of good local reading for teenagers. *Weekly Mail*, 3 May:9.

Khorana, Meena. 1988. Apartheid in South African children's fiction. *Children's Literature Association Quarterly*, 13(1):52-56.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 1993. *Verklarende Afrikaanse woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Le Roux, Jan van der V. 1981. Authors in exile. *Phaedrus: an International Annual of Children's Literature Research*, 32-37.

Ludman, Barbara. 1989. *The day of the kugel*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Machet, M.P. 1998. Authenticity in Holocaust literature for children. *South African Journal for Library and Information Science*, 66(3): 114-121.

Maddy, Yulisa Amadu & MacCann, Donnarae. 1996. *African images in juvenile literature: commentaries on neocolonialist fiction*. Jefferson, NC: McFarland.

Marè, Gerhard. 1981. Processes, policies and African population relocation, in *Resettlement: papers given at the 51st annual council meeting (24-26 June 1981)*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations: 1-16.

Maskew Miller Longman awards. 1987. *Herald*, 18 July:6.

Mda, Lizeka. 1990. [Review of] *The day of the kugel*. *Tribute*, October:130.

Mehta, Gurleena & Narang, Harish. 1990. *Apartheid in fiction*. New Delhi: Commonwealth Publishers.

Mitchell, Claudia & Smith, Ann. 1996. More than just a love story: investigating the literary and social significance of the young adult novel in South Africa. *Alternation*, 3(2): 173-183.

Mncube, F.S.M. 1969. *The school and the community*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

Modern South African children's books: catalogue of an exhibition held at the library for foreign literature, Moscow. 1996. Ed. by Thomas van der Walt, Felicité Fairer-Wessels. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Mtshali, Phangisile. 1991. Novel is optimistic. *Sowetan*, 25 January: 10.

Murray, B.K. 1991. Van die Pakt tot die begin apartheid: die tydperk van 1924-1939, in *Nirwe geskiedenis van Suid-Afrika: hersiene uitgawe*, redakteurs T. Cameron & S.B. Spies. Kaapstad: Human & Rousseau: 249-260.

Mzamane, Mbulelo Vizikhungo. 1985. Sharpeville and its aftermath: the novels of Richard Rive, Peter Abrahams, Alex La Guma, and Laretta Ngcobo. *Ariel: a Review of International English Literature*, 16(2): 31-44.

Naidoo, Beverley. 1985. *Journey to Jo'burg*. London: Longman.

Naidoo, Beverley. 1992. *Through whose eyes?: exploring racism - reader, text and context*. Staffordshire: Trentham Books.

Naidoo, Beverley. 1995a (educational ed.). *Chain of fire*. Essex: Longman.

Naidoo, Beverley. 1995b. *No turning back*. London: Penguin.

Norton, Donna E. 1983. *Through the eyes of a child: an introduction to children's literature*. Columbus: Charles E. Merrill.

Ochillo, Yvonne. 1986. Literary imperatives of the South Africa writer. *Official Journal of the Southern Conference on Afro-American Studies*, 5(2): 50-57.

Oliphant, Andries Walter. 1992. Swart literatuur in Suid-Afrika, in *Literêre terme & teorieë*, red. T.T. Cloete. Pretoria: HAUM-Literêr: 514-525.

Prior, Andrew. 1989. The South African Police and the counter-revolution of 1985-1987. *Acta Juridica*: 189-205.

Reader's Digest illustrated history of South Africa: the real story. 1995. Edited by D. Oakes. Cape Town: Reader's Digest.

Rive, Richard. 1988. The black writer and South African literature, in *Towards understanding: children's literature for Southern Africa/ Op weg na begrip: kinderliteratuur vir Suider-Afrika*, ed. by Isabel Cilliers. Cape Town: Maskew Miller Longman: 198-209.

Rosenthal, Jane. 1990. *Wake up singing*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Schmidt, Nancy J. 1990. Barbara Ludman: The day of the kugel. *The African Book Publishing Record*, 16(4): 244.

Schwartz, Pat. 1989. Rooted in reality: a must for schools. *Weekly Mail*, 6 July:8.

Schwartz, Pat. 1991. Troubled teens in a 'new South Africa'. *Weekly Mail*, 28 February:9.

Schwartz, Pat. 1992. SA writing for youngsters has come a long way. *Weekly Mail*, 5 March:6.

Schwartz, Pat. 1993. Bregin's prizewinner is imaginative and persuasive. *Weekly Mail*, 3 June:5.

Seed, Jenny. 1993. *A time to scatter stones*. Manzini: Macmillan Boleswa.

Selepe, T.J. 1993. *Contemporary black protest literature in South Africa: a materialist analysis*. M.A. thesis, University of South Africa, Pretoria.

Shain, M. 1995. *The roots of anti-semitism in South Africa*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Shaper Cohen, Joan. 1987. High quality batch of local books. *The Cape Times*, 8 December:6.

Shava, P.V. 1989. *A people's voice: black South African writing in the twentieth century*. London: Zed Books.

South Africa in the 20th century. 1993. Edited by B.J. Liebenberg & S.B. Spies. Pretoria: Van Schaik.

Stadler, A.W. 1991. Van die Pakt tot die begin apartheid: die tydperk van 1939-1948, in *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika: hersiene uitgawe*, redakteurs T. Cameron & S.B. Spies. Kaapstad: Human & Rousseau: 260-270.

Steenberg, Elsabe. 1992. Jeugliteratuur, in *Literêre terme & teorieë*, red. T.T. Cloete. Pretoria: HAUM-Literêr: 192-193.

Suid-Afrika. 1954. *Bantoe-onderwys: beleidsbepaling vir die onmiddellike toekoms: verklaring deur sy Edele dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, in die Senaat van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, 7 Junie 1954*. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika. Naturelle onderwyskommissie (Eiselenkommissie). 1949-1951. *Verslag van die Naturelle-onderwyskommissie*. Pretoria: Staatsdrukker (U.G. 53/1953). Voorsitter: W.W.M. Eiselen.

Sunday Tribune. 1990. 6 May:5.

Surplus People Project. 1983. *Forced removals in South Africa; vol. 1*. Pietermaritzburg: University of Natal.

Töttemeyer, Andree-Jeanne. 1984. *The racial element in Afrikaans children's and youth literature*. D. Phil. thesis, University of Stellenbosch, Stellenbosch.

Töttemeyer, Andree-Jeanne. 1988. Towards interracial understanding through South African children's and youth literature, in *Towards understanding: children's literature for South Africa / Op weg na begrip: kinderliteratuur vir Suider-Afrika*, ed. by Isabel Cilliers. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Töttemeyer, Andree-Jeanne. 1993. Trends in children's literature at home and abroad, in *Towards more understanding: the making and sharing of children's literature in Southern Africa*, ed. by Isabel Cillers. Kenwyn: Juta:159-169.

Uledi-Kamanga, Brighton J. 1991. The irony of apartheid: a study in technique and theme in the fiction of Nadine Gordimer. *Journal of Humanities*, 5: 1-15.

Van Arkel, Quispel D. 1983. *De Wijngaarden des Heeren?: een onderzoek naar de wortels van 'die blanke baasskap' in Zuid-Afrika*. Leiden: Martinus Nijhoff.

Van Aswegen, H.J. 1991. Suid-Afrika en Afrika, 1961-1991, in *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika: hersiene uitgawe*, redakteurs T. Cameron, S.B. Spies. Kaapstad: Human & Rousseau: 293-306.

Van der Walt, Thomas. 1995. A portrayal of South African society in contemporary realistic English South African youth literature, in *Voices from far away: current trends in international children's literature research*, ed. by Maria Nikolajeva. Stockholm: Centrum för barnkulturforskning: 61-79.

Van Renen, Charles. 1989. *Love, David: innocence and experience and The strollers: social realism. Crux: a Journal on the Teaching of English*, 23(1), February:25-33.

Van Wyk Smith, M. 1990. *Grounds of contest: a survey of South African English literature*. Kenwyn: Jutalit.

Van Zyl, I. 1988. Kinderliteratuur of -letterkunde?: 'n grensafbakening. *Klasgids*, 23(2), Mei:3-14.

Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 1994. Red. F.F. Odendal. Johannesburg: Perskor.

Wellek, René & Warren, Austin. 1982. *Theory of literature*. Harmondsworth: Penguin Books.

Wende, Hamilton & Williams, Windell. 1992. *Msimangu's words*. Cape Town: Maskew Miller Longman.

Wiechers, Marinus. 1988. *'n Politieke idiotikon vir Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.

Williams, Michael. 1994. *Crocodile burning*. Cape Town: Oxford University Press.

Woodward, Thomas. 1988. The strollers. *Sash*, 31 March:52.